
TROEPIE
VAN BLOUGAT
TOT BOSOUPA
CAMERON BLAKE

# TROEPIE

## VAN BLOUGAT TOT BOSOUPA

CAMERON BLAKE

*Aan Justus Ackermann*
*en al die ander troepies wie se verhale*
*nooit vertel sal word nie.*

# Inhoud

INLEIDING
ERKENNINGS

Vooraf
Inklaar
Basiese Opleiding
*Oriëntasie*
*Keuring*
*Weke 2–9*
*Bosfase*
*Die laaste week*
Tweede fase-opleiding
Algemene diens
Die Grens
In Angola in
Die townships
Uitklaar
Kampe
*Algemene diens*
*Die Grens*
*In Angola in*
*Die townships*
So, op die ou end …

BYLAE
I Die ontstaan van Nasionale Diensplig
II Uitstel
III Die Angolese/Suid-Afrikaanse Grensoorlog
IV Township-patrollies en die noodtoestand
V Nasionale Diens-medaljes
VI Basiese Opleiding-handleiding

AFRIKAANSE VERTALING VAN ENGELSE DIALOOG
WOORDELYS
BIBLIOGRAFIE

# Inleiding

"Ek weet nie hoekom jy my storie wil hoor nie. Wat het ek te sê wat enigiemand anders sal wil hoor? Die Spesiale Magte-ouens – praat met hulle. Ek was nie 'n Recce nie. Ek was nie 'n Bat nie. Ek het nooit eens kontak geslaan nie. Ek het nooit iets spesiaal gedoen nie."

"Dit maak nie saak nie," het ek geantwoord. "Enigiets wat jy te sê het, interesseer my." Ek het verduidelik dat ek nie na oorlogstories op soek is nie, maar na enige herinneringe aan sy tyd in die weermag – maak nie saak hoe onbenullig nie.

"Hoekom? Daar's niks om te sê nie. Dis oor en verby. Mense wil nie daaroor praat nie." Tog, toe ek vra of hy bly was dat hy Nasionale Diensplig gedoen het, was sy onmiddellike reaksie: "Ja. Ek's baie bly. Ek sal dit so hard moontlik uitskree – ek's trots!"

Hierdie boek is 'n versameling individuele herinneringe aan die ervarings van etlike dienspligtiges in die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag (SAW). Die ouens se stories oor Nasionale Diensplig verskaf waardevolle insae in 'n grotendeels ongedokumenteerde geskiedenis. Soos een man met wie daar 'n onderhoud gevoer is, gesê het: "Daardie terugflits in jou kop – daardie herinnering – dis soos 'n droom. En tog weet ek dit was nie. Ek het dit gesien, ek het dit beleef, en ek kan dit nie vergeet nie, terwyl ander wel kan. Laat dit nie vergeet word nie. Ons was daar en ek wil hê dit moet onthou word."

Ek is 'n assistent by The Africa Star, 'n winkeltjie in Kaapstad wat muntstukke, medaljes en oorskot- militêre items verkoop, onder meer SAW-verwante items. Hierdie verkoopsware ontsluit herinneringe by baie klante; oor die jare het ek geluister na hoe dosyne Nasionale Dienspligtiges hulle tyd in die Suid-Afrikaanse Weermag in herinnering roep. My belangstelling in die verhale van gewese soldate gaan terug na my tienerjare toe ek 'n boek met vertellings van Viëtnam-oorlogveterane ontdek het. Ek het al lank die behoefte om ons eie manne se ervarings te dokumenteer, en toe JH Thompson se *An Unpopular War* (in Afrikaans *Dit was oorlog*) in 2006 gepubliseer is, is ek geïnspireer om die verhale van diegene wat in die SAW gedien het, te begin dokumenteer.

Die eerste persoon met wie ek gepraat het, het met soveel ywer en in soveel

besonderhede vertel wat hy beleef het dat ek ietwat oorweldig gevoel het. Maar die energie wat hy uitgestraal het terwyl hy gepraat het, en die uiteindelike sukses van die onderhoud, het my pogings in so ’n mate geldig verklaar dat ek met die projek kon voortgaan. Binne weke het ek verskeie onderhoude gevoer: ek het gepraat met vreemdelinge wat die winkel ingekom het, klante wat ek al jare lank geken het, vriende en familielede. Ingesluit in die boek is die vertellings van ’n stadsbeplanner, ’n rekenaartegnikus, ’n dokter, ’n juwelier, ’n prokureur, ’n bedryfsbestuurder, ’n professionele musikant, ’n eiendomskonsultant en ’n verkeersbeampte – ’n buitengewone groep mense met ’n diverse verskeidenheid menings en ervarings.

Ek het uitsluitlik op Nasionale Diensplig gefokus, en die meeste onderhoude met die vraag: “Waar en wanneer het jy ingeklaar?” begin. Vandaar het die herinneringe gevloei. Sommige het net die goeie tye onthou, ander net die slegtes, maar die meeste van die manne was gretig om hulle herinneringe aan te bied, goed of sleg. Dit het gou duidelik geword dat die vlak van reaksies gewissel het: daar was dié wat hulle stories al telkemale vertel het en hulle materiaal vermaaklik en gepoleerd kon vertel, en daar was die mense wie se stories waardevol was juis omdat dit vol vars emosie en besondere betekenis was. In hulle gesprekke oor die verlede is van die mans verras deur van die herinneringe wat opgediep is. Elke onderhoud was uniek: party het passievol gepraat en was opgewonde om my van hulle ervarings te vertel; ander se woorde het stadig, sag en doelgerig gekom. Sommige kon klein voorvalle in verbasend baie fyn besonderhede onthou en ander het vlugtig na groot gebeurtenisse verwys. Sommige het vir ure gepraat; ander vir nie langer as vyf minute nie. Die verlede is veldiep, het ek besef. Gevoelens is sterk, en net ’n vraag ver.

By geleentheid was mense selektief oor watter herinneringe hulle wou deel en watter hulle teruggehou het. ’n Paar mans het geheel en al geweier om oor hulle tyd as dienspligtiges te praat en het negatief gereageer toe ek hulle vir onderhoude nader.

Baie jare gelede was ek by my swaer se huis vir ’n braai. Laat die aand toe ons om die vuur sit, het een van die mans wat daar was die keer onthou toe sy seksie ’n kontak geslaan het. ’n Koeël het sy hart net-net gemis. Hy het oorleef, maar die meeste van die mans in die patrollie het nie. Toe ek met hierdie boek begin, was hy een van die eerste mense met wie ek wou praat. Omdat ek verstaan het hoe ’n sensitiewe onderwerp dit vir hom is, het ek ’n geskrewe voorstel in sy posbus gedruk waarin ek gesê het hy is welkom om my te bel as hy wil gesels. Ek het twee maande lank nie van hom gehoor nie, en toe is ek na sy huis toe om hom persoonlik vir ’n onderhoud te nader. Ek het verduidelik dat sy verhaal belangrik is en dat dit nie net ’n waardevolle bydrae tot die boek sou wees nie,

maar ook baie sou beteken vir ander wat soortgelyke ervarings ondergaan het. Hy het my vriendelik gesê dat dit die verkeerde tyd is; hy is te besig. “Ek’s jammer,” het hy gesê. “Vir eers moet ek nee sê.”

Ná ’n paar maande het ek hom weer genader, maar hy het weer geweier. “Ek is besig op die plaas. As jy nie van my hoor nie, vergeet asseblief net daarvan.”

’n Sielkundige in die SANW (wat die SAW in 1994 opgevolg het) het aanbeveel dat ek die saak daar laat en die man se besluit om nie sy verlede te bespreek nie, respekteer. “Sommige mans wil nie daaroor praat nie – kan nie daaroor praat nie. Dit lê te diep. Dis begrawe. Hy wil dit so hou. As hy nie wil teruggaan na daardie tyd van sy lewe nie, moet hom nie dwing om dit op te diep nie.” En ek het die saak so aanvaar en laat staan.

’n Ruk gelede het ’n jong vrou wat gelyk het of sy in haar vroeë twintigs is, die winkel ingekom. Sy het die aantekeninge op my lessenaar gesien en gevra wat dit is. Ek het haar vertel dis deel van die optekening van Nasionale Diensplig waarmee ek besig is. Dit het gelyk asof sy omtrent die regte ouderdom is om ’n pa te hê wat ’n dienspligtige was en ek het verwag dat sy met ’n knik van erkenning of gepaste aanmerking of vraag vorendag sou kom. In stede daarvan het sy in alle onskuld gevra: “Wat is Nasionale Diensplig?” Ek kon nie glo wat ek hoor nie.

“Jy bedoel jy weet nie wat diensplig is nie? Jy moet tog onthou of al daarvan gehoor het?” Maar sy het nie ’n idee gehad nie.

“Nee … Wat’s dit?” Op daardie oomblik het ek geweet hierdie verhale *moet* versamel en uitgegee word. Hoe kan ’n jong Suid-Afrikaner wat nie twintig jaar jonger as ek is nie, volkome onbewus van hierdie komponent van haar land se onlangse geskiedenis wees? Ek was uit die veld geslaan.

’n Week voor ek my finale manuskrip vir publikasie voorgelê het, het ’n ander klant van The African Star, wat moontlik in sy vroeë veertigs was, die manuskrip op my lessenaar opgemerk en gevra wat dit is. Omdat die vraag my in hierdie stadium al verskeie kere gevra is, het ek net geantwoord: “Dis ’n versameling persoonlike Nasionale Diensplig-verhale.”

Hy het neerhalend gelag: “Watse verhale? Is almal se stories nie maar dieselfde nie? Wat vertel hulle, behalwe om die kere te noem wat ’n korporaal op hulle geskree het om te hardloop en die blaar oppie boom te gaan haal en dan’s dit die verkeerde blaar en hulle moet teruggaan en ’n *ander* een kry?”

Hy het voorgestel ek praat met die ouens wat op die Grens of in Angola was, en bygevoeg dat ek seker nie oor hulle ervarings kon skryf nie omdat dit “alles vol politieke goed” is.

Ek het versigtig geantwoord en hom gesê sommige van die onderhoude gaan

juis oor die Grens en Angola. Dit het sy aandag getrek. Ek het hom toe gevra wanneer hy ingeklaar het en toe sê hy, en dit was geen verrassing nie, dat hy nooit gegaan het nie. “Ek het vir ses jaar oorsee gegaan. Ek was veronderstel om in die vroeë tagtigs te gaan.” Hy het verduidelik dat nie hy of sy ouers die dienspligstelsel ondersteun het nie, in die geloof dat dit “niks meer as ’n manier is om apartheid lewend te hou sodat die swartes onderdruk kan word nie”.

Ek het hom gesê as hy regtig so voel, dan was hy inderdaad gelukkig om die geld te hê om oorsee te gaan. “Wat van die armer ouens wat met niks grootgeword het nie?” het ek gevra. “Hulle het nie dieselfde geleenthede as jy gehad nie, selfs al was hulle oortuigings soos joune.”

“Wat? Watter geld?” wou hy weet. “Al wat dit my ouers gekos het, was ’n eenrigting vliegtuigkaartjie.” Maar onder ’n bietjie druk het hy erken sy ouers het die kontakte gehad om vir hom toutjies te trek en ’n werk en verblyf te reël. Sulke alternatiewe was eenvoudig nie vir die meerderheid dienspligtiges beskikbaar nie.

Ons het verder gesels en ek het hom meer oor die boek vertel. Ek het opgemerk hoe sy aanvanklike afkeur van die projek omgesit het in belangstelling. “Ek kan nie verstaan hoekom soveel van my vriende my vertel dit was die beste twee jaar van hulle lewe wat hulle nooit weer wil oorhê nie,” het hy gesê. “Hoekom sê hulle dit?”

Ek het na hom gekyk, nie in staat om met net ’n paar sinne te antwoord nie. “Vir sommige,” het ek toe gesê, “voeg die dekades ’n tikkie nostalgie by.”

Die vertellings in hierdie boek is anoniem gehou. Die hoofstukke is volgens die algemene volgorde van ’n dienspligtige se vordering binne die SAW opgestel, van inklaar en Basiese Opleiding na uitklaar en kampe. Hoewel die datums, gebeure en plekke wat in die onderhoude genoem is, bevestig is, is die vertellings in hierdie boek individuele stories eerder as evangelie, en hulle sal vanselfsprekend veralgemenings, wanbegrippe, verskille en dalk selfs onwaarhede bevat. Sommige lesers sal dus miskien nie saamstem met die beskrywings van spesifieke voorvalle of mense nie, en van die onderhoude mag voormalige personeel van sekere eenhede ontstel weens beswaar teen die menings wat uitgespreek is. Dis nie my bedoeling om iemand of enige van die eenhede wat genoem is, reeds ontbind of nog aan die gang, militêr of paramilitêr, aanstoot te gee nie. Die vertellings is subjektiewe herinneringe, gebaseer op persoonlike ervarings en oortuigings. Ek het hulle oorvertel soos hulle aan my vertel is.

Die bylaes agterin die boek plaas die onderhoude, oftewel vertellings, binne hulle historiese konteks. Dit sluit inligting oor Nasionale Diensplig, die

Grensveldtog, township-patrollies en ander elemente van die militêre lewe in.

As ’n nuweling in die uitgewerswêreld, en dus onbekend met die gebruike, moet ek sê die lengte van my oorspronklike manuskrip was meer as dubbeld dié van ’n standaard publikasie van hierdie aard. Daar was dus geen ander keuse as om dit te halveer nie, en ek het die moeilike taak op my geneem om te besluit watter materiaal moes uit.

Uiteindelik was dit ’n paar van die langer vertellings wat uitgehaal is, sowel as ’n reeks onderhoude met burgerlike vroue – ma’s, vroue, susters en meisies – waarin huidige gesindhede jeens die verlede verken is. Ook weggelaat is ’n hoofstuk waarin oud-dienspligtiges vertel hoe hulle militêre diens in die sewentigs, tagtigs en negentigs – wat gereeld aktiewe deelname aan die Grensveldtog en ingryping in die townships ingesluit het – hulle vandag raak.

Dit was ’n groot jammerte om hierdie bydraes so te sê op die redigeertafel agter te laat. Tog sal hierdie getuigskrifte nie verlore gaan nie: dit is my hoop dat hulle in die nabye toekoms in ’n tweede boek gepubliseer sal word.

Hierdie boek sal byval vind by voormalige Nasionale Dienspligtiges, wat sal kan identifiseer met die ervarings wat hierin weergegee word. Maar, vir mense soos die man en die jong vrou wat ek in The Africa Star teëgekom het, sal hierdie stories lig werp op ’n deel van ons geskiedenis wat vandag selde bespreek en dikwels verkeerd verstaan word. Ongeag die politiek van daardie tyd, verdien hierdie periode in Suid-Afrika se komplekse en ontstuimige verlede erkenning, indien dan net vir die diep en blywende indruk wat dit op geslagte mans en hulle families gemaak het.

**CAMERON BLAKE**
**Mei 2009**

// Erkennings

Aan my vrou, Ilse, wat weer en weer na my idees en onsekerheid geluister het, en wat my soveel bemoedig het.

Aan my dogtertjie, Kate, wat soveel aande se slaaptydstories moes verbeur, en wat haar klein, goedbedoelde geskribbel by my transkripsies gevoeg het. Dankie aan julle albei dat julle my gegrond hou.

Dankie aan my vriend Eric vir jou goedhartigheid en verdraagsaamheid deurdat jy toegelaat het dat heelwat van die werk in jou winkel plaasvind. Daarsonder sou dit veel moeiliker gewees het om hierdie boek te skep.

Aan Dennis, Eric, Frank, Kobus en ander, wie se positiewe gesindhede en belangstelling in die projek my gemotiveerd gehou het.

Aan die hele span by Zebra Press: dankie dat julle my bygestaan het in die proses om hierdie projek ’n werklikheid te maak. Aan Marlene Fryer: ek sal nooit die dag vergeet toe jy my gekontak en die groen lig gegee het nie. Aan Robert Plummer en Beth Housdon vir die wyse waarop julle my deur die redigeringsproses gelei het, en vir die wyse waarop julle die growwighede aan die manuskrip weggeskaaf en dit gepoleer het tot in sy huidige vorm, gewoonlik met ’n goedige glimlag of hartlike lag. Dit was ’n genotvolle en positiewe ervaring. Aan Jaco Fouché en Nelani Pfaff vir julle werk aan die vertaling en redigering van die Afrikaanse weergawe.

Aan JH Thompson, vir die woorde in jou boek *Dit was oorlog*: “Ek hoop daar sal nog baie boeke verskyn oor die ervarings van Suid-Afrikaanse soldate, want daar is duisende stories wat vertel moet word, in druk, nie net onder vriende nie.” Ek kan nie méér met jou saamstem nie. Op daardie noot, as my boek selfs net een individu inspireer om nog van die oneindige aantal persoonlike ervarings uit daardie tyd aan te teken en te publiseer, was elke minuut wat ek aan hierdie projek gewerk het, die moeite werd. Ek hoop die boek motiveer ander soos JH Thompson se boek my gemotiveer het.

En dan, aan die belangrikste bydraers tot hierdie projek: die mans en vroue met wie ek onderhoude gevoer het, selfs al verskyn sommige se woorde nie in hierdie publikasie nie. Dankie vir julle ondersteuning, eerlikheid en bemoediging en dat julle my laat glo het dat dit wat ek doen, die moeite werd én haalbaar is. Sonder julle kollektiewe verlede sou hierdie boek nie bestaan het nie. Ek spreek

my dank teenoor julle uit en hoop daar is aan julle verwagtinge voldoen.

Julle is: Adrian, Agnes, Alistair, André, Andrew en Andrew, Andrew F, Anton, Barry, Brett, Colin, Dennis, Donovan, Frank, Fred, Gabriel, George, Glen, Grant, Greg, Henry, Ilse, Isobel, Jaco, James, Jasper, Johan, John en sy broer, Karina, Kevin, Leonie, Lionel, Louis, Lourens, Mark en Mark, Marques, Matt, Naomi, Paul, Phillip, Quinton, Rob en Rob, Rory, Rudy, Steven, Thora, Waldo en Wayne – en enkeles wat verkies om anoniem te bly. Dankie vir elk van julle individuele bydraes; dit word waardeer.

**CAMERON BLAKE**
**Mei 2009**

*Use kids to fight a war – if you're going to use anybody. They're the best. They're still learning. They can hump the hills. They can take it. And they don't take it personal.*

*Thank God for your eighteen-year-old. Politics is not why he's there, the whole right and wrong thing.*

– UITTREKSEL UIT *NAM*

*Miskien was dit in Pofadder of Pretoria lekker as jy op pas is. Ek kan my voorstel daar stap 'n troep met 'n kort haarsnit en 'n bruingebrande vel 'n kroeg binne – hy was seker 'n godjie, en het 'n bietjie vry opgetel. Maar in Kaapstad kon die meisies ons nie verdra nie. "Army boys!" het hulle gesê en ver weg gebly.*

*Ons was vir so 'n kort tydjie terug, maar dit het lank geneem om weer aan te pas en uit te vind niemand wil jou army stories hoor nie. Dit kon hulle nie skeel wat jou korporaal op jou geskree of wie op jou geskiet of hoe die Grens was nie. Hulle was te besig met hulle studentelewe op universiteit.*

*Ons het altyd Pig 'n Whistle toe gegaan,'n ou studente-watergat naby die Universiteit van Kaapstad. Ons het met ons vriende gesels en die meisies probeer opchat, en partykeer het ons begin praat oor wat ons doen. Niemand het belanggestel nie. Maar die army was ons lewe, wat ons vir so lank gedoen het, wat ons gedoen het om die land te "red". "Hoekom stel julle ouens nie belang nie?" het ons gevra. Daarvoor is ons uitgeskuif. Teen die tyd dat jy agterkom niemand gee 'n hel om nie, was jy weer op 'n bleddie Flossie op pad noorde toe. Ek wou kwaad word vir hulle, en later het ek gedink: "Dank die Here ek is terug op die basis." Op 'n manier was jy daar eintlik veiliger as saam met jou beste vriende.*

*Jy is geheel en al uitgesluit – amper verstoot. Niemand wou iets daarvan weet nie. Dis asof niemand eens omgegee het nie.*

# VOORAF

*As 'n skoolseun het ek geweet almal moet Nasionale Diensplig verrig. Of dit reg of verkeerd was, het my nie regtig geskeel nie. Dit was diensplig. As dit beteken het ek moet weermag toe gaan, dan sou ek gaan. Dis net hoe dit was. Ons het almal so iets tussen afwagting en 'n gevoel van onheil ervaar; het nie regtig geweet wat om te verwag nie. Ons was almal agtien of negentien. Wat het ons van die lewe geweet? Ek wou dit net agter die rug kry.*

*Ek was opgewonde om diensplig te gaan doen – hoewel ek ook 'n bietjie bang was – maar ek het gevoel dis die parate en patriotiese ding om te doen.*

Dit was 1976. Ek was een van daardie ouens wat nie kon wag om skool te verlaat en army toe te gaan nie, terwyl ander ouens dit weer wou vermy. Almal het planne probeer beraam om uit die affêre te kom, maar ek kon nie wag nie. Dit was nie eens ter wille van my patriotiese plig nie. Ek wou net daar wees. Ek het selfs die skoolbanke vroeg verlaat om aan te sluit, in standerd 8 al. Miskien het dit te doen gehad met my kindertyd-versameling van militêre dinge. Ek het altyd die hindernisbane op TV en in die flieks gesien en wou net gaan. Ja, ek was trots op my land en bly om te kan dien, maar dit was nie die hoofrede waarom ek gegaan het nie.

In die middel-sewentigs het dinge begin gebeur op die Grens. Ek het nooit gevoel ek moes ingaan of my plig gaan doen nie. Van die begin af was ek geheel en al daarteen gekant. Dis net my ingesteldheid; ek is teen ’n bakleiery. Ek het nie gedink dis reg nie. Hoekom kon ons nie almal rondom ’n tafel sit en die saak uitpraat nie? My ouers het verskil. Ek het grootgeword met ’n baie konserwatiewe Afrikaanse agtergrond en my ouers was erg konserwatief. Daar was baie ontevredenheid in die huis oor ek nie wou gaan nie. My pa was nooit in die weermag nie, maar hy het daarin geglo. En basta! Dis dit. Ek het gevoel daar is ander maniere om geskille op te los. Ek het gedink die hele storie is ’n mors van tyd.

Ek het in 1975 gematrikuleer en in 1976 die geleentheid gekry om my nege maande diensplig te verrig. Teen die tyd dat ek gegaan het, was daardie tydperk verleng na twee jaar. So ek berou dit eintlik dat ek nie dadelik gegaan het nie. Baie van die seuns in my skool kon nie wag om weermag toe te gaan nie. Hulle het gehou van baklei en daardie manier van lewe. Dis hoekom ek met my pa daaroor vasgesit het. Hy het die verkeerde gesindheid gehad. Hy het geglo elke dienspligtige moet Grensdiens gaan doen. Ek het gesê: “Hoekom moet ek gaan? Wat maak ons daar? Gaan in en maak mense dood? Wat gaan gebeur? Gaan ons dit vir die volgende twintig jaar doen? Een of ander tyd sal ons moet ophou.” Hy het die propaganda geglo en was woedend. Ek het botweg geweier om diensplig te verrig terwyl ons nog in Angola was.

Ek het ’n provinsiale atleet geword, middel-afstande. Ek het ook aan my BSc gewerk en dit ná vier jaar behaal, en daarna het ek vir nog ses jaar medies geswot voor ek weermag toe is.

My ma was baie liberaal. Iewers langs die pad is die idee in my geplant dat dit wat die wittes in Suid-Afrika aan die doen was, verkeerd was. Op skool het ek stry gekry met iemand (wat terloops nou in Australië woon) wat my vertel het “die swartes sal in honderd jaar nie die land regeer nie”. Ek het gemeen hulle sou, en lank voor ’n eeu verby is ook. Dit was in die sewentigs, ander tye. Toe was dit ondenkbaar. Ek het baie sterk daaroor gevoel.

Op sestien moes ons vorms vir ID-boekies invul. Dit was seker waar die weermag ons outomaties op hulle rekords gekry het. Ons het nie eens geweet nie. Ek kan nie onthou dat iemand gekom en vir ons vorms gegee het om vir diensplig te registreer nie.

Ek het in 1979 gematrikuleer. Ek het nie sport gedoen nie, maar eerder elke middag motocross bikes gery. Ek was ’n Afrikaanse kind in ’n Engelse skool, so ek is op die gebruiklike wyse geterg – Dutchman, rockspider, hairyback – al daardie soort stront.

Die army was iets wat ek nie wou doen nie. Ek’s daarin gedwing. Ek kon ’n gewetensbeswaar aanteken, of wegloop, of tronk toe gaan, of by die polisie aansluit, maar ek was soos die res van die 30 000 ouens ’n jaar. Ek het gedink: Wat de hel, kom ons gaan en kry dit agter die rug. Liewer twee jaar klaarmaak as om gedurig opsluiting te moet ontduik en my lewe op te mors.

Ek het geweet ek moet gaan. Ek het nie ’n keuse gehad nie. Ek kan nie onthou hoe my gesin gevoel het nie. Ek kan nie eens onthou of my ouers gesê het dat dit nie ’n goeie idee is nie, of probeer het om my uit die land te kry nie. Ek het gegaan, my broers het gegaan, al die vriende wat ek ooit geken het, het gegaan, maar daar was ’n paar manne wat die land verlaat het en oorsee studeer het, gewoonlik in Amerika, en meesal die Joodse manne.

---

Ek het met net ’n ma grootgeword. Ek was bang om haar alleen by die huis te los, maar ek het gevoel diensplig is die regte ding om te doen, so toe doen ek dit. Ek kom uit ’n baie trotse familie. Dis in my ingebou. Dis in my bloed. My pa is Skots en my ma Engels, maar ek is hier gebore. My pa het in die vyftigerjare hiernatoe gekom, Johannesburg toe, en mense ’n ambag geleer. Hulle was pro-Suid-Afrikaans. Hulle het hiernatoe gekom vir die sonskyn en die mense. Hulle het nie geweet wat gaan gebeur nie, polities, twintig of dertig jaar later nie.

As ’n klein seuntjie is dit in my ingedril: “Dis nou jou huis hierdie. Doen wat

jy moet doen.” In 1972 is ons vir ’n ruk terug Verenigde Koninkryk toe, en my ma het later gesê ons gaan terug Suid-Afrika toe. My broer, wat agt jaar ouer as ek is, het gesê: “Daar’s nie ’n kans nie!” My ma het gesê as dit is wat hy wil hê, is dit reg, en toe bly hy daar. Ek het hom hiervoor gehaat en ook omdat hy nie weermag toe is nie. Ek kon nie glo dat daar vir hom meer in Brittanje was om voor te bly as hier nie, maar ek was net nege jaar oud en hy sewentien. Ek het teruggekom, matriek in 1981 voltooi en dadelik gegaan.

In die vroeë tagtigs het ek doodsberigte op die TV-skerms gesien van die SAW-soldate wat op die Grens dood is. Die name was in wit op ’n oranje agtergrond uitgebeeld. Dit was op die Engelse sesuur-nuus. Michael de Morgan het Maandae, Woensdae en Vrydae nuus gelees. Riaan Cruywagen het sy beurt Dinsdae, Donderdae en Saterdae gekry om Afrikaans te lees. Ek het na die name gekyk en gedink: “Ek gaan een of ander tyd daarbo baklei, maar ek hoop nie my naam beland in ’n nuusberig nie.”

Jy kondisioneer jouself, selfs terwyl jy nog so jonk is. Dis waarmee ons grootgeword het. Ek was dertien.

Die enigste ding waarvoor ek baie bang was, was dat ek hard gewens het ek sou nie hoef toe te kyk hoe ouens doodgaan nie, en sulke kak, maar ek het myself vertel die army sou my deeglik oplei om goed te doen soos om uit te kamp en te oorleef. Soos die Voortrekkers of Boy Scouts, maar nog meer as dit.

Ek het diensplig nie bevraagteken nie, maar wel die stelsel, soos die kwessie van swart teenoor wit. Ek kon dit nie mooi kleinkry nie. Ek was van Botswana en het swartmense geniet. Ek het ook Afrikaners geniet. Dis hoe ek grootgemaak is. Toe skielik, in hierdie land, was daar hierdie swart-wit, links-regs ding. Ek kon dit nie kleinkry nie.

Die kollege waar ek was, het ’n geskiedenis gehad van seuns wat oorlog toe gaan en daar is ’n monument opgerig vir die oud-leerlinge wat gesneuwel het. Een keer ’n jaar was daar ’n parade om hulle te vereer en die hele ding was nogal ernstig. Ons het ook een keer ’n week kadet-opleiding gehad, waar ons dienspligtiges van 6 SAI ontmoet het wat ons help oplei het, maar dit was eerder tong-in-die-kies opleiding as wat dit baie ernstig was. Hulle het sports gehad met ons skoolseuns en ons vertel dat ’n sersantmajoor in die weermag ons sou opdonner as ons nie op die paradegrond reg op aandag kon kom nie. Hulle het ons voorberei. Ons het dit verstaan. Ons het trots gevoel. Dit was goed om te leer hoe om in ’n peloton op te tree en hoe om oor die paradegrond te marsjeer.

Grahamstad was woelig. Ons het die soldate in die Buffels gesien. Snags het ons skote van die lokasie se kant af gehoor. Ek het gedink: “Dis my beurt volgende. Wanneer ek opgeroep word, sal ek ook op die Buffels sit, en wanneer hulle sê ons moet skiet, hoef ek nie regtig iemand raak te skiet nie.”

Ja, jy verstaan my reg. Ek wou niemand doodmaak nie.

Elke jaar is ek saam met my gesin met die N3-snelweg langs Durban toe vir die skoolvakansie. Dit was in die vroeë tagtigs en ek was ’n laaitie. Ek sal nooit die soldate in hulle bruin uniforms, stable belts, flashes, berets en seilbalsakke vergeet nie. Hulle het alleen of twee-twee gestaan en duimgooi. Daar was ’n plekkie langs die pad waar hulle ’n geleentheid kon vra. Hulle het onder ’n amptelike bord gestaan waarop die profiel van ’n soldaat binnein ’n kasteelvormige ster op ’n groen agtergrond aangebring was. Hulle het ook die neon-oranje “Ry Veilig”-band om die lyf gedra.

Ek het altyd my ouers gevra om hulle op te laai. Ek was gefassineer. ’n Regte soldaat! As ’n twaalfjarige seun wou ek regtig met hulle praat en uitvind hoe dit was om ’n geweer vas te hou, maar my ouers was altyd traag om te stop. Daar was ’n stadslegende dat ’n reeksmoordenaar wat hom as ’n dienspligtige voordoen, ’n geleentheid sou kry, mense met doringdraad aan ’n boom sou vasbind, die vrou verkrag en dan die paartjie se kele afsny. Noudat ek daaroor dink, was dit miskien anti-apartheid propaganda en teeninligting om die struggle aan te help. Dus het ons aangery en ek het deur die agterste venster teruggekyk. “Iemand anders sal hulle oplaai, seun,” het my pa gesê. Ek was baie teleurgesteld, amper skaam.

Die volgende jaar het my fassinasie verdwyn toe ek en my gesin vakansie in Margate aan die Suidkus hou. Ek het baie tyd in ’n kafeetjie bestee waar ek videospeletjies gespeel het. Eendag het ek nogal goed gevaar en my eie rekord verbeter. Langs my was drie Afrikaanse mans, omtrent agtien jaar oud, met kortgeskeerde hare. Ek het hulle oor hulle korporaal en die weermag hoor praat; ek het dus geweet hulle is op pas. Die gesprek, en die feit dat hulle raserig was, het my geïntimideer. Ek wou loop, want een van hulle het aan my bly stamp, maar ek wou ook my rekord weer breek. Ek was mal oor die speletjie. Toe besluit die man ek het lank genoeg gespeel. Hy wou ook speel en hy druk my eenkant toe. Koppig, en nie baie wys nie, bly ek toe staan al was ek so senuweeagtig. Hy het sy moer gestrip, my aan die hemp gegryp en omgestamp, en op my gevloek in sy growwe Afrikaanse aksent. Ek het nie verstaan wat hy sê behalwe vir “fokken” dit en “fokken” dat nie. Die Indiese kafee-eienaar het niks gedoen nie. Hy wou nie moeilikheid hê nie. Ek het opgestaan en geloop. Ek was

ontsteld, maar wat kon ek maak?

Ek weet nie of die man net ’n poephol was en of hy kwaad was vir die weermag nie, maar ek sal dit nooit vergeet nie. Dit het ’n aardige gevoel oor die weermag by my tuisgebring – en oor Afrikaners, want ek is Engelssprekend. Vir die volgende vyf jaar het ek gevrees dis juis hierdie soort mense wat ek sou teëkom in die weermag. Ek was reg.

In matriek het ons ons eerste oproepinstruksies en ons magsnommers ontvang. Myne was 85296150 BA. Dan het jy geweet daar’s nou nie meer wegkomkans nie. Ek was sestien in 1985, in standerd 8, en die eerste twee syfers het die jaar aangedui waarin jy die eerste keer die lys gehaal het. Drie-en-twintig jaar later kan ek die nommer maklik onthou. Geen wonder nie – jy moes dit memoriseer.

Twee jaar later, in matriek, was ons besig met ons finale eksamens. ’n Ou met die naam Chris het ’n ouer broer in die weermag gehad. Hy was baie trots op hom. Ons almal was. Wel, die ouens was. Meisies het nie regtig omgegee nie. Ons het gemeen dis darem ’n groot ding om in die weermag te wees, so ons het gedeel in sy trots.

Gedurende een van die laaste eksamens het ’n onderwyser die saal binnegekom en met die onderwyser aan diens gepraat, wat na Chris toe gestap het en iets vir hom gefluister het. Hy het opgestaan en saam met die onderwyser gestap. Ek het toevallig opgekyk en dit gesien. Ek het aangeneem hy’s weer in die moeilikheid, want dis hoe ’n soort ou hy was. ’n Halfuur later het Chris teruggekom en hy was bewerig en baie bleek. Ek kon dit duidelik sien. Daar was beslis iets verkeerd. Hy het ontsteld gelyk. Hy het gaan sit en begin huil. Ons het almal na hom gekyk. Die onderwyser aan diens het nadergekom en hom toegelaat om te gaan sonder om die eksamen te voltooi.

Ons het later gehoor sy broer is op die Grens dood. Waar en hoe weet ek nie, want hy wou nie daaroor praat nie, en ek was nie baie na aan hom nie. Ek dink nie hy het *self* eens geweet nie. ’n Paar dae later was ons skoolloopbaan verby, so ek sal nooit weet wat gebeur het nie. Ek het hom nooit weer gesien nie.

Hoekom hy juis tydens die eksamen vertel moes word, verstaan ek nie. Kon hulle nie wag tot hy klaar geskryf het nie? Dit was seker as gevolg van die erns van die situasie. Niemand wil iemand anders so iets vertel nie. Daar *is nie* iets soos ’n regte tyd nie. Ek neem aan die skoolhoof het hom ingelig so gou as wat hy self gehoor het.

Ek was in ’n handelskool in Springs, Afrikaans, maar nie die gewone

Afrikanerskool nie. Party van ons was PFP, anti-apartheid en vrydenkend. Ek was glad nie baie patrioties daaroor om “my plig te gaan doen” nie. Nie almal het dit sommerso aanvaar nie. Ek en my vriende was pasifiste. Hulle het my ge-teenbreinspoel. Ons het selfs geweier om skoolkadette te doen.

Ek het toe al gevoel die swartmense moet in beheer wees – maak nie saak hoe goed of sleg hulle was nie. Ek het geweier om die k-woord te gebruik. Dit was normaal vir skoolseuns om dit in hulle omgangstaal te gebruik. Die helfte van die skool wou swartes opneuk net omdat hulle swart was. Ek kon nooit mooi verstaan waarom ’n persoon se velkleur so ’n kwessie is nie. Ek het oor Nelson Mandela gelees en nie by die NP-kak ingeval nie. Ek het linksgesinde Afrikaanse koerante gelees en niks naastenby kommunisties aan Mandela gesien nie. ’n Ander ding wat ek myself afgevra het, was hoekom hulle Breyten Breytenbach opgesluit het. Hy was ’n digter! Watse skade kon hy aanrig? Ek het gemeen die stelsel het ons verstand en denke probeer infiltreer.

Ek het nie uitgesien na die army nie. Die hele ding het vir my vreemd gevoel. Ek het nie geweet ek het ’n opsie om my oproepinstruksies te ignoreer en eerder tronk toe te gaan nie, anders sou ek.

Ons moes ons Engels-onderwyser groet met die woorde: “Guten Morgen, Herr L.” As jy nie met ’n vulpen geskryf het nie, het hy ’n streep deur jou werk getrek en geweier om dit te merk. Daai ou was befok in sy kop.

Hoe waar die storie is, kan ek nie sê nie. Sy seun het ’n landmyn afgetrap, ’n double-cheeser. Dit was nie in ’n voertuig nie. Hy was ’n sappeur en het vir landmyne gevee. Die boonste myn word verwyder en dit detoneer die onderste een. Hulle het ’n deel van sy seun se horlosie gekry en dit vir hom gestuur, want dit was al wat hulle kon kry. Dit het per geregistreerde pos aangekom.

Die deel oor die horlosie is vir my ’n bietjie erg. Ons het geweet sy seun het beslis ’n double-cheeser afgetrap, maar die storie oor die horlosie in die pos was dalk net ter wille van die skoolkinders.

Natuurlik wou ek myself bekak by die gedagte dat ek Nasionale Diensplig moes verrig. Jy hoor al hierdie vreeslike stories oor inspeksies, dril, skreeuende korporaals, kak kos, opfokke, opstaan vieruur in die oggend, LO-kursusse, roetemarse – en dis net Basies! Jy hoor dit so via almal, by vriende in die skool, by ouer gesinsvriende wat daar was, by hulle ouers – amper almal het iets te sê gehad daaroor. Die onderwerp het nie gereeld opgekom nie, maar wanneer dit het, het ek net negatiewe goed gehoor. Daar was absoluut niks positiefs oor army

toe gaan nie; dit is dus vanselfsprekend dat ek myself bekak het.

Gedurende jou skooljare kon jy vergewe word as jy jou nie met ouer ouens wat wel army toe is, vereenselwig het nie wanneer jy daar by ’n braaivleisvuur gestaan en luister het hoe hulle praat. Tydens my universiteitsjare moes ek nog steeds al die “Onthou jy nog …”-stories verduur. Jy kon nie regtig deelneem aan die gesprek nie, maar net vrae vra en so ’n bietjie verwonderd en hulpeloos voel. Een ding wat ek onthou wat my ouer swaer vir my gesê het, is: “Moet nooit eerste wees nie, en nooit laaste nie – bly in die middel. Dis hoe jy ongemerk deur die storie gaan. En daar wil jy nie opgemerk word nie. En hou jou doof. As jy in ’n groep is, moet nooit omdraai as jy iemand hoor roep nie. Ignoreer dit. Laat een van die ander omdraai.” Sy raad het gehelp.

Ek het ’n man geken wat om godsdienstige redes nie weermag toe is nie. Dit was in die vroeë tagtigs, toe hulle godsdienstige beswaardes tegemoet gekom het. Ek dink hy was ’n Jehovasgetuie. Hy het geweier om die wapen op te neem.

In my departement by die werk, die Paaie-departement, het ons ’n groot biblioteek gehad. Die bibliotekaris het sy Nasionale Diensplig teen R16 ’n maand daar gedoen. Die weermag het gesê hy het ’n keuse tussen tronk toe gaan en twee jaar van diensplig. Hulle het hom die opsie gegee om dit in ’n staatsdepartement te doen, maar met weermagbetaling. Hy het duidelik gaan leer vir ’n bibliotekaris; jy kon sien hy hou van sy werk en sit alles daarin.

Daar was toe nog maniere om met ernstige beswaardes te handel. Daarna het hulle moeilik geraak en hulle eenvoudig in die tjoekie gegooi.

Ek het matriek in 1983 klaargemaak. By my skool het niemand uitgesien na Nasionale Diensplig nie. Almal was traag om te gaan. Ek weet nie of dit die liberale opvoeding is wat ons gekry het nie, maar ons ouers was almal daarteen. Hulle was almal bekommerd dat die verkeerde dinge sou gebeur.

Om weermag toe te gaan was nooit ’n opsie nie – ek was nog altyd van plan om universiteit toe te gaan. Ek het toe gegaan en terwyl ek daar was, het hulle bly oproepinstruksies stuur. Aan die begin was dit na goor plekke, soos voertuigwerkplase. Ek het net gedink: “Daar’s nie ’n manier waarop ek gaan nie.” Nie toe nie, nóóit nie. Ek wou regtig nie gaan nie. Ek het gedink ek sou al die gesag absoluut haat, met iemand wat my voorskryf wat om te doen. Ek weet nie, miskien was dit die manier waarop ek grootgeword het, maar ek wou dit

regtig nie doen nie.

Ek het twee ouer broers gehad wat voor my in is. Een is lugmag toe waar hy vir sewe jaar in die Staandemag was. Hy's vier jaar ouer as ek en was al drie jaar in die lugmag toe ek dienspligtig word. Hy het nooit vlugopleiding gedoen nie, want hy's te lank en te groot. Daar was 'n lengtebeperking. Hy het ook 'n fraktuur in een been gehad, wat daartoe bygedra het dat hy nie gekeur is nie – maar hy was mal oor die omgewing. Hy het lugverkeer beheer en het by Jan Smuts-lughawe, Waterkloof-lugmagbasis en op die Grens gewerk. Hy het baie vliegtuie sien vertrek op transgrens-bedrywighede. Hy en ander beheerbeamptes moes die vlieëniers inlig oor waar hulle heengaan en al die seine en kodes gee. Hy was ook by Katima Mulilo.

My ander broer het ná vyf jaar klaargemaak met universiteit en toe die Offisierskursus gaan doen omdat hy 'n graad gehad het, wat my verlig laat voel het omdat ek geweet het ek sou dieselfde paadjie met my graad loop. Hy is na Waterkloof in Voortrekkerhoogte vir Basiese Opleiding in die lugmag. Dit het hom geruk. Hy het die lewe van 'n langhaar, hippie-student gelei. Jy's drie-en-twintig en skielik doen jy Basies.

Mettertyd is ek ook lugmag toe opgeroep, so ek het geweet wat om te verwag. Ek kon nie aan iets erger dink nie – van ouens wat in uniforms staan tot die swak behandeling. Ek het al die stories gehoor. Ek het gedink: "Asseblief, laat dit verby wees teen die tyd dat ek moet gaan."

Een van my goeie vriende het gedurig ge-AWOL en dan by my gebly. In een stadium het hy vir vyf maande ge-AWOL. Hy het geweet hy sou hulle nie kon bly ontwyk nie en het moeg geraak daarvoor, toe gaan hy maar terug. Hy was in groot moeilikheid. Hy het gemaak asof hy ge-crack en mal geword het. Hulle het hom na die psigiatriese saal gestuur, Saal 22, 25 of 52 – ek kan nie onthou nie. Ná maande van "kranksinnigheid" het hulle hom met 'n oneervolle ontslag laat gaan.

Ek was vyf jaar lank op universiteit. Teen die tyd dat ek klaar geswot het, was dit einde 1988. Diensplig was springlewendig, toe registreer ek by UNISA om verder te swot. Jy moes 'n sekere getal kursusse deurkom om vir die volgende jaar te kwalifiseer en ook om diensplig te ontwyk. Jy kon nie net registreer en dan niks doen nie. Jy moes eksamens skryf en deurkom. Ek het twee vakke 'n jaar gedoen, wat die minimum was. Ek het nie die eerste jaar deurgekom nie, maar die weermag het my nog 'n kans gegee. Ek het vir hulle geskryf en verduidelik dat ek weer probeer. Ek dink dit was omdat ek by Wits vir vyf jaar was en my graad gehad het dat hulle geglo het ek neuk nie rond nie. "Hy moet ernstig wees. Het seker net 'n afjaar gehad."

Die volgende jaar het ek net een van die twee vakke deurgekom. Ek dink hulle

het toe agterdogtig geraak. Terselfdertyd, egter, was hulle nie so fanaties daaroor om my in te palm nie, want dit was al die einde van 1990. Ek het by UNISA bly registreer, tot die einde van 1993. Die snaakse deel van my storie is dat ek my studentekaart na registrasie behou het. Daar was groot afslae vir allerhande dinge wat saam met die kaart gekom het. ’n Mediese fonds was R6 ’n maand en by enige gholfklub het dit net R5 gekos om te speel – dit was toe dat ek gholf begin speel het – so dit het finansieel lonend geword om my studentekaart so lank moontlik te hou. Daar was nie ’n ouderdomsbeperking daarop nie.

Die laaste oproepinstruksies wat ek ontvang het, was in 1992. Ek het die gewone brief geskryf waarin ek sê ek is nog by ’n universiteit geregistreer en besig om my akademiese loopbaan te volg. Toe het my dienspligdokumente net nooit weer gekom nie. Dit was verby. Toe ek uitvind konskripsie is verby, was ek ekstaties, absoluut ekstaties. Ek was ekstaties dat ek daardie wêreld kon vermy.

Jy vra of ek sleg voel dat ek nie gegaan het nie. Wel, ek weet nie wat om te berou nie. Ek het stories by ander mense gehoor. Dit was altyd dinge soos dat Basies verskriklik en ’n groot pyn is. Ek het gesien hoe al my vriende en familie gaan – baie ouens. Ek het net nooit, ooit gedink dit sou vir my wees nie. Ek was bly dat ek dit ontduik het, ek is nog steeds.

---

Ek het nie diensplig gedoen nie omdat ek by die polisie aangesluit het. Ek’s nog steeds daar. Elke jaar het ek my oproepinstruksies gekry, maar die polisie het die weermag in kennis gestel dat ek in hulle diens was. Hulle het bewyse vereis. Die polisie het jou dienste vir vier jaar benodig. As ek binne die eerste drie jaar geloop het, sou ek moes army toe gaan, van die begin af. Maar teen daardie tyd het ek wortel geskiet in die polisie en wou in elk geval daar bly.

Voor matriek het ek nie geweet wat ek wou doen nie – die polisie of Nasionale Diensplig. Ek het nét ná skool by die polisie aangesluit. Ek was agtien, en ek wou ’n polisieman wees. My pa was ’n polisieman. Hy het sy militêre opleiding gedoen – toe was dit een jaar. Daarna het hy by die polisie aangesluit. In sy tyd was Basiese Opleiding in die polisie ’n jaar lank. Myne was net ses maande.

In 1991 is ek opgeroep om by 8 SAI in te klaar. My sielkundige het gesê ek moet 2 Mil toe gaan waar ek amptelik vrygestel is. Hulle het my met periodieke psigotiese versteuring gediagnoseer. Dis ’n neurologiese probleem – iets fout met my brein. Die dokters het gesê ek kon wel by die reserwemagte aansluit,

maar dit het nooit gebeur nie. Ek was kwaad en het al my dokumente vernietig.

Ek wou Staandemag wees. My oupagrootjie en oupa het albei loopbane in die weermag gevolg. My pa en ooms was in die vloot. My pa was in ’n duikboot. Ek wou in die Geneeskundige Korps wees.

Ek was in ’n gemengde staat-hoërskool in Johannesburg, dit wil sê daar was seuns en meisies. Ons het skyn-terroriste-aanvalle geoefen. In die geval van so ’n aanval, moes ons op die grond onder ons lessenaars gaan lê. Ek het gewonder van watter hulp dit sou wees. Wat as dit regtig gebeur? Wat dan? Sou ons almal senuweeagtig rondkyk in die hoop dat geen swart mans met AK’s die klaskamer binnestorm, en wild en wakker begin skiet, en “Viva ANC! Viva!” skree nie?

Ek het eerlikwaar geglo so iets kon, en sou, gebeur. Ek hoef nie eens army toe te gegaan het om dit te glo nie. Ek was oortuig daarvan dat swartes die land gaan oorneem, en al die wittes doodmaak, en die land vernietig. My geskiedenisonderwyser, wat sy Nasionale Diensplig in die middel- en laat-sewentigs gedoen het, wou by ons ’n liberale en oopoog benadering tuisbring, om vir onsself te dink, om te besef die army is ’n leuen. Hy was baie sinies daaroor. Hoewel ek hom bewonder het en gedink het hy’s cool met sy lang hare en sy liefde vir Led Zeppelin, het ek gevoel hy’s verkeerd en deel van ’n klein minderheid. Ek was gebreinspoel, maar voorbereid. Ek was gereed om by die army aan te sluit om my land te verdedig.

Twee keer ’n week het ons Jeugweerbaarheidsklasse gehad, wat beteken het ons is af na die sportvelde toe om te marsjeer. Ons het in ons dasse en baadjies gedril, op so ’n halfhartige manier. Dit was eintlik joltyd. Kom uit die klas en geniet die son. Die onderwyser wat ons gedril het, was ’n baie taai Portugese sportafrigter wat gedurig vir ons hopelose pogings gelag het en ons vertel het hoe ons gaan swaarkry in die army tensy ons die bewegings regkry. Hy het grappe gemaak oor die tyd toe hy daar was. Sy gunsteling-sêding was iets wat sy korporaal altyd geskree het: “As ’n vlieg in jou neus kruip en in jou longe kak, BEWEEG JY NOG STEEDS NIE!” Watter groot verwagtinge het ons tog nie gehad nie.

Die meisies het óf gekook óf geleer naaldwerk doen, of ook afgekom na die velde toe om sagtebal te speel. Hulle het ons getreiter deur te sê hoe ons “arme klein seuntjies” moes army toe gaan ná matriek. Ons het hulle teruggekry en hulle bra-bandjies getrek en teen hulle rûe laat skiet – hard.

Ná skool het ek ingeskryf vir ’n vierjaarkursus by die universiteit se kunsskool en ek het geweet my diensplig sou uitgestel word. Diensplig kon uitgestel word tot tersiêre opleiding afgehandel is. Elke jaar het weermagdokumente my na

plekke soos Phalaborwa, Potchefstroom, Upington en Grahamstad opgeroep – almal infanteriekampe. Toe my swaer hoor ek gaan dalk 6 SAI, Grahamstad, toe, het hy gelag en gesê ek gaan afkak. Hy was in die middel-tagtigs daar.

Op varsity kon dit my nie skeel of ek gaan nie. Het nooit daaroor gedink nie. Het vir die oomblik geleef. Ek was te gezonk, te dronk, te besig om te vry en om die lewe oor die algemeen te geniet om my daaroor te kwel. Nadat ek graad gevang het, het my oproep vir die Julie-inname nadergekom. Dit was eers toe ek met vriende gepraat het wat klaar was met die army, dat ek begin dink het: "O hel. Tyd om ’n bietjie LO te doen om fiks te word." Maar my vriende het gesê: "Nee wat, jy hoef nie daaroor te worry nie. Jy sal regkom."

In daardie stadium was die End Conscription Campaign in volle swang. Van die ouens het geweier om te gaan. Omdat daar so baie van hulle was, is die army oorweldig en het bloot nie die mannekrag of die lus gehad om almal te arresteer nie. Niemand het regtig geweet wat aangaan nie, maar dit was algemeen aanvaar dat as jy nie gaan nie, niks met jou sal gebeur nie. Dis wat die ECC gesê het, maar die weermag het iets anders gesê. Hulle het steeds gedreig om mense te vervolg, maak nie saak hoe lank dit neem nie. Ek was nie bereid om die kans te waag nie, en wou eerder die saak met my land reg hou.

Toevallig was ’n bekende en uitstekende politieke spotprenttekenaar – ek sal nie sê wie nie, maar dis so voor die hand liggend wie dit is – my buurman. Ek het hom op straat teëgekom en genoem dat ek op die punt was om gehoor te gee aan my oproepinstruksies. "Jy’s mal!" het hy gesê. "Maak oop jou oë! Kyk om jou rond! Kyk wat gebeur! Jy sal apartheid verdedig!"

Ek het verstaan wat sy standpunt was, maar dit was die eerste keer dat enigiemand my ernstig laat twyfel het oor my besluit en die situasie. Hy het glad nie met my saamgestem nie, maar ek het gesê ek wou self uitvind waaroor dit gaan.

Hy het gedink ek’s simpel. ’n Dwaas. Hy was links. ’n Liberaal. Hy wou *nie* gehad het ek moet gaan nie, maar ek moes eenvoudig net gaan. Ek was nuuskierig, en behalwe dit het ek my my lewe lank – twee-en-twintig jaar – geestelik voorberei om te gaan. Jy word groot daarmee. Om skielik te besef dis als vir niks het net nie vir my gewerk nie. Dit was asof ek myself iets verskuldig was.

**S.A. WEERMAG – S.A. DEFENCE FORCE**

Registrasiebeampte SAW
Privaatsak X281
Pretoria
0001

LEES HIERDIE INSTRUKSIES NOUKEURIG

[Dienspligtige se adres] Magsnommer......................

**KENNISGEWING VAN TOEWYSING VIR MILITÊRE DIENS**

NEEM KENNIS: GEEN HERTOEWYSINGS WORD GEDOEN NIE.

1. U is kragtens die bepalings van die Verdedigingswet, 1957 toegewys aan:
2. EENHEID: ...................................................
3. DUUR VAN DIENS: ............................................
4. PLEK VAN DIENS: ............................................
5. Indien u van voorneme is om volgende jaar vir die eerste keer aan ’n universiteit/kollege/technikon te studeer en u is aan die Julie inname toegewys, staan dit u vry om voort te gaan met enige reëlings wat nodig is vir u inskrywing. U moet egter, sodra u by die universiteit/kollege/technikon ingeskryf is, ’n sertifikaat in dier voege vanaf die universiteit/kollege/technikon verkry en dit aan die Sekretaris, Vrystellingsraad, by bostaande adres stuur. By ontvangs van die sertifikaat sal u diensplig tot die daaropvolgende jaar uitgestel word.

   Indien u van besluit sou verander en nou eers militêre diens wil verrig, sal u toewysing nie vervroeg word nie.

   Indien u aan die Januarie inname toegewys is en u verkies nou om eers te gaan studeer moet u onmiddellik ’n brief in hierdie verband aan die Sekretaris, Vrystellingsraad, rig, waarna u toewysing na die Julie inname verander sal word sodat u die nodige reëlings kan tref.

   Indien u egter weer van besluit sou verander of u omstandighede sou verander, sal u nuwe toewysing nie verander word nie. Indien u alreeds ’n student is en aan die Januarie inname toegewys is en van voorneme is om volgende jaar met u studies voort te gaan moet u so gou moontlik ’n brief aan die Sekretaris, Vrystellingsraad, rig vir ’n beslissing met betrekking tot verdere uitstel.

   Indien u alreeds ’n student is en aan die Julie inname toegewys is, sal verdere uitstel van militêre diens alleenlik deur die Vrystellingsraad oorweeg word met inagneming van die vordering wat u met u studies gemaak het sedert u aanvanklik daarmee begin het. **U moet derhalwe nie aanvaar dat u bloot op grond van inskrywing aan ’n universiteit/kollege/technikon verdere uitstel verleen sal word nie.** Indien u enigsens twyfel oor wat u te doen staan, rig ’n skrywe aan die Sekretaris, Vrystellingsraad. Soortgelyke optrede geld ook vir na-graadse studies.

   U aandag word daarop gevestig dat waar ’n student nie vordering maak met sy studies nie, bv. ’n tweede maal ’n studiejaar moet herhaal, of waar hy sy studierigting of graadkursus verander, geen verdere uitstel summier aan hom verleen sal word nie. Diesulkes moet hulle nie vir verdere studie verbind of inskryf alvorens hulle uitsluitsel hieroor vanaf die Vrystellingsraad verkry het nie.
6. Indien u ’n werknemer is of ’n betrekking gaan aanvaar, moet u hierdie kennisgewing onmiddellik aan u werkgewer toon en sy aandag vestig op Artikel 4 van die Verdedigingswet 1957, wat gerieflikheidshalwe op die keersy aangehaal is.
7. Alle navrae met betrekking tot u aanvanklike tydperk van militêre diens moet gerig word aan die Registrasiebeampte SAW, Privaatsak X281, Pretoria, 0001.

8. U finale oproepinstruksies, en waar van toepassing die nodige spoorwegorder sal ongeveer 30 dae voor die aanvang van die dienstydperk aan u gestuur word.
9. Indien u van voorneme is om diens te neem by die SA Polisie, of Gevangenisdiens, moet u attestasie in die betrokke mag afgehandel wees voor u aanmeldingsdatum, anders moet u u oproepinstruksies stiptelik nakom.
10. Persone mag onder geen omstandighede na willekeur by enige eenheid van die SA Weermag aanmeld nie. Diegene wat hulle hieraan skuldig maak, sal op hul eie koste herroeteer word, of aan die eenheid waar hy moes aanmeld, of aan sy tuiste indien hy nie vir die betrokke inname opgeroep is nie.
11. ONTHOU OM ENIGE VERANDERING IN U ADRES ONMIDDELLIK AAN DIE REGISTRASIEBEAMPTE SAW BEKEND TE MAAK. DIT SAL VERSEKER DAT U U FINALE OPROEPINSTRUKSIES ONTVANG. MELD TE ALLE TYE U MAGSNOMMER EN EENHEID WAARAAN U TOEGEWYS IS ASOOK DIE DIENSTYDPERK.

Registrasiebeampte SAW

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

## SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

## INFORMASIE TER VOORLIGTING VAN DIENSPLIGTIGES WAT VIR MILITÊRE DIENS OPGEROEP IS

### STEL U WERKGEWER ONMIDDELLIK IN KENNIS

1. Indien u reeds ’n werknemer is moet u u oproepinstruksies onmiddellik aan u werkgewer toon en sy aandag daarop vestig dat hy ingevolge die bepalings van die Verdedigingswet, 1957, verplig is om sy werknemers alle redelike geleenthede te bied om nasionale diensplig te verrig.

### AFTREKKINGS

2. Neem kennis dat R10,00-R15,00 per maand van u soldy afgetrek word vir haarsny, bioskoop, ens.

### BEHERENDE INSTANSIE

3. Totdat u vir diens aanmeld, moet u alle aangeleenthede met betrekking tot u militêre diens na die Registrasiebeampte, SA Weermag, Privaatsak X281, Pretoria, 0001, verwys.

### VERANDERING VAN ADRES

4. Totdat u vir militêre diens aanmeld, moet u die Registrasiebeampte, SAW, onmiddellik van enige verandering van adres in kennis stel. Daarna moet u die bevelvoerder van u eenheid in kennis stel. Die Verdedigingswet, 1957, bepaal dat versuim om ’n adresverandering bekend te maak, ’n boete van hoogstens R200 of ses maande gevangenisstraf kan meebring.

### VRYSTELLING OF UITSTEL VAN MILITÊRE DIENS

5. Indien u gegronde redes het waarom u nie vir diens kan aanmeld nie, moet u onmiddellik ’n skriftelike aansoek om uitstel of vrystelling van diens aan die Sekretaris, Vrystellingsraad, Privaatsak X281, Pretoria, 0001, rig. U moet u redes uiteensit, tesame met stawende stukke of sertifikate daarby aangeheg. Tensy en tot tyd en wyl u van die uitslag verwittig is, moet u vir militêre diens aanmeld, soos aangesê.

### HEREKSAMENS

6. Militêre dienspligtiges wat ’n hereksamen in een of meer vakke vir die skooleindeksamen moet aflê, kan vir die doel by hul eenheidsbevelvoerder aansoek doen—

a. in die geval van drie of meer vakke, om uitstel van diensplig tot ’n later tydperk; of

b. in die geval van twee vakke, vir verlof om die twee vakke oor te skryf op voorwaarde dat die afwesigheid van militêre diens tot die minimum beperk word. Kyk die toepaslike paragrawe in die brosjure.

### UITSTEL VAN DIENS — KEER TERUG SKOOL TOE

7. Iemand wat sy eksamen heeltemal gedruip het en voltyds skool toe wil terugkeer, moet, as hy reeds

aangemeld het, by sy bevelvoerder aansoek doen om uitstel van sy diens tot die volgende jaar. Sy bevelvoerder sal sy aansoek na die Vrystellingsraad vir ’n beslissing verwys. As sy diens nog nie begin het nie, moet hy nie vir militêre diens aanmeld nie en moet hy dadelik regstreeks by die Sekretaris, Vrystellingsraad, Privaatsak X281, Pretoria, 0001, om uitstel van diens aansoek doen.

## GEBRUIK VAN PRIVAATVERVOER

8. Geen vergoeding of aanspreeklikheid vir beserings, ens., sal vir die gebruik van privaatvervoer na en van u plek van diens betaal of aanvaar word nie en geen parkeergeriewe is vir privaatvoertuie by sulke plekke beskikbaar nie.

## GENEESKUNDIGE ONDERSOEK

9. U sal aan ’n geneeskundige ondersoek onderwerp word by aanmelding vir diens. Indien u geneeskundig ongeskik vir diens bevind word, sal u ontslaan en huis toe gestuur word. Maak seker dat u in besit van ’n ontslagsertifikaat is alvorens u die kamp verlaat. Indien u van mening is dat u geneeskundig ongeskik vir militêre diens is, moet u alle mediese sertifikate waaroor u beskik saambring en aan die ondersoekende dokter oorhandig.

## IDENTIFIKASIEDOKUMENTE

10. Sekerheid speel ’n belangrike rol in die SA Weermag en die noodsaaklike identifikasiedokumente vir lede van die burgermag bestaan uit ’n betaalboekie wat later deur die militêre owerhede aan u uitgereik sal word en u identifikasiedokument wat in u besit moet wees wanneer u vir diens aanmeld. Indien u nog nie ’n identifikasiedokument besit nie en reeds 18 jaar oud is moet u dadelik, ooreenkomstig die Bevolkingsregistrasiewet, by die Bevolkingsregistrateur, Privaatsak X114, Pretoria, 0001, daarvoor aansoek doen.

## BENODIGHEDE WAT SAAMGEBRING MOET WORD

11 a. Die minimum burgerlike klere. U sal van ’n militêre uniform voorsien word en nie toegelaat word om burgerlike klere te dra tot na voltooiing van u dienstydperk nie;

b. Nadat u met volledige uniformstukke uitgereik is, moet u u burgerlike klere, op eie koste na u huis of ouerhuis terugstuur. By die kamp word geen voorsiening gemaak vir die bewaring daarvan nie;

c. Persoonlike benodigdhede soos skeergoed, tandeborsel, seep, ’n handdoek en onderklere;

d. Sportuitrusting vir die sport waaraan u gewoonweg deelneem;

e. Enige musiekinstrument wat u kan bespeel, indien u dit wil meebring;

f. Bybel en Psalm/Gesangeboek;

g. Gewaarmerkte afskrif van u huweliksertifikaat, indien getroud;

h. U oproepinstruksies (Vorm DD 1303);

j. U rybewys;

k. U identifikasiedokument;

l. Sertifikaat (of gewaarmerkte afskrif) van u hoogste opvoedkundige kwalifikasie; en

m. Indien u professioneel akademies gekwalifiseerd is, die registrasiesertifikaat (of gewaarmerkte afskrif) deur u betrokke Raad uitgereik.

***L.W.* — VERSEKER DAT U TESTAMENT IN ORDE IS VOORDAT U VIR DIENSPLIG AANMELD.**

# INKLAAR

*Daar het ek gesit, besig om ’n stuk kougom te kou en stilletjies gek te raak. In die bus was ’n arbitrêre versameling jongmans; soos ’n klomp Smarties in ’n boks. Ons was Afrikaans, Engels, linksgesind, regsgesind. Van oraloor. Jy was op jou eie. Geheel en al alleen. Jy het niemand geken nie. Dit was ’n deurmekaarspul.*

*Die man wat langs my gesit het, onthou ek nie goed nie. Het nie regtig met hom gepraat nie. Ek dink hy was jonger as ek, en Afrikaans. Ek onthou hy was bang, bekak-jou-broek bang. Hy het pas uit ’n mooi, gerieflike huis gekom. Hy het ’n meisie gehad en my haar foto gewys – sy engeltjie vir wie hy so lief was – en ’n foto van sy matriekafskeid. Hy het gesê dis vir hom belangrik om die regte klere te dra. Die regte haarsnit. Die regte voorkoms. In my opinie was hy net verkramp.*

*Later in Basies het ek hom in die san gesien. Ek het gehoor hy’t gecrack. Hy kon dit nie vat nie. Hy kon dit net nie vat nie.*

In 1951 is ek onder die lotingstelsel vir drie weke se diens opgeroep. Jy is per geregistreerde pos laat weet; ’n taankleurige koevert met die groot swart letters “OHMS”. Dit het aangedui dat jy in die jaar se loting geplaas is. Die volgende brief sou sê dis baie jammer dat jy nie gekies is nie. Hulle het nie regtig geweet wat hulle doen nie. In een stadium is ek drie keer opgeroep, toe gaan ek. Jy het gegaan as jou maats gegaan het. Jy het by die polisiestasie geregistreer en hulle het die dokumente Pretoria toe gestuur. Hulle het gevra by watter regiment jy wil aansluit. Ons het almal die Highlanders gekies, want meisies was mal oor die romp. Niemand wou Duke’s toe gaan nie.

Toe sê hulle hulle sal my op die reserwelys plaas – waar ek vir vyf jaar was. Hulle het genoeg soldate gehad. Die volgende brief wat ek ontvang het, het gesê ek hoef nie meer die offisier van enige adresverandering in kennis te stel nie, en dat ek by konstabel X moet gaan afteken. Ek het nog my aftekendokumente.

As jy gelukkig was, kon jy wegkom met die lotingstelsel. As jy ongelukkig was, is jy opgeroep en dit was dit. Nege maande, in my geval, in 1964. Die manne voor my het net drie en toe ses maande gedoen. In ’66 en ’67 is diensplig na tien maande opgestoot, en toe in 1968 is die Aktiewe Burgermag lotingstelsel laat vaar en in verpligte Nasionale Diensplig verander. Tot 1977 het diens van een jaar verpligtend geword. Maar hoe ek daarna kyk, is: In daardie dae was daar die Russiese bedreiging. Dit was die groot ding. Alles het oor die “Russiese Bedreiging” gegaan. En die Koue Oorlog het hoogty gevier. Berlyn was nog ’n verdeelde stad in ’n verdeelde land; die wêreld was Oos teen Wes. In die sestigs het ons natuurlik nooit op Grens toe gegaan nie. Eers toe die MK-manne aktief geword het, het die stelsel verskerp. Toe het hulle dit nodig gevind om opleiding ook te verskerp.

Basies, selfs in 1964, het drie maande geneem. Jy kon vir uitstel vra as jy studeer het. Hulle was simpatiek daaroor. Jy kon om ’n oorplasing vra as jy byvoorbeeld aan die vloot toegedeel is, maar nie kon swem nie. Hulle het jou oor sulke dinge tegemoet gekom en jou dalk na ’n ander eenheid gestuur. Ek was ’n drywer vir St John’s Ambulance. Die meeste ambulansdrywers is na die Medics gestuur. Ons was bly vir elke bietjie opleiding wat ons kon kry, en dit het my uitstekend gepas. Ons is uitgepos na 2 Mil Hospitaal en het ses maande daar deurgebring.

Ek is opgeroep en het in 1971 ’n jaar gedien. Toe is jou voorkeure oor waar jy wou heengaan, nog in ag geneem. Hulle het geluister na wat jy wou sê. Ek het verduidelik dat my ma ’n weduwee is en my na aan die huis nodig gehad het, in Pretoria, waar daar ’n sterk lugmagteenwoordigheid was. Die laaste plek waar ek wou heengaan, was Oudtshoorn as infanterie.

Ek het in Julie 1979 by die Kasteel aangemeld vir diensplig, en verdwaal. Het die trein langs perron sewe-en-twintig bestyg op pad Pretoria toe. Die rit was pret. Die ouens het dronk geraak. Het gelag. Ek het nie gedrink nie – ek was nie toe ’n drinker nie. Ons het civvies gedra. Die een ou, hy was Afrikaans, het ’n krimpelien-broek gedra. Hy het dit afgetrek, sy bene gelig, ’n sigaretaansteker teen sy hol gehou en aangesteek, en gepoep. ’n Blou vlam het uitgeskiet en sy sweetpak het aan die brand geslaan. Ek sal dit nooit vergeet nie.

Die ouens het baie dronk op die trein geraak. Meesal boerseuns van die omliggende areas. Niemand het swaargekry nie. Hulle het hulleself geniet. Dronk soos spoke. Hulle het nie geweet wat hulle gaan tref nie – of miskien het hulle broers gehad wat reeds in die army was en meer selfversekerd gevoel.

Ná die lang treinrit het ons by Johannesburg-stasie aangekom. Dit het omtrent twee uur geneem om by Voortrekkerhoogte uit te kom. Hulle het ons ’n rofie ride in ’n Bedford gegee, die remme hard getrap, al wat ’n gat en bultjie is raakgery en vinnig versnel. Ons het in die donker daar aangekom. Het nie eens middagete gehad nie. Het ook daardie aand gaan slaap sonder dat ons aandete gekry het. Die volgende oggend het ons ontbyt gekry. Toe begin hulle ons uitsort.

---

Toe ek vir my twee jaar in ’80 en ’81 gaan, het ’n groepie Joodse vriende gesê ek moet as Jood gaan. Hulle het gesê ek sou ’n ekstra sewe dae verlof ’n jaar kry vir die Joodse Paasfees en ek sou beter eet as die ander. Toe besluit ek ek gaan dit doen. Ek het by Kimberley as ’n Jood ingeklaar. Toe ons van die trein af klim, het hulle gesê die Joodse ouens moet eenkant staan. Ek het by ’n paar ander ouens gaan staan en dit was dit – ek was ’n Joodse ou in ’n vervoerkompanie. Toe ek daar kom, het die rabbi na my gekyk. Ons het gesels en hy het my oor my Joodse agtergrond uitgevra. Ek het gesê my ma was Joods en ek moes volgens Joodse gebruik haar geloof aanvaar. Dit was ’n leuen. My ma is NGK. Ek het een letter uit my ma se nooiensvan gehaal en dit klink toe nogal Joods. Die rabbi het van my gehou.

Ek het Januarie ’83 ingeklaar en sou ’n Medic word, wat ek nie beplan het nie. Ek het niks van medisyne geweet nie. My oproepinstruksies het gesê ek moet na Klipdrift in Potch gaan. Toe ek daar kom, vra hulle wat maak ek daar want ek was veronderstel om by die vloot in Saldanha te wees. Toe sê ek: “Goed, ek sal gaan.” Hulle het gesê ek hoef nie, ek kon bly, en dis hoe ek in die Medics beland het. Dis hulle wat die bokkerop veroorsaak het, nie ek nie. Ek weet nie hoe hulle dit reggekry het nie.

Is in Januarie 1988 lugmag toe. Het by ’n deurgangskamp ingeklaar. Daar was te veel mense en hulle het nie blyplek vir almal gehad nie. Dit was op ’n groot stuk grond net buite Pretoria. Dit was ’n basis wat net uit army tente bestaan het. Tent City.

So jy kom by Nasrec aan. Ma en broers praat jou moed in. Ma het allerhande lekkergoed en sigarette in jou sak gedruk. Seker gemaak jy het die regte toerusting. Slotte, strykyster, waspoeier, stewelpolitoer, dubbin. Ek wou dubbin hê. Jy weet nie wat de hel aan die gang is nie, maar jy weet jy’s op pad iewers heen. Het Ma se hand vasgehou. Al die meisies soen en praat met hulle boyfriends. “Ons sal met julle wees. Ons sal hier deurkom.” Broers sê: “Nou moet jy taai wees, boet.”

Die luidsprekers speel die Viëtnamliedjie: “Nuh-nuh-nuh-nineteen, nineteen.” Hei, dis nie sleg nie. Laat ek vir my kry. Dan die lang stap na die hangar. Jy’s binne. Julle moet in rye sit, in julle spesifieke groepe, na gelang van bestemming. Dan lees hulle al die kak uit: “Is jy op medikasie? Dwelms? Is daar enigiets onwettig wat jy wil verklaar? Messe? Porno?”

Hulle konfiskeer alkohol. Jy hoop daar is nie iewers dwelms in jou besittings wat jy dalk van vergeet het nie. Hulle waarsku jou om dit nou te verklaar of hulle skop jou kop vol duike. Jy vul die vorms in. Gee jou individuele magsnommer. Departeer.

Gedurende ’n pit stop op pad Kimberley toe besluit een man: “Bokker dit. Ek gaan gou bottelstoor toe.” Hy draf weg. Kry sy sespak bier en smokkel dit op die bus op. Sit terug en drink. Omtrent ’n uur later moet hy gaan pis, maar die ding is dat hulle nie stop nie. Hulle stop doelbewus nie. Hulle weet hy het hierdie ding gedoen. Hulle straf hom omdat hy probeer het om die stelsel te omseil. Nou moet hy darem regtig gaan pis. “Asseblief, meneer. Ek moet gaan.”

“Jammer, boetie. Byt vas of pis in jou broek.”

Nou’s hy desperaat. Hy lyk sommer of hy ongemaklik is, maar die bus ry net

aan. Dit gaan nie stop nie. Hy pie in die blikkie. Hy is verneder. Dag een in die army.

Die busse laai ons by Wingfield Militêre Basis in Kaapstad op. Ry na Infanterieskool in Oudtshoorn. Dis ’n lang rit. Hulle ry omtrent veertig kilometer per uur teen die bulte uit. Dis ook ’n lang dag. Ons staan in die klere waarmee ons aangekom het en maak ons sakke oop sodat die MP’s daardeur kan soek. Jy moet die absolute minimum by jou hê. Enige ander ding vat hulle. Hulle vat selfs die sakke.

Ek sal nooit, ooit vergeet hoe ek ingeklaar het nie. Dit was by Nasrec, net buite Johannesburg. My ouers het my soontoe geneem. Ons het op ’n betonpawiljoen langs ’n sokkerveld gesit. Dit was in die helfte van die oggend. Ek het civvies gedra en my sakkie met die nodige by my gehad: slotte, ’n twee meter lange ketting, bruin stewelpolitoer, skoenborsels, penne, koeverte, seëls, skryfpapier, waspoeier, toiletware, ’n bietjie kontant – basiese dinge – en natuurlik my oproepinstruksies.

Ek was senuweeagtig. Ek het na die ander ouens om my gekyk en gesien hulle is net so senuweeagtig, en ek het beter gevoel. Die luidsprekers het oor en oor ’n kombinasie van Skotse doedelsakmusiek en langarm sokkiesokkie gespeel. Die range wou seker aan Afrikaanse én Engelse mense albei iets gee om mee te identifiseer. Toe het ’n sersant op ’n mooi manier geroep dat ons tot siens moet sê en op die veld bymekaarkom. My hart het in my keel geklop, maar ek was opgewonde ook. Ons het ons mense omhels en gesoen.

“Baai, Pa. Baai, Ma. Hier gaat ons. Dis nou of nooit. Kom ons kyk wat vir wat gaan.”

Ek het oor die veld gestap terwyl ek die knop in my keel probeer onderdruk. Veg of vlug, het ek gevoel. Het ek nou omgedraai en geretireer, of het ek aangehou? “Nee,” het ek gedink. “Hou aan, man. Hou net reguit aan.”

Dit was ’n groot oomblik in my lewe – in al ons lewens: van civvy na die onbekende van die weermag. ’n Oorgangsrite. Dit was amper asof ek uiteindelik toegang tot ’n geheime, mistieke beweging gekry het en nou self, eerstehands die antwoorde op al my vrae sou kry.

Ons het in ’n ry gaan staan. Die sersant het ons weer op ’n vriendelike en amper broederlike manier beveel om nader aan die saal te staan. Maar hierdie slag was sy stem fermer, sommer baie. Die saal het nader en nader gekom. Ek het omgekyk en my ouers gesien, hulle het vir my gewaai, maar ek het nie

teruggewaai nie. Dit het nogal gepla. Ek het net geglimlag, maar dit was te ver vir hulle om te sien.

Toe kom die liedjie wat hulle seker al oor wou vrek om dit te laat speel: “You’re in the army now, whoa-woo-woe, you’re in the army … Now!” En toe dink ek: “O, flip! Wat het ek gedoen?” Maar dit was te laat. Ons het die groot gebou binnegegaan en die skuifdeure is hard toegeslaan.

Ons moes in rye aantree en ons oop sakke voor ons neersit, netjies, soos civvies met ’n bietjie selfrespek. Ons was stil. Niemand wou aandag trek nie. Toe skree een of ander onderoffisier: “As julle rowe wil gaan, kan julle, maar julle sal vandag nog in die DB wees want van nou af noem ons dit AWOL! As enige van julle dwelms of alkohol het, verklaar dit nou terwyl jy die kans het, want die honde gaan julle uitruik! Niks sal met julle gebeur as julle dit nou verklaar en erken nie. Nou!”

’n Paar mense het opgestaan en is saam met hulle sakke buite sig gelei. Die korporaals met hulle indrukwekkende gewere en honde het stadig op en af met die rye langs geloop en ons skeef aangekyk. Ek onthou ’n paar kansvatters is uitgevang. Die MP’s, met hulle kepse met die oranje bo-aan, het hulle hardhandig weggeneem.

Daarna het hulle geskree ons moet die gebou verlaat en op die busse klim. Ek het na die pawiljoen gekyk om na my ouers te soek. Almal was lankal weg. Die laaste keer wat ek so senuweeagtig en alleen gevoel het, was toe ek dertien jaar oud was en my ouers gegroet het om kosskool toe te gaan.

Die reis het seker so twee uur geduur. Ons het by Voortrekkerhoogte aangekom en uit die bus geklim en op ’n groot, oop grondveld gaan staan. Ons is in verskillende eenhede verdeel, wat beteken het jy sou nooit weer die mense sien wat saam met jou op die bus gesit het nie. Hulle het een kant toe gegaan en jy ander kant toe. Daar was omtrent dertig busse, vol mense. Korporaals het op en af met die rye geloop en na ons oproepinstruksies gekyk en ons gesê in watter gebied ons moet gaan wag.

Daar was omtrent veertig ouens in ons groep. ’n Bus het ons na Personeeldienste aangery. Daar was ’n outydse hek van gegote yster en daarlangsaan ’n wagkamer. Ons het nog in ons civvies daar gestaan met ons sakke met basiese benodighede by ons. Die korporaal het gesê ons moet ons sakke op die grond neersit en wegstaan. Uit die wagkamer het ’n lang, maer bleeksiel van ’n ou met kroeserige rooi hare gekom, sy gesig toe van die geel puisies en rooi vlekke. Toe hy gemaak is, was hy vir seker laaste in die ry – net plein lelik. Ek sal nooit vergeet hoe hy gelyk het nie.

Hy het nadergekom met sy R4 oor sy maer bors. Die korporaal het vir hom geknik en toe kyk hulle deur ons sakke, sekerlik net om ons in die weermag te

verwelkom. Ek kon nie die sin daarvan insien nie aangesien ons reeds by Nasrec deeglik deursoek is en nie op pad hierheen gestop het nie. Ek kon sien hierdie troep gee nie ’n hel om wat in ons sakke is nie. Hy het net gedoen wat hy gesê is om te doen.

Julie 1992 was die tweede laaste verpligte inname. Wat dit interessant maak, is die feit dat almal, van die rofie tot die hoë range, geweet het politieke verandering is onafwendbaar. Die SAW was in sy doodsnikke en ek was daar om dit gade te slaan. Dit was ’n vreemde gevoel. Almal het geweet wat gebeur, maar niemand het juis geweet wat om daaromtrent te doen nie, of wat om met ons te doen nie, of waarom ons selfs daar was nie! Voortrekkerhoogte, ’n groot plek wat voorheen duisende troepe geakkommodeer het, was leeg. By Personeeldienstekorps was daar niks behalwe dosyne en dosyne leë bungalows nie. Slegs een bungalow is in beslag geneem, en dit was deur my inname. Dit was ’n spookdorp en baie, baie eensaam.

Ek het by myself gedink: “Waar de hel is die ander mense?” Toe tref dit my dat ek een van die enkele poepholle is wat gehoor gegee het aan die oproep. Jou vriende het nie, en jy het te laat agtergekom daar is niks wat jy kan doen nie en daar is geen wegkom nie, want … “You’re in the army now, whoa-woo-woe …”

So het ons voortgegaan met die taak terwyl die stelsel eintlik op homself inmekaargeval het. Die mannekrag was nie meer beskikbaar nie. Hoeveel mense het nie aangemeld nie. Die verandering was so duidelik soos daglig. Maar histories gesien, is ek bly ek was deel van daardie spesifieke inname.

# BASIESE OPLEIDING

*Daar was drie dinge wat regtig teen jou getel het in die army: om lank te wees ("Hei! Langmoer! Kom hier!"), om bril te dra: "(Hei! Vieroë! Kom hier!") en om Engels te wees: ("Hei! Soutpiel! Kom hier!").*

*Die leer was nie soos die vloot, die een maand Afrikaans en die volgende maand Engels, nie. Dit was een maand Afrikaans en die volgende elf maande ook Afrikaans!*

*Om in Basies soos kak behandel te word is hoe dit gegaan het. Almal is daardeur. Jy kan nie sê dit was vir jou uniek nie. Dis net hoe dinge gedoen is. Selfs ou Magnus Malan is daardeur toe hy Basies gedoen het. Ek het dit nie geniet om soos kak behandel te word nie, maar ons is almal daardeur, so wat's die probleem?*

*"Word wakker! Word wakker! Die dag word al hoe kakker!"*

# Oriëntasie

Dit was tydens hierdie fase dat ons ingeënt is, ons kit gekry het, geleer het om inspeksies te doen, en ons korporaal en luitenant gekry het. Geleer het hoe om te stryk, ons klere te was en ons beddens op te maak, en gewoond te raak aan bevele uitvoer en vroeg opstaan. Dit alles – of so het hulle gehoop.

Die eerste week was ’n senutergende tyd vir ons rofies. Jy het nie ’n clue gehad wat om te verwag nie. Jy’t al hierdie stories by familie en vriende gehoor wat al daar was, maar dit – nou – was *jou eie* werklikheid en niemand anders s’n nie.

Ek was bang vir die troepe in die vorige inname. Ek was onseker hoe hulle ons sou behandel en wat om te doen as ’n situasie ontstaan. Gelukkig is hulle eenkant gehou, maar ons het steeds geïntimideer gevoel wanneer ons saam geëet het. Maar hulle het ons uitgelos. Ek kan nie enige ernstige voorvalle onthou nie. Soms het jy onvermydelik oogkontak gemaak en dan vinnig af- of weggekyk. Nie een nuwe troep wou iets doen om aandag te trek nie. Jy het jouself onder die radar gehou en ingeskakel.

Ons is na die bungalows toe waar ons in ons kamers geplaas is. Daarna was dit tyd vir uitreikings, wat ’n week lank geduur het, en ons het al ons toerusting gekry. KM Store toe. Een van die eerste dinge wat ons gekry het, was kousrekke, waarmee jy jou broekspype omgevou het sodat jy altyd netjies gelyk het. Een Saterdagaand het ek gyppo-nate in my oorpak gemaak sodat daar, maak nie saak hoe sleg ek stryk nie, altyd ’n naat sal wees. Een man was baie goed met naaiwerk en het ons gewys hoe.

Het ons wapens gekry, wat ons nie in die eerste drie maande afgevuur het nie. Net gedril, dril, dril.

Ons eerste nag het ons in ’n groot bungalow met rye stapelbeddens geslaap. Ek het die tyd omgekry deur sketse in ’n tekenboek te maak wat ek saam-gebring het. Ons was almal vreemd vir mekaar en het elkeen maar sy eie besigheid gemaaind. Net ’n paar was luidrugtig.

Daar was een ou wat op sy sy gelê het, opgekrul op een van die boonste beddens, so twee beddens skuins oorkant my. Hy het nie goed gevoel nie en die korporaal het gesê dis reg as hy wil rus. Hy het omtrent ’n halfuur daar gelê toe ek skielik ’n stortgeluid hoor en opkyk om hom te sien opgooi. Dit het soos hawermoutpap gelyk. Die arme ou kon net nie ophou nie. Hy wou dit keer, maar kon nie. Hy het gelê en ruk terwyl die kotsel oor die matras en langs die bed af geloop het, op die bed onder hom. Die ou wat daar gelê het, kon nie betyds wegkom nie en het deurgeloop.

Die kotser en ek het in Basies buddies geword. Ons was in dieselfde afdeling. Ek en Eddie het lekker pelle geraak in daardie drie maande. Hy het my later vertel dat hy die dag toe hy ingeklaar het, sleg gevoel het en dat dit ’n kombinasie van siek en senuwees moes gewees het. Dit was nie toe te skryf aan enigiets onheilsaam nie, want hy was ’n regte godsdienstige ou wat nie gedrink of gerook het nie, laat staan nog dwelms gedoen het. Sy gebruike was die teenoorgestelde van myne. Maar hy was nie ’n Biblebasher nie, en was eerder stil en teruggetrokke daaroor. Daarvan het ek onthou. Hy was ’n toonbeeld van common sense vir my; ek het staatgemaak op sy kalmte en dit het my sterk gemaak. Ek dink nog steeds aan hom en wonder wat van hom geword het.

Daardie eerste nag het omgegaan. Ek het gesukkel om aan die slaap te raak. Ons is vieruur wakkergemaak deur ’n skreeuende korporaal en aangesê om gereed te wees vir ons eerste army ontbyt – om vyfuur. Ons het so goed moontlik na die menasie gemarsjeer, maar ons was lomp en uit pas uit. Ons was nog eintlik burgerlikes, ons was civvies. Ons was nog nie eers vier-entwintig uur daar nie. Ek onthou hoe ons in die lang ry gewag het. Dit was stikdonker, die sterre het geskyn en dit was yskoud. Die maan was vol en helder. Dit was al wat my met die buitewêreld verbind het. Ek het gedink: “Is dit waaroor dit gaan? Dit gaan nogal taai wees om elke dag só vroeg te begin.” Maar ek moes ook dink: “Jy is nou in die army, so natuurlik is dit hoe dit gaan wees. Vat en aanvaar dit soos dit kom.” Ek het myself so probeer inspireer.

In die loop van die volgende paar dae is ons basiese klere-items uitgereik. Oorpakke, bootse, webbelts, boshoede, hemde, broeke, bosbaadjies, handdoeke, onderklere, kortbroeke, tekkies, balsak, en so aan. Ons het baie niks gedoen in daardie tyd. Daar was nog nie werklik ’n struktuur aan ons dae nie en die ouens het nog soos civvies gedink.

Daar was ’n baie parate, vreeslik senuweeagtige Afrikaanse ou met die naam Willie. Hy was kort en fris met swart hare en sproete en hy was baie oorgewig. Ek en hy het opdrag gekry dat ons die deurmekaarspul in die linnekamer moet

gaan uitsorteer. Die korporaal het gesê hy sal later terugkom. Ons het gedoen wat ons moes en toe gewag. Daar was ’n berg vuil linne in die hoek. Ek kon die versoeking nie weerstaan om op die sagte hoop materiaal te spring nie. Die linne was koel in vergelyking met die temperatuur buite. Ek het teruggelê en ontspan. “Kom, Willie, rus ’n bietjie, boet. Park off.”

“Nee! Ons kan dít nie doen nie. Die korporaal sal ons vang. Ons sal in die moeilikheid beland. Ek kan nie.”

“Wel, kom ons maak beurte. Een hou kywie.”

“Nee, nee, ons moet staan.” Hy het geïrriteerd begin lyk. Ek het nie gestry nie. Dit was sinloos. Ek het hom mooi gevra om op die uitkyk vir die korporaal te wees. Hy was glad nie fun nie. Hy was heeltemal verkramp en ernstig. Die korporaal het van ons vergeet. Ek het aan die slaap geraak en ’n uur later het Willie my wakkergemaak en ons is weg. Hy wou bly want dis wat die korporaal ons beveel het om te doen. Ek het hom verseker dit sou beter wees om na die ander terug te gaan. Dis interessant hoe sommige ouens hulleself regtig uitgestres het.

Later die dag het ek by die urinal gestaan. ’n Groot Afrikaanse ou het ingekom. Hy was regtig dik, maar meer oorgewig as gespierd, en het bril gedra. Hy was diep in sy twintigs – die oudste van almal van ons – en hy was getroud en het kinders gehad. Hy het eers geswot, soos die meeste van ons. Hy het langs my gestaan, sy broek oopgeknoop, en toe terwyl hy sy besigheid doen, ’n massiewe, skreeuende poep gegee. Toe sê hy: “Ja, boet, ’n pis sonder ’n poep is soos ’n plaas sonder ’n stoep!” en hy het na my gekyk en gelag. Hy het nie ’n hel omgegee nie.

Die eerste paar dae het dit stadig gegaan. Niks vreeslik erg het gebeur nie. Hulle was besig om ons sagkens touwys te maak. Die korporaals was nog nie te hardegat nie. Ons korporaal was een van die ongewones en baie anders as wat ek verwag het. Hy het gelyk na ’n ordentlike ou en het daardie eerste paar dae nie te vinnig of te ernstig baas gespeel nie. Hy het my iets gevra. Ek kan nie onthou wat nie, en ek het hom teruggeantwoord, onder die indruk dat ek baie paraat is: “Ja, meneer!”

“Ek’s nie jou meneer nie, roof, ek’s jou korporaal! Het jy my?”

“Ja, meneer!”

“Wat? Is jy dom, *roof*?”

“Nossir! Yessir! Nee, meneer! Korporaal!”

Ek is nie … jou … fokken … MENEER NIE! EK … IS … JOU … KORPORAAAAL! HOOR JY MY, TROEP?”

“Ja, Korporaal.”

“SÊ DIT WEER!”

“Ja, Korporaal!”
“SÊ! … DIT! … WEER!”
“JA, KORPORAAL!” My kop het gedraai.
“SAL JY MY OOIT WEER MENEER NOEM, ROOF?”
“NEE, KORPORAAL! DANKIE, KORPORAAL!”

Hy het dit baie vinnig by my ingedril, en tot voordeel van my mederowe, wat nie dieselfde aandag wou hê as wat ek pas ontvang het nie. Dit was ’n sagte inlywing en een wat noodsaaklik was. Ek het besef ek sal my kop moet reg hou en op my tone moet wees. Anders kon dinge baie gou baie sleg uitdraai.

Klipdrift was ’n tentbasis en ons het die hele Basies daar gedoen. Ons het nie bungalows gehad nie, maar daar was ’n menasie en storte, wat albei mobiel was. Daar was ook ’n rehab plek daar naby. Selfs ons Medics het die normale infanterie-Basies vir drie maande gedoen. Aan die begin het ek gedink dis regtig goor, maar later was dit piekfyn. Gelukkig het ek in die Wes-Transvaal grootgeword, so al is ek Engels, was my Afrikaans in goeie werkende toestand. Het dit vlot gepraat. Het nie uitgestaan soos daardie Durban okes nie. Dit het baie gehelp.

Op die tweede dag het ons nuwe korporaal ’n peloton van ons rondgedril. Ten spyte daarvan dat die meeste van ons op hoërskool gedril het, het ons seker maar hopeloos en uit pas uit gelyk. Ons het links en regs gedraai tussen die bungalows, wat in ’n roosterformasie uitgelê was. Die korporaal het na gelang van die draai geroep: “Peloton … regs! Peloton … links!” Ons was besig om op ’n linksdraai af te marsjeer, maar die instruksie om te draai het nie gekom nie. Intussen was daar ’n baksteenmuur voor ons en steeds het die instruksie nie gekom nie. Een man het gesê: “Kom ons loop reguit en kyk wat maak die korporaal.” Ons het saamgespeel. Rye van drie, ry na ry, het teen die muur vasgeloop tot die hele peloton opgebreek het.

Dit was ’n kinderagtige ding om te doen, maar dit het die spanning verbreek. Die korporaal se aandag was afgetrek, maar toe hy sien wat gebeur het, het hy saamgespeel. Ons het daarmee weggekom want dit was nog vroeg in ons opleiding en die korporaal was regtig ’n nice ou wat nie ’n wortel in sy gat gehad het nie. Daar was ook niemand anders om te sien wat gebeur het nie. Ek dink nie hy het verleë gevoel nie en het dus nie die behoefte gehad om voor sy mede-

korporaals te skree nie.

Ons hare is die tweede dag gesny. Voor dit het ek lang hare gehad en toe sny ek dit redelik kort voor ek inklaar. Ek dag ek sal nie so uitstaan nie. Sommige manne het mal gegaan en hulle hare uiters kort laat sny, amper kaalkop. In vergelyking met hulle het ek soos Tina Turner gelyk met my hare. Ons het in ’n ry voor die barbier in ons sakkerige oorpakke gewag, aan die giggel soos klein dogtertjies, terwyl ons ons beurte afwag. ’n Mens hoef nie lank te wag nie want hulle het met al hulle ervaring baie gou gemaak, en buitendien was dit nou nie juis ’n chic snit waarvoor ons daar was nie.

Dit was ’n klein vertrek met twee stoele en spieëls teen die muur. Die twee barbiere was nie van die weermag nie, maar privaat mense wat vir die dag gekontrakteer is. Hulle was rowwe kalante, sigaret tussen die lippe, tatoeëermerke wat gesmeer het op hulle voorarms en, snaaks genoeg, lang en olierige hare. Ten minste het hulle wit hemde gedra. Hulle het jou met ’n steun op die stoel sitgemaak. Die elektriese knipper het in jou ore gegons en teen jou kopvel gevibreer wanneer hulle die kante, agterkante en bokante weggesny het. Bo het hulle ’n bietjie hare gelos, maar dit was kaal bo jou ore. ’n Regte short-back-and-sides. Hulle het nie juis sagkens te werk gegaan nie en het ook nie omgegee nie. Dit was duidelik uit die manier waarop hulle jou hare getrek en jou ore uit die pad van die knipper gedruk het. ’n Paar ouens is raakgesny. Die hare het jou binne-in jou oorpak laat jeuk.

Nadat ons soos skape geskeer is, het ons na mekaar gekyk en gelag. Ons het almal dieselfde gelyk. Dit was die eerste keer dat my hare so kort was. Dit het eintlik baie goed gevoel. Maklik om te was en droog te kry. Dit was stekelrig vir ’n paar dae, maar dit het verbygegaan. Ek oordryf nie as ek sê die hare het later ’n hoop in die hoek van die vertrek gevorm nie. Ek het nog nooit soveel menshare op een hoop gesien nie.

Nadat ons by Saldanha aangekom het om in die vloot in te klaar, moes ons ’n evaluasievorm invul, maar teen die tyd dat hulle by ons barakke gekom het, was daar nog net Afrikaanse vorms oor. Een van die vrae was: Is jy fisiek aangetrokke tot ander mans? Natuurlik het ons almal “nee” geskryf. Maar een nuweling, van Natal, kon glad nie Afrikaans verstaan nie. Hy vra toe wat hy moet invul, en ons sê vir hom “yes”.

Hy het ons nooit vergewe nie want die sielkundige het hom bly probleme gee omdat hy ’n boyfriend het. Die arme mens het meer en meer verontwaardig

geraak en verduidelik dat hy nie die vraag verstaan het nie en dat ons hom met ’n slap riem gevang het. Hy het selfs ’n brief van sy girlfriend aan die offisiere gewys, maar nie eens dit het hulle oortuig nie.

Ek onthou ’n korporaal het op ’n troep geskree omdat hy gehuil het. “Moenie fokken huil nie! Jy’s in die mag, jou bliksem! Moenie huil nie!” Die troep het opgestaan en die korporaal geslaan.

Toe word hy aangekla. Hy’s gevra waarom hy die korporaal geslaan het. Sy antwoord was dat hy nog nooit stewels gedra het nie. Hy was so arm dat dit hom in trane laat uitbars het toe hy ’n paar stewels ontvang, selfs al was dit van die army.

---

Toe hulle die stewels aan ons uitreik, was die geelkoper ogies vir die veters bruin geverf. Ons korporaals het gedink dit sal goed lyk as hierdie verf afkom. Hulle het vir ons staalwol gegee en gesê ons moet skuur, wat ’n hele paar uur gevat het. Daar is agtien klein ogies per stewel, en twee pare stewels, wat neerkom op twee-en-sewentig ogies. Ons het hulle ge-Brasso – hulle moes soos goud blink. Ek weet nie of dit ’n algemene army ding was om te doen nie. Ek’t nooit uitgevind nie.

Jy kon die ander kosskoolouens uitken. Ouens wat prefek-inspeksies en roetine en weg-wees van die huis af onder die knie gehad het. Jy kon sien hulle het ervaring van streng dissipline. Inspeksies en rondfok was niks nuut nie. Dit was jare sedert hulle gatte laas deur hulle ouers afgevee is. Die weermag was nuut, maar baie van die situasies het hulle al op kosskool teëgekom en dit was nie meer nuut nie.

Ek was twee jaar in die koshuis op skool. Die prefekte het jou bed omgekeer as daar net een voutjie of plooitjie was waar dit nie gehoort het nie. Hulle het jou lakens, komberse, kussings en matras afgegooi, en partykeer is die beddegoed deur die venster gegooi. Of jy sou inspeksie hê en Prefek Pielkop sal oor iets onbenulligs op jou skree. Dan sal hy na sy kamer toe storm en die deur toeslaan. Miskien het hy vir Mamma gemis en dit op jou of die skadelose bed uitgehaal. Hoekom gooi jy nie sommer my bedtafeltjie ook om nie?

Niks het in die army verander nie, maar ek was nie meer ’n dertienjarige seun nie – ek was twee-en-twintig – en toe ek dit van voor af sien gebeur, het ek my oë hemelwaarts gekeer, diep ingeasem en gedink: “Hier gaan ons al weer.”

Die enigste verskil was die intensiteit en erns. Dit was nie die skool dié nie, dit was die army, maar die kinderagtigheid het nogtans voortgegaan. Dit het altyd so sinneloos gelyk om die koshuiskamers om te keer. Seuns verander nie.

---

Op skool het ek my knie in rugby seergemaak. Ek was by die dokter daaroor. Hy het gesê die kraakbeen was beskadig, maar dit sou mettertyd regkom. Dit was ’n probleem, maar niks ernstig nie. In elk geval, danksy skoolrugby het ek toe ’n nikswerd knie.

Die week voor inklaar is ek na die civvy dokter toe om nog ’n ondersoek te vra, en ná die ondersoek het hy my ’n brief gegee wat die mediese terme verduidelik het: “Chondromalacia van patella”. Hy het gewaarsku teen oefening wat die toestand mag vererger. Natuurlik was ek in my noppies, maar ek was ook verleë hieroor. Maar ek sal nie sê ek was verlig nie.

Tydens die mediese ondersoek ná inklaar het ek die Medic die brief gewys. Aan sy oë kon ek sien hy dink: “Ja, nog ’n luigat.” Hy het my uit die ry gehaal.

“Kom ons kyk,” het hy gesug. Ek het op die tafel gaan sit en hy het my knie en voet bekyk en toe sê die Medic, nie ’n dienspligtige nie, maar ’n twee-pip luitenant: “Ja, ek stem saam. Jou knie is beskadig. Ek kan dit voel.” Dit was ná baie druk en rol aan die knieskyf, terwyl my gesig vertrek het van die pyn. Uiteindelik is ek na ’n troepie gestuur wat my ’n klein pienk kaartjie gegee het – G3K3. Dit het aangedui: “Geen strawwe dril, LO, roetemarse, hardloop.”

Daardie pienk kaartjie was ’n seëning en ’n straf tegelyk. Ons moes dit vir die hele Basies in ’n plastieksakkie vasgespeld aan ons linkerhempsakke dra. Dis maklik raakgesien en ons is gedurig gespot – deur korporaals en mede-troepe. Dit kon netsowel gelees het: “Korporaal, rondfok asseblief.”

Het my Basies op Upington gedoen, 8 SAI. Dit was somer en dit was warm. Ek het deur die mediese inspeksie gegaan en gedink: “Puik! ’n G3. Goed so. Nou kan ek in die skaduwee gaan sit en water drink terwyl die ander in die warm son rondhardloop.”

Dis die indruk wat die Medics my gegee het. Ek het platvoete gehad en was baie oorgewig. Ek het gedink hulle gaan my tegemoet kom. Ek was voorbereid

om te gaan vir G3K3. Toe ek aan die punt van die ry kom, het ek dit al opgewonde gevier, maar daar het so ’n vet klerk in civvies gesit. “Wat’s jou storie?” het hy gevra.

“G3K3,” het ek opgewonde gesê.

“Nee wat, vetseun Engelsman. Jy kan lekker hardloop.”

Hy het so ’n potloodjie gehad, en waar ’n mens G3K3 kon lees, het hy geskryf G1K1. Netso. Hy het gemeen ek kon in die son hardloop. “Lekker pret,” het hy gelag.

Ons was nog net omtrent ’n week daar. Een of ander hoë offisier – ’n majoor, dink ek – het ons toegespreek en baie geskree en die hele propaganda-ding verduidelik. “Is daar enige vrae?” Een roof het sy hand opgesteek en gevra: “Majoor, is daar vryheid van spraak in die army?”

“Ja, natuurlik is daar vryheid van spraak. Sersant, vat daardie man buitentoe en fok hom op!” Dit was tong in die kies – ’n grap – maar hy is buitentoe geneem en in elk geval ’n opfok gegee. Hy’s rondgejaag en daar is taamlik op hom geskree en na hom beduie.

TD Opleidingsentrum
Privaatsak X1030
Voortrekkerhoogte
0143

Telefoon: 314-3074
Navrae: 2 Lt J.H. Vorster

VERKLARING MET POLITIEKE BEDRYWIGHEDE

Ek, No....................... Rang............................

Volle name en van: .............................................

Bevestig hiermee, dat ek vertroud is met die SA Weermag se Voorskrifte mbt deelname aan Politieke Bedrywighede van lede van die SA Weermag, en onderneem om my daarby te hou.

1. Politieke aktiwiteite van lede van die SA Weermag.
    a. Lede van die SA Weermag word te alle tye verbied om aan enige demonstrasies of optogte vir party-politieke doeleindes deel te neem of dit te bevorder.
    b. Onder geen omstandighede mag enige lid van die SA Weermag sulke byeenkomste, waar ook al gehou, in uniform bywoon nie. Lede mag egter politieke vergaderings in burgerdrag bywoon.
    c. Bywoning van 'n politieke vergadering deur 'n lid van die SA Weermag sluit nie sy aktiewe deelname aan die verrigtinge in nie en die uitoefening van stemreg behels die volle omvang van sy veroorloofde politieke regte.
    d. Geen lid van die SA Weermag mag vir verkiesing as lid van die Volksraad of Raad van Verteenwoordigers of Raad van Afgevaardigdes of die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika of voorgeskrewe openbare liggaam genomineer, of daartoe verkies word nie.

Getuie: .................... Geteken: ..................

Datum: .................... Datum: ....................

# Keuring

Die hondehanteerders het by die kamp aangekom. Die laaste ding wat ek wou doen, is om ’n sekuriteitswag te word, al het ek van honde gehou, maar hulle het ’n tekort aan mense gehad. Dit het nie vir hulle saak gemaak of jy dit wou doen of nie, hulle het jou in elk geval soontoe gestuur. Taffies. Hulle het ons Hoedspruit toe gestuur vir sekuriteitsopleiding. Sekuriteit het behels om by hekke wag te staan en patrollie met honde te stap.

In 1976 is ek Lugmaggimnasium toe opgeroep. In die eerste week wat ons daar was, het ons ’n mini-keuringskursus gedoen vir ouens wat instrukteurs wou word. Ek het dadelik ge-volunteer.

Toe kom hulle: die Honde-eenheid, Berede, Parabats en die Recces, maar meesal die Parabats. Hulle wou mense hê. Toe hulle kom, wou ek nie ’n hel gaan nie! Ek wou nie inkom nie. Bokker dit. Maar ons moes in elk geval almal die 2,4 hardloop en die ander kak doen. Ek kon die keuring gemaak het, maar ek het nie belanggestel in die Bats nie. Dit was erg genoeg in 6 SAI. Het ek regtig gedink ek wou iets wat nog moeiliker is, aanpak? “Kom! Kom! Kom! Roer jou!” Ha! Daar’s nie ’n kans nie, meneer. Ek het gevoel ek doen my bes maar so ver wou ek nie gaan nie! Nee wat.

Die gewone groepe het keuring kom doen. Die een ding wat ek vandag baie berou, is dat ek nie vir Bats ge-volunteer het nie. Die ding was dat ’n mens vir niks wou volunteer nie, maar hulle het dit ook duidelik gemaak dat om ’n Ops Medic te wees, het meer aansien gehad as om selfs ’n Bat te wees. Eers ná Basies kon jy volunteer om Ops Medics te doen, of om bokkerol te doen en ’n portier in een van die militêre hospitale te word.

Ek wou ’n Parabat word want as ek ooit die kans kry om uit ’n vliegtuig te spring, sou ek vryheid ervaar en nie ’n sent daarvoor betaal nie – die regering sou. Ek het lank voor ek ingeklaar het, geweet ek wil ’n Bat word. My vriende op skool het gesê: “Moenie mal wees nie! Moet dit nie doen nie.” Maar dis presies wat ek wou doen. Ek wou regtig ’n Parabat wees. Ek wou weet hoe dit is om uit ’n Dakota of ’n C-130 te spring, en die geleentheid sou net een keer in my lewe kom. Jy kry nie weer ’n kans nie.

Ek wou ook iets maak uit diensplig. Ek het nie eens geweet die Parabats is ’n elite-mag nie. Al wat ek geweet het, is dat hulle uit vliegtuie gespring het. Ek het niks geweet nie. “Dis klippekou. Dis érnstig. Dis baie moeilik. Dis waaroor Parabats gaan,” het hulle gesê. “As jy dit nie wil doen nie, hoef jy dit nie te doen nie. As jy regtig, regtig ’n Parabat wil wees, kán jy – maar jy moet eers die keuring deurkom.”

Hulle het ons vertel daar is ’n LO-kursus van drie dae en twee nagte wat deurgekom moet word, en dat al wat saak gemaak het, was om dit tot aan die einde te maak. Hulle kon net skimp in dié rigting en ’n bietjie vrees in die situasie inwerk. Hulle het gesê die LO-kursus sou ons ergste nagmerrie wees. “Julle gaan bloed pis,” het hulle gesê, sulke goed. As jy elke toets langs die pad deurkom, kwalifiseer jy om in die hangar in te gaan, wat is soos ’n Wiking-soldaat wat toegang tot die groot saal Valhalla kry. Onbereikbaar. Jy moes deur hel gaan om daar uit te kom.

Ek het my naam neergeskryf. Ek het al hierdie oorlogstories van die ander troepe gehoor oor hoe die Bats byle en ander wapens bloedbevlek terugbring. Maar hulle het nie geweet nie. Dis soos toe die Verkenners daarvan beskuldig is dat hulle klein hondjies se nekke breek. Watse stront. Watse kak. “Jy’s gek om Bats te wil doen,” het mense gesê. “Jy sal mal raak! Hulle sal ’n moordenaar van jou maak!”

Ek het ’n vriend gehad. Ook ’n soutie. Hy wou ook Bats doen. Dis al wat hy wou doen. Dis hoe ons mekaar leer ken het. Daar was ’n paar Dutchmen wat meisies in die kop gehad het. Hulle het geweet as hulle huis toe gaan, sou hulle meisies kon beïndruk. Hulle sou helde wees. Kom in slangvel daar aan en jy sal al die vry kry wat jy wil hê. Dit het die meisies giggelrig gemaak.

Hulle het gesê as ons Bats wil kies, sou ons drie aanvanklike fiksheidstoetse moet deurkom asook ’n onderhoud aflê voor ons oorweeg sou word. Ons moes 2,4 kilometer in minder as twaalf minute hardloop. Ek het drie jaar laas gehardloop en nou wou hulle hê ek moet dít doen, dan sewe-en-sestig opsitte in twee minute, gevolg deur dertig opstote? Maar ons het ’n week gekry om te oefen.

Ek het die 2,4 in net minder as tien minute gehardloop en aan die voorkant

ingekom, maar nie heel eerste nie. Het als ingesit. Nadat ek herstel het, het ek water gedrink, en dit het soos heuning gesmaak. Het nie die opsitte deurgekom nie, maar dit was naby genoeg. Baie ouens kon nie naby kom nie. Omdat ek opgeneuk het met die opsitte, het ek gedink: "Wel, dis verby. Geen Bats vir my nie." Maar daar was nog die onderhoud.

Ons is aangesê om buite die onderhoudkamer aan te tree en uit te trek tot ons net in ons onderbroeke staan. Soos ek gesê het, omdat ek nie die fisieke toetse behoorlik deurgekom het nie, het ek gedink ek gaan nie keuring kry nie. Ek het besef ek moet dalk lieg om in te kom. Die ouens wat voor my ingegaan het, het almal gedop. Hulle het bilharzia of malaria of selfs tatoeëermerke gehad. Getroud, of jy behoort nie aan 'n erkende godsdiens nie? Jy's uit. Enige kriminele rekord, of 'n rekord van alkoholof dwelmmisbruik? Jy's uit. Ek het vir jare zol gerook. Was 'n soort hippie, eintlik.

Toe's dit my beurt. Ek het ingeloop, op aandag gestaan en gestrek omdat ek nie 'n beret gedra het nie. Ek onthou 'n sersant-majoor, 'n kaptein en 'n kommandant het daar gesit. Main konyne. Die onderhoudkamer was rooi geverf aan die binnekant, met 'n groot, grommende kat op die muur. Ek het in my onderbroek gestaan. Hulle het my lyf bekyk vir tatoeëermerke. Hulle wou ook sien of dit die eise sou kon deurstaan. Om te sien of ek fiks was, of ek sterk genoeg was. Maar ek was 'n maer, klein vent. Hulle het gelag. "Troep, hoekom wil jy 'n Parabat wees?"

"To achieve and accomplish something positive while in the army, Sa'majoor!" Dit was waar.

"Drink jy?"

"Nee, Sa'majoor!"

"Twak, troep. Nou lieg jy vir ons! Natuurlik drink jy."

"Ja, Kaptein. I do have the occasional beer, Kaptein."

"En dwelms?"

"I beg your pardon, Sa'majoor?"

"Drugs. Do you use drugs?"

Toe moes ek lieg. "I experimented with marijuana in standard 8, Sa'majoor." Intussen was my are deurdrenk van die dope. Twee weke terug, net voor ek ingeklaar het, het ek 'n hele bankie gerook. Hulle het gevra of ek 'n bloedtoets sal ondergaan.

"Ja, Kaptein." Ek het niks gehad om te verloor nie. Ek het regtig nie gedink ek sal gekies word nie. Ek het maar 'n kans gevat. Ek wou nie in die Onderhoudsafdeling rondhang en trokke ry en ronddonner nie. Ek het nooit die bloedtoets ondergaan nie, maar hulle was nie dom nie. Hulle het geweet ek is 'n klein bietjie otherwise. Hulle wou dit verander. "Reg so, troep. Jy kan maar

gaan."
"Dankie, Kommandant." Die onderhoud was so maklik soos dit.
Omtrent 'n week later het ons op die paradegrond gesit. Hulle was besig om ons in ons keuringgroepe in te deel. Hulle het die onderskeie eenhede uitgeroep en dan die vanne. Toe word dit Parabats se beurt. Die ouens is een vir een geroep en het in 'n ry gaan staan. Ek het gesweet, want ek het nie gedink my naam gaan uitgeroep word nie, maar toe kom dit. Ek het opgespring en gesê: "Yeah!"
"Moenie jouself só weggee nie, roof, jou bliksem!"
Uit omtrent tweehonderd ouens wou net so sestig by die Bats aansluit, en van hierdie het net vyftien dit gemaak. Ek het aangetree en besef ek is uiteindelik in die Parabats.

Ná skool het ek in Januarie 1989 by 2 SAI in Walvisbaai ingeklaar. Toe die Bats kom keur, het die ouens omtrent mal geraak. Almal wou uit daardie plek kom. Enigiets was beter, selfs die Bats – enigiets – net om uit te kom. Infanterie, daarbo in elk geval, was 'n pot kak. Maar ek het nie vir keuring gegaan nie. Daar was te veel mense. Nie baie het dit gemaak nie.

---

Ek het 'n keuse van drie dinge gehad: Honde-eenheid, Lugafweer of Spyseniering. Ek het gedink Spyseniering klink die maklikste, so ek het dit gekies en 'n kok geword. Op die ou end hardloop ek toe met gasbottels in plaas van 'n geweer. Die idee was om die wit uniform by bruin bootse te dra, maar ek het daaruit gekom. Nooit die kursus klaargemaak nie. Ek het gesê: "Nooit, dis 'n klomp werk om die kombuis skoon te maak." Toe gooi ek 'n stres-maneuver, Basies het my kamtig ondergekry, wat toe goed uitwerk. Ek kon afgaan Kaapstad toe.

Dit was vreemd. Baie van die ouens wat rebelle op skool was, ouens wat niks vir reëls gevoel het nie – ouens wat die stelsel 'n ding gewys het – het in Intelligensie beland. Hulle kon dit nie glo nie. Ek weet. Ek het hulle weer raakgeloop. Hulle het my gesê: "Hoekom is ons in Intelligensie? En ons het op skool D's en E's gekry."
Hulle het dalk laer punte gekry, maar hulle was nie dom nie. Hulle het net nie gewillig en onderdanig gekonformeer nie. Hulle het aan die stelsel gedink en die oorhand probeer kry oor die skoolhoof, en hulle het. Hulle het daarmee

weggekom. Saans gedrink. Sigarette agter die saal gerook. Gesag uitgedaag. Seks gehad met die meisies van die skool oorkant die pad. Sulke goed.

As Engelssprekende Nasionale Dienspligtiges het ons nie ’n kans gehad om iewers te kom in die weermag nie. Hulle het troepe kom keur vir Offisierskool en alles was in Afrikaans. Ek kon op daardie stadium skaars Afrikaans praat. Ek het standaardgraad matriek-Afrikaans gehad. As jou naam sê maar Van der Westhuizen of Bezuidenhoudt was, het hulle gesê: “Ja, bakgat. Jy’s oppie trok.” As dit iets was soos Baxter of Smith: “Hol om ’n boom, soutie.”

**VERKLARING**

Ek, No. ............................................. Rang .............................................

naam .............................................................................................................

regiment .........................................................................................................

sertifiseer hiermee dat geweer/pistool No....... aan my uitgereik is, en dat ek gewaarsku was om—

(a) die geweer/pistool toegesluit te hou indien dit nie in gebruik is nie;

(b) die magasyn, grendel/skuif moet afsonderlik en apart van die wapen toegesluit wees indien wapen nie in gebruik is nie;

Datum....................................................

Geteken deur..........................................

Offisier se handtekening.........................

| | |
|---|---|
| Telefoon/Telephone 24131 | 8 SA Infanterie Opleidingseenheid |
| Bylyn/Extension: 2000 | 8 SA Infantry Training Unit |
| Navrae: Kolonel J. Jooste | Privaatsak/Private Bag 5904 |
| | UPINGTON |
| | 8800 |
| | 01 Februarie 1990 |

Geagte Rekruut

1. Welkom by 8 Suid-Afrikaanse Infanterie-Bataljon. U sal gou besef dit is ’n eenheid om op trots te wees.
2. Dankie dat u vir u Nasionale Diensplig aangemeld het. Hoewel dit van u verwag word, word u inskiklikheid nie gering geag nie.
3. Ons taak is om u as soldaat op te lei, ’n proses wat baie aanpassings en opofferings verg, want daar is geen maklike of vinnige manier om ’n soldaat voor te berei nie. U sal nuwe vaardighede moet aanleer en uself sowel as u vyand moet leer ken.
4. Met u samewerking en positiewe ingesteldheid kan ons hierdie belangrike taak uitvoer sonder om u waardigheid aan te tas. Ons glo in behoorlike kommunikasie, ’n gesonde leefwyse en betekenisvolle

dissipline.

5. U bepaal u ervaring van Nasionale Diensplig. Ek wens u die beste toe in hierdie spesifieke fase van u lewe.

[Geteken]
BEVELVOERENDE OFFISIER 8 SUID-AFRIKAANSE INFANTERIE-BATALJON: KOLONEL

Vertaling van oorspronklike Engelse dokument

## Weke 2–9

‘Jy’s nou in die army! Die army’s jou ma, en ek is jou pa, en ons is nie getroud nie, so weet jy wat maak ek jou? Ek maak jou ’n fokken hoerkind!’

Ons het ons volledige browns net Sondae gedra, om mee kerk toe te gaan.

Ek onthou ek het ’n grap gemaak tydens die onderhoud nadat ons ingeklaar het. “Is jy bereid om vir jou land te sterf?” het hulle gevra.

“Nee, ek sal seker maak die ander ou sterf vir sy land.” Hulle was nie baie beïndruk nie. Wat ek moes gesê het, was: “Ek sal seker maak die *vyand* sterf vir sy land.”

In 1964 was Basies regverdig, maar taai. In vergelyking met wat die Infanterie-manne ondergaan het, was ons s’n ’n droom. Ek het aanvanklik as Cape Town Highlanders Infanterie ingegaan, maar toe kom my dokumente en ek het Basies by die Medics in Voortrekkerhoogte voltooi. Ek het nog steeds gedril, gemarsjeer, geskiet en inspeksies gestaan.

Ons Basiese Opleiding was net ses weke lank. Die vloot GI’s het jou nooit deur die hindernisbaan gejaag nie, en omdat jy nie gejaag is nie, het dit ’n plesierige ding geword om te doen. Ja, goed, dit was in die laat-sestigs, voor dinge regtig warm geraak het, maar nog steeds, dit het ’n helse verskil gemaak. Net die ouens wat wou skop en skree, het kak gekry.

Die GI’s is in Engeland opgelei, Whale Island. Sulke ge-*bone*de bootse het jy nog nooit gesien nie. Alles was so netjies en korrek. Ons het seep gebruik om die strepies reg te kry – die plooie in jou broeke en hemde. Seep aan die binnekant en stryk. Skerp, soos skaaflemme. Baie truuks. Ons moes ons name op ons hemde en handdoeke borduur. Hulle het ’n stempel, ’n blok geinkte hout, gebruik met jou van daarop. Wanneer die ink droog was, moes jy bo-oor dit borduur.

Ek het matriek in 1974 klaargemaak en is in Junie 1975 opgeroep. Ek onthou die dag toe ek daardie lang, bruin manilla-koevert met 'n 3 SAI-stempel daarop gekry het: Potch.

Ek het gedink: "Ag, nee!" Ek wou so graag vloot of lugmag toe gaan en toe beland ek natuurlik op Potch vir my Basies. Al wat ons gedoen het, was spit en polish, dril op die paradegrond, inspeksies en basiese skietoefening vir drie maande. In my tyd het ons nog die R1 gebruik en bajonetopleiding gedoen.

Die Afrikaanse ouens was voor in die bungalows, altyd aan die skoonmaak, poleer, blinkvryf en vee. Die Engelse ouens was ongeërg en het aan die ander kant rondgelê. Dit was 'n Engels-Afrikaans-ding – ons en hulle – baie beslis. Ons het ook 'n buddy-buddy-stelsel gehad en saam-saam deur al daardie kak gegaan. Glo my, toe ons uit die army kom, was daar geen verskil tussen ons nie. Die ouens wat jy eers nie kon verdra nie, het later jou beste buddies geword.

*Toe, in Januarie 1976, is ek terug Potch toe gestuur nadat ek 'n korporaal geword het, en daar was twee-en-twintig ouens in die bungalow wat ek moes lei. Wanneer jy terugkom in jou eenhied, het jy geweet hoe om te skree. Jy het jou eerste inname gekry en jy was nou die korporaal. Jy was God. Jy het hulle laat kak! Ek skat ek was een van daardie poes-korporaals, maar dan aan die ander kant was alle korporaals poes-korporaals! Dit was deel daarvan. By Infanterieskool het ons 'n filosofie geleer: Afkak is om iemand op te neuk, maar hy kry nog oefening, so dis voordelig. Rondfok is net 'n verstandelike ding. "Moet vieruur soggens op wees vir spit en polish en dan jaag die korporaal my vir die res van die oggend rond." Ek het dit geweet en net gesê: "Fok jou, roof. Ek is op jou spoor."*

*Vir my was rondfok die ergste. Met 'n afkak kon jy ten minste rondhardloop en fisiek wees – selfs flou word as dit te erg raak. Wat kon hulle doen? Maar die rondfok was die ergste deel van die army.*

*Daar was 'n sub-kamp by Potch wat Bloekombos genoem is. Hulle het die troepe daar omtrent vermoor. Daardie troepe was so goed gedissiplineerd. Hulle korporaals was die gospel. Jy het hulle net nie bevraagteken nie.*

Oor Engels en Afrikaans. Dit was eers in Basies dat ek agtergekom het daar's 'n groot kloof tussen die twee – dat daar mense was wat nie dieselfde as ek gedink het nie en anders grootgeword het. Die Engelssprekende ouens se kultuur het baie verskil van dié van die Afrikaanssprekende ouens s'n. Op skool was daar 'n paar Engelssprekende ouens, maar dit was 'n dubbelmedium skool en daar was nie probleme nie. Dan kom jy in die army en dis: "Hey! Hairyback! Yes, you, crunchie."

Ek het gewonder wat de hel aan die gang is. ’n Mens word allerhande dinge genoem. Dit het ’n mens nogal wakker gemaak. En dan slaan jy terug met: “Voertsek, soutpiel!” Ons was dieselfde mense in die sin dat ons dieselfde taak verrig het. Ons het eintlik goeie vriende geword.

Is direk na skool in, in Julie 1975, Bethlehem, Vrystaat. Ek was 2 Genie. Ons het gespesialiseerde opleiding in Basies gedoen, landmyne en claymores. Dit was gemene goed daardie. Ons is geleer hoe om hulle te stel en skadeloos te maak, en ook hoe om basiese booby traps te maak. Sulke goed.

Het ons elf weke Basies klaargemaak en ons eerste pas gekry. Direk daarna is ons op Suidwes toe, sonder enige sekondêre opleiding. Opleiding was toe meer kompak.

In Basies het hulle jou rondgefok, maar jy het daaraan gewoond geraak. Jy het geleer wat jy kon en nie kon doen nie. Inspeksies was aaklig, want selfs nadat jy jou bed so goed moontlik opgemaak het, het hulle nog fout daarmee gevind. Dit was moeilik, maar dit was regverdig moeilik. Daar was nie onnodige stront nie, en wanneer jy ’n pluimpie verdien het, het jy dit gekry. Ek het nooit enigiemand sien crack nie – maar onthou, dit was nog 1977.

Wanneer iemand kak gemaak het, het ons hom self gedissiplineer. Dit klink erg, maar wanneer daar iemand was wat byvoorbeeld nie wou stort nie, het ons hom in die stort ingeneem met ’n houtbesem en dit was dit, hy’s gestort. *Ons* het self gedissiplineer. Ons *was* ook *self* gedissiplineerd, maar dit was danksy ons skooldae. Op skool is ons gedissiplineer, soms met die rottang, en toe ons uitkom, het die dissipline bloot voortgeduur.

Ek sou nie sê ek het Basies gehaat nie, maar hulle het jou sielkundig afgebreek en jou laat voel jy’s niks. “Ons sal jou opbou soos ons jou wil hê. Jy’s ’n troep. Jy’s niks!”

Jou korporaal en luitenant was die wet. Hulle was die eerste mense wat jou touwys gemaak het, so saam met al die gevloek en die afbrekery. Ek onthou die luitenant wat op die mense wat bril gedra het, geskree het: “Ek sal ’n draadkar van jou bril maak, rofie, as jy weer so skeef vir my kyk!”

Ek onthou ook hoe ’n rofie ’n korporaal geslaan het terwyl hy in die ry gestaan en wag het vir kos. Die korporaal het sy vinger reg in die rofie se gesig gedruk. “Staan stil! Hou op praat!” Skielik – bam! – het ons die korporaal sien

agteroor slaan, ligte uit. Hy het op die teer voor die hangar bly lê.

Die roof het net ’n opfok gekry. Gelukkig het ’n sersant-majoor die hele ding gesien en die korporaal die kop gewas omdat hy sy hand so gelig het. Dit was ’n belediging om jou vinger in iemand anders se gesig te druk, veral millimeters weg van die ou se neus. Hy moes sy vingers oopgehou het. Hy het daarvoor betaal.

Net voor ons in 6 SAI aangekom het, het die menasie afgebrand, so hulle het toe ’n veldkombuis met stoele daarom in een van die ou hangars ingerig. Ons het in rye voor die hangar gestaan voor die deure oopgemaak is en die sjefs ons laat inkom het. Jy het daar gestaan met jou varkpan vol kak kos.

Ek het daarmee weggekom om my as ’n Jood voor te doen, want ek het met ’n hele klomp Joodse ouens in die noordelike voorstede van Johannesburg grootgeword en ek was by hulle barmitswas. Partykeer Vrydagaande het ek tydens Shabbos saam met hulle geëet, so ek het ’n redelike idee gehad van hoe die Joodse stelsel werk. Gedurende die hele Basies het niemand agtergekom ek is nie Joods nie.

Eendag het ek na die rabbi toe gegaan en gesê: “Luister, hier in jou menasie sit Afrikaanse ouens wat Sewendedag-Adventiste is langs die Joodse kosjer ouens, en nou diskrimineer jy teen hulle omdat hulle dieselfde Sabbatdag deel en Afrikaans praat? En jy praat van diskriminasie teen ons Joodse mense? Ek gaan nie meer in jou menasie eet nie, en ek kom nie terug totdat jy jou eie huis in orde gekry het nie!”

Hy het agter my aangeloop en by my gepleit dat ek terugkom. My argument het van die ouens laat vermoed ek is dalk nie Joods nie. Hulle het my nie regtig geglo nie. Hulle het reg in die begin in die storte gekyk of ek besny is. Die hele Joodse ervaring was gek. Elke Joodse ou in die kamp was G3. Hulle was altyd die klerke of in die kombuise.

Ek was die langste ou in die eenheid, so ek het die merker geword. Ek was fikser as al die ander. Ek het dit geniet. Ek kon by die boom en terug wees voor enigiemand anders, maar omdat ek die merker was, het die ouens verwag dat ek eerste by die sersant uitkom, en hulle sou almal ’n ry agter my aan maak. Dit het my altyd onder druk geplaas. Omdat ek lank was, het ek uitgestaan, en die sersant het gesnap dat hierdie “Joodse” ou nie soos die ander is nie – hy was aktief en fiks. Hy het daarvan gehou. Ek was gewild tot ek gevang is terwyl ek boom rook. Die polisie het in die kamp ingekom, ons kom haal en in ’n civvie-tronk opgesluit. Vyf van ons was daar vir drie dae en is vrygelaat met net ’n opgeskorte vonnis en ’n boete van negentig rand of negentig dae. Die rabbi het

my borgtog betaal.

*Ons was veronderstel om die rofies een week in Engels en die ander week in Afrikaans te dril. Maar ek is Afrikaans, soos die army ook, so dit was altyd in Afrikaans. “Moenie vir my loer nie, jou fokken troep! Ek suig jou oog uit en spoeg hom uit sodat jy self kan sien hoe ’n groot poes jy is!”*

Daar’s niks kleurvoller as die Afrikaanse manier van vloek nie. Niks nie. Ek bedoel, kyk na die fliek *Jarhead*. Daar is ’n goeie voorbeeld van hoe ’n sersant-majoor ’n marine ’n uitkak gee, maar dis nie naastenby so beskrywend en direk as die manier waarop net ’n Afrikaanse ou dit kan doen nie. Dis amper asof die korporaals doelbewus lesse gegee is. Dit was amper soos ’n kompetisie.

Hulle het jou sintuie bly oorlaai. Hulle het alles van jou weggeneem. Slaaponthouding. Jou afgebreek. En toe stadig, stadig – ná maande waarin hulle jou vertel jy’s die laagste van die lae vorme van lewe op aarde – het hulle jou teruggebring. Al daardie wonderlike Afrikaanse woorde wat ek nog nooit voorheen gehoor het nie, geskree. Toe stadig: “A! Julle is bakgat. Julle kom reg.” Skielik het jy ’n bietjie trots gevoel. Hulle het jou opgebou tot jy aan die einde van Basies daar gestaan het en die Staatspresident en enigiemand wat hulle wou, gesalueer het. Dit was baie slim. Dit was sommer bleddie slim.

Ek het in Januarie 1982 by 1 SAI in Bloemfontein vir Basies aangekom. Al ons instrukteurs was by Ops Daisy as drywers betrokke, so hulle was al klaar soort van bossies. Ons sou gedurende daardie paar maande uitvind presies hoe bossies … maar daardie stukkie geskiedenis laat ek daar.

Dit was nie lank nadat Basies begin het nie dat ons ’n Ratel gewys is wat uitgeskiet is. Omtrent ses troepe is dood. Die Ratel het in die transportpark gestaan en is later silwer geverf en by Leër HK in Pretoria uitgestal. Dit was nie ’n mooi gesig nie. Dit het glad nie gelyk soos die gevegsvoertuie waarop ons opgelei sou word nie. Met die eerste oogopslag het dit nie eens soos ’n Ratel gelyk nie. Dit was ’n verroeste, swart, uitgebrande geraamte. ’n Mens kon sien waar die twee RPG-7’s en die twee geweergranate deur die voertuig is. Die glas en staal het gesmelt, en die hitte van die ontploffings aan die binnekant het dit laat borrel. Geen besonderhede oor wat gebeur het, is bekendgemaak nie.

Die PF’s en instrukteurs het dit as voorbeeld gebruik van wat kon gebeur as

ons nie skerp, wakker en veral paraat was nie. Hulle het voorgegee dat die bemanning 'n nuttelose klomp dienspligtiges was wat nie geluister het nie en gekry het wat hulle verdien het. Net dáár het die meeste van ons besef dit was geen speletjie nie – dit was werklik, en dit kon werklik met ons gebeur – en 'n verskriklike vrees het ons beetgepak.

Ek was van Julie '82 af in 6 SAI. Kak kos. Nare haarsnitte. Was in bungalow T69. Daar was ook name van plekke op die Grens, plekke waar die troepe reeds was. Een wat ek onthou, is Eenhana, maar eers het dit nie veel sin gemaak nie. Later, toe ek noorde toe is, het ek uitgevind presies waaroor Eenhana gaan.

Ons moes 'n steenkoolhouer vol maak om warmwater te kry. Vyfuur in die oggend was dit koud! Ysig! Ons is nie toegelaat om snags die vensters toe te maak nie. Hulle moes wyd oop bly. Jy het gevoel of jy verkluim. Is nie toegelaat om die vensters toe te maak nie, maak nie saak wat nie.

Wanneer die korporaal ingestap het, het jy net geweet hy gaan jou naai al het alles piekfyn gelyk. Jy het net geweet dis afkaktyd. Dis moeilik om te beskryf – ek's nie Wilbur Smith nie. Ander kere moes ons ons rûe teen die muur druk en afsak op ons hurke met ons arms uitgestrek. "Draai hom! Draai hom!" Moes ons gewere rol terwyl ons "Die Stem" sing. Dan het die korporaal geskree: "Liter water! Liter water! Nou!" Jy het 'n liter water afgesluk en aangehou draai. Na 'n ruk het jy jou longe uitgekots.

Hulle het jou 'n oranje overall aangetrek. Jou 'n space-mannetjie genoem. Jy het van sonop tot sononder in daardie oranje overall gehardloop en, waar jy ook al gegaan het, enige rang kon jou vertel wat om te doen. "Sak! Doen dit! Doen dat! Soen my bootse!" en jy het dit net gedoen. Jy moes dit doen. Ek onthou die stormbaan. Die muur, die swaaie, die doringdraad. "As ek die fluitjie blaas, is jy af! As ek hom weer blaas, is jy op!" Nooit opgehou nie.

Ek was mal oor dril. Kon nie genoeg kry nie. Was nie dan ge-stone nie. Ek was ge-stone wanneer ek wou wees. Wanneer dit gekom het by dinge ordentlik doen, het ek dit gedoen. Was nie 'n slapgat poephol soos daardie G3's nie! Phuh! Verbande en Mercurochrome! Ons het daardie ouens gespot: "Tie-tô-tie-tô! Hier kom die sirenes!" Die bliksemse Ambulans-brigade is as useless beskou. Jy kan sê hulle is met minagting bejeën.

---

Ouens lag vir jou wanneer jy sê jy was in 'n G3-squad – Light Duties, Ligte

Vrugte, lam-siek-en-dooies, die LSD's, of hoe de hel ook al hulle van ons gepraat het. Ons het op ander maniere daarvoor betaal. Ons het korporaals die verskoning gebied om die ander rond te neuk, wat ons natuurlik nie gewild by die troepe gemaak het nie. Maar, uiteindelik, het hulle ons situasie verstaan. Die ouens het geweet ons hoef nie PT of opfokke te kry nie, maar ons het baie rondfok gekry. Die Light Duty-squad was nogal groot – omtrent twintig van ons. Ons was geneig om bymekaar te bly, maar die ouens in my bungalow het my as 'n gelyke behandel.

'n Gunsteling-truuk van die korporaals was om die Light Duties te beveel om nie te hardloop nie – nie eens te draf nie. Ons is net toegelaat om te loop. Maar natuurlik kon ons hardloop as ons moes – ons was nie geheel en al kreupel of vertraag nie! Die moeilikheid het begin wanneer die eenheid moes aantree. Daar was omtrent net 'n minuut waarin ons so moes maak, en as een enkele ou nie betyds was nie, het die hele eenheid 'n opfok of ernstige uitkak gekry. Die korporaals het seker gemaak die Light Duties staan meer as 'n minuut van die aantree-area af weg. Een van hulle sou ons op aandag bring, en wanneer die bevel kom om in te val, het ons teen 'n hoë spoed nadergestap. Om twintig of so troepe dit te sien doen, is nogal snaaks, en die korporaals het dit geniet. Af en toe, wanneer ons geweet het ons kon dit nie maak nie, het ons begin draf – wat presies is wat hulle wou gehad het. Hulle sou begin skree en berserk raak: "Hei! Moenie fokken hardloop nie, jou fokken vuil hondekak!" Ons kon dit nie betyds maak nie en die hele eenheid sou 'n rondfok kry oor ons luigat, nikswerd Ligte Vrugte.

Dit het in die eerste paar weke van Basies gebeur tot dit skielik opgehou het. Of die korporaals het verveeld geraak of die luitenante het 'n einde daaraan gemaak.

Daar was 'n week se rookverbod, maar jy kon 'n siggie rook as jy vir die rook-squad aantree. Dit was nog 'n manier vir die korporaals om pret te hê. Ons het op aandag gestaan en moes dan na die "presenteer geweer"-posisie oorgaan – regtervoet agter jou linkervoet teen 'n negentig grade-hoek. Dan skree die korporaal: "Haal uit sigarette!" Ons het probeer om so goed moontlik saam te werk, maar daar was nie behoorlike drilbewegings hiervoor nie. "Monde toe!" Maar dis as 'n militêre instruksie gegee, en dit het geklink soos: "Monduuurh … toe!" Sigarette voor die mond.

"Pakkieeees … in!" Pakkies terug in die sakke.

"Ligtuuuh … uit!" Aanstekers uit.

"Sigarettuuuh … aan!" Steek sigarette aan.

“Ligtuuuh … in!” Aanstekers terug in sakke.

“Trek in!” Asem in.

“Uit!” Asem uit.

“In!” Jy’t ingeasem en gewag vir die bevel om uit te blaas wat nie gekom het nie. Ná miskien tien sekondes was dit: “Uit!” En so aan. Dit het als volgens die spoed van die korporaal geskied. Jy moes volgens sy instruksies in- en uitasem, sodat jou kop begin draai het en jy was duiselig en jy’t gedink dis miskien nie so ’n goeie idee om te rook nie. Dit was soos om te hiperventileer of jou asem in te hou. As jy nie saamgewerk het nie, het die ander korporaals jou uitgekak: “Jy! Bly in pas, bly in pas!” Dan moes ons ons stompies in ons sakke sit om later weg te gooi.

Praat van kinderagtige pranks. Die korporaals was mal daaroor en dit was eintlik ontspanningstyd vir almal. Die rokers het gerook, die nie-rokers het gelag en dit het goed gevoel om jou sigaret te rook sonder om deur sluipende korporaals uitgevang te word – wat hulle net ’n verskoning vir nog ’n rondfok sou gee.

Ek het by Infanterieskool in Oudtshoorn ingeklaar, maar nooit rang gekry nie. Ek het van JL’s afgeval. Vasbyt (soos die roetemarse en daardie soort van ding genoem is) was die begin van die einde. Ek het vir ’n oorplasing Kaapstad toe gevra, wat geweier is. Ek kon nie juis op JL’s fokus nie. My ma het dit moeilik gehad. Sy was in daardie stadium in die Medics by 2 Mil Hospitaal. Ek wou nader aan die huis wees om na haar te kyk. Ek het twee verklarings ingesit wat heeltemal afgekeur is. Hulle het gesê hulle het ’n tekort aan mannekrag. Die army het my bedank vir my aansoeke deur my na Grahamstad te ontplooi, wat nog verder van die huis af weg was, en ná net twee maande van Basies. Ek en ’n ander ou is soontoe verplaas, 6 SAI. Ná Oudtshoorn was Grahamstad nogal ’n eye-opener. Al die nikswerde was daar, die ouens wat skool in standerd 8 gelos het, daardie soort van ding. Daar kom ons toe ewe paraat aan, en ons borsel ons bootse met ons tandeborsels. “Wat de hel maak julle?” het die ouens gelag.

“Ons is van Infanterieskool. Dis hoe mens dit doen.” En almal het kom kyk en net gelag.

Ons sa’majoor het my en my vriend twee rejects genoem omdat ons Infanterieskool verlaat het. My vriend het sy been tydens Vasbyt gebreek en is toe outomaties klaar met JL’s. Eendag het my vriend hom vertel ons is nie rejects nie en hy moet ophou om ons so te behandel. Die sa’majoor het later om verskoning kom vra, toe hy nugter was – wat nie die heeltyd was nie – en ons is daarna aanvaar.

Mense het baie keer na my opgekyk omdat ek van Infanterieskool was en ook omdat ek ouer as die ander was, al twee-en-twintig. Hierdie kinders het die skool óf in standerd 7 of standerd 8 verlaat, óf pas matriek geskryf. Die korporaal in my groep was ’n matrikulant. Hulle het pas Seksieleiding voltooi toe ek daar aankom. Jy moes ’n kind se bevele gehoorsaam, maar daar was tog ’n vorm van respek tussen die jonger en die ouer mense.

Party aande het die bungalows meegeding om te kyk watter squad hulle R4’s die vinnigste uitmekaar kon haal. Ons het ons trommels weg van die voetenente van ons beddens getrek, daarop gesit en die geweer op die bed gesit. Die korporaal het by die deur gestaan, stophorlosie in die hand, die ligte afgesit en die tyd gehou. Die bungalow was dan heeltemal donker. Dan het jy rondgevroetel en probeer om die hele geweer uitmekaar te haal. Firing-pin, loop, veer, grepe, en so aan. Sodra jy klaar is, het jy ’n nommer geskree, die eerste een het begin by een en so het dit aangegaan tot by dertien, omdat daar net dertien van ons in die bungalow was. Wanneer dertien geroep is, het die korporaal die horlosie gestop, die ligte aangesit en die wapens geïnspekteer. Dan moes ons die geweer in die donker weer aanmekaarsit. Ons het dit oor en oor gedoen tot ons dit nie meer vinniger kon doen nie.

Ek wens ek kon die rekord onthou, maar uit omtrent vyf-en-twintig bungalows het ons tweede gekom. Ons korporaal het geskree en geraas. Dit het hom baie geïrriteer dat ons nie die rekord gestel het nie.

Die bloedskenkmense het opgedaag en bloed gesoek. My meisie het vroeër so gereeld as wat sy kon geskenk, toe besluit ek as ek dit doen, sal daar ’n onsigbare band tussen ons wees. Ek het gedag ek kon haar later bel en sê hoe trots ek was. Dit sou my eerste keer wees. “Ek’s taai. Ek’s in die army. Dit sal maklik wees.” Die waarheid is dat ons kwaai deur ons sa’majoor verplig is om bloed te skenk.

Ek het in die saal ingeloop, my trui uitgetrek en tee gedrink en koekies geëet terwyl ek gewag het. Toe dit my beurt is, het die verpleegster my gevra: “Het jy al bloed geskenk?” Sy het mooi lippe gehad.

“Nee, ek het nie, but my girlfriend does it often.” Lieflike oë.

“Moenie bekommerd wees nie. Dit sal orraait wees,” het sy my verseker. Ek het my kop weggedraai – ek kon naalde nie verdra nie. Sy het dit ingedruk en ek het gewag dat die klein sakkie vol loop. “Hoe voel jy?”

“I’m fine,” het ek gelieg. Ek wou die tee en koekies uitkots. Uiteindelik was

dit verby. Sy het die naald uitgetrek en gevra: “Is jy reg om te gaan?” Hulle het die stretcher nodig gehad.

“Ja, ek’s reg, dankie suster.” My kop het gevoel of dit dryf en toe ek opstaan, het als na my kop toe gevloei, so het dit gevoel. Ek het daarop gekonsentreer om die ingang te haal en te maak asof niks verkeerd is nie. Ek wou nie ’n gek van myself voor al die mense maak nie. Ek het my trui probeer aantrek, maar kon nie. My arm het deur die nekgat gedruk, my kop was bedek met gerekte wol, my ander arm het verkeerdom deur die mou gegaan en ek het gedisoriënteer rondgesteier. Ek moes dronk gelyk het.

Iemand het my gehelp om op die vloer te gaan lê, my bootse uitgetrek en my my voete op ’n stoel laat sit. Almal het gestaar. Toe maak ek wel ’n gek van myself. Dit was die eerste en laaste keer dat ek bloed geskenk het.

Ek het nie regtig Basies geniet nie. Ek het dit net verduur so goed ek kon en probeer keer dat dit my onderkry. Het gedoen wat ek moes doen sonder om lyf weg te steek. Ek wou nie opgemerk word nie, maar dit was moeilik om dit nie te laat gebeur nie. Ek het pas vier jaar by ’n kunskollege voltooi en enige vorm van gesag verpes, selfs in die hoërskool. So my houding was: “Wat de hel gaan nou eintlik hier aan?” Ek was ’n Engelssprekende kunstenaar met ’n houding. Die korporaals het my bitter vinnig uitgesonder, soos ’n trop hiënas, sommer gou-gou! Hulle het nie van my gehou nie. “Hierdie fokken soutie wat hom so slim hou.”

Terwyl hulle op jou skree terwyl jy op aandag staan, was jy veronderstel om hoër of laer as die korporaal se ooglyn te kyk. Jy is nie toegelaat om reg in hulle oë te kyk nie. Ek het een keer daardie fout gemaak, maar ’n ernstige uitkak van my klein kaserne-korporaal het verseker dat ek dit nooit weer gedoen het nie. Hy was so kort, die bokant van sy beret was gelyk met my ken. Hoewel hy klein was, het hy ’n rasperstem gehad, en kon soos ’n scrapyard-hondjie blaf tot sy stem hees geraak het. Al wat ek onthou, is: “Hondkak!” en “Ek sal jou piel uit jou pens ruk!” en so aan. Ek het nie die sêgoed en tartwoorde verstaan nie, want dit was in ’n basiese, slootvlak hoërskool- Afrikaanse sleng. Sy mede-instrukteurs het agter hom gestaan en grinnik en goedkeurend geknik. Hulle klein metgesel het dan so goed gevaar daarin om die rofie se gees te breek.

Ek kan hulle nie blameer nie. Dit was hulle werk. Dit wat hulle geleer is om te doen – om individue soos ek af te breek – dus het ek hulle laat dink hulle het daarin geslaag. Om te oorleef moes ’n mens. Jy het net aan jou selfbehoud gedink. Maar ek het een of twee ander dingetjies gedoen wat hulle afgepis het. Ek was een van die harde klippe om te kraak. Hulle het my die volgende paar

weke goed dopgehou en my aangegluur omdat ek dit gewaag het om een van hulle in die oë te kyk. Altyd met die flou, neerhalende opmerkings. Regte boelie-tipes. Planke.

Ek het geweet hulle is nie klaar met my nie. Ek het iets persoonliks vir hulle geword. Hulle wraak het reg teen die einde van Basies gekom. Ek het my eie persoonlike opfok by al die korporaals en die sersant saam gekry.

*Ons het dom dinge gedoen. “Sien jy daardie boom?” Al die nuwe ouens het gesê: “Ja, Korporaal!”*

*“Wel, hoekom staan julle nog hier? Verdwyn!” Hulle sou almal weg wees, tot by die boom en dan terug.*

*“Nee! Nie daardie een nie. Die een op die horison!” Hulle het soontoe gehardloop, en terug, en hulle het gesweet en gehyg.*

*“Nee. Nie daardie een nie. DAARDIE EEN!” En dan het hulle weer gehardloop en teruggekom, en jy’t gesê: “Nee. Jammer. Julle het die verkeerde kant omgegaan.” En daar het hulle weer gehardloop. Rondfok. Opfok was net oefening. Rondfok was om die ouens rond te bokker. Twee verskillende dinge.*

Vir inspeksie het ons wasgoedpennetjies onder die matras laat staan om dit gelyk te kry. Die vere was so pap dat die matrasse soos hangmatte gelyk het, en die beddens was oud en al baie gebruik. Almal moes egter nog steeds ’n gelyke, gladde bed kon opmaak. Alle dienspligtiges het die wasgoedpennetjietaktiek gebruik, ek is seker daarvan, en die matrasse het altyd fyntjies en onstabiel van hulle vaardige vingers afgehang.

Ons het ook karton in ons vests, T-shirts en kortbroeke gesit en die materiaal styfgetrek sodat hulle lekker ordentlik lyk. ’n Mens kry mos dieselfde soort van ding in ’n klerewinkel? Wel, ons s’n het baie beter gelyk. Ons het enige verpakking maar tweederangs laat lyk. Ons klere was so reguit jy kon ’n waterpas daarvolgens instel. Natuurlik het die korporaals geweet – hulle het al die truuks geken – maar ek dink hulle het die poging waardeer. Ek glo dis waarvoor hulle gesoek het. Solank alles absoluut perfek was, selfs wanneer dit ’n vorm van gyppo was, het hulle nie uitgefreak nie. Hulle wou net die poging sien. As hulle nie toegelaat het dat ’n mens wasgoedpennetjies onder jou matras gebruik nie, dink ek nie enige troepie in die hele geskiedenis van die SAW sou ooit inspeksie deurgekom het nie.

Ons moes sulke kruispatroontjies in ons kussingslope instryk. Ons kon nie gyppo deur hulle saans af te haal nie, want ons korporaal het partykeer ’n

verrassingsbesoek gebring, laat in die nag wanneer ons geslaap het. As enigiemand gevang is terwyl hy nie met sy kop op die kussingsloop slaap nie, is ons almal aangekla. Die enigste manier om dit te omseil, was deur die kussing om te draai, wat nie ideaal was nie, maar dit het gehelp. Die patroon sou weer gestryk moes word, maar ten minste was ’n deel daarvan nog daar. Wanneer die verrassing gekom het, het jy gou die kussing omgedraai – as jy betyds wakkergeword het. Ek het ’n groot voordeel gehad omdat ek aan die verste kant van die bungalow geslaap het. Ek het altyd tyd gehad om daarmee weg te kom.

Daar was hierdie korporaal wat altyd ’n Samil 50 soos ’n regte kinderagtige etter bestuur het. En ons sou altyd gepak soos sardientjies binne-in wees – heeltemal oorlaai. Troepe het neus aan neus en boud teen boud gestaan. As jy gesit het, was dit nog oukei, maar die mense wat moes staan, het niks gehad om aan vas te hou wanneer ons om hoeke gevlieg het of wanneer die voertuig skielik gestop het nie. Ek’s verbaas die seil het nie oopgeskeur onder ons gesamentlike gewig nie.

Eenkeer het ons van die kerk af teruggekom. Die korporaal was in sy element. Ons is rondgestamp en het mekaar bly tref. Hy het gerem en versnel, en so aan. Ons kon hom en die ander korporaal voor in die lorrie hoor lag. Ons het geskree en gekla, maar niks het hom gekeer nie. Die gelag het eerder erger geword. Ek het uitgefreak en geskree: “STOP IT! For FUCK’s sake!”

Die Samil het skielik gestop met remme wat skree. Die korporaal, wat ’n bum-fluff snor gehad het, het agtertoe gekom en geskree: “WIE’T MY GEVLOEK?” Sy gesig was rooi. Hy was briesend. Met dié dat ek Engels was, het ek nie geweet wat “vloek” beteken nie, so ek het niks gesê nie. Ek het aangeneem hy vra wie het gevloek, maar wou nie verantwoordelikheid aanvaar vir iets wat ek dalk nie gedoen het nie. Almal was stil. Ek het opgemerk dat van die oë op my gerig was. Hy het almal aangegluur en besef hy gaan niemand sover kry om enigiets te erken nie, en ons ’n klomp “hondekak!” genoem.

Hy het met soveel drif weggetrek dat ’n paar troepe aan die agterkant amper uitgeval het. Die rit terug was twee keer so erg, maar ons het dit goed deurstaan. Gelukkig het niemand my weggegee nie. Troepies: een. Korporaals: nul.

---

Die sersant-majoor het lesings in militêre reg en etiket gegee – oor wat ons moet doen en nie moet doen nie, en kon doen en nie kon doen nie. Dit was tegnies en

vervelig. Die idee was om te luister en aantekeninge te maak.

Ons het hierdie lesings in die saal ná ons drilsessies bygewoon. Die probleem was dat ons so moeg was. Die dae was so lank. Vroeg opstaan, gekombineer met verstandelike en fisieke uitputting en laat nagte is geneig om die brein totaal en al lam te lê. Jy wou dan en daar net aan die slaap raak. Die sa'majoor het aan en aangehou. My oë het begin toegaan. Dan het hulle in hulle kaste gerol en fokus verloor. Alles het dof geraak. Ek het voor my uitgestaar en my oë probeer skreef. Die ou se kop voor my het verdubbel. Ek het my ooglede oopgedwing. Dit was 'n konstante, daaglikse stryd om te luister en te probeer wakker bly. Partykeer sou jy die ou langs jou 'n elmboog in die ribbes gee om wakker te word.

Eenkeer het 'n troep begin slaap en niemand het hom wakker gemaak nie. Sy ken was op sy bors en hy het gesnork. Die sa'majoor het sy praatjie gestaak, een van die korporaals geroep en hom aangesê om 'n emmer water te gaan haal. Die sa'majoor het die emmer geneem, na die troep toe gestap en die hele emmer water oor hom uitgegooi. Die troep het regop gespring en verwilderd gelyk. Hy was sopnat. Van die ouens het geskree van die lag.

Ek het nooit aandag aan die lesings geskenk nie. Pleks daarvan het ek gedagdroom en agterop die aantekeninge geteken. Ek het nooit gekonsentreer op wat gebeur nie. Ek het reeds besluit ek wou nie 'n luitenant wees nie, en veral nie 'n korporaal nie, so wat was die punt? Was dit skool of die army? Ek het my glad nie aan die teorie gesteur nie. Ek wou net 'n gewone troepie bly.

Ek het uit Basies probeer kom selfs voor dit te erg begin raak het. Ek het niks daarvan gehou nie. Ek het geweet ek moet iets probeer, toe sê ek ek's gay. Ek't hulle getune: “Nooit, ek's homoseksueel. Ek moet hier uitkom.” Ek het simpel goed gedoen. Ek het gestaan en bewe terwyl 'n vroulike kaptein my onskuldige vrae oor gewone dinge vra. Ek het in die verte gestaar asof ek heeltemal ontstig was.

Niemand het dit gekoop nie, en toe beland ek by een van die ergste korporaals op die basis. Korporaal D. Sy bynaam was Satan. Korporaal “twee plus drie”, in sy klein Beetle in Upington. Hy sou seker vir die res van sy lewe 'n korporaal bly en nooit verder as dit vorder nie. Miskien is hy nog steeds daar. Die ou was 'n bliksem tot aan die einde, 'n tril tussen trille. Selfs trille het gedink hy's 'n tril. Koning Tril.

Hy het my lekker uitgevang in 'n inspeksie. Regdeur Basies het ek hom verneuk met my kortbroek. Ek het reeds my eie klein inspeksie in my kas opgestel. Hemde, kortbroeke, kouse en so. Ek het 'n swart civvy hemp so gevou dat dit soos 'n kortbroek lyk sodat ek dit nooit hoef te stryk nie. Ek het die regte

kortbroek bo in die dak weggesteek. Ek het baie goed in die dak weggesteek. Dit het beteken my inspeksie was altyd gereed. Ek het my spaaruitrusting gehad wat gelyk het soos dit veronderstel was om te lyk. Die kortbroek het elke inspeksie behalwe die laaste een geslaag. Miskien het hy geweet. Miskien het hy heelpad saamgespeel. Hy het dit uitgetrek. Het al die ander ouens kanondoppe met reguit arms laat vashou. Hy het gesê almal kon hulle vriend hierso, "Vetseun Engelsman", bedank. Dit was my bynaam.

Aan die einde het hy ons vriend geword. Wie sou dit kon dink? Dis so voorspelbaar dis nie eens ironies nie – die ou wat jy die meeste haat, word jou vriend. Uiteindelik, toe ons ons twee biere kry, het hy vir ons sommer nog bier ge-organise en vir ons snaakse stories vertel. Ons was ewe skielik sy beste chinas, heel aan die einde, nadat hy ons maande lank opgebokker het. Push-ups vir briewe en daardie soort ding. Ek dink hy was bang sy kop word ingeskop. Hy kon nie meer iets aan ons doen nie. Hy kon ons nie verder straf nie. Ons het teen daai tyd al alles gesien wat daar te siene was.

Ek was in 'n stadium van my lewe waar ek moeg was vir hierdie soort ding. Sewe jaar kosskool. Rondgefoeter deur die welsyn. Kon my nooit iewers inburger nie. Altyd rondgeneuk van een huis na die volgende, of die een skool na die volgende. Ek was moeg daarvoor.

Ek het in Julie 1982 by Saldanha ingeklaar, in die winter, wat nie aangenaam was nie. Halfvyf in die oggend opstaan in ysige koue en reën. Dan moes ons die dek begin poleer, wat in werklikheid die bungalow-vloer was. Die vloot het die perverse gebruik gehad om selfs op land van vensters as patryspoorte te praat, en sulke eienaardige dinge. Hulle het baie opgewerk geraak as jy nie saamgespeel het nie. En dan kom die inspeksies. As daar enige stof was, was daar groot moeilikheid – 'n aardige geskree. Ook is een naweekpas gekanselleer, wat nogal kwaai was. Ons het daarna uitgesien en hulle het dit binne sekondes weggevat. Ek het dit glad nie geniet nie.

Daar was dertig van ons in die bungalow. Agtien was Engels. Ons baasseeman – ons korporaal – was Afrikaans. Hy het gereeld bevele met die verkeerde woorde gegee, maar ons het die essensie van wat hy wou hê, verstaan. Wanneer hy iets gesê het soos: "The ship will drown" het ons geweet hy bedoel eintlik: "The ship will sink." Omdat daar meer Engelse as Afrikaanse ouens was, het hy besluit om ons geskrewe instruksies in Engels te gee, wat ek nog steeds dink ordentlik van hom was.

Ek skat waar jy ook al Basies gedoen het, dit was nie aangenaam nie, maar ek dink ons was beter daaraan toe in die vloot.

Ek was veronderstel om Infanterie toe te gaan, maar het my oproep uitgestel omdat ek eers studeer het. Ek het in Onderhoud beland en ’n drywer geword. My broer was ook ’n drywer, drie jaar voor my.

In 1985 het ek my Basies by 1 Onderhoudseenheid in Kimberley gedoen. Vir my was Basies moeilik. Hulle was mal oor hulle straf-PT. Enigiets verkeerd en jy word gestraf met PT. Op en af teen bulte uit, hindernisbane en sulke stront. Die korporaals was vol nonsens. Uitpakinspeksies was ’n pyn. Basies was taai, maar ek het ’n positiewe ingesteldheid probeer handhaaf. Dis seker wat my deurgedra het. Ek het geweet dit sou einde kry en ek het daarop gefokus. Daar was een of twee wat gecrack het. ’n Paar ouens het ge-AWOL. Die gewone dinge.

Die kos? Gebakte eiers is veronderstel om geel in te hê, reg? Ons s’n was blou. Ek weet nie waar die blou vandaan gekom het nie. Van die panne af? Is dit weer opgewarm? Het dit te lank gestaan? Blouvitrioel? Die hele eier was ’n grys, smaaklose ding en het amper gegloei.

---

Die basis was baie stil. Dit was Woensdagmiddag sportdag en die meeste van die ouens, selfs korporaals, het sportpas gehad. Ek het myself skaars gemaak. Die oorblywende korporaals was altyd aan die rondsluip en gereed om te spring. Hulle het altyd die een of ander onbenullige takie vir jou uitgedink as hulle gesien het jy doen niks nie. Ons weet hulle het die leë bungalows deursoek om te kyk of iemand daar wegkruip, maar partykeer het ons die kans gewaag. Ek was moeg en uitgeput en moes rus. Maar ek kon nie sommer ’n lekker dos op my bed vat nie. Ek het na my leë bungalow gesluip, op my maag met die vloer langs geseil – wat maklik was omdat dit soos ’n spieël geblink het – om onder die vensters te bly, onder my bed weggekruip en aan die slaap geraak, maar ek was tog nog waaksaam. Na ’n ruk het ek bygekom toe ek die deur hoor oopvlieg en swaar voetstappe met die gang langs hoor kom. Ek het geskrik! Toe vra ’n korporaal se stem: “Is iemand hier?”

Ek het gedink: “Uitgevang! Hier kom dit nou.” Ek het kopgehou. Ek het nie opgestaan nie, maar eerder gekyk wat gaan gebeur, want ek sou in elk geval in die moeilikheid wees. Daar sou nie toeskietlikheid wees net omdat ek myself oorhandig het nie, so ek het net stilgebly. Hy het nadergekom, maar toe skielik omgedraai en geloop sonder om al die pad deur die bungalow te loop. Ek het geweet ek het my geluk beproef en besluit om so gou moontlik te gaan. Dit was instink. Ek het ’n bietjie gewag, terug met die vloer langs geseil, opgestaan, my

asem opgehou, die deur oopgemaak en buitentoe gegaan. Ek het haastig van my bungalow af weggeloop. Later het ek uitgevind ander ouens is gevang en aangekla.

*Toe ons instap om inspeksie te gee, het die kaserneleier – die Bungalow Bill – die bungalow op aandag gebring. Hulle het almal op aandag gestaan terwyl ek stadig met die gang langs loop. Daar was 'n vet ou van Springs wat almal geweet het 'n lui slob is. Ek het verby hom geloop. Hy het waarskynlik gedink hy het deurgekom. Toe loop ek stadig terug en gaan staan by hom. "Maak oop jou trommel." Ek het net gemors gesien wat daar ingeprop is. "Lêhouding af !" het ek gesê. Dit was 'n goeie een. Hy moes op aandag staan en plat op sy gesig val.*

*"Staan op! Doen dit weer!"*

*Doen dit 'n paar keer en kyk hoe seer maak dit jou. Die volgende oggend sou die ou kneusplekke op sy gesig hê. Dit was so snaaks. Ons korporaals het dit met ons gedoen en ons het die geskenk aan die nuwe inname gegee. Dit het so gewerk: een ou sou die inspeksie dop en almal sou afkak, nie net die een ou nie. Dan het hulle hom natuurlik na die tyd gebliksem.*

PT-dril by die Parabats?! Elke oggend by inspeksie was daar iets verkeerd. Dan kon daar 'n ernstige of 'n algemene opfok volg, maar daar was altyd 'n opfok tot jy die taak voltooi het, tot jy die einde bereik het en net nie verder kon gaan nie. Jy kon eenvoudig nie. Dan 'n bietjie hersteltyd. En dan druk hulle jou nog verder. En dan weer. Jy het half gebreek rondgeloop en kon skaars beweeg, so styf was jy, maar dit het nie 'n onmenslike vlak bereik nie. Met ander woorde, jy's tot die grense van jou vermoëns gedryf, maar dit was grense wat jy nie geweet het bestaan nie. Jou liggaam is fenomenaal as jy kyk wat dit kan doen.

Dit was gewoonlik net ná middagete, wanneer ons 'n klomp kos geëet het, dat ons een of ander opfok sou kry. Ons is na die pakhuis geroep waar die valskerms gepak is. Die pakhuisdames het dit gedoen. Dit was 'n groot gebou met 'n omtrek van omtrent vierhonderd meter. Dit was ook omtrent tweehonderd meter opdraand tot daar. Hierdie spesifieke oefening is die Pakhuis Blues genoem. Ons moes in negentig sekondes om die gebou hardloop. Eers wanneer ons almal dit gemaak het, het hulle ons gelos. Die meeste mense het dit die eerste keer gemaak, maar daar was altyd 'n paar wat nie het nie. Slegs wanneer almal ophou skree het op mekaar en die stadiges begin help het, het ons die negentig sekondes gemaak – gewoonlik nadat ons baie keer om die gebou is.

Hel, dit was darem 'n marteling in die warm son met 'n vol maag! Wanneer

ons bewys het ons kon dit doen en die laaste ouens inbring sonder om mekaar halfpad te vermoor, het die sersant-majoor gesê: “Jy sien. Jy kan hom maak. En omdat jy dit aan my bewys het, kan jy dit weer doen.” En ons het ook – tot ons die boodskap gekry het, en dit was dat ons as ’n enkele eenheid moes saamwerk. En dit het nie saak gemaak wie ons is nie, Afrikaans of Engels, van die Noord-Transvaal of Natal, as ons nie as ’n eenheid saamgewerk en ons verskille gou opgelos het nie, sou ons dit nie in die Parabats maak nie. Dit was ’n baie belangrike les.

Eenkeer toe ons gemarsjeer het, het een van die korporaals ’n verrassingsinspeksie van ons boshoede gehou. Myne was sweetbevlek aan die binnekant waar dit van my voorkopsweet deurdrenk was. Hy het alle selfbeheer verloor. Hy het skril beledigings geskree, neus teen my neus, en my boshoed op die grond gegooi en dit onder sy bootse gestamp en gevee. Toe hy klaar my hoed vertrap het, het hy dit opgetel, oor my kop afgewring en stadig, nog uitasem, gesê: “Roof, nou moet jy hierdie ding gaan was.”

Hy was heeltemal reg. Op Voortrekkerhoogte is die sand rooi en fyn, soos babapoeier. Ek het daardie boshoed geweek en geskrop vir seker goed die helfte van die dag.

’n Ander ding van ons boshoede was dat ons V-vormige lyne aan die voorkant moes instryk. Ons korporaals het gedink dit lyk goed, of dalk was dit ’n Tiffie-tradisie, maar dit was nie maklik om hierdie tremlyn in te stryk nie omdat die hoed van dik materiaal gemaak was. Ek het die lyne met my voortande ingeknaag en ’n bietjie spoeg bygesit. Het dit ook hard geknyp om die lyne duideliker te maak. Van die ouens het my voorbeeld gevolg.

As rofies het ons ons stewels gepoleer totdat hulle soos spieëls geblink het. Elke man wat nie in die army of ’n half-militêre instelling was nie, kan nie glo stewels kan so blink nie. Kom ons sê net dit het baie politoer, tyd, geduld, son en elmboogghries geverg. Jou meisie se ou sykouse het goed gewerk. Dit was die moeite werd om elke aand, en veral Sondae wat ons af-dag was, dié ou takie te verrig.

Dit was ook in die mode om uitgebleikte webbelts te hê. Die korporaals by TDK het gemeen dit lyk lekker smart om dit aan ’n splinternuwe belt te doen. Hulle wou nie ’n nuwe voorkoms hê nie. Dit moes oud lyk. Ons het die harde seilbelts vir ure met waspoeier en naelborsels geskrop. Dit moes lyk of die son hulle gebleik het.

Ek kon baie kak vat en dit lag-lag afhandel. Daar was nie veel in Basies wat ek nie kon vat nie. Wanneer hulle ’n verskoning gekry het om jou ’n opfok te gee, was dit nie iets vernederend nie. Die korporaal en luitenant het eenvoudig ’n wettige rede gekry om jou taaier te maak. Dit was hulle werk, om jou so taai te maak dat jy ’n oorlogsituasie kon deurstaan. *Jou* doelwit was om by ’n vliegtuig uit te spring en uiteindelik jou springvlerkies te kry, maar *hulle* doelwit was om van jou ’n soldaat wat oorleef te maak, nie noodwendig om jou op te lei om mense dood te maak nie.

Deur jou ’n opfok te gee, het hulle twee dinge gedoen. Eerstens het hulle van jou ’n harde en taai soldaat gemaak. As jy hard en taai genoeg was en bereid was om daarvoor te werk, het hulle jou jou vlerkies gegee. Tweedens, hoe taaier, sterker en fikser jy was, hoe meer sou jy die LO-kursus kon deurstaan. Enige soort opfok was dus ’n seëning – dit kon jou net sterker maak. Dit was nie daar om jou te viktimiseer of te verneder nie. Dit was daar om jou te beskerm, om van jou ’n soldaat te maak, sodat wanneer die pawpaw die fan strike, jy taai genoeg was om deur te druk. Dis in ons ingedril.

Daar was ’n Recce op springkursus. Hy was seker een van die verstandigste en simpatiekste mense daar. Hy het die Recce-kursus suksesvol voltooi, wat natuurlik beteken het hy hoef nie ons LO-kursus te doen nie. Hy het dadelik met die springopleiding begin. Al wat ek van hom sal sê, is: as jy reg was, was jy reg, en wanneer jy verkeerd was, was jy aan die verkeerde kant van die hel.

Het in 1987 Klipdrift, Potchefstroom, toe gegaan – Mediese Dienste. Ek was al agt-en-twintig, omdat ek die vorige tien jaar vir dokter geleer het. Ek is goed behandel. Kan nie kla nie, dit was als oukei. Die kolonel van Klipdrift het my ook goed behandel. Ek was nogal ’n nutsman. Hy het ’n militêre voertuig gestuur om my te kom haal. Het my koffie gegee. Ek is beter behandel as die meeste offisiere. Maar uit my hele peloton van dertig ouens was agt-en-twintig van ons provinsiale sportmanne. My korporaal en luitenant het dit gerespekteer.

Binne die eerste ses weke is ek toegelaat om in my eie kar uit die basis te ry, in my civvies, vir privaat opleiding. Ek kon drie-uur elke middag ry en moes dan sewe-uur die volgende oggend terug wees. Ek het nog as provinsiale atleet deelgeneem en is dus toegelaat om deur die land te reis. Gelukkig, maar ek het hard daarvoor gewerk.

Daar was ’n lugmagbasis naby Voortrekkerhoogte en ons het graag gekyk hoe die mense daar rondvlieg. Die Cheetahs het een of twee keer ’n week skouspelagtig opgestyg. Ek dink dit was op Woensdag- en Vrydagoggende teen omtrent agtuur. Ons sal nog besig wees met iets, maar wanneer ons die donder van die eerste vliegtuig hoor, het almal tot stilstand gekom en die lug in gestaar, selfs wanneer ons gedril het. Die korporaals het ook die vertoning geniet. Dit was lieflike vliegtuie om dop te hou. Omtrent ses sou opstyg, amper vertikaal die lug in, en een op die ander. Soos hulle klim, is hulle branders volledig in werking gestel. Hulle het met ’n oorverdowende gedreun deur die lug geglip. Dit het jou oordromme gekielie en die grond geskud. Hulle het soos missiele regop geklim – binne sekondes was hulle spikkeltjies in die lug – getuimel, weer op gelyke vlak gekom, reguit gevlieg en weggeraak. Ons het bly staar tot hulle weg was. Dan was daar stilte. Dit was voorwaar ’n skouspel om te sien. Ons eie privaat lugvertoning, gratis. Ek is seker civvies sien selde so iets. Ja, by die lugskoue, maar nie met soveel vliegtuie wat die een na die ander opstyg nie, en nie twee keer ’n week vir drie maande nie.

Eenkeer terwyl ons op parade was, was daar ’n groot ontploffing. ’n Kok het ’n veldkombuis in die son gelos sonder om die gasbottel met die flappe toe te maak. Die bottel was leeg en toe hy dit aansteek, het dit ontplof. Hy was van die vorige inname. Hy het geweet hy moet die flappe oor die bottel plaas, maar hy het dit nie gedoen nie.

Die storie het gelui dat sy kop in die pad gekom het. Die bottel het ’n deel daarvan verwyder en hy is dood. Dit was die gerug, in elk geval. Ek het nooit die kop sien vlieg nie. Ek het nooit die liggaam gesien nie. Geen bewyse nie. Maar ek het die ontploffing gevoel. Ek het dit gehoor. Dit was die aanvaarde ding dat hy sy kop verloor het. Wie sal weet?

---

Ek is in Januarie ’89 in, direk ná skool, by Upington 8 SAI. Die eerste ding wat my gepla het, was die haarsny. Ek het nog nooit sulke kort hare gehad nie. Dit was ’n groot skok. Toe ons ingaan, het ons soos individue gelyk. Toe ons onder daardie masjien uitkom, het ons almal dieselfde gelyk.

Van dag een af was ek vasberade om hulle te wys ek het nie daar gehoort nie en wou ook nie daar wees nie. Hulle het my gou uitgesonder. Ek was ’n astrante bliksem, maar niemand het my vertel ek moet maar eerder ingee nie. Niemand

het my dit geleer nie.

Op die tweede dag het ek iemand “meneer” genoem. Ek was nooit in kadette nie en het nie die range geken nie. Hy het gesê: “Lyk ek soos ’n ‘meneer’ vir jou?”

“Sorry ma’am,” het ek geantwoord. “In that brown uniform it’s very difficult to tell.” Hy het my skouer met sy geweer geslaan op so ’n manier dat ek maande later ’n operasie moes ondergaan. Hy het die linkersleutelbeen gekraak en die boonste rib ook – en dit omdat ek hom ’n vrou genoem het!

So het ek in die LSD-squad beland. Ek het danksy die korporaal ’n G3K4 geword. My linkerarm was nie meer dieselfde nie. Die korporaal is nooit aangespreek nie, laat staan nog aangekla. Hulle het hom uitgelos omdat ek nie sy rang gerespekteer het nie. Dit was in die Light Duty-squad waar al die moeilikheid begin het. Die G1’s kon besig gehou word, maar die G3’s is eintlik oorbodig in die army. Hulle het ons dus gebruik net waar hulle ook al kon. Dit was die ideale geleentheid om die stelsel te bevark. As ’n G3 kon jy lateraal dink. Niemand kon ná ’n ruk regtig iets aan jou doen nie. Jy het net jou kaartjie getoon. Die nadeel was hulle het jou menslikheid en seksualiteit aangeval. Hulle het jou ’n moffie, gay, faggot en queer genoem – en dís net ’n paar. Hulle het jou geskop en gestamp, en die ander ouens aangesê om nie met jou te meng nie.

’n Groep van ons het die “trouble squad” geword. Ons het geweier om inspeksie te staan. Wanneer ons wel het, was die standaard nie hoog nie – ons stewels is nie goed gepoleer nie, ons was nie skoongeskeer nie, ons dissipline was nie goed nie en ons kon nie marsjeer nie. Ek was die enigste Afrikaner in daardie groep. Dit was ’n groot groep en meesal nie baie opgevoed nie – nie dat ek neersien op hulle nie. Ek het baie keer ge-gyppo. Ek was later die meester van gyppo. Ek was altyd die een wat my vriende vertel het hoe om dit te doen. Die korporaals het my nog meer verwens omdat ek Afrikaans was en ge-gyppo het. Ek moes eintlik ’n medalje vir gyppo gekry het, maar dié het hulle nie uitgedeel nie.

Ons het ekstra dienste gekry – baie daarvan. Wanneer ons drooggemaak het, het hulle ons op kombuisdiens geplaas. Aartappels geskil. Wanneer dit verby was, moes ons uie skil, en wanneer dit verby was, moes ons nog aartappels skil. En ons moes wagstaan. Die manier waarop daar teen die kombuispersoneel, wat meesal homoseksueel was, gediskrimineer is, het my kwaad gemaak. Die manier waarop daar met hulle gepraat is weens hulle seksuele voorkeur was naar. “Die army is nie ’n plek vir moffies nie.”

Toe aan die einde van Basies het hulle al die G3’s na Lohatlha in die Noord-Kaap gestuur. “Gee pad uit 8 SAI! Julle is ’n verleentheid vir hierdie eenheid! Ons is ’n vegeenheid! Ons wil julle nie hier hê nie!” Maar in Basies kon hulle

ons nooit breek nie.

As Light Duties het ons saam met die G1's gedril, maar ná 'n halfuur opgehou terwyl hulle vir nog 'n uur aangehou het. Dan het ons op aandag gestaan. Elke twintig minute kon ons vir 'n rukkie op die plek russtaan voor ons weer op aandag gebring is. Ons hoef miskien nie te gedril het nie, maar ten minste kon die G1's rondbeweeg.

Af en toe sou 'n korporaal sy squad verlaat en naderkom. Ons het geweet wat om te verwag – 'n lesing oor die sondes van G3 – hoe lui en heeltemal nutteloos ons was: "Julle is almal hondekak!" Sulke jammerlike storietjies oor ons luigatte, en het ons niks gehad om te doen behalwe om in die son te staan terwyl die manne soos regte soldate dril nie. Dis altyd op dieselfde sarkastiese, neerhalende manier gesê.

Die LSD's is só laat werk dat die G1's ons nie beny het nie. Ons het uiteindelik gekwalifiseerde verwers, baksteenlêers, veërs en sanitasiekundiges alles in een geword. Ons het verskeie gruisparadegronde oorgegaan vir klippe en klippies – duisende en duisende van hulle – en dit in plastiek inkopiesakke gedruk. Die paradegronde was groot, soos rugbyvelde. Ek's seker die klippe is weer uitgestrooi vir die volgende eenheid se G3-squad om op te tel.

Ander kere het ons mure, hekke en heinings geverf of baksteenpaadjies met sulke ronde sigsag kurwes gebou. Ons het in die grond gegrawe en die bakstene gelê. Ons het ook baie gevee. Die sale, die menasie, die teer op die basis, die kantien, die grondpaadjies – waar ook al 'n mens kon vee, selfs wanneer vee nie nodig was nie.

Die slegste werk was toilette skoonmaak. Ons het baie keer kakhuisdiens gekry. Die wasbakke geskrop, die spieëls blink gevryf, die krane opgevryf, die vloere gemop, en die glymerke en pis weggewas. Met naelborsels en lappe. "Lekker skoon, luigatte!"

"Ja, Korporaal!" Wat ook al, Korporaal.

Ons is gevra wie kon teken. Die Tegniese Dienskorps het 'n illustrasie van 'n buffel nodig gehad, 'n simbool van krag, geteken op 'n draagbare swartbord, vir sportdae en intereenheid-aktiwiteite. Ek het gesê ek kan dit doen. Die korporaals het nog nooit 'n regte kunstenaar teëgekom nie en was verstom oor die resultaat. Hulle het gedink dis briljant, veral die sersantmajoor. Die swartbord is van plek tot plek gedra om om enige rede vertoon te word aan die ander eenhede. Dit het 'n soort trofee vir die korporaals en die sa'majoor geword en hulle was baie trots

daarop. Ek kon nie verstaan waaroor die bohaai gaan nie. Dit was ’n eenvoudige krytskets. Dit was ’n realistiese prent, maar vir my as opgeleide kunstenaar nie juis besonders nie. Maar hulle en die res van die Tiffies was gaande daaroor. As dit net ’n bietjie gesmeer is, moes ek kom om dit te herstel. Net ek en hulle kon ooit naby die bord kom, en dis goed opgepas. Die ander eenhede kon dit nie gryp en opmors nie.

Miskien lê daar iewers in die Tiffie-basis in Voortrekkerhoogte nog ’n gesmeerde skets van ’n buffel wat reeds lank vergete is.

Toe die korporaals uitvind ek kon teken, het hulle my ’n bietjie skiet gegee, maar slegs wanneer hulle eie behoeftes ter sprake was. Hulle het uitgevind ek kon karikature teken. My kaserne-korporaal het die sketse gesien wat ek van die ouens in my bungalow gedoen het. Hy wou ook een hê, en toe gee ek dit natuurlik vir hom. Hy wou dit vir sy stukkie stuur. Hy het my ’n klein foto van hom gegee om te gebruik. Hy het die tekening vir die ander korporaals gewys en hulle het gelag.

Toe wou hulle elkeen een hê om aan hulle nooientjies by die huis te stuur, ek skat om hulle poppies te trakteer op hulle snaakse, dapper bokkie in die mag. Ek was hulle buddy. Hulle het my nie meer so ’n harde tyd gegee nie. Hulle het gelag en grappe met my gemaak. Ek het geweet wat aan die gang was – dit was so duidelik – en het saamgespeel, maar die laaste ding wat ek wou doen, was om hulle op ’n vermaaklike manier te teken. Ek het regtig nie gedink hulle is snaaks nie. Hoekom moes ek hulle die bevrediging gee?

In die laaste weke van Basies het ek verskonings uitgedink om hulle nie te teken nie. Ek het net een tekening gemaak in daardie tyd, van ’n korporaal wat ek gerespekteer het. Bosfase het gekom, en nog meer verskonings. En toe is Basies verby en ek is weg van Voortrekkerhoogte af. Het hulle nooit weer gesien nie.

Terwyl ons nou praat van korporaals – ek het baie daaraan gedink om die bande van hulle Baja Bug-skedonke stukkend te sny wanneer hulle op die basis parkeer het, maar ek het nooit nie. Spitefulgeit is ’n mors van tyd.

*Ons het as korporaals bymekaargekom en bespreek hoe ons dinge gaan doen. Maar sommiges was idiote. Een het sy roof met ’n klip laat skeer tot hy gebloei het. “Kry ’n klip. Skeer!” Dis dom. Baie dom. Dit het geen doel gedien nie.*

So elke af en toe het ons beurte gemaak om die peloton rond te marsjeer terwyl die korporaal agterna kom. Wanneer ek bevel oorgeneem het, het ek geskree:

“Peloton! Voortwaarts, mars!” En dan, in plaas van “links, regs, links” het ek gesê “licks, arse, licks”! Ek het die korporaals nageboots wat elkeen sy eie unieke manier gehad het om die pas uit te roep. Sommige het gesê “Oep! Oep! Oep-a, oep!” Solank die klanke op die korrekte tyd en in die regte ritme geplaas is, is als verstaan en jy kon doen wat jy wou. Ek het die korporaals getreiter omdat ek gemeen het hulle kruip gat by die senior range. Hulle het nooit agtergekom wat ek doen nie en die Engelse ouens het gelag. Die Dutchmen het dit nie verstaan nie. Sodra ons enige hoë onderoffisiere of offisiere genader het, het ek my roep na die standaard “links, regs, links” verander.

Dit was in die army waar ek agtergekom het hoe my uitkyk op dinge kon verskil van een ding na die volgende. Daar was ’n jong, regsgesinde Afrikaanse ou, gebou soos ’n baksteenkakhuis. Hy was ’n dier. Jy kon die hare uit sy lyf kam en tou daarvan maak. Platvoet, bekveld plaasjapie wat swartes gehaat het. Hy het gesê hy sou my ’n voorbeeld gee van hoekom hy hulle haat.

Op sy pa se plaas was ’n kampong vir die swart plaaswerkers. Almal het elektrisiteit, ’n kamer, ’n stortarea en toilet gehad. Hy het gesê hy kon nie verstaan waarom hulle die mure platslaan en vuur op die vloer in die kamers maak nie. Uiteindelik het hulle die kampong vernietig, maar hy het ’n verduideliking daarvoor gehad: hulle was kaffers.

Basies het nie net oor die rondhardloop en die rondjaag en die inspeksies gegaan nie. Dit was nie net fisiek nie. Daar was ook baie teorie om te leer. Ek self het egter nooit daardie deel baie ernstig opgeneem nie.

Daar was ook baie “teken op die stippellyn” vorms om in te vul. Wanneer jy dit gedoen het, het jy die eiendom van die SAW geword, en sodoende ook van die regering. Die regering was die Nasionale Party – hulle het die SAW regeer – en die NP was apartheid. Maar jy moes vorms teken waarin jy aangedui het jy sou nie aan politieke aktiwiteite deelneem terwyl jy in uniform is nie, en jy moes vorms teken waarin jy sekuriteit en militêre reg erken, en jy moes vorms teken vir dit en vorms vir dat. Jy het enigiets geteken wat hulle aan jou oorhandig het. Jy het basies jou siel weggeteken sonder dat jy mooi verstaan het hoekom, en jy het ook nie eintlik omgegee nie. Jy het gedoen wat jy aangesê is om te doen, en dit was dit. Jy het dit ingevul en op die beste gehoop, net om deur die stelsel te kom, maar wanneer hulle jou persoonlike besonderhede op lêer gehad het, was

daar nie wegkomkans nie.

Jy moes ’n lang vraelys invul oor wie jy was, wat jy was, waar jy was, waar jy vandaan kom, wat jou belangstellings is, wat jou gesinsagtergrond is, waar jy gewoon het, en so aan. Hulle het alles oor jou te wete gekom. Jou selfs oor jou dwelm- en alkoholgewoontes uitgevra. Ek het nie die geringste ambisie gehad om ’n korporaal of ’n offisier te word nie, so ek het hulle die waarheid vertel oor my dwelmgewoontes toe ek op universiteit was.

Teen die tyd dat ek in Basies aangekom het, het ek nie meer eintlik zol gerook of acid gebruik nie. Ek het wel gedrink; die twee biere wat hulle ons tydens bosfase per dag gegee het, het dus uitsonderlik goed afgegaan. My vriende wou nie hulle s’n hê nie – baie NG Kerk, sien – en het dit vir my gee. ’n Paar daarvan elke aand wanneer jy droog en fiks is, het net die regte uitwerking. Kon nie wag vir ons eerste pas sodat ek sommer lekker vrot kon raak nie!

Kos by die Bats: van dag een af was dit ons groot voorreg. Ons het goeie kos gekry, baie goeie kos, en baie daarvan. Al jou voedselgroepe. Alles. Dit was nie gemors nie. Dit was die een heenkome wat jy in die Bats gehad het, om ’n ordentlike maaltyd te eet. Dan het hulle teruggestaan en vir ’n uur het niemand jou moeilikheid gegee nie. Al wat jy moes doen, was om te eet, en soveel as wat jy wou. Ranghouers het borde gehad en ons ons varkpanne. Ons is ordentlik gevoer – steaks, varktjops, groente, aartappels, baie vleissous, baie rys, canned fruit, vars vrugte en baie poeding. As jy nog moes eet, was daar altyd tonne brood met baie konfyt. Jy het lekker dik geëet uit die menasie gekom. Maar nou ja, direk na middagete was daar ’n opfok en jy het alles uitgekots.

By ons Tiffie-basis was daar ’n paar PF-vroue wat ons en hulleself gehelp het deur heerlike, tuisgemaakte vetkoeke te verkoop. Groot, olierige, vet maalvleis, ertjie en wortel vetkoeke. Die kos was so kak op die basis dat die vetkoeke puik was. Die probleem was dat die vroue nooit genoeg gemaak het nie, so dit was altyd ’n geskarrel om in die ry te gaan staan. Die korporaals het gewoonlik twee of drie op ’n slag gekoop, omdat hulle eerste kon staan. Die ry het amper gewelddadig geword. Daar was min orde. Die korporaals het soort van beheer gehandhaaf, maar hulle het ook nie baie moeite gedoen nie. Ek dink hulle het dit geniet om ons tegelykertyd te sien stry en kwyl.

Ons was op pad na ’n intereenheid-sportdag by een van die ander basisse, en het

eers ons kospakkies gaan haal. Elke kospakkie het uit ’n piesang, ’n appel en ’n lemoen bestaan. Op ’n sinktafel was daar ’n berg van die pakkies. Ek het daar gestaan en my vergaap aan die gesig, maar ek het ook gekyk om te sien of daar nie vrot vrugte was nie. ’n Stafsersant het seker gemaak ons neem net een pakkie elk. Hy was nogal afgepis toe ek so staan en kyk, en het gesê: “Vat hom net, troep. Hulle’s almal diesel’de, jong!” Hy was reg. Hulle was almal dieselfde. Die piesangs was swart, die klein appeltjies het snye en kneusplekke gehad en die lemoene was so verrimpeld en hard jy kon hulle as krieketballe gebruik. Varke kry beter vrugte. Maar dit was nog steeds kos, skat ek. Daar was nie toebroodjies nie, want daar was boerewors rolls en hamburgers by die ander basis te koop. Ons het die pakkies in elk geval gevat. Wie was ons om te kla?

Etenstyd het ons almal aangetree voor ons uitgeval en ’n ry gevorm het. Eerste daar, eerste bedien. ’n Paar ouens is deur die korporaals uitgekies om te skep, gewoonlik so ses. Twee vir vleis, twee vir groente, een vir vleissous en een vir poeding. Niemand wou ’n opskepper wees nie – dit was ’n dubbele slag. Eerstens het jy na die ander geëet – as daar nog iets oor was – dus het jy só opgeskep dat daar nog ’n bietjie oorgebly het. Maar die korporaals het dit geweet en seker gemaak jy skep vir almal ewe veel in. Tweedens, deur laaste te eet, moes jy vinnig eet. Ons moes ’n sekere tyd ná ete weer aantree. Daar was ook ’n ry om jou eetgerei te was. Dit was nie lekker vars warm seperige water nie. Dit was aan die begin, so hoe gouer jy klaar geëet het en in die ry gaan staan het, hoe beter, want dan was dit maklik om jou goed skoon te kry. Maar na dosyne en dosyne ouens daar gewas het, het die water dik, slymerig, stink en koud en bruin geword. Jy kon al die kleure van die reënboog op die olierige oppervlak van die water sien. Daar was nie tyd om die sinkbad met skoon water te hervul nie.

Ons het seker gemaak ons varkpanne en pikstelle het soos spieëls geskyn. Die heersende magte was paranoïes oor voedselvergiftiging. As daar selfs net ’n speldekopgrootte merkie iewers op jou eetgerei was, het hulle ’n groot ding daarvan gemaak. Jou aangekla, in jou gesig geskree oor wat ’n vuil, vieslike vuilgat jy was. So jy het seker gemaak die goed is skoon. So eenvoudig soos dit.

Eenkeer tydens ’n ete het ek my vriend se blomkool van nader bekyk. Dit was hoog op sy bord gestapel. Ek het hom myne gegee want ek kon dit nie verdra nie, en hy het regtig daarvan gehou. Ek het daarna gekyk, bly dat ek dit nie hoef te eet nie. Toe sien ek iets beweeg. Ek het nadergeleun. Ek was van aangesig tot aangesig daarmee terwyl my buddy weglê. Daar was klein wurmpies wat daar rondgekruip het. Hulle moes diep in die blomkool weggekruip het. “Nee! Kyk na jou blomkool!” het ek gesê.

Die man het wit geword. Al die ouens aan tafel het. Aan die ander tafels ook. Daardie aand het die kokke hel gekry by die RSM, wat basies die basis "besit" het. Hy was nie-amptelik die hoogste gesag daar, soos die meeste RSM's.

'n Ander keer het my fiemies my gered toe ons skaapribbetjies gekry het. Onthou, dit was nie restaurant-gehalte nie. Ek het dit nog nooit voorheen geëet nie, toe dag ek: "Wel, hier is ek nou, kom ons probeer dit." Ek wou nie uitstaan nie, toe laat ek die opskepper dit op my varkpan neerplak. Dit was grys, slymerig en het sleg geruik, maar ek het geproe. Die ander het gelyk of hulle dit geniet. Ek het nie. Ek het dit vir my blomkoolvriend, Eddie, gegee. Hy het ook sy skaapvleis geniet – of miskien was hy net nie vol fiemies nie – en het dit verorber.

Die volgende dag het die hele basis gyppo guts gehad – honderde behalwe vir 'n paar van ons. Die toilette permanent vol en die basis het gestink. Ouens is toegelaat om dril, teorielesse, aantree of wat ook al te mis sonder dat vrae gevra is. Hulle het letterlik op pad kakhuis toe al begin uittrek, webbelt in die hand. Dit was komies. Dit het omtrent twee dae geduur, 'n periode waarin ons G3's baie, baie besig was. Kakhuisdiens.

In '89 is ek Parabats toe, maar eers halfpad deur Basies. Voor dit was ek in die Infanterie in Walvisbaai, aan die voetslaan deur die flippen woestyn. Ek het genoeg gehad van die woestyn. Ek het gedink: "Nooit, I can't take this." Toe, snaaks genoeg, het 'n Samil stilgehou. Parabats het uitgeklim en gesê hulle is op soek na nog vrywilligers. Hulle het nie gesê hoekom nie, maar later het dit uitgekom hulle het mense gesoek vir die grensgebied in die Noord-Transvaal. Ek was die eerste man om in te klim.

Toe ons terug by die basis kom, het hulle ons die vreemdste vrae gevra wat ek nog ooit gehoor het. Twee van dié snaakse vrae wat ek onthou, was: "Het jy 'n ouer broer?" en "Het jy tatoeëermerke?" Ek dink die eerste vraag was om seker te maak dat, as jy doodgaan, daar iemand is om na die gesin om te sien, of so iets. As jy nie 'n ouer broer gehad het nie, of jy het 'n tatoeëermerk gehad, vergeet daarvan, jy het nie gegaan nie. Dit was dit. Ek weet nie hoekom nie. Ek het nie gevra nie en hulle het nie gesê nie. Net ses van ons het aan daardie vereistes voldoen. Ek's nooit gevra of ek matriek het en of ek aan 'n godsdienstige groep behoort nie.

'n Hercules het ons Bloemfontein toe gevlieg. Toe ons daar aankom, was daar 'n deurmekaarspul met die datums. Hulle was nie gereed vir ons nie en toe het ons die dag af en het baie min gedoen.

Omdat ons die helfte van ons Basies in Walvis as Infanterie gedoen het, en

dieselfde inname as ons van die begin as Parabats opgelei is, is ons nie maklik aanvaar nie. Die tweede nag ná ons aankoms het die korporaals allerhande neerhalende aanmerkings gemaak en ons op ons hande met bees-prods geskok. Toe moes ons in ’n donker hangar in hardloop, waar die valskerms gepak is, so vinnig as wat ons kon. Valskermkoorde was horisontaal styfgespan binne-in die hangar. Ons het glad nie geweet dis daar nie. Die koorde het ons in die bors gevang en ons agteroor geslaan. Ons is aangesê om in gate in die grond in te kruip. Dit was stikdonker. Ouens het daaronder op ons gewag en ons in die gesig geslaan. Ons het dit nie verwag nie en kon niks sien nie.

Die korporaals het baie keer in ons bungalow ingekom en gaan sit. Ons het geweet wat kom. Ons het vir hulle koffie gemaak, saam koekies geëet en oor alledaagse dinge gepraat. Dan het ons dit gekry. Hulle het gesê hulle gaan ons nou moer. Die hele groep het op ons trommels gestaan en hulle het ons ’n paar klappe op die maag gegee, net vir die grap. Dit was ’n algemene ding. Ek dink dit was ’n tradisie. Hulle het probeer om ons taaier te maak. Soms is ons met die houtsteel van ’n entrenching tool geslaan. Hulle het dit losgeskroef en jou geslaan. Vasbyt! Ja, wat ook al. Hulle het van bed tot bed beweeg en elkeen het ’n beurt gekry. Soms het ons ons helms opgesit en dié het hulle ook met die stokke geslaan. Hulle was baie aggressief. As hulle nie van jou gehou het nie, het hulle ’n goeie job daarvan gemaak. Dan is hulle daar weg.

Reg van die begin af is ons geleer om aggressief te wees. Ons moes met bokshandskoene teen mekaar baklei. Hulle wou hê ons moes aggressief wees. Ons was een trappie onder die Padvinders, het hulle gevoel. Recces, Padvinders, Valskermbataljon, en dan die ander. Hulle was veronderstel om ons gewelddadig te maak, en dit het gewerk. Hel, ons het mekaar geslaan!

Dit het ook nie gehelp dat jy Engels was nie. Glad nie. Daar was altyd ’n definitiewe skeiding tussen Afrikaans en Engels. Afrikaans was die omgangstaal en ook die taal waarin ons opgelei is. Ons het gedurig gewonder: “Oh, shit! What did he say? What did that mean?”

Ek sal jou iets sê. As jy ’n swartman wil sien wit word, gooi hom by ’n vliegtuig uit. Hy’s 32 Bataljon – hy het al alles gesien. Maar hy was nog nooit op ’n vliegtuig nie. Hy verstaan nie die konsep van vlieg nie. Hy het nog nooit by ’n deur tweeduisend vyfhonderd voet bo die paradegrond uitgekyk en die bevel gekry om te spring nie. Dis skrikwekkend genoeg vir ons – selfs ons kak ’n bietjie. Dit maak nie saak wie jy is nie – aanvanklik bekak jy jouself. Jy doen iets teen jou liggaam se instink in om te oorleef. Jy moet daarteen veg wanneer jy deur daardie deur wil gaan. Jou liggaam sê: “Dis die dood dié. Jy sal jou dood

val as jy van tweeduisend vyfhonderd voet af spring.” Maar jou verstand sê: “Dis als oukei, jy dra ’n valskerm.”

Hangar-opleiding kom nie naby aan die dag waarop jy die eerste keer uit ’n vliegtuig spring nie.

Iets baie vreemd het aan die einde van Basies met my gebeur. Ek is aangesê om in my browns by die hoofhek te rapporteer, dit wil sê ek het nie my groot tuinieroorpak gedra wat ons deur die hele Basies moes dra nie.

Ek is nie gesê hoekom ek moes rapporteer nie en ek het ook nie gevra nie, maar ek was nuuskierig. ’n Ongemerkte wit Corolla met militêre nommerplate het stilgehou. ’n Man in burgerlike drag het uitgeklim. Hy was in sy laat-twintigs en het kort, blonde hare gehad met so ’n effense mullet, en ’n netjies geknipte snor. Hy het ’n wit kortmouhemp en ’n swart das en swart broek aangehad. “Klim in. Agtersitplek.”

Ons het in stilte uit Voortrekkerhoogte gery. “Excuse me, sir, where are we going?”

“Jy sal uitvind.” Einde van die gesprek. Hy het niks laat deurskemer nie en het nie gepraat nie. Ek was benoud, maar het kalm gebly. Nog glad nie rede om paniekerig te raak nie. Ek het probeer dink wat ek verkeerd kon gedoen het. Toe kom ons by ’n klipperige plek in die veld. Ek onthou daar was ’n lang, drieverdiepinggebou met ’n koppie daaragter, so in die middel van nêrens.

Hy het my teen ’n trap en met ’n gang langs begelei, en my na ’n kleinerige kamertjie laat gaan. Drie ander troepe van ander eenhede het reeds daar gesit, om ’n ronde tafel. Nie een van ons het geweet waarom ons daar is nie. Ons het stilgebly en net gesit en kyk vir mekaar. Voor ons was papier en tekenmateriaal. Ek het ’n groot spieël teen die muur opgemerk. Toe het ’n offisier, ek kan nie sy rang onthou nie, ingekom. Ons het hom gestrek. Hy het gegroet en ons gesê ons moet ’n logo ontwerp wat die eenheid wat die verskillende militêre eenhede in gemeen het, uitbeeld. Ek het dadelik ontspan, want ek was ’n opgeleide grafiese ontwerper. Dit sou maklik vir my wees. Ons het elkeen ’n glas sap gekry om te drink.

Ek het voor die ander klaargemaak. Hulle ontwerpe het taamlik amateuragtig gelyk. Ek het na my prent gekyk en gewonder hoe lank ons daar sou moes sit. Dis die laaste ding wat ek kan onthou voor ons terug was by die basis. Iemand het gevra waar ek was. Hy het gesê ek was die grootste deel van die dag weg. “What? No way! I’ve only been gone about an hour or so,” het ek gesê. Ek het gou vergeet van die episode.

Jare later, uit die bloute, het ek die voorval onthou. Ek het my vrou vertel en

nog ’n grap gemaak dat hulle op ons geëksperimenteer het na ons bedwelm is. Die sap! Toe het dit my getref – wat as hulle regtig iets gedoen het? Ek het daaroor gedink en ek onthou sulke snarsies vreemde ligte en stemme. Miskien leef ek in die twilight zone, maar dit pla my want ek weet nie of iets gebeur het of nie. Dis ’n skrikwekkende gedagte. Miskien is ek net die ene delusies. Nou dink ek dit was Militêre Inligting wat op grond van die vraelys wou sien of hulle van my gebruik kon maak. In die vraelys het ek my dwelmgebruik as student aangedui en moontlik was ek iemand wat “uit die boks kon dink”. Ek het egter nooit uitgevind nie, want ek is na Basies dadelik verplaas.

---

Daar was twee dinge behalwe vasberadenheid wat my die wilskrag gegee het om deur Basies te kom. Een was die gedagte aan my meisie en dat ek haar weer sou sien. Ek het ook geweet Basies is net tydelik en dit sou verbygaan. ’n Mens moes jou kop in die toekoms kry en daaraan glo. Die ander ding was die Engelse band Strawbs. Ek het na ligte-uit, wat tienuur was, op my Walkman na hulle geluister. Dit was een van die beste oomblikke van my dag. Ek’t daar op my bed in die donker bungalow gelê. Die basis was stil. Die gedagte aan my meisie terwyl ek na Strawbs luister, was ’n kombinasie wat my na ’n ander plek laat reis het, ver van my werklikheid af. Eddie het my baie keer wakker gemaak, want die musiek op die oorfone het lank nadat ek begin snork het, nog gespeel. Ek het dit afgeskakel, op my sy gedraai en dadelik weggeraak, baie gelukkig.

Hierdie dinge het my baie gehelp om te bly fokus. Sonder hulle sou ek op min dinge kon konsentreer. Die meeste troepe, glo ek, het almal ’n sekere iets nodig gehad om hulle te laat deurdruk. Sommige het God en die Bybel gehad – baie was gaande oor Jesus – terwyl dit vir ander die idee van hulle ouers of tuisdorp was. Ek het ’n meisie gehad – nou my vrou – en Strawbs. Ek het nog die kasette en die Walkman. Jy kan dit maar saam met my begrawe.

*Dit was nie in my aard om rondfokke en opfokke te wil gee nie. Dit was die kultuur. Ek het nie goed daaroor gevoel nie, maar ek het ook nie sleg gevoel nie. Dit het my soos ’n goeie instrukteur laat voel. My manne was taai en hulle was gedissiplineerd. Ek kon dit sien toe ons Grens toe is. Toe ek in die siekeboeg beland, het hulle almal kom hallo sê.*

*In nabetragting was dit goed vir infanterietroepe, want as jy iemand ’n bevel moes gee en hy’s onder druk en bang, dan tree sy opleiding in. “As die korporaal*

*sê ek moet dit doen, dan moet ek dit doen!" So die opleiding het definitief 'n rol in oorlogtoestande gespeel.*

# Bosfase

Ek weet dis ’n stukkie nuttelose inligting, maar een van die baie dinge wat ek onthou hulle ons geleer het, was hoe om die veld voor jou deur te kyk: jy het jou oë van regs na links beweeg, nie links na regs nie. Die redenasie was dat wanneer jy lees, jy altyd jou oë in die links-na-regs rigting beweeg, wat beteken dat wanneer jy die horison beskou, jy van nature vinniger sal kyk en moontlik belangrike besonderhede sal mis. Deur in die teenoorgestelde rigting te kyk, beweeg jou oë stadiger en dis meer waarskynlik dat jy iets wat jou lewe kan red, sal opmerk. In die nag gebruik jy periferale visie, die buitenste rand van jou visie, om ’n voorwerp raak te sien. Dis baie meer doeltreffend as om direk te fokus.

Ons het Voortrekkerhoogte in ’n konvooi van omtrent twaalf Samil 50’s verlaat, op pad na Walmannstal in die Hammanskraal-area noord van Pretoria. Ons het ons volle gevegsuitrusting gedra, met ons ongelaaide R4’s tussen ons knieë gedruk. Glo dit of nie, ek was een van die laaste vier troepies om by die bak se klap te sit, op die heel laaste Samil.

Die konvooi het stadig met die linkerbaan van die N1 Noord langs beweeg terwyl burgerlike voertuie aan die regterkant verby is. Ek kon dit nie help om trots te voel nie, want die meeste mense het geglimlag en vir ons gewaai, sommige met die mindae-teken in die vingers. Ek onthou, as ’n kind in die vroeë tagtigs, hoe ek hierdie selfde nutria-konvooi met dieselfde troepies gesien het, grinnike op hulle gesigte. Nou was ek een van hulle, met dieselfde simpel grinnik op my gesig. Ek het geweet hoe hulle jare gelede moes gevoel het. Sal dit laf klink as ek sê ek het hoendervleis gehad?

Die hoogtepunt van die reis, wat net ’n paar uur geduur het, was toe ’n baie aantreklike, jong, blonde passassier – die drywer, wat stadiger gery het toe hy langs ons kom, was seker haar boyfriend – haar top gelig en haar borste vir ons gewys het, die lieflikste ryp, ferm borste, terwyl sy lag. Ek sê ’n lieflike paar, maar dit was ook al drie maande sedert ek laas ’n paar gesien het, net voor ons ingeklaar het. Ons het almal gelag en applous gegee. Vir dié van ons wat dit gesien het, was dit ’n belonende gevoel en ons moreel het ’n groot hupstoot

gekry! Dis verstommend wat ’n bietjie vlees aan ’n troep kan doen!

Uiteindelik het ons daar aangekom. Dit was ’n groot militêre kampong – niks anders as plat, droë veld en rooi stof nie. Dit was ’n goeie gevoel om amptelik toegelaat te word in ’n gebied waar burgerlikes nie mag kom nie.

Toe sien ek ’n gesig wat ek nooit vergeet het nie. Agter doringdraadheinings was daar honderde geparkeerde voertuie: Elande, Buffels en ander vervoer, rye en rye, tot oor die horison. Hulle was almal met fyn rooi stof bedek. Vir my was dit ongelooflik, al hierdie hardeware wat net daar staan en wag – en soveel daarvan.

Later was ons nog meer verbaas toe ons tydens etes geen lepels of vurke kon kry om die kos mee op te skep nie. Die army kon miljoene bestee aan voertuie en die gepaardgaande logistieke, maar dit kon nie ’n manier kry om basiese eetgerei te reël nie. Dit was vir my baie ironies.

Die haarkappers op die basis was sersante en stafsersante. Ons hare is weer ’n keer gesny vir bosfase.

Die ouens wat voor ons gekom het, het volle uitpakinspeksies op Badkop gehad, buite in die veld. Hulle het hulle staalkaste en beddens – alles – as ’n oppie soontoe geneem, tot iets só hard op iemand se kop geval het dat hy woes aan die bloei gegaan het. Toe het hulle dit gestaak.

My ouens het ’n bos-op gehad waaraan ek gelukkig nie deelgeneem het nie. Die luitenant het gesê ons moet op na die toring toe en terug hardloop in minder as ’n minuut. Ek het uitgehaal en gewys. Dié wat oorgebly het, het die bos-oppie gekry. Sit, lê, staan, hardloop. Halfuur. Hulle was toe onder die stof toe hulle klaar is, hulle overalls was rooi. Hulle was pootuit.

Ons het die gemeganiseerde infanterie hulle oefeninge sien doen. Snags het hulle die 0.50 Brownings wat op hulle voertuie gemonteer was, op duisend voet fakkels gerig. Tracers het in boë die lug in geskiet. Dit was soos Star Wars, almal wat uit verskillende rigtings op dieselfde fakkel skiet.

Die plek was enorm. Daar was hektare en hektare opleidingsgebied, onder in ’n vallei. Ons het ’n vee-operasie gedoen. Alfa, Bravo, Charlie, Delta. Die kompanies het almal een reguit lyn gevorm, maar jy moes jou buddy langs jou nog kon sien, so ons was so vyf meter uitmekaar. Het ons heeldag geneem. Ons het die dowwerds met toiletpapier gemerk.

Ons het by De Brug gekamp en rat packs geëet, loopgrawe gegrawe, daarin geslaap, en bosfase-dinge gedoen. Ons was nou op pad om helikopterdrils te

doen. Ek was baie opgewonde en het daarna uitgesien. Helikopters sou aankom en ons sou drils doen oor hoe om Oryx'e, Pumas en Alouettes in te gaan en te verlaat. Ons het nie geweet wat gaan gebeur nie. Ek kon nie wag nie – dit was 'n groot dag – maar die helikopters was laat. Ons is terug na die loopgrawe gestuur en en moes wag tot ons geroep word om aan te tree.

Ek het 'n lekker sonnige kol gekry. Ek was in my skik; die lewe was goed. Ek het aan die slaap geraak – ligte uit. Ek het bygekom toe iemand my naam roep. Ek het wakkergeword en heeltemal deurmekaar gevoel nadat ek so in die son gelê het. Toe sien ek die kompanie het reeds aangetree! Ek het uit die bos gehardloop en die hele kompanie, insluitende die kaptein en die sersant-majoor, het vir my gewag. Die sersant-majoor het gevra of ek dagga gerook het, so gegoof het ek gelyk. Natuurlik het ek nie, maar ek het geweet daar kom 'n opfok. Ek moes 'n sandsak kry en dit op my skouers dra. Toe moes ons so vier kilo's na die helikopter toe hardloop. Helm, geweer, ammo, full kit en ek met my sandsak. So, op pad soontoe, het my buddies 'n klein gaatjie in die sak gemaak. Die sand het uitgeval terwyl ons hardloop en so die las ligter gemaak.

Ons het die drils in en uit die helikopters gedoen. Daar is nie gevlieg nie, waarvoor ek dankbaar was, want ek wou nie daardie ervaring met 'n verbrande sandsak ruïneer nie. Dit sou van 'n baie goeie geleentheid 'n baie goor geleentheid gemaak het. Almal het ons dopgehou. Klim in, klim uit, klim in, klim uit – dit alles met die sandsak wat grond oor die helikopter mors. Die bemanning het my luitenant gesê hulle wil nie die grond in die helikopter hê nie en gevra hoekom moet ek in elk geval die sak ronddra.

Toe eers het die luitenant die gaatjie opgemerk. En dis toe dat ek uitgevang word. Hy wou my straf. Hy wou ook aan die fly-boys wys hoe ongelooflik ons Parabats is – dat ons 'n honderd push-ups en dan nóg 'n bleddie honderd push-ups kon doen. Hy het gesê ons is taai, en dat ons weet waaroor dit alles gaan, en hy wou my gebruik om dit te illustreer. Almal het gekyk. Vlugluitenante, vlieëniers, die res van die ouens – almal. Ek het gevoel ek verdien regtig nie nou 'n opfok nie.

"Sak!" het hy geskree. Ek het gesak en vyftig push-ups gedoen, met die sandsak nog op my rug. "Gee my nog vyftig!" Ek het nog vyftig gedoen en was uitgeput. Dit het elke druppel krag van my geverg, en ek het gedink hy's klaar. Toe sê hy: "Nog vyftig!" Ek kon nog 'n paar doen voor my arms geknak het. Ek het die eindpunt bereik. Ek kon net nie nóg 'n push-up doen nie.

"Nog! Ek soek nog vyf-en-twintig!" Hy het my gat met sy stewel in die grond vasgedruk. Hy was besig om my voor al daardie mense te verneder. Die fly-boys het nie gehou van wat hulle sien nie. Ek het dit nie verdien nie. Niemand verdien dit nie.

Dit was toe dat ek genoeg gehad het. Ek het op die luitenant se neus gefokus en was van plan om baie vinnig vorentoe te kom, op te spring met my linkerbeen omdat hy lank was, en die kak uit sy neus te slaan. Ek sou dit ingeslaan het. Maar om ’n offisier te slaan, sou DB beteken en ek sou van die kursus afgegooi en ge-RTU word. Ek het nadergestorm en in sy gesig geskree: “FUCK OFF!”

Hy het nie geweet dit kom nie en besef hy het my te ver gedruk. Jy kan net so ver gedruk word. Jy kan verdraagsaam wees en soveel spanning vat as wat jy kan, maar daar’s ’n punt waar jy genoeg gehad het. As ek voor ’n klomp mense verneder voel, sal ek baklei, ek sal doodmaak. Maar weet jy wat? Ek het hom nie blameer nie. Ek blameer hom nog steeds nie. Hy het baie van my gehou. Ons het goed oor die weg gekom. Goeie ou. Ek het van hom gehou, maar op daardie spesifieke tydstip het alles dof voor my geraak. Ek het gecrack. Ek het eintlik gecrack – en dit was heeltemal geregverdig. Ek het ’n offisier vertel om te fokof, voor almal, en ek wou hom doodmaak.

Een van die troepe was besig om ’n opfok te kry. Hy was een van die nerds – maar ’n goeie ou. Hy het ’n bril gedra en was maer en tingerig, en hy het hom altyd eenkant gehou. Die korporaals het al heeldag op hom gepik. Uiteindelik het hy sy humeur verloor en die een korporaal bestorm en hom met die R4 geslaan. Hy het heeltemal mal geraak, maar hy was nie opgewasse teen die korporaal nie. Hulle het in ’n doringbos in gestorm en in ’n stofwolk begin baklei. Die nerd en die fris, woeste korporaal het mekaar aangevat.

Hy is gou afgetrek. Hulle het op hom geskree terwyl hulle hom rondstoot en terroriseer. Trane het teen sy wange afgeloop en hy het gesnik, maar die korporaals het nie opgehou nie. Hulle het hom arm-agter-die-rug weggemarsjeer en hom vir die nag aangehou, maar hy is nooit amptelik aangekla nie.

Vir die volgende twee dae, tot aan die einde van bosfase, het die korporaals strenger as gewoonlik geword. Hulle wou hulle gesag oor ons herstel. Hulle het gevoel hulle het te sag geword, hulle was nie meer op hulle hoede nie, en nou het dit gebeur. Hulle het sy lewe hel gemaak. Hy moes elke uur met volle kit rapporteer. Halwe rantsoene. Glad nie sit nie. Glad nie praat nie. Hulle het hom aanmekaar geboelie. Jy kon sien die ou kry swaar aan die binnekant. Ek het baie jammer vir hom gevoel, maar jy moes wegbly, want hy het die verkeerde soort aandag getrek. Niemand het naby hom gekom nie. Almal het hom soos die pes vermy.

Die lekkerste deel van my opleiding was om op goed te skiet en goed op te blaas

– net vir die sports. Dit was konvensionele wapenopleiding met die mortier. Al die paraatheid wat saam met die wapens gegaan het, was heerlik. Ek het tydens ons konvensionele bosfase-opleiding in Grahamstad geoefen om ’n mortaris te word, maar omdat ek pas van Infanterieskool af daar aangekom het, het ek amper al my wapenopleiding reeds voltooi. Toe ek by 6 SAI aankom, het hulle net begin daarmee. Ek het al die opleiding reeds gedoen en nog meer, en toe ek daar kom, het ek bloot aangegaan. Die hele roetemars, alles – weer. Jy het al die wapens geskiet en dan gekies wat jy wou word – ’n LMG-draer of ’n mortaris, of jy bly ’n troepie-doepie.

Voor bosfase was ons ’n paar keer by die skietbaan waar ek 90% gekry het – ’n hoë punt en ver bo gemiddeld. Dit het vyf van ons ’n dag se pas verdien, soos belowe deur die sersant-majoor. Die korporaal het ’n aantekening gemaak van wie ons was.

Om een of ander rede het ek die R4 waarmee ek uitgereik is vir bosfase “Blondie” genoem. Eers wou ek dit na my meisie vernoem, maar het daarteen besluit omdat dit onvanpas gelyk het. Eendag het ek my humeur verloor, in my seksie se tent ingestorm en Blondie hard op die grond gegooi – wat absoluut teen die reëls en ’n doodsonde in die army was. Gelukkig vir my het ’n korporaal my nie gesien nie, omdat dit “beskadiging van staatseiendom” was en tot ’n aanklag sou gelei het. Nadat ek afgekoel het, het ek die geweer opgetel en die skade aan die voorste visier gesien. Dis omtrent die omtrek van vandag se eenrandstuk en dit was erg gebuig. Ek het gedoen wat ek kon om dit reg te maak, maar dit het nie dieselfde gelyk nie.

’n Paar dae later het ons by ’n ander skietbaan as die plaaslike een gaan oefen. Die korporaals het die vyf van ons met verwagtinge dopgehou. Natuurlik was my score heeltemal kak, heelwat onder die laagste ander score. Die sersant het Blondie bekyk en tot die gevolgtrekking gekom dat sy inderdaad beskadig was, en dat sy in daardie toestand aan my uitgereik is. Dit was vir hulle ondenkbaar dat *ek* dalk die een was om die beskadigingswerk te doen. Dit was net die ouens in my seksie wat geweet het wat die waarheid was. Ek moes my Bungalow Bill, ’n regte gatkruiper, ompraat om sy mond te hou. Hy het van dag een af sy mes vir my ingehad omdat ek die enigste Engelse ou in ons seksie was en daarby nie altyd goedsmoeds saamgewerk het nie, wat hy gepes het. Die ou was so paraat. In elk geval, hy het ingestem. Ek dink hy was in hierdie stadium van Basies wys genoeg om te weet die hele seksie sou rondgefok word as hy my split.

Een van die grootste nagmerries was blase. Loop, PT, marsjeer en hardloop – alles – is gedoen met jou stewels aan, jy het dus eenvoudig nou maar net blase gekry. Oral op jou voete. Jy het hulle oopgemaak en na laat kyk en laat behandel. Die Medic was gedurig besig om blase te behandel. En dan kry jy blase onder daardie blase. Blase op blase op blase. Uiteindelik het jy gate in jou voete. Rou voete. Daarvoor was baie Mercurochrome nodig. Jy kon op Light Duty gaan hiervoor, maar dan is jy van die Bats af. "Gaan eerder na 'n ander kamp toe," het hulle gesê. Die Light Duty-opsie sou jou laat uitstaan en hulle sou seker maak jy val iewers langs die pad van die kursus af.

Net ernstige gevalle het op Light Duty gegaan. As daar 'n man was wat gekies het om daar te wees, oor iets soos shin splints, was hy dadelik 'n wuss. Hy kon eerder sy shin splints verduur. Shin splints was niks. Dit was seer, maar dit was nie asof hy dit waarmee hy besig was, moes staak nie. Hy kon aangaan. En om aan te gaan, was in elk geval goed vir die splints. Sodra jy 'n Ligte Vrug geword het, was jy "vyand nommer een". Jy moes 'n ernstige rede kon aanvoer om te gaan – soos dat jy jou knie op vier plekke gebreek het en net pennetjies dit aanmekaar hou. Dit was oukei. Dan kon jy gaan.

Dit het regtig gebeur. Een ou het sy kursus voltooi, maar nie sy vlerkies gekry nie. Op die heel laaste dag van die kursus moes jy as deel van die toets van die olifant af val. Dit was 'n groot struktuur, van pale gemaak, met 'n tou wat afhang. Jy was veronderstel om jou bene rondom die tou te haak en af te gly terwyl jy 'n spesiale tegniek gebruik om die tou tussen jou voete te hou. Sommige ouens kon dit net nie regkry nie en het soos klippe geval. Die probleem was die ouens was in die modder toe hulle onder die draad deur gekruip het, en al die toue was glibberig. As jy nie die tegniek gesnap het nie, kon jy nie keer dat jy val nie. En hierdie ou het geval, maar hy het aan die binnekant van die olifant geval waar daar 'n paal in die pad was, en hy het sy knie in fragmente gebreek. Ons kon dit nie glo nie. Sy heel laaste toets. Plate en boute is in sy been gesit, en toe sit hulle hom nie deur nie. Hy het nooit sy vlerkies gekry nie. Hy het dit nie gemaak nie. Dis hoe dit gegaan het. Hy was 'n baie goeie ou ook, 'n regte plaasseun wat my altyd gehelp kyk het na my trok.

Hei, kyk hierna! Dis een van die aantekeninge wat ek tydens bosfase geskryf het vir wagstaan:

> **Algemene instruksies:**
> Onder geen omstandighede sal die wag (a) die wagarea verlaat (b) sy uniform uittrek (c) alkohol of dwelms gebruik (d) enige geskenke aanvaar

(e) na die radio, Walkman of TV luister (f) sy geweer neersit (g) sy diens verleng of sy pos verlaat sonder dat hy vervang is (h) dienste uitruil of verander (i) eet, drink of rook (j) sit, teen iets leun (k) gesels, behalwe as deel van pligte (l) in besit wees van enige lees- of skryfmateriaal nie.

Ja, sure!

Daar was ’n stuk grond waar ons aangesê is om te slaap. Ons is gewys hoe om ons loopgrawe te grawe, omtrent ’n voet diep, en dan hoe ons ons bivvies oor die slote moes span. Twee-twee ouens het bymekaar geslaap. Dit was nie maklike grond om in te grawe nie, maar ons het reggekom. Die idee was dat jy versteek was, omdat die bivvies op grondvlak in ’n oop en blootgestelde area was. Die vyand kon jou nie dadelik sien nie. Army bivvies was donkerbruin, en ons het hulle onder takke en bosse toegepak.

Die eerste nag besluit twee troepe om hulle skerm langs ’n ou boomstomp in te rig. Ons het binne sekondes aan die slaap geraak ná nog ’n lang en uitputtende dag. Jy’s doodmoeg, heeltemal uitge-pass, ten spyte van die ongemak. Toe ons voor sonop wakker word, was die twee troepe vol bosluise, die een wat reg langs die stomp geslaap het, meer as die ander een. Daar was dosyne op hom. Hy het daar in sy onderbroek gestaan met so ’n weersinnige trek op sy gesig. Hy het geweet hy was in die moeilikheid. Die sersant het ook. Hulle het hom gou vir behandeling weggeneem. Hy het nie teruggekom bosfase toe nie, maar ek’s seker hy was oukei.

Eddie het sy klein radio’tjie saamgevat. Dit was nie toegelaat in die bos nie, maar hy het dit van die kamp af saamgesmokkel. Gedurende die nag was ek en hy saam in ons vlak loopgraaf onder ons bivvies.

Dit was laat en die ouens het almal geslaap. Die korporaals was dan nooit juis teenwoordig nie. Eddie het die radio ingestel, baie sag, en binne sekondes het ons “Hotel California” van die Eagles gehoor. Dit was nog altyd een van my gunstelinge. Toe het dit my aan die huis herinner.

Eddie het na die tyd aan my verduidelik die liedjie gaan oor dwelmverslawing en alkohol. Ek kon dit nie glo nie – dit van ’n konserwatiewe Afrikaanse ou. Hoe het hy geweet? Wanneer ek die liedjie hoor, dink ek altyd aan hom en hoe ons in ons ou army slaapsakke lê en ons koppe onder die bivvies uitsteek om na die sterre te kyk en oor niks belangriks te gesels nie. Ek het goeie herinneringe aan daardie surrealistiese, maar goeie ervaring.

Ons het ’n lang dag vol PT en opfokke gehad en was baie moeg. Dit het die heeldag en tot in die aand aangehou. Ons blase het ons hel gegee en ons was gatvol. Die range het gesê ons kan na ons bivouacs toe gaan en gaan slaap.

Ons het seker vir minder as ’n uur gelê toe hulle ons weer aantree. Ons het so gemaak. Toe sê hulle ons moet teruggaan na ons bivouacs, ons battle jackets hervul, water kry, ons gewere kry en terugkom. Ons is toe ingelig dat hulle ons in seksies gaan verdeel vir ’n nagmars.

Dit het begin reën en dit was koud. Hulle het ons ’n kaart gegee en ons laat uitbeweeg. Daar was omtrent agt checkpoints waar ons moes verbygaan voor ons kon terugkom vir ’n paar uur se slaap. Natuurlik wou ons almal die affêre oor en verby kry. Ek het by ’n seksie beland waar niemand geweet het hoe om ’n kompas te gebruik nie. Die rede waarom ons seksieleier gekies is, is dat hy ’n bril gedra het. Hy *moes* dus intelligent wees.

En daar trek ons toe weg. Ons kon nie die grond voor ons sien nie. Ons het met blase deur die bos in die nag en in die reën gestap. Die hoëveldbos groei in polle gras, so jou enkels draai en rol gedurig. Dit het jou blase aan die brand gekry en die enigste manier waarop jy die pyn kon keer, was deur te loop. Loop en loop en loop. Sodra jy gestop het, het die pyn teruggekom. Jy het die pyn letterlik dood geloop. Jou brein moes die pyn afgeskakel. Dis hoe seer dit was.

Ons het by ons eerste checkpoint uitgekom. Ons was baie seker dis die plek, maar daar was niemand om ons welkom te heet nie. Niemand om ons stuk papier te teken nie. Ons moes ons bearings baie verkeerd gekry het. Ons was verdwaal, ons was moeër as moeg en ons kon skaars praat. Ons het nie geweet wat om te doen nie, want ons was seker dis die regte plek.

Ek het almal bymekaar gekry en ons het gaan sit. Ek het ’n idee gehad. “Section Leader, this is what we do. Where’s the map?” Hy het dit aan my oorhandig. “What we do is drop it into this puddle of water and make it unreadable, all muddied.”

“Ja? Wat dan? Kan jy ons terug by die basis kry?”

“Ja, I can. This is what we’ll tune the captain. We’ll go back, ask for a new map, ask to start again and see what he says, okay? If he gives us a new map we’ll carry on going. It has to be like that.”

Die seksieleier het dit oor ’n koekie bepeins. “Okay, kom ons probeer dit, maar dis ’n groot kans wat ons vat.”

Ons is terug basis toe waar ons die situasie aan die kaptein verduidelik het en vir nog ’n kaart gevra het. Hy het lank na ons gestaar en ons het rusteloos geraak. “Nee,” het hy gesê. “Dis sinloos. Julle sal eers in die vroeë oggendure terug wees. Kry dan eerder ’n bietjie slaap en vergeet van die mars.” Ons het probeer om nie ons opgewondenheid te wys nie en ’n bietjie skuldig gevoel toe

ons terug in ons slaapsakke klim. Ons het aan die slaap geraak, maar toe moet ons skielik aantree. Ons het gedink: “Oeps. Die plan het toe nie soveel byval by die kaptein gevind nie. Nou gaan ons dit hoor.”

Pleks daarvan, het hy gesê ons is inderdaad die swakste groep, dat ons opgeneuk het en dat hy hoop ons daaruit geleer het. Hy het ook gesê hoe moeg hy was, dat hy gaan slaap, en dat hy wil hê ons moet by die vuur sit en die ander seksies afmerk soos hulle inkom. “Maak beurte. Een uur op ’n slag.”

Die reën het neergestort, maar daar was ’n groot vuur onder die kaptein se boma, met bivouacs daarom, en daar was koffie. Die eerste ouens het tydens my beurt aangekom. Ek was snoesig en warm, met ’n sigaret en ’n warm, stomende koppie koffie. Dit was so wreed.

Ons het egter die ander vertel wat ons gedoen het. Toe hulle uitvind, het hulle gedink dit was ’n slim plan. Ons het ons koppe gebruik, ons intelligensie. Ek het die gevoel gekry dat dit was wat die kaptein in gedagte gehad het – dat ons die stelsel omseil het.

Die meeste van ons het baie gewig tydens Basies verloor. Teen die tyd dat bosfase aangebreek het, was ons gewoond aan min kos. In bosfase het hulle ons twee maaltye ’n dag gegee: brunch halfelf in die oggend en wat ek “sunch” genoem het – lunch en supper – halfvyf in die middag. Dit het gewoonlik uit rys, ’n stuk bruinbrood, ’n stuk vleis, ’n eier en vrugte bestaan. Die porsies was baie klein. Ons het ons dixies gebruik. Ek het vir die opskepper gesê hy moet my hoofmaal en poeding alles in die een dixie skep. Dan hoef ’n mens ’n bietjie minder waswerk te doen. Hoewel die porsies minimaal was, was ons besig om te leer om kos te waardeer as ’n luuksheid en ’n noodsaaklikheid, en dit nie sommer net te aanvaar nie. Jou fiemies, as jy so iets gehad het, was gou daarmee heen. Maar teen hierdie tyd het jou maag al gekrimp, jou lyf was leniger en fikser, en jou verstand was meer op die bos ingestel. Jy was nou basies gereed om die taaier, sterker persoon te wees wat hulle wou oplei, fisiek en verstandelik: ’n soldaat. Ek het dit eers in nabetragting gesien. Al wat ek toe gedink het, was: “Hoekom moet ek hierdie goed doen? Vir wat?”

Ek moes ’n draai gaan loop. ’n Nommer twee. Die probleem was dat ek geweet het ons sal binne vyf minute vir aandete moet aantree. Daar was nie eintlik ’n keuse nie, want ’n mens moes betyds aantree anders is jy natuurlik in die moeilikheid. Maar ek moes gaan. Ek het gedink ek kan uithou. ’n Minuut later kon ek net nie meer nie. Besluit geneem. Ek het my toiletpapier gegryp en die

bos in gedraf terwyl ek my overall oopknoop en my webbelt losmaak. Ek was rasend. Daar was nie meer tyd nie – vergeet daarvan om ’n gat te grawe! Ek het gehurk en daar was verligting, maar omdat ek in sulke desperaatheid gaan sit het, het ’n deel van my uitskot op my overall beland omdat ek dit nie heeltemal onder my bene uitgetrek het nie.

“Tree aan!” het hulle geskree. Een minuut oor. Vinnig gevee, die produk van my poging weggeskiet, my overalls afgevee, my bewysstuk so goed ek kon bedek en toe weer gesorg dat ek by die aantree-area kom. Het dit net-net gemaak. Natuurlik het ek verdag geruik, maar ons het almal gestink, so niemand het dit agtergekom nie – hoop ek. Ek het vir ’n rukkie ’n bietjie gejeuk, maar in daardie situasies vat jy dit maar soos dit kom.

---

Ons was op De Brug. Dit was vroegoggend en ysig koud. Dit was hel. Die hel is ’n koue plek. Ek het ’n sigaret met ’n Afrikaanse ou gedeel.

“Glo jy in die hemel?” het hy gevra.

“Ja. I do believe in heaven.”

“Glo jy in hemel op aarde?”

“Well, ja, there can be. I believe there is.” My sigaret het goed gesmaak.

“Goed so. Nou praat ons. Nou verstaan ons mekaar. Ek sal aan jou beskryf wat die hemel is. Vir my, terug by die huis op die plaas, wanneer jy in die oggende wakker word, is dit ys, yskoud. Jou pa wil hê jy moet die koeie gaan melk. Jy hardloop kaalvoet buitentoe na die koeie toe. Dan, wat jy soek is ’n groot miskoek – ’n vars een, hy moet nog so stoom van die warmte – en dan gaan staan jy daarin. Warm voete op ’n koue oggend, op die plaas by jou pa. Dis vir my hemel op aarde.”

Ons het ’n rowwe dag gehad. Ons was besig om ons gewere skoon te maak. Iemand het ’n Sparletta en sigarette gehad. Camels – regte Camels, met die woord *Camel* in bruin. Ontspanningstyd. Kon my inspeksie inhaal. Kon ons gewere blinkvryf. Amper soos ’n naaldwerkklub. Dit was laatmiddag en daar was ’n koel briesie. Geen korporale of luitenante om op ons te skree nie. Dit was so ontspanne. Het aan die huis gedink, ’n bottel Sparletta gedeel, sigarette uitgedeel, gelag. Moes ’n Sondag gewees het.

Een troep in my seksie het die sersant gevra of hy ’n sigaret kan rook. Ons kon

slegs in ’n bepaalde area rook en dan ook net sekere tye. Hy het ’n kans gevat om te vra want dit was nie die regte plek of die regte tyd nie. “Ja, oukei, haal hom uit. Maar dan moet jy hom nou klaar rook. Onder ’n minuut.”

“Dankie, Sersant.” Hy het sy sigaret ge-hotrod. Gelukkig vir hom was dit ’n Camel, wat droog en los gepak is, so dit brand gou. Hy kon doen wat die sersant beveel het. Dit was lekker om daar as ’n groepie te sit en te kyk hoe hierdie troep sy gwaai hotrod, met die son wat sak en ’n ontspanne sersant – op daardie oomblik – almal net rustig. Dit was ’n goeie oomblik. Toe sê die sersant: “Vir jou beloning kan jy nog een rook.” Hy is toegelaat om dit op sy eie tyd klaar te rook. So ’n onbenullige ding om in ’n mens se geheue vas te steek.

’n Ander keer was my squad saam met dieselfde sersant en ons het gesit en die sterre bewonder. Hy het opgewys, na een van die troepe gedraai en gevra: “Wat sien jy daar?” Ek dink hy het ’n voor die hand liggende antwoord soos “sterre en ruimte” verwag, maar hierdie troep was nogal slim en godsdienstig daarby, soos hy geweet het die sersant ook was, en op ’n stadige, NG Kerk-manier gesê: “Sersant, ek sien God, Sersant.”

Hy het geweet hy het punte gescore. ’n Baie berekende antwoord, of hy dit geglo het of nie. Die sersant het geknik, diep beïndruk. “Ja, jy het hom reg oppie kop.”

Ons het in stilte gesit en na die krieke en die veraf gesels geluister. Dit het my aan die dink gekry …

’n Paar dae later het die sersant en ek ’n bloutjie geloop. Dit was reg aan die einde van bosfase, letterlik in die laaste halfuur, net toe ons die opleidingsgebied verlaat. Dit het alles begin toe ons die Samil 100 met almal se rugsakke laai. As ’n G3 moes ek na my squad se R4’s kyk, wat beteken het daar was dertien stewelveters aan my pols vas. Dit het gevoel of ek die gewere vir ’n stappie vat. Ons is opgelei om nooit ons gewere buite sig te laat gaan nie. Hulle moes deel word van ons, altyd deel wees van ons, vir ewig. ’n Geweer was soos ’n ledemaat. Hierdie reël is streng afgedwing en ons het dit nooit vergeet nie, want die gewere was aan ons vasgemaak. Jy het geskyt, geëet en geslaap met jou geweer aan jou vasgemaak.

Ek het uit enige moeilikheid probeer bly, want die korporaals was erg woes en op die uitkyk vir enige rede of verskoning om te skree. Ek dag ek is veilig. Toe kom dit, uit die bloute, in die vorm van een spesifieke korporaal – daar was drie – wat my van die begin af in sy visier gehad het. Hierdie vark het nadergekom en gevra: “Is jou sak op die trok?”

“Nee, Korporaal!”

“Gee my jou pikstel.” Sy grootsak was klaar weggepak en hy was honger. Ek het die leibande vir ’n ander troep gegee om op te pas en my pikstel uit my sak

gehaal. Net voor ek dit aan hom oorhandig, het ek dit gou op my bosbaadjie gevee om die stof af te kry, uit respek uit, ten spyte daarvan dat dit vlekloos was.

“Dis vuil! Hoekom is jou fokken pikstel vuil, jou vuilgat?” Ek wou net hê hy moet weggaan.

“Korporaal, dis nie vuil nie. Ek wou net die stof vir korporaal afvee, Korporaal.” Dit was nie goed genoeg nie en hy het my beveel om hom te volg. Hy het my na die sersant wat in die Samil gesit het, gemarsjeer. Die sersant het na sy weergawe geluister en toe op my gekak omdat ek vuil is. Ek het probeer verduidelik, maar dit het nie gehelp nie. Ek het geweet daar’s moeilikheid op pad. Ek het gevoel dis hulle laaste verskoning om iemand ’n groot rondfok te gee. Hy het nog harder en meer in my gesig gepraat. Ek het my gesig getrek. “Why is yous smiling? Does yous thinks it funny, roof?”

“Nee, Sersant!” Ek het reguit voor my gekyk en op die onvermydelike gewag.

“En hoekom is jy G3?” het hy gevra toe hy my pienk kaartjie aan my sak lees. “Ah! Yous can’ts uses your knees. Well, you can uses your arms. Op jou rug, roof. NOU! Sandsak bo jou kop!”

Teen hierdie tyd was almal se aandag op my gevestig, insluitende dié van die korporaals, omtrent tien van hulle. Ek het my korporaal ook gesien. Ek het daarvan bewus geword dat hulle my omring, laggend, soos ’n trop menslike hiënas. Vir hulle was die sersant darem net die man, jong! Dit was dieselfde sersant wat die vorige aand grappies met my squad gemaak het. Ek het hom geen rede hiervoor gegee nie. Ek was verward.

Na ’n rukkie het my een arm begin sak. “Is hy swaar? Gee hom nog ’n sak.” My arms het gebrand.

“Ek kan nie, Sersant.”

“Kom, jou fokken soutie!”

My arms het ingegee. “Sersant. Asseblief … fok.” Toe verloor hy dit. Uitkaktyd.

“Wat? Vloek jy my? Moenie vir my FOKKEN VLOEK NIE, JOU FOKKEN HONDEKAK!” Ek het nie meer gekonsentreer nie. Tyd het geskuif. Ek het kwaad, gefrustreerd en vernederd gevoel. Intens. Saamgeperste tande. Ek moet erken ek het gehuil. Die trane het eenvoudig uit my oë gerol. Nog gelag.

“Kyk. Soutie huil. Hy fokken huil!” Histerie. Hulle het sand in my gesig geskop. Ek het gesien die ander troepe hou wyd verby, maar hulle het aangehou om die Samil te pak. Ek sal nooit die uitdrukkings op hulle gesigte vergeet nie. Hulle het nie die situasie vermaaklik gevind nie.

Dit het omtrent twintig minute aangehou. Uiteindelik het die sersant ’n einde daaraan gemaak. Hulle klein breine was seker tevrede. Maar hulle het my gebreek, reg aan die einde, minute voor ons moes terugkeer basis toe, dae

voordat Basies klaargemaak het. Hulle het my egter nie gecrack nie; hulle het my gebreek. Groot verskil. Daardie laaste vernedering was te veel vir my. Enige ander tyd sou ek oukei gewees het, maar nie toe nie.

Ek is laat gaan terwyl die gesigte bly grinnik het. Ek het agter ’n trok gaan sit, weg van die ander, en tot verhaal probeer kom. My kop het gedraai. Die ouens het my vir ’n ruk uitgelos. Natuurlik het ek voorheen uitkakke, rondfokke en opfokke gehad – ons het almal – maar dit was net die verkeerde tyd vir my. Net toe ek dink ek is klaar met die nonsens, toe klap hulle my met een laaste verrassing, en almal saam. Hulle teen een. Lafaards. Dit klink na niks nie, maar terwyl jy daar is en dit ervaar, is dit anders. Hoekom ’n opfok-cum-rondfok kry vir niks meer as om jou pikstel, wat nie eens vuil was nie, af te vee, en hulle het dit geweet? Hoe het dit gewerk? Dit het glad nie sin gemaak nie. Dit het niks te doen gehad met militêre opleiding nie.

Die bevel het gekom om uit te beweeg. Ons het in die Samils geklim en uiteindelik uit Walmannstal gery. Die Samilbankies was so na aan mekaar dat jou knieë amper die ou oorkant jou tussen die bene geraak het. Bene was ineengestrengel soos die tande van ’n ritssluiter. Binne minute het die meeste troepe helm teen helm geslaap, of met die helm wat op die blitsbreker van die geweer rus. Ek het na die opleidingsgebied gekyk soos dit verby beweeg, in my kop ’n foto geneem, my oë toegemaak en geslaap nog voor die konvooi op die snelweg was op pad terug Voortrekkerhoogte toe.

# Die laaste week

Bosfase was uiteindelik klaar. Ons het die vorige dag teruggekom basis toe waar ek gesê is ek moet voor die bungalow aantree. ’n Sekere korporaal wat my moes opspoor, het my op aandag laat staan en my ingelig dat ek net die volgende dag verplaas sou word – die dag voor die groot uittreeparade, wat gevolg sou word deur ons eerste pas in drie maande. Ek kon dit nie glo nie. Sulke goeie nuus! Ek het vir amper tien weke probeer om ná Basies Kaapstad toe te gaan. Jy kon probeer soos jy wou om na jou tuisdorp oorgeplaas te word, maar dit het amper nooit gewerk nie. Die Welsynsoffisiere was meesters wanneer dit gekom het by die bespeuring van bulldust – hulle kon die vaagste sweempie opmerk van onder jou blink bootse af. Hulle was opgeleide Staandemag-sielkundiges en het al alles voorheen gesien en gehoor. Hulle was opgelei om jou in die oë te kyk, na jou nonsens te luister en te sê: “Seker. Kom volgende week weer,” terwyl hulle dink: “Vertel my nog ’n storie.”

Dan kom jy die volgende week terug, stel jou saak en hulle sê: “Kom volgende week weer,” en so aan. Teen die derde week het die meeste rofies opgegee. Teen daai tyd was hulle uitgedun en net die koppigstes of ware gevalle het bly volhou. Slegs teen die vierde week het hulle begin luister na wat jy te sê het. Jy moes ’n saak bou en jou situasie bewys – sonder om te huiwer of jou redes te verander. Uiteindelik moes jy voor die tyd al voorbereid gewees het. Ek het ’n vroulike eerste luitenant gehad. Sy was so gaaf en besorg. Ná nog ’n paar onderhoude, en nadat sy na my situasie gekyk en die geldigheid daarvan bepaal het, het sy my op die Kritiese Oorplasingslys geplaas sodat ek na Kaapstad kon terugkeer.

Ongelukkig het die spesifieke korporaal wat die nuus moes oordra nog steeds ’n renons in my gehad, om redes wat net aan hom bekend sal wees. Tog het hy nog altyd in die skadu’s gehou en ons paadjies het nooit regtig gekruis nie. Noudat hy geweet het ek is oor minder as vier-en-twintig uur uit die kamp uit, moes hy sy geleentheid aangryp om iets te doen.

Hy het saam met die parade gedril en sy R4 by hom gehad, oor sy bors aan die band vas. Ná ’n paar neerhalende aanmerkings oor hoe ek kon dink ek is darem so slim soos hondekak om ’n oorplasing te kan vermag, het dit gekom. Bam! Hy het my hard in die gesig met die geweer geslaan, van my voorkop, oor die neus

en die wangbeen. Ek's nie seker of hy dit regtig wou doen nie en of hy my eenvoudig wou laat skrik en toe sy afstand verkeerd geskat het nie, maar vir 'n oomblik was ek lam en het ek teruggesteier. My eerste gedagte was om hom te slaan, maar ek het my pose gehou. Ek kon nie beheer verloor en alles waarvoor ek gewerk het, kwyt wees nie.

Hy het gesnork. Ons het oogkontak gemaak wat in Tiffies, teenoor die korporaals in elk geval, taboe was. Maar hy het niks gedoen nie. Geen uitkak nie. Niks. Hy het geweet hy het oor die tou getrap. Daar was getuies en dit kon vir hom ernstige gevolge ingehou het. Daar was niks meer wat hy kon doen nie. "Dankie, Korporaal," het ek gesê en geglimlag. Ons paadjies het uitmekaar gegaan.

Die voorval het my versigtig gemaak. Ek het laaggelê en wou nie moeilikheid hê nie, maar het dit verwag. Niks het gebeur nie. Ek het my geweer en beddegoed en toerusting by die store ingegee, my balsak gepak, Eddie en die ouens gegroet, die kaptein my vorms laat teken en die korporaal aan hekdiens my pasboek gewys, en uitgestap. Ek het in my swaer se motor geklim en Voortrekkerhoogte vaarwel geroep. Ek het nooit teruggekyk nie. Maar ek is 'n nostalgiese mens. Vreemd genoeg sal ek dit vandag geniet om daar rond te loop. Dit sal soveel bittersoet herinneringe terugbring.

Mense sal sê ek het die hou verdien, dat ek iets moes gedoen het om my die korporaals se gramskap op die hals te haal, en dat ek 'n rebel was. Ja, ek was, maar ek het nooit doelbewus beplan om die mense kwaad te maak nie. Kortom, hulle kon nie die feit aanvaar dat ek 'n deel van my individualiteit behou het nie. Hulle het geweet hulle het my – en 'n paar ander – nie heeltemal in skape laat verander nie. Dit was vir hulle 'n persoonlike mislukking. Ek weet hulle het 'n taak gehad om te verrig, maar as ek een of twee van daardie korporaals weer moet sien, sal ek na die oorkantste sypaadjie toe stap want ek wil nie vir hulle sê wat ek regtig van hulle dink nie. Ander was ordentlik en regverdig, en ek het hulle gerespekteer. Dis die leiers vir wie jy amper enigiets sou doen. 'n Mens verdien respek. Jy dwing dit nie af nie.

*Dit was baie snaaks. Die ou staan daar, jy's besig om hom uit te kak, en jy kan sien hy wil jou moer, maar hy mag nie. Dan loop jy hom later jare raak, op civvy straat, en dis anders. Hy sê: "Hei! Korporaal! Hoe gaan dit?" Geen verwyte nie.*

Dit was byna ’n skok om my gesin weer te sien. Dit was baie surrealisties wanneer jy uit Basies kom en hulle vir die eerste keer weer sien, want hulle was skielik uit ’n ander wêreld. Jy het die afgelope drie maande aan hulle gedink, en hulle het duidelik nie ’n idee waardeur jy is nie.

Ná drie maande het ons ons eerste pas gekry. Is terug huis toe vir ’n paar dae. Vryheid, vir ’n rukkie. Dit het baie wilskrag en dissipline geverg om terug te gaan, maar jy het geweet jy moet dit doen. En ook, nadat ’n mens deur Basies is, het dit amper gelyk asof ’n nuwe avontuur wag. Dit het gevoel asof die ergste verby is.

# TWEEDE FASE-OPLEIDING

*In Infanterie was ons amper elke dag op die skietbaan, met volle magasyne, van die honderd-, die tweehonderd-, die driehonderdmetermerk, ensovoorts af. Ons is ook op die gewone ondersteuningswapens opgelei: mortiere, RPG's en snotneuse. Ek moet sê ons het net een RPG elk geskiet, en net een keer, maar die R4 het ons die heeltyd geskiet. In opleiding het ons honderde rondes afgevuur.*

*Ná Basies het ek 'n drie maande lange bestuurskursus gedoen. Het by Kimberley, 1 Onderhoudseenheid gebly, en hoofsaaklik geleer hoe om lorries te ry en hoe dit anders is as om 'n kar te bestuur. Ons was amper elke dag in die lorries. Verskeie Samils en Kwêvoëls, maar nie Buffels nie, want ons het hulle nie in die kamp gehad nie. Het die lorries gereeld gewas en dit was nie te moeilik nie, omdat ons hulle met waterslange afgespuit het.*

*Het in 1984 by 8 SAI in Upington ingeklaar. Het daar vir omtrent twee maande Basies gedoen en is toe na Infanterieskool toe gestuur. Ek is op 'n korporaalskursus geplaas en wou dit nie doen nie. Ek wou 'n luitenant wees. Ek het gesien wat die storie met korporaals is. Die army het so 'n beleid gehad dat hulle jou 'n korporaal kon maak as hulle wou, en dit was dit. Einde van die storie. Hulle het geweier om my op die offisierskursus te sit, toe sê ek hulle moet my terugstuur, en hulle het. My terug Upington toe ge-RTU.*

Nadat ons Basies as Medics klaargemaak het, is ons na Tegniese Diensteskool gestuur vir voertuigopleiding. Hulle idee van opleiding vir ’n Medic was nogal vreemd, maar nou ja. Ons het die meeste van ons opleiding in die hospitaal gekry. Regte Medic-goed. ’n Medic-troep is ’n ordonnans genoem, en jy kon in die sale in jou army bootse en puttees rondbeweeg.

In die laat-sestigs het ons ’n sesweke-kursus gedoen. Ek het dit nie geslaag nie want my voet is opgebokker, toe is ek na die san-barakke, wat omtrent ’n vakansieplaas was. Ek was ses weke daar en is toe terug Kanonnierskursus toe. Van Kanonniers af is ons na die skepe toe. Ek was op Jan van Riebeeck – Suid-Afrika se eerste vliegdekskip. Daar was twee helikopters agterop. Ons het daar op die dek gestaan en niks geweet nie. “Wie wil baksmaat wees?” Ek het nie eens geweet wat dit is nie. Niemand het enigiets vrywilliglik aangepak nie. “Wie moet ’n baksmaat wees?” Ons het daar gestaan. Toe sê hulle: “Jy. Jy. Jy.” Ek het later die Eerste Onderoffisiere-Baksmaat geword. Dit was ’n baie goeie ding om te wees.

Ek was ’n artillerie-bombardier in die vroeë sewentigs. Ons overalls was ’n ligte sandkleur, nie nutria soos later nie. Ons het ons Bofors of 35-mm’s op Strandfonteinstrand oor Valsbaai afgevuur. ’n Battery het ses seksies gehad en elke seksie het sy bofors en omtrent tien ouens gehad. Ons het hulle met die ou Bedfords afgetou, wat ons leer bestuur het. Almal van ons moes leer bestuur. Ons jeeps was groen, kortwielbasis Land Rovers.

Die teiken was ’n rooi sleepteiken wat honderde meter agter ’n ou Dak gesweef het. Ek onthou een, Zulu Zebra, met sy geel en swart vertikale strepe. Daar was nie ’n kans dat ons die vliegtuig sou tref nie. Die gehawende speelteiken is ingetrek voor die vliegtuig geland het.

Ons het ook na St Lucia noord van Durban gegaan. Dit was ’n moerasagtige gebied waar die Cactus- grond-tot-lug-missiele getoets is. Ons het radar opgestel met ’n reikafstand van ongeveer sestig myl om ander vliegtuie vir hulle eie veiligheid uit die gebied te hou. Ek was binne-in die radarstelsel. Ons het daarvan gehou om daarbinne te wees, as gevolg van die lugversorging.

Eendag moes ons palmtakke as ’n windbreker langs die radar opsit, maar die wind het dit afgewaai. Ek het dit weer opgesit en was op die punt om my hand neer te sit toe ek na die plek kyk, en daar, letterlik ’n sentimeter weg, was ’n

groen mamba. As hy my gepik het, sou ek dood gewees het. Daar was geen serum nie. Een van my nege lewens was sweerlik daarmee heen. Die res van die manne het die slang gevang en met ’n panga in stukke gekap en op die braai verbrand. Jy wou *beslis nie* ’n mamba in jou omgewing hê nie.

Ek het ná Basies ’n instrukteur geword en toe ’n sesweke-kursus in militêre reg by Diensvakskool gedoen. Diensvakskool is waar die MP’s in Voortrekkerhoogte opgelei is. Dis waar ek my eerste en laaste zol gerook het – in Diensvakskool. Hulle het vir ons boom gegee om te rook. Ons het daar in uniform gesit, in die lesingsaal, en ’n paar trekke gevat en die zol aangestuur. Hoe kon jy geweet het hoe dit gelyk en gevoel en geruik het as jy dit nog nie self gerook het nie? Ek kan dus sê ek het amptelik in die weermag boom gerook.

Hier na die einde van Basies toe, in September ’75, het die spesialis-eenhede kom keuring doen. Die Recces, die Bats en Infanterieskool. Ek wou rang kry en besluit toe om na Infanterieskool in Oudtshoorn toe te gaan. Omdat hulle gou leiersfigure wou produseer, het ek ’n blitskursus van drie maande gedoen. Het ’n tweestreep-instrukteur geword. Ek het geweet ek sou ’n korporaal word omdat ek vir agtien maande sou dien. Slegs ouens wat vir ’n volle twee jaar geteken het, kon luitenant word, of korporaal, na gelang van jou persoonlikheid. Gewoonlik het die hardegat-ouens korporaals geword.

Ons het eers leer dril en verder skoongemaak en inspeksie gestaan, en ook geleer hoe om troepe te dril en te onderrig. Daar was nie ’n kursus of handleiding oor hoe om op die nuwe troepe te skree nie. Jy het dit net geleer. Glo my, jy het dit geleer. Jy het dit by jou instrukteurs geleer. Jy moes. Hulle het aan jou afgesmeer. Die heelpad is jy gedreig met ’n RTU as jy dit nie maak nie. Nie baie van ons wou ge-RTU word nie. Daar was te veel vernedering aan verbonde. Dit was iets waarop ons neergesien het. Kom terug met jou stert tussen jou bene. So, wanneer jy jou eie pelotonmaters gedril het, het hulle dit so moeilik moontlik vir jou probeer maak. As jy nie luidrugtig genoeg was nie en nie die army slang gebruik het nie, is jy ge-RTU.

Toe is ons in teeninsurgensie en konvensionele oorlogvoering opgelei. Ons het allerhande wapens geskiet – Brens, AK’s en die PPSh. Ons het van die R1 tot die G3 geskiet. Dit was ’n ongelooflike ervaring, maar by tye was dit loutere hel. Ek weet mense sê altyd hulle opleiding was die ergste, veral die Bats, en natuurlik die Recces, maar behalwe hulle was Infanterieskool regtig kak. Halfpad deur die kursus het die sa’majoor, wat deur die hele army bekend was en ’n groot stem

gehad het ten spyte daarvan dat hy kort en maer was, een oggend op die paradegrond gestaan en geskree: “Korporaal! Vinniger!”

Ek het gedink: “Ek gaan dit nie maak nie. Asseblief, dis genoeg. Dis genoeg! Ek’s klaar.” Ek het foto’s gesien van ouens wat plat op hulle gesigte lê nadat hulle flou geword het, met sandsakke aan hulle rûe vasgemaak. Maar ná al die kak, het jy dit wel gemaak. Ons het rang gekry, en ek kan jou sê ek was baie trots dat ek al die rondfokke en opfokke oorleef het.

Net voor opleiding klaar was, het die situasie in Angola vererger. Op die paradegrond het hulle die name uitgelees van die ouens wat moet opgaan. Die gerug het versprei dat ons in Angola ingaan. Ons het almal gebid: “Asseblief, nie my naam nie, want ek het nou net rang gekry en die lekker lewe gaan begin wanneer ek terug by die basis is.”

Ek was in 1976 in Bloemfontein – 1 SDB. Ons het basiese dinge soos kaartlees geleer, en vir ses maande opleiding op Elande gedoen, maar dit was nie net ’n geval van net ’n 90-mm in ’n loop druk en daar gaat jy nie. Jy moes weet hoe om te korrel, waar om te mik, en so aan. Die drywer het gewoonlik na die voertuig en onderhoud omgesien. Die Tiffies het gehelp met groot probleme, maar die drywer het geweet hoe om dinge reg te maak. Hy het geweet wat om te doen.

---

Die eerste ses maande van my Nasionale Diensplig ná Basies was net opleiding. Regte spesialisopleiding. Dit was ’n taai eenheid, die 250 Lugverdedigingseenheid, amper ’n Spesmagte-eenheid. Almal het gesê die lugmag was ’n lekker en gemaklike soort plek, maar die 250 was ’n moeilike eenheid om in te wees wat fisieke opleiding en dissipline betref, selfs in 1977.

In ons eenheid was daar baie spesifieke pligte. Daar was die ou in bevel, en hy het ’n sekere rang gehad, en ek was die ou wat daar gesit en basies die missiele laat vlieg het. Dit was ’n optiese begeleidingstelsel, baie soos die rekenaarspeletjies wat die kinders vandag speel. Daar was ’n klein joystick om die missiel visueel te stuur, en dan het jy gehoop die missiel en die teiken kom bymekaar uit! Dit was die Tierkatstelsel. En daar was die grond-tot-lug-missielstelsel wat deur die Franse ontwerp is – die Crotale, of Cactus, soos die Weermag dit genoem het – wat op sy dag ’n goeie stelsel was, maar ook met baie tekortkominge omdat dit nie regtig vir ons terrein geskik was nie. Elektriese motors het die wiele aangedryf, en ’n dieselopwekker het die krag verskaf. Die

idee was dat al hierdie goed gekarwei word na waar dit veronderstel was om te wees, en in die laaste paar kilometer moes jy dit opstel en dit op eie krag by die regte plek laat uitkom. Ons het dit na St Lucia in Natal gery en ’n paar missiele in die moeras ingeskiet. Die stelsel self was nogal skouspelagtig. Nadat dit op ’n teiken vasgesluit het, het dit outomaties deur verskeie prosesse gegaan voor daar gevuur is. Omtrent twee sekondes ná lansering het die missiel deur die klankgrens gegaan. Dit kon ’n Mirage van agter af inhaal. Dit was vir my hartseer dat elke missiel omtrent R200 000 gekos het en ’n huis omtrent R30 000 in daardie dae was.

In St Lucia het die kommandant ’n Land Rover gehad waarmee hy af strand toe gegaan het om vis saam met sy buddies te vang. Hy het dit gewoonlik op ’n klipperige plek geparkeer. Een aand besluit hulle om uit te kamp en toe hulle die volgende oggend wakker word, was die voertuig weg. Hy het sy een troepie, sy skivvy, terug basis toe gestuur sodat iemand hulle kan kom haal. Toe hy by ons aankom, wou hy weet: “Wie de fok … Watter fokken bliksem het my fokken Landy gesteel?” Ons het gesê dis nie ons nie. ’n Alouette is uitgestuur en hulle het ontdek dat die Landy in die see ingesuig is. Dit het saam met die gety vorentoe gerol. Dis uit die water gehys. Die Land Rover was geskiedenis – sopnat en vol sout. Dis Voortrekkerhoogte toe geneem. Toe ek kampe gedoen het, jare later, het ek nog die ou Land Rover in die verste hoek van die scrapyard sien staan, rustig aan die roes.

Ons het op daardie ou Land Rovers leer bestuur. Dit was baie moeilik vir ’n agtienjarige. Die stuurwiel het ’n driekwartspeling gehad en jy moes omtrent op die rempedaal staan. My een buddy het agteruitgery en ’n groot duik in sy Land Rover gemaak. “Strukturele skade,” het hulle gesê. Hulle het hierdie arme troepie vier maande se salaris – teen omtrent R18 ’n maand – laat betaal terwyl die kommandant nie ’n sent hoef te betaal vir ’n voertuig wat heeltemal afgeskryf is nie.

Die Staandemaglede het dinge toe nie so ernstig opgeneem nie. Alles was ’n groot grap. Het dronk geraak, gelag, die speedboat uitgevat, gaan visvang en gebraai. Alles was lekker. Die Nasionale Dienspligtige was daar, maar nou nie eintlik omdat hy daar wóú wees nie. Hy het afgekak.

In Oktober 1977 het ons St Lucia vroeg verlaat om die kommandant se begrafnis by te woon. Die helikopter waarin hy was, het naby Ermelo geval terwyl hulle op pad terug van Pretoria af was. Daar was drie insittendes. Die kommandant het doodgebrand, nog ’n ou is sleg gebrand en die derde man het nie ’n skrapie opgedoen nie. Later het ek saam met die ou wat gebrand het, gevlieg. Hy was toe ’n vlugsersant en sy gesig het brandletsels gehad. Hy was mal oor die army lewe. As dit met my gebeur het, sou ek net gesê het: “Fok dit!

Dis nie vir my nie.”

Het in 1981 ingeklaar en beland by 14 Veldartillerie, Potch. Ek is Artillerie toe opgeroep. My eerste keuse was om vloot toe te gaan, omdat ek van swem en die water gehou het, maar dit het nooit gebeur nie. My droom was om choppers te vlieg, maar dit was van die begin af buite die kwessie.

Basies was die normale Infanterie-storie vir drie maande. Tweede fase het ses maande geduur. Van die ouens wat ons opgelei het, was eks-Rhodesië, soos my majoor en stafsersant. Ons is eers op die 25-ponders opgelei. Hulle is nie op die Grens gebruik nie, maar net vir oefening. Die army het daardie ou geelkoperdoppe soos goud opgepas. Ons moes elkeen teruggee, want hulle was herbruikbaar. Van daar af is ons na ’n groter kanon toe – die 5.5-duim. Hierdie artilleriestukke het albei uit die Tweede Wêreldoorlog gekom. Vintage, maar natuurlik opgegradeer. Dit was lekker. In Artillerie het jy ’n Nommer Een, Twee en Drie. Nommer Drie was die ou by die visiere. By ’n 5.5 was daar tot vyf ouens. Dit kon omtrent vyf-en-twintig kilometer ver skiet. Die kanonne is baie goed opgepas. Ons het weeklikse onderhoud, maandelikse onderhoud en sesmaandelikse onderhoud gedoen.

Ná die 5.5’s het ons die Valkiri gebruik, die nuwe veelvuldige vuurpyllanseerders. Hulle was soos daardie 122 mm-Katyushas – Stalin Orrels – waarop in Angola beslag gelê is. Vier-en-twintig eenhede is agterop ’n Unimog, ’n voertuig uit Duitsland met ’n linkerhandstuur, gemonteer. Dit het meer as ses ton geweeg. Die vuurpyle het ’n minimum trefafstand van sewe kilometer en ’n maksimum van omtrent twintig. Die stelsel is later opgegradeer na agt-en-veertig vuurpyle, agterop ’n Samil 50.

Hulle het ’n paar ouens gekies en dis waarin ons gespesialiseer het. Dit was ’n groot verandering om van artillerie na vuurpyllansering oor te gaan, want dit was baie nuut. Daar was ’n paar voorvalle. Ouens sou nog iewers heen ry en dan gaan vuurpyle deur die kajuite, maar sonder om te detoneer. Dit het in die vroeë fases gebeur. Niemand is dood nie, maar hulle moes die probleme uitsorteer. Daar was twee kontakpunte. Jy het die vuurpyle in buise gelaai. As jy dan redelik baie en ver met die goed rondry, konnekteer die kontakpunte en die vuurpyle word gelanseer. Die vuurpyle het hulleself ge-prime, maar eers nadat hulle ’n trajek bereik het. Wanneer dit gebeur het, het ’n soniese pols van die aarde af gebons. Soos dit weer laer sak en ’n sekere hoogte bo die grond bereik – ’n paar meter of so – het dit ontplof.

Ek het die Mog gery en was die Nommer Een, die bombardier in bevel van die voertuig. Ek was ’n two-liner. In die Artillerie is hulle volle bombardiers

genoem. Ons het volle verantwoordelikheid vir ons voertuie aanvaar. Op ’n vuurpyllanseerder was daar twee van ons. Nommer Twee het die visiere beman. Die stelsel was hidroulies. Toe ons op die Grens kom, was al die voorsiening wat ons nodig gehad het, beskikbaar. Ons kon die missiele uitteken. As Nommer Een moes ek hiervoor verantwoordelik wees. Alles was geregistreer.

Artillerie was anders as die Infanterie. Dit was natuurlik meer tegnies. Ons het gedurig nog iets geleer. In Infanterie het jy net gevolg. In Artillerie is jy so deeglik gedril dat jy later dinge in jou slaap kon doen. Dis hoe goed opgelei ons was.

Ná Basies by 1 SAI in Bloem, het ek JL’s in Oudtshoorn gedoen. In Basies was daar 3 400 ouens in die inname, van wie 1 200 vir offisierskursus in Oudtshoorn wou gaan. Binne twee weke was ons 800. Op die ou end het 178 rang gekry en van hulle was 21 Engels. Van hulle het net 3 instrukteurs geword. Ek was een van hulle. My mond was te groot vir my om ’n lieut te word. Het te veel gehad om te sê. Ek het een van daardie korporaals geword wat troepe moes dril, en dit het my glad nie gepla nie.

Daarna terug in Bloem het ek in mortiere gespesialiseer, 1 SAI, met gemeganiseerde infanterie. 1 SAI was baie moeilik. Ons wou nie teruggaan nie, want in vergelyking daarmee was Oudtshoorn ’n vakansieplaas. In Bloem het jy oral gehardloop, maar in Oudtshoorn het jy gemarsjeer. Daar was nie ernstige hardloop of afkakke nie. Ná vyfuur in die middag het hulle jou uitgelos, terwyl jy in Bloem heelaand PT gedoen het.

In hulle tweede jaar het die vorige korporaals by 1 SAI uitgeklaar en ons het oorgeneem. Ek was gelukkig – ek het nie nuwe inname-troepe gekry nie. Ek het senior troepe gekry wat al klaar een jaar gedoen het. Het nog die ouens laat dril en opgefok en hulle rondgejaag. Jy het korporaals gekry met ’n regte hardegat houding, wat gesê het: “Ons het deur hierdie kak gegaan en dis nou ons beurt om dit op hierdie rofies uit te haal. Payback.”

Sommige troepe is tydens opleiding dood. Onnodig. Dom dinge. ’n Ou in die Bats het ’n mortier van De Brug af kamp toe gesmokkel en dit in die bungalow weggesteek. Dit het in die kas afgegaan. Iemand het daarteen gestamp – ek weet nie wat gebeur het nie – maar dit het afgegaan. Ons het KWA! gehoor. Drie Parabats dood.

Die Bats was ons groot vyande. Dit was groen beret teen pers beret. As jy ’n pers een kry, was dit R50 en ’n naweekpas werd. Ons was by ’n sportparade. My pel het sy beret “Eddie Murphy style” gedra. Iemand het sy hand op sy kop gedruk om die beret om te draai. My pel het pers gesien, letterlik en figuurlik.

Hy was ’n eerste dan in karate. Hy het omgeswaai en die ou in die keel geslaan en die ou het geval.

“O fok! ’n Majoor!” Ons het sy beret gegryp en ons uit die voete gemaak. Dubbele bonus!

Ná Bloem is ons Middelburg toe. Ons was die eerste kompanie om 4 SAI toe te gaan om hulle te help oorskakel na gemeganiseerde infanterie. Ons was vir omtrent ’n maand daar om nuwe inname-troepe op te lei. As korporaals moes ons na hulle omsien en hulle rondjaag, indien nodig. Toe is ons Suidwes toe.

In 1982 was die Ratel die jongste SAW-wapentuig en die Voorsienigheid se geskenk aan die infanterie. 1 SAI was een van die eerste eenhede om daarmee uitgerus te word. Ons is vir ’n volle jaar op hulle opgelei, Basies ingesluit. 1 SAI het hulle eie instrukteurs gehad om junior offisiere en onderoffisiere op te lei. Spesialisopleiding is aan drywers, kanonniers en algemene infanterietroepe op die wapentuig verskaf, en natuurlik is ons opgelei wat die aanwending van die voertuig in verskillende oorlogsituasies op peloton-, kompanie- en bataljonvlak betref het. Dit alleen het amper ses maande se opleiding in beslag geneem. Teen daardie tyd was ons op kompanie-vlak. Ons was nie normale infanterie nie, maar gemeganiseerde infanterie, wat later Grens toe sou gaan, na 61 Meg-bataljon-groep by Omuthiya, omtrent vyf-en-veertig kilo’s noordwes van Tsumeb.

Ná Basies het ek ge-volunteer om ’n Ops Medic te word. Toe het ons nog nege tot twaalf weke opleiding gedoen, meesal mediese dinge. Ek is Baragwanath Hospitaal toe en het baie weke in die ongevalle-sale deurgebring. Sommige van die ander ouens is na ander swart hospitale toe waar mense nie omgegee het dat hulle op die pasiënte oefen nie. Ons het gewoond geraak aan die bloed en pis en kak – letterlik. Dit het ons gekondisioneer. Dit het nogal ’n tydjie geneem om aan die blood en guts gewoond te raak en dit te hanteer. Mense se derms het uitgehang. Dit het verskriklik geruik. Hulle het gekla en gekerm, maar jy het daaraan gewoond geraak.

Ek het gedink dis baie interessant. Ek het regtig die mediese deel daarvan geniet. Geleer hoe om mense aanmekaar te werk. Dit het baie meer menslik en die moeite werd voorgekom. Eerder as om mense dood te maak, leer jy om hulle lewend te hou. Dit was die meer konstruktiewe sy van die army.

Ons is amper dood tydens ’n skyngevegsoperasie op De Brug. ’n Mortaris het ’n

fout gemaak. Ons het vuur en beweging gedoen terwyl ons met lewendige ammunisie vir Operasie Pegasus oefen, om die koördinasie reg te kry. Daar was helikopters en jets en bomme. Ons was veronderstel om uit Flossies te spring, te land, na die slagterrein te beweeg, en te begin.

Ons was bo in die heuwels en het nog nie begin beweeg nie. Die eerste jet het ingekom en die area onder die bomme gesteek en toe weer in die lug opgetrek. Dit was ’n donderende klank. Het ’n gat in die lug geskeur. Toe het die ander vlieënier van die ander kant af ingekom en die plek gebombardeer. Dit was wat genoem word carpet-bombing. As jy dit al in die fliek gesien het, dis nie dieselfde nie. In die werklikheid skud die grond. Dit maak so bwoem-bwoem-bwoem-bwoem! Dis soos ’n muur van vuur. Toe het twee gunships die gebied verpletter met Brownings. Toe hulle klaar was, het die mortariste hulle beurt gekry, en wanneer hulle begin, het die vuur en beweging begin.

As Infanterie het ons buddy-cover gedoen en op die teiken inbeweeg. Dis ’n vinnige proses, en wanneer dit tyd is om te gaan, het die mortariste die hel uit die teiken geskiet voor ons inbeweeg. Hulle was agter ons en het oor ons koppe geskiet. Die Nommer Een se prosedure was om sy mortierbuis in die grond in te slaan. Dit het ’n knop boop gehad wat ’n mens van “veilig” na “gewapen” kon stel. Hy het dit gekliek en gemik deur die buis volgens die korrekte hoek te verstel. Sy Nommer Twee het die mortiere gedra. Sy verantwoordelikheid was om die mortier te bewapen en dit in die buis te laat val. Dit het alles baie vinnig gebeur. Daar was nie tyd vir rondneuk nie.

So wat toe gebeur, is dat die mortaris die buis teen die grond gestamp het soos hy moes, maar hy was te haastig. In daardie laaste sekonde het hy besluit om die pyp te verstel en dit opgelig – die presiese sekonde toe ’n gewapende mortier in die pyp laat val is. Ghedoef! Dit het afgegaan. Dit het beteken die projektiel is reguit in die lug op en nie oor ons koppe nie, wat beteken het dit gaan reguit op ons afkom. Maar ’n mortier reis nogal ’n ent die lug in, en daar was tyd om die sersant wat in beheer van die vuur en beweging was te laat weet dit gaan in ons omgewing val.

Hy was voor ons en na die een kant toe, en het wild beduie dat ons moet lê. Hy het gewuif. Ek dink hy het ons ook gegroet en gedink: “Ek’s jammer, maar gaan lê in elk geval. Wanneer dié ding tref, moenie worry nie. Ons het ’n ambulans op bystand vir diegene wat dit dalk oorleef, maar dis tog die beste om maar te gaan lê. Die skrapnel behoort oor julle koppe te gaan, maar as die ding op julle land, wel, dan sal ons briewe aan julle ma’s skryf.”

Ons het gesê: “Wat? Ons is in die middel van vuur en beweging, en in die loopgrawe! Wat doen ons nou?” Ons was verward, maar het sy bevel uitgevoer. Ons het geduik en platgelê. Toe hoor ons dit kom. Dit het gefluit, harder en

harder, en toe stilgeraak. Dit het vier meter voor my maat geland wat voor my buddy-cover gedoen het. Op daardie stadium het ek hom dekking gegee, wat beteken dit het omtrent agt meter van my af geland – maar dis eintlik nogal ver. As dit afgegaan het, sou hy waarskynlik net harsingskudding gekry het, maar ’n mortier is nie snaaks nie. Dit het ’n gespanne veer aan die binnekant wat in segmente verdeel is, met harde stukkies skrapnel wat oral heen spat.

Gelukkig was dit ’n dowwerd en het dit nie afgegaan nie. Ná ’n oefening is daar gewoonlik ’n hele paar wat rondlê wat enige tyd kon ontplof. As jy een raakgeloop het, was jy veronderstel om dit met toiletpapier te merk – wit goud – en daar was ’n soort bomb squad wat dit verwyder het.

Niks het met die Nommer Een gebeur nie. Hy was in skok. Hy is genoeg gestraf deur uit te freak. Hierdie dinge gebeur. Dit was opleiding. Dis hoekom ons opgelei is, sodat sulke dinge nie in die slagveld gebeur nie. Niemand wou die ou blameer nie; dit was net ’n fout. Jy is nie toegelaat om foute te maak nie, maar hulle het niks aan hom gedoen nie. Hy het baie duidelik die boodskap gekry.

Ek en my buddy het ook ’n RPG geskiet. Dié wat ons in oefeninge gebruik het, was van Angola. Ons was die enigste twee uit twaalf ouens in ons seksie wat die teiken getref het. Die teiken was ’n klomp dromme wat ’n tenk voorgestel het. Ons het dit vierkant getref. Al die ander het gemis. En ons was boonop die souties! Dit was ’n tong-in-die-kies ding, maar ons het hulle die res van die week daaraan herinner!

In ’n filmteater is daar baie harde luidsprekers waarmee hulle ’n oorlogsituasie probeer voorstel, maar as hulle die eintlike klank sou speel, sou dit hulle stelsel opbokker en waarskynlik die hele teater ook! Om daarna te luister is nie soos om langs ’n afgevuurde RPG te staan nie. Dis die ekwivalent daarvan om reg langs ’n ontploffende stuk dinamiet te staan. Dis hoe hard dit is. Dis moer hard. Jy wil omtrent jou broek beskyt net van die harde klank.

Vir sekuriteitsopleiding moes ons basies honde leer ken, hulle oplei en met hulle werk. Ons het van wapens geleer. Opgelei op R4’s, Berettas en haelgewere. Dit was omtrent dit. Ek het van honde gehou, en dis hoekom ek dit later gaan doen het, maar in nabetragting sou ek eerder net ’n RP by ’n hek wou gewees het as ’n hondehanteerder. Dit was nie so lekker nie.

Ek het by Langebaan-lugmagbasis beland vir die res van my diensplig. Ek wou Grens toe gaan en het ge-volunteer, maar die naaste wat hulle my as ’n hanteerder sou stuur, was Grootfontein toe. Het nooit daar uitgekom nie. Dit sou baie interessanter gewees het as om in Kaapstad te bly en niks te doen nie.

Ek onthou ’n snaakse voorval tydens granaatoefening. Ons het veiligheidshalwe almal in ’n klein beton-en-baksteen-bunker agter die oefeningarea weggekruip. Die oefeningarea was ’n groot, kaal stuk veld. Die bunker het gaatjies in die bakstene gehad waardeur ons kon waarneem wat gebeur. Die kanse dat skrapnel jou gaan tref, was skraal.

Jy was veronderstel om die granaat se hefboom te druk en die pennetjie uit te trek, en wanneer jy dan los, is die timer ge-prime. Die volgende ou wat ’n granaat moes gooi, was benoud. Hy het gebewe. Ek het dit deur die gaatjie in die baksteen gesien. Die korporaal het die granaat aan hom oorhandig en hom kalmeer. “Dis oukei,” het hy gesê. “Leun net terug en gooi dit oor jou skouer. Geen probleem nie.”

Die ou het die pennetjie uitgetrek en gegooi, maar lomp, en dit het net anderkant die lae, beskermende muur geland. Die korporaal het die ou grond toe gepluk. Almal is af grond toe, en daar was ’n whoemp!, en ’n stofwolk het grond gegooi. Toe die stof gaan lê en die opwinding oor is, het die korporaal gesê: “Dis ’n voorbeeld van hoe om *nie* ’n granaat te gooi nie!” So elke af en toe was daar dowwerds. Dan moes iemand die granaat skiet om dit te laat afgaan.

In Grahamstad is ons opleiding, wat normaalweg ses maande of selfs ’n jaar sou duur toe diensplig twee jaar lank was, in drie maande ingedruk. Ek dink die opleiding wat ons gekry het, was goed. Dit was professioneel. Jy het geweet wat om te doen en wanneer om dit te doen. Daar was ’n bietjie politiek ook daarby. Hulle het ons ’n video in ’n saal gewys. ’n Ou van Intelligensie het ons twee weergawes van dieselfde ding gewys. “Dis wat jy op TV sien.” En jy sien troepe op ’n groep mense skiet, maar die insetsel was geredigeer. Dan wys hulle die ongeredigeerde weergawe en jy sien hoe daar eers op die troepe geskiet word en hulle in reaksie daarop terugskiet.

“Wees net bewus van hierdie soort van ding,” het hulle gesê.

Ons het op TEIN-stedelik en TEIN-plattelands begin voorberei vir die townships en wat ons daar kon teëkom. Daar was ’n klein township net buite Grahamstad. Van ons is soontoe vir ’n bietjie opleiding en om gewoond te raak aan die township voor ons Natal toe is. Daar gekom, was ons tuisbasis die vlootbasis in Durban.

# ALGEMENE DIENS

*Daar was drie ouens met wie jy bevriend wou wees: die Medics, omdat hulle toegang gehad het tot allerhande middels – behalwe Voltaren-inspuitings, wat jy verniet gekry het; die kokke, want hulle kon steaks in die hande kry (die army was vol steaks – glo dit of jy wil of nie – jy moes net 'n blikkie kondensmelk by jou gehad het; dis twee steaks werd); en die MP's, want hulle het die hekke gepatrolleer. Dit was 'n baie korrupte stelsel – jy kon enigiemand omkoop. Vir twee blikkies kondensmelk kon ek 'n dagpas kry. Het net gaan sê ek wil deur die hek gaan. "Nee, jy kan nie sonder 'n pas nie."*

*"Maar hier's 'n blikkie kondensmelk." En daar's jy uit.*

Om Eerste Onderoffisiere-Baksmaat te wees was die lekkerste werk op die basis – wanneer jy in die hawe was, in elk geval. Jy het dan geen ander dienste gehad as om na die eerste-onderoffisiere-menasie om te sien nie. Daar was net vier van hulle, en hulle het elke middag gebokkerof. In die oggend wanneer hulle terug was, wou hulle eet. En hulle wou tee hê. Teen middagete wou hulle weer eet. Ek het gewag tot hulle mae vol was voor ek my kans gewaag het. “Hey, Chief. How about a pass?”

“But of course, son.” Sommer netso. Ek het amper elke aand ’n pas gehad omdat ek nooit elke keer dieselfde man gevra het nie. Solank jy teen middernag terug was, kon die range nie aan jou raak nie. Natuurlik slaap ’n bevare seeman tweede klas aan boord van die skip in sy hangmat. Snags haal jy dit tussen die ander uit, rol dit oop, stel dit op en gaan lê. Wanneer jy wakker word, rol jy dit op en stoor dit in die hoek. Jou naam was daarop. Maar wanneer ek saans teruggekom het, het ek in die menasie geslaap. Ek het ’n bed daar gehad. Lekker.

Omdat ek vir *hulle* gewerk het, het ek nie al die ander nonsens in my lewe gehad nie, maar op see het jy jouself bekak. Dan moes ek vier-en-twintig uur van die dag na hierdie ouens omsien en ander pligte ook verrig. Die ouens met kanonniersopleiding het ook die wagbeurte waargeneem, vier ure op die brug, twee ouens per beurt. Die ingenieursouens het hulle eie wagbeurte onder in die enjinkamer gehad.

Ons is met die Suidweskus langs op agter Russe en wie weet wat nog aan. Ons het teruggekom en daar was ses weke oor voor uitklaar. Hulle wou ons nie voor die tyd laat gaan nie, maar as jy wiele gehad het, kon jy enige plek heengaan. Onthou, baie ouens in daardie dae – die laat-sestigs – was in hulle twintigs voordat hulle wiele gesien het. Vandag is ’n agtienjarige nikswerd as hy nie wiele onder sy gat het nie. Die lewe het baie verander.

Daar was twee weke oor voor ek na een van die basisse uitgepos sou word. Ek het besluit om ’n Sekerheidsinstrukteurskursus te doen, wat die tyd mooi volgemaak het vir my. Hulle het my na Waterkloof-lugmagbasis in Pretoria gepos. Ek het probeer om af te gaan na Ysterplaat in Kaapstad. Ek het gehoor daar’s ’n ou van Pretoria wat wou terugkom. Hy was ’n sekerheidsinstrukteur so danksy die kursus wat ek gedoen het, kon ons uitruil. Vir die res van my tyd in Kaapstad was ek ’n sekerheidsinstrukteur.

Daar was agt van ons. Ons het basiese sekerheidsbewustheidskursusse aangebied, maar daar was niks watwonders daaraan nie. Dit was die tyd van die

Groot Rooi Beer waaroor ons so bekommerd was. Dit het beteken ons moes na die kamp kyk. Ons het die perimeter gepatrolleer, ligte, hekke en heinings nagegaan. In daardie dae het ons nie hoë mure om die plek gehad nie. Alle toegangsbeheer, insluitend die hondehanteerders, het onder ons geval.

Met Staandemag-voordele, omdat ek ’n instrukteur was, het ek besluit om vir ’n ekstra jaar aan te sluit. Ek het myself geniet. Ek wou Grens toe gaan, maar het nooit die geleentheid gekry nie. As instrukteur het hulle my op die basis gehou. Ek het gedink hoe beter jy opgelei is, hoe beter is jou kanse om Grens toe te gaan, maar dit het nie so gewerk nie. Hulle het jou die opleiding gegee en wou hê dat jy daardie opleiding terugploeg.

Toe was ek in ’n ernstige ongeluk die maand voor ek moes uitklaar. Ek was op naweekpas, op my motorfiets, op pad om by my meisie te gaan kuier. ’n Motor het van nêrens af gekom en uit ’n systraat uit reg in my vasgery. My been was amper af. Tien sentimeter been – die breedte van die buffer – was heeltemal weg. Onnodig om te sê, my militêre loopbaan was verby.

Op die Grens het almal boom gerook, veral op ’n ops in Angola. Ek het uitgekom en is weer gevang rook, vir die tweede keer, en is in die DB in Grootfontein gedruk voor ek na Klipdrift net buite Potchefstroom gestuur is. Teen daardie tyd het ek rang gehad. Ek het ’n streep gehad, maar hulle het dit nooit van my af weggevat nie.

Klipdrift was ook ’n dwelm-en-alkohol-rehabsentrum. Kliniese sielkundiges het ons gemonitor. Die kamp het uit tente in ’n afgekampte area bestaan en dis met honde gepatrolleer. Ek was nie ’n erge geval nie. Het nie Wellconal gespike of so iets nie. Net boom gerook, soos die meeste van die ander. Maar die army het dit ernstig opgeneem. “Gaan van jou ’n voorbeeld maak, Korporaal! Ons sal jou leer!” Maar wat hulle vergeet het, is dat hulle my in rehab gesit het nadat ek van die Grens af gekom het en nog net ses maande oorgehad het. Toe kom al die jong nuwe troepies en kla oor hulle dwelmprobleme. *Ons* het hulle geleer hoe om army ouens te wees. Ons het hulle gedril, en hulle opfokke en LO gegee. Daar was ’n streng hiërargie.

Ons het gedurig Potch toe ge-AWOL om nog boom te gaan koop. Baie keer het ons die doggies uit die kamp uitgesluit deur ons eie ketting en slot aan die hek te sit sodat hulle nie kon inkom nie. Hulle moes bolt-cutters gebruik om ons uit te sorteer. Ons het hulle honde met klippe in ’n hoek gejaag en dan oor die heinings gespring. Die kamp was L-vormig, so as ’n paar van ons die een hond in ’n hoek vaskeer, kon die ander spring. Die manne is Potch toe vir ’n jol. Die doggies kon die honde hoor blaf, maar hulle het nooit uitgekom nie. Hulle het

net nie omgegee nie. Hulle het in hulle klein hutjies gesit en TV kyk. Een keer het hulle ons aangevat, maar ons het die twee prefab-hutjies met klippe stukkend gegooi. Ons het hulle uitgesluit en hulle kantoor met klippe bestook. Die plek het na die tyd soos ’n sif gelyk.

Mielies het reg rondom die area gegroei. Gedurende die dag wanneer ons in die boere se lande gewerk het, het ons op malpitte afgekom. Het dit twee keer probeer. Het van my kop afgegaan. Ek is eers na die tyd vertel wat gebeur het. Het goed uit die lug uit gepluk, na goed gegryp. Een van my pelle het sy valstande ingesluk. Ons het dae lank gesoek en niks gekry nie. Niemand het toe geweet hy het dit regtig ingesluk nie. Hy het sonder die goed op so ’n vertraagde manier gepraat. Daar was baie van ons wat in 1 Mil Hospitaal beland het. Een ou het selfs probeer om ’n sersant-majoor se vrou wat daar gewerk het, te verkrag. Dinge het lelik geraak.

Toe is ek uit rehab gehaal. Op pad treinstasie toe het die taxi-bestuurder boom aan my verkoop. Het op die trein geklim, ge-goof geraak en teruggegaan Grens toe. Op pad is ek weer gevang en gesê ek sal in Windhoek gearresteer word. Net voor ons daar aangekom het, het ek afgespring en ’n lorrie na Grootfontein gehaal, waar ek soos normaalweg aangegaan en my diensplig voltooi het. Het nie ekstra dae gedoen nie.

Ná Basies klaar was, vroeg in ’82, het hulle ons volgens ons opvoeding en fiksheidsvlakke gesorteer. Hulle het te veel vir my inname opgeroep – omtrent vierduisend van ons. Ek het ’n paar kursusse in tweede fase gedoen en ’n seksieleier geword – ’n two-liner. Het ’n klein seksie onder my gekry. Ons was by Queenstown gestasioneer, net ’n ent buite Grahamstad, en daar was omtrent honderd-en-vyftig van ons. Het in die hangars gebly. Die swart bevolking van Queenstown het kak gemaak. Ons is soontoe gestuur vir die rondfok maar ook om ’n oog oor hulle te hou. Karre is onder die klippe gesteek op die Port Elizabeth-pad. Dit was baie, baie gevaarlik. Ons is gewaarsku om nie daar te ryloop nie. Wanneer ons Queenstown verlaat het, het ons op Samils PE- of Oos-Londen-lughawe toe gegaan wanneer ons Grens toe moes vlieg. Een seksie het opgegaan terwyl ’n ander een teruggekom het.

Ek het in Kaapstad zol gekoop wanneer ek huis toe kom van die Grens af. Dit was onwerklik. Ek het dit in my sak gedruk en by 6 SAI in die kamp ingekry. Het na die civvy lughawe toe gegaan en dwarsdeur gestap. Niemand het my deursoek nie, want ek was die eiendom van die regering! Ek het net deur gestap; niemand het my gepla nie. Dit was so maklik.

Ek weet van ouens wat balsakke vol zol gedra het. Ek lieg nie. Ek het ’n maat

wat dit gedoen het. Hy het elke stukkie toerusting weggegooi. Toerusting kon jy vervang; jy het vriende gehad. As ’n ou in die stoor gewerk het, kon hy alles vir jou kry as jy hom ’n bietjie aansporing gee. En dit was nuwe uitreikings! My maat het dit weer gedoen, maar is gevang. Hy moes ’n ekstra ses maande doen, en dit was dit – maar ses maande in Queenstown aan die wag staan, is vir my baie erger as Grensdiens. Ek was jammer vir hom want hy het nie betaling of danger pay of ekstras ontvang nie – niks nie. Ek het nooit gerook geraak tydens Basies nie. Ek kon nie en ek was bang. Maar later kon jy daarmee wegkom. 6 SAI was so groot en daar was soveel van ons. Dit was ’n bietjie van ’n risiko, maar meesal het jy nie omgegee nie. Jy het dit net gedoen.

Ek was goed met my vuiste – het voortande uitgeslaan wanneer ek ook al die kans gekry het – en ek het dus baie in die army geboks. Ek het dit geniet. Daar was een ou van die Transvaal, ’n rooikop. Ons was goeie buddies, maar eers het ons niks van mekaar gehou nie. Ek het uitgevind hy boks vir Transvaal, toe sê ek: “Let’s go for it and see what happens.” Ons was gelykop. Ek was fiks toe.

---

Nadat ek Basies by Saldanha klaargemaak het, het hulle my na Simonstad oorgeplaas waar ek die heeltyd gebly het, tot Julie 1984. Het gebly in ’n plek wat Waterfall Baracks genoem is. Het ons eie kamers gehad – jammer, hutte. Baie gaaf. Geen klagtes daaroor nie. Verskillende vlootpersoneellede het gekom en gegaan. Niemand het geweet wie’s veronderstel om permanent daar te wees nie. Omdat die lede so verander het, was daar nie juis inspeksies nie. Ons is aan onsself oorgelaat.

Omdat ek G3K4 NP geklassifiseer is weens my long wat platgeval het, is ek op ’n stoorkursus gestuur. Ek weet nie waarvoor die NP gestaan het nie. Ek het gedink dit het Nasionale Party beteken. Toe het hulle besluit ek kan klerklike werk in een van die kantore doen, dokumente stempel en hanteer. ’n Spesifieke kommodoor het af en toe ingekom, hoewel hy nie op Vloot Logistieke Kommandement gestasioneer was nie. Hy het sekere lêers en aantekeninge aangevra wat ek dan vir hom gefotokopieer het. Watter dokumente hy ook al wou gehad het, het ek vir hom gekry. Hy was die baas. Toe is hy opgesluit. Die MP’s het hom weggeneem. Hy is as ’n Russiese spioen gearresteer! Sy vrou ook! Die hel het losgebreek toe hulle uitvind. Daar was ’n groot ondersoek. Hulle het almal van ons gevra wat ons vir die kommodoor gedoen het. “*I copied files for him*,” het ek gesê. “*Any file he asked for. He was the boss.*”

Hulle het my gevra watter skool ek bygewoon het. Toe ek sê, het hulle gesê:

“*Ah! The commodore went there as well!* ” Toe sien hulle ek het die een in Kaapstad bygewoon. Gelukkig was die kommodoor by die een in Pretoria.

“*Religion?* ” het hulle gevra.

“*Catholic.*”

“*Ah! The commodore is a Catholic too!* ” Ek wou nie meer sê nie. Maar gelukkig is dit waar die ooreenkomste tussen ons opgehou het.

As hy dit gedoen het omdat hy in die Kommunistiese saak geglo het, sou ek meer respek vir hom gehad het, want dan het hy dit ten minste om ideologiese redes gedoen. Maar blykbaar was dit suiwer vir die geld. Die Russe het hom betaal. Dis regte politieke prostitusie om dit vir die kontant te doen. Die vloot het agterdogtig geraak oor hoe iemand so rojaal op ’n kommodoor se salaris kon leef. Dis wat die hele ding weggegee het. Hy is lewenslank tronk toe gestuur, maar onder die nuwe stelsel vrygelaat.

In die Parabats het ek die ligte masjiengeweer gedra. Het omtrent vyftien spronge gedoen en my pak gedra plus die LMG. Dit moes ek vir ’n paar dae rondkarwei tydens operasionele oefeninge. Ons het by die vliegtuig uitgespring, en dan ’n dag en ’n hele nag lank geloop sonder om te stop. Wanneer ons vir ’n ops geoefen het, is daar baie geskiet, maar daar was geen aksie nie.

Ons is Grens toe, maar nie die een wat jy dink nie. Nee, ons Grens was Beitbrug, naby Zimbabwe, in die voormalige Noord-Transvaal. Ons het ook die grense van Mosambiek en Botswana gepatrolleer. Ons het by die plaaslike bevolking gekampeer. Ons het geweet daar is terroriste in daardie gebiede, maar hulle was nie aktief nie. Hulle het gewone klere gedra en saamgesmelt met die res van die bevolking. Gerugte wou dit hê dat hulle tussen die plaaslike bevolking gewoon het. Ons het nie geweet wie’s wie nie, so ons het ’n paar rondgeslaan om inligting te kry. Maar niks het daarvan gekom nie. Het net baie kak van hulle kant af gekry.

Die helfte van die tyd het ek nie geweet waar ons is nie. Die probleem was jy’s net iewers afgelaai. Jy’s uit ’n vliegtuig gegooi en daar gaat jy. Een keer het ons drie dae aanmekaar geloop. Ons het nie geweet waar de hel ons is nie. Geen padtekens, niks nie – nie eens ’n teerpad nie. Die korporaal het ’n kaart gehad, maar nie een van ons het geweet wat gaan aan nie. “Tel op julle kak en laat ons loop!” Ons het bloedblase oral op ons voete gehad. Kon omtrent nie loop nie. Mense het gehuil. Ek kon dit nie glo nie – volwasse ouens het gehuil. Kon dit nie vat nie. Ek kan eerlikwaar nie onthou hoe ons opgetel is nie. Al wat ek weet, is: ons is uit ’n vliegtuig gegooi met al ons goed by ons en toe ons die grond tref, het ons begin stap. Niemand het vir ons gesê wat ons moes doen of waarheen ons moes gaan of waarom ons dit moes doen nie.

My rug is nog steeds opgefoeter van daardie pakkasie en die masjiengeweer se dra. Ons het die pakke geweeg: sestig kilogram, sonder die masjiengeweer. Ammo, kos, water. Jy vat basies jou eie klein karavaan saam met jou. As jy nie genoeg water het nie, moenie dink iemand anders gaan vir jou gee nie. Voor patrollie moes jy die masjiengeweer afbreek en ook in jou pak druk. Alles het in daardie pak ingegaan. Dit moes ’n sekere gewig hê, maar vir die LMG-draer het hulle die ekstra gewig in ag geneem. Alles was aan ’n tou vas wat onder jou gehang het. Wanneer jy geland het, het die geweer uitgekom en jy moes dit weer aanmekaarsit en dan loop jy. Ons het drie van daardie patrollies gedoen. Ek het nog ’n koeël wat ek opgetel het wat grond toe geval het. Dis gebuig.

Die laaste stretch by Beitbrug het omtrent drie maande geduur. Ons het niks gedoen nie. Dit was soos ’n vakansie, maar daar was niks om te doen nie. Groot verveling. Daar was nie ’n basis nie. Ons het in die bos gebly, gekampeer, rantsoene geëet en ’n volle drie maande lank gewag dat iets gebeur. Die ergste deel was seker die verveling. Niks het ooit gebeur nie. Dit was die ergste. Het lekker ge-tan in die son. Op die ou end het ons gym-klasse gekry. Dit het selfs sover gegaan dat ons ons eie knaldempers gemaak het.

Ons het een keer ’n dassie geëet. Hulle is moeilik om te vang – hulle is rats. Ons het hulle nie geskiet nie, rondgejaag. Die terrein was vol klippe en rotse, en hulle is in die skrewe in, maar ons kon een vang. Dit was ’n groeppoging. Ons het dit gekoördineer. Ons het die dassie oor die kop geslaan, opgehang en toe gebraai. Natuurlik het dit baie wild gesmaak en dit was baie taai en draderig – maar interessant. Jy het moeg geraak vir al die kak in die rat packs.

Ons het in ’n droë rivierbedding met poele water geswem. Daar was krokodille in die gebied. Van die krok-spore wat ons gekry het, was groter as ’n man s’n. Hulle moes baie groot gewees het. Ons het ’n paar gesien wat so vier tot vyf meter lank was. So ons het basies gym gedoen, ge-tan, dassies gejaag, rat packs geëet, saam met die kroks uitgehang en oor vroue gepraat. Geen ligte, geen musiek, geen beskawing, niks nie.

6 SAI het lang bungalows gehad. Daar was ’n gang met kamers aan albei kante. Vier ouens per kamer. Die bungalows was regtig lekker as jy hulle met Oudtshoorn s’n vergelyk. Die laaste vertrek was die TV- en ontspanningsarea. Sommige kamers het selfs tafeltennis gehad. Daar is altyd Vrydagaande ’n video gewys, wat van ’n sentrale punt af beheer is.

Ons het by die Grahamstadfees gemarsjeer. Ons kompanie het ’n kleurparade daarvoor gedoen. Ons sersant-majoor het moer baie gesuip. Ons het hom “Sad Sack” genoem want hy het ’n groot boep gehad wat oor sy belt gehang het. Hy

het ook ’n dubbelken en reguit klein beentjies gehad. ’n Dop-en-tjop-ou deur en deur.

Nadat ek na Youngsfield oorgeplaas is, het ek aan die RSM gerapporteer, wat gesê het: “Goed, jy’s ’n Tiffie. Ek sit jou in die werkswinkels.” Ek het verduidelik ek is ’n gekwalifiseerde grafiese ontwerper en het niks van voertuie geweet nie. “Sa’majoor, ek is ’n Tiffie gemaak net omdat daar te min troepe was, Sa’majoor.”

“Dan moet jy by die sa’majoor by die mediadepartement rapporteer. Hulle het iemand gesoek.”

Die mediadepartement het uit ’n snaakse en vriendelike sa’majoor, ’n civvy sekretaresse wat ons “Mevrou” genoem het, twee rustige civvy assistente, die tegnikus en die algemene werker, bestaan. Behalwe dat ek ook oudio-visuele toerusting soos videomasjiene, filmprojektors, luidsprekers en oorhoofse projektors moes uitteken, was my hooffunksie om die verskeidenheid opleidingshandleidings te fotokopieer en te bind. Militêre personeel het van oor die hele Kaap Youngsfield toe gekom om verskeie teoretiese kursusse af te lê.

Media het ’n monstergrootte fotokopieerder gehad. Dit kon omtrent 120 bladsye per minuut uitspoeg. Ek het die meesterkopie ingesit wat partykeer ’n paar honderd bladsye lank was en ’n knoppie gedruk. Die masjien kon net ’n sekere getal bladsye op ’n slag prosesseer, so dit was nodig om die dosyne segmente bymekaar te bring om volledige kopieë te maak. Dit het gehelp om aandag te skenk aan die prosedure anders het dit verwarrend geraak en daar kon ’n bokkerop kom. Om sake te vererger, het die masjien van tyd tot tyd oorverhit en gaan staan. Niks wat ’n ordentlike skop nie kon regmaak nie. *Beskadiging van staatseiendom*. Die kopieë is dan gekram, ge-spiraalbind of aanmekaargeplak. Partykeer het die kapteins of majore kopieë van hoogs geklassifiseerde dokumente laat maak. Hulle het dan die heeltyd langs my gestaan om seker te maak ek hou nie ’n kopie vir myself om te versprei nie.

Soms het ek en Mevrou en die assistente kaart gespeel of TV of video’s gekyk. Ander kere het die tegnikus in sy stoel gedut terwyl die casual op die stapels versnipperde papier geslaap het. Soms het ek ook geslaap. Ons het ook ’n tafeltennistafel gehad. Die kaptein en majoor het mekaar uitgedaag. Ek het ook teen hulle gespeel.

Mense het die mediadepartement as ’n ontspanne plek gesien, wat dit dan ook terdeë was. Die range het ons nie moeilikheid gegee as hulle die werk gedoen wou kry nie. Vir ons geglimlag, die dokumente oorhandig en die kopieë is dubbeld so vinnig gemaak, netjies gebind en van omslae voorsien. As hulle ons

die gewone army stront gegee het, was dit: “Wel, sorrie Sersant, die masjien is besig. Ek doen die Majoor se kopieë.” Of “Jammer Luitenant, die masjien is gebreek.” Dit het taamlik gereeld gebeur en wanneer ’n skop nie gewerk het nie, het civvy tegnici van die vervaardigers ingekom.

Om in die media te werk was ’n kleinerige maar verantwoordelike werk, en ek het myself toegewy en dit geniet. Dit het beteken die kommandant was gelukkig. As hy gelukkig was, was die majoor gelukkig, en die kaptein ook, en uiteindelik my sa’majoor. As hy gelukkig was, was ek gelukkig. Happy Families. Ek het seker gemaak dinge verloop glad en ek het nie rondgeneuk nie. Ek dink te veel vorige mediadepartement-troepe het in die verlede geloaf en hulle geluk misbruik. Dit was vir my die beste plek om te beland. Ek het baie dankbaar gevoel, want ek kon nog artistiek en skeppend wees, al was dit op ’n beperkte manier. Ek het opleidingshandleidings geïllustreer en plakkate vir geleenthede en groot gebeure op die basis ontwerp, asook vir die militêre tentoonstelling by die jaarlikse Goodwood Skou. Die kaptein het my ook gevra om ’n karikatuurskets van die kolonel vir sy verjaarsdag te maak. Hy was in bevel van Youngsfield.

Hulle wou die skets raam en aan die kolonel oorhandig. Ek het ingeklim en die man het nie lig daarvan afgekom nie. Die hele punt van ’n karikatuur is om ’n persoon se gelaatstrekke te aksentueer en oorbenadruk. Ek het van hom ’n Caesar gemaak. Hy het ’n oorgroot lourierkrans om sy kop gehad wat op sy groot, flapperige ore gerus het. Die kolonel het groot ore gehad. Almal het dit geweet. Dit was moeilik om dit nie raak te sien nie. Daar was ’n gerug dat hy valstande het. Ek het hom ’n breë grinnik gegee en die tande laat blink. Sy bril was soos ’n windskerm. Ek het hom ’n klein lyfie gegee wat trots in Romeinse gevegsdrag staan. Hy het ’n Voorsieningsdienstekorpsbanier gedra. Die skets was ’n goeie weergawe van die kolonel en baie van die range het lekker gelag, veral my sersantmajoor, wat standerd 7 gehad het. Die kaptein het ook daarvan gehou, maar het bekommerd begin raak, want hy moes dit oorhandig.

Die volgende dag is ek na die kolonel se kantoor laat kom – ’n plek waar troepe dit nie wou waag nie. Ek het buite gewag en gemeen ek’s in die moeilikheid en dat ek miskien nie so ver moes gegaan het met die skets nie. Ek het gevoel soos ’n stout skoolseun wat wag om die hoof te sien terwyl ek weet ek gaan buk vir ses. Dit het net vier keer in my skoolloopbaan gebeur. Die sekretaresse het gesê ek moet ingaan. Ek het in gemarsjeer, my arms geswaai en my voet, so goed ek kon, gestamp. Het op aandag gestaan, gesalueer en voor my uitgestaar. Hy het gesê ek moet op die plek russtaan. Toe, met ’n groot glimlag, het hy nadergekom en my hand geskud. Hy het na die skets gewys waar dit teen die muur hang en gesê hoeveel hy daarvan hou. Dit het gelyk of die kolonel ’n sin vir humor het. Hy het my bedank voor hy my laat gaan het. Ek het weer my

voet gestamp en op aandag gekom, twee treë terug gemarsjeer, die voet weer gestamp, gesalueer, ’n omkeer gemaak, weer gestamp, en gesorg dat ek bleddiewil daar uitkom. Verligting.

Ek het die aand af gekry. Ek het besluit om terug te gaan Seepunt toe. By die treinstasie het die MP’s ouens in uniform voorgekeer, op soek na AWOL-ers wat nie pas het nie. Maar in die vloot is ons nie met papier uitgereik nie. Hulle het my voorgekeer en versoek om my pas te sien. “Verskoon my?” het ek gesê. “Lyk ek soos ’n naturel vir jou? ” Onthou, dit was 1983. “Ek het nie ’n pas nie. Ek is in die vloot.”

Ek het een ster op my arm gehad want ek was ’n bevare seeman, wat niks is nie – dis ’n eenstreep-korporaal – maar hulle het dit nie besef nie. Hulle was nie seker van vlootrange nie omdat hulle in die army was. Hulle het almal gedink ek is ’n luitenant. Hulle het my gesalueer en teruggestaan.

---

Ons het ’n paar weke lank wagdiens by die basis in Durban gedoen. Op een stadium was daar nie genoeg mense om wag te staan nie. Daar was ’n hek aan die voorkant, ’n hek agter, met barakke en ’n klein HK binne. Dit was pret, want ons was in die stad.

Almal het gelas en iemand het dial-a-pizza gebel en hulle het by die hek afgelewer. ’n Korporaal het my gestuur om te gaan geld trek vir nog pizza. Die OTM was net onder in die pad, omtrent ’n halwe blok ver. Toe ek daar kom, het iemand ’n transaksie aangegaan, maar nie die kontant geneem nie. Daar was omtrent tagtig rand in die gleuf. Ek het rondgekyk, maar daar was niemand daar nie, toe vat ek dit terug basis toe. “Hier’s geld vir pizza.” Dit was ’n bonus vir ons almal. Almal het baie pizza geëet. Dit was vir my een van die hoogtepunte.

In die woonstelblok aan die oorkant het twee dames gewoon. Dames van die nag, dink ek. Die ouens wat laataand waggestaan het, het elke af en toe borste te siene gekry. Die dames het by die venster gestaan, gedans en dan die bostuk opgelig en ons het gesê: “Ja! Wys ons nog!” Ek dink een van die korporaals het hulle een oggend gaan besoek, want toe hy die volgende aand in die stort staan, het hy krapmerke op sy rug gehad. “Waar was jy?” het ons gevra. Hy het net gelag.

Wagstaan by die basis – wat ’n pyn. In die vroeë negentigs was die bedreiging

minimaal, maar ons moes nog die basis oppas. Toe ons met ons gewere uitgereik is, het hulle ons ’n halfvol magasyn gegee, geseël in ’n plastieksak. Ons moes by die korporaal vir die sak teken. Dit was nie veronderstel om oopgemaak te word nie en as dit oop was, sou jy taamlik moes verduidelik. Ons is nie eens toegelaat, sover ek kan onthou, om ’n ronde in die kamer te hê nie. Ons is na sekere poste uitgeplaas. Snags was die plek verlate. Terwyl ek wagstaan, alleen in die middel van die nag, het ek myself afgevra wat ek sou doen as ek aangeval word. Skeur die sak oop, skiet ’n paar rondes af en nael terug na die wagkamer?

’n Seksie het vier ure op ’n slag waggestaan, soms by die hek, of in die verste en mees afgeleë hoeke van die basis. Groepe het uitbeweeg, uitmekaar gegaan en dan na hulle poste toe geloop. Dan het ons teruggekom en vier ure afgekry tot die volgende skof. Ons het gerus of probeer slaap in die sif beddens by die hoofhek se klein wagkamer. Die korporaals aan diens het TV gekyk op ’n klein swart-en-wit draagbare enetjie wat baie sleg opgevang het, of die radio sou aan wees.

Wagstaan by die hek het beteken jy moes na die motor toe marsjeer, jou voet stamp en ’n borssaluut doen. Jou geweer was oor jou skouer en teen jou bors, die kolf ingevou. Jy het die motor se insittendes hulleself laat in- of uitteken, dan het jy na die hek gemarsjeer, dit oopgemaak, die motor laat deurry, die hek toegemaak, teruggemarsjeer, jou voet gestamp, op die plek tot rus gekom en dan vir die volgende voertuig gewag. Dit was snaaks om die Staandemaglede saans te sien terugkom, so dronk soos spoke, en wanneer hulle hulle name in die register skryf, kon sommige skaars die pen vashou, laat staan nog teken.

Laataand het van ons in die kapel wat omtrent nooit gesluit was nie, ingesluip. Ons het afgespreek om daar te ontmoet en ’n bietjie op die banke te slaap. Ons was bedag op enige geluide. Om te praat was natuurlik buite die kwessie. Ons het stilgebly en die tyd laat verbygaan. Iemand sou cavy hou en aan die deur tik as hy ’n korporaal op jag sien, wat ons dan kans gegee het om daar uit te kom en in die skadu’s weg te raak.

Ek onthou een nag baie duidelik. Ek was aan die verste kant van die basis by die voertuigpark waar die Samils, Buffels en herwinningsvoertuie geparkeer was. Dit was twee-uur in die oggend. Die oranje spreiligte het helder aan hulle hoë pale gebrand. Dit het gestortreën. ’n Stormsterkte wind het gewaai en dit was ysig koud. ’n Regte Kaapse winter met ’n swart suidooster. Dit was donker, behalwe vir daardie helder ligte, wat alles swart, bruin en oranje gemaak het. Die reëndruppels het amper horisontaal saam met die wind neergekom en dit het heel streperig gelyk. Ek moes skuiling kry teen die storm. My poncho en ek was sopnat. Jy was veronderstel om deur die hele area te beweeg, maar ek het gedink: “Wat de hel maak ek hier? Vergeet dit! Dit reën, ek’s nat, dis twee-uur in

die oggend, die wind skreeu behoorlik en ek staan hier aan die gatkant van die basis.”

Ek het in ’n donker hoek in die ingang na ’n werkswinkel gestaan en ’n sigaret aangesteek. Dit het lekker gesmaak. Dit het my warm gemaak. Ek het gekyk hoe die rook oranje word en dan weggeswiep word deur die wind. In so ’n situasie raak jy ’n bietjie getik. Ek het na die reën gestaar en hardop gepraat in ’n poging om myself gerus te stel, want al was dit surrealisties, was dit ook nogal angswekkend. Ek het gesê: “Ten spyte van dit alles, is dit iets om te onthou hierdie, want dit gaan nie vir ewig aanhou nie en eendag sal dit niks anders as ’n herinnering wees nie.”

Jy weet hoe jy soms iets sien wat jy nooit sal vergeet nie? Dit was een van daardie oomblikke, en ek het dit doelbewus daardie aand in my geheue ingebrand. Alleen, koud, nat en aan die rook in ’n verlate, droë hoekie van Youngsfield-basis, terwyl die streperige oranje reën val.

Ek het by 2 Mil se onderoffisiere-menasie beland. Was eers by die offisieremenasie, maar dit was te stresvol, toe stuur hulle my na die onderoffisiere toe. Dit was nog steeds te veel vir my, toe sit hulle my saam met ’n one-liner in die store, die gerieflikste posisie op die basis. Hy was ’n bliksem. Ek het uitgefreak. Sy stoorkamer vernietig. Heeltemal uitgefreak. Het die hele ding gedoen van skeermeslemmetjies gryp terwyl ouens toekyk. Het my bed en my kas omgekeer. Het ’n inspuiting gekry. Gekalmeer. Ek onthou ek het in ’n gang wakker geword, bygekom en net so weer omgedop, aan die slaap geraak. Uiteindelik in die army hospitaal bygekom. ’n Verpleegster was besig om my broek uit te trek. “Dis nogal cool,” het ek gedink. Weer uitgekis. Dit was die inspuiting wat hulle my gegee het.

Dit het na die drama ’n amptelike ding geword. Hulle het vir my civvy klere gegee en wou hê ek moet gaan gym. Kon daar ontspan. Het ’n duvet op my bed gehad, ’n hi-fi in my kamer. Streshantering. Ek het op die basis gebly en kon oor naweke huis toe gaan.

Toe besluit ek ek wil by die Staandemag aansluit. Ek wou ’n kanarie in die lugmag word, want ek het toe in die Kaapstad-koor gesing. Die lugmag het mooi uniforms gehad. Ek het gedink dit sal lekker wees om ’n salaris vir sang te kry, as tenoor. Kry ’n tjek om te sing en rond te reis terwyl jy ’n mooi uniform dra. Maar ek het my kanse opgebokker, so jy kan jou voorstel hoe my versoeke teruggekom het: afgekeur, afgekeur, afgekeur.

Na my uitfreak-episode en omdat ek genoeg gehad het, het ek met my soektog na ’n zol begin. Ek moes hierdie ding – dagga – probeer. Ek het daarvan gehoor

en het by Wynberg-stasie gaan kyk. Ek het ’n kleurlingoutjie gesien, arm en so, en gedink hy sal dalk weet waar ek kan kry. Ek het gevra: “Het jy dagga?” Hy het stoppe uitgepluk en ’n nek gepak. Ek het nie eens geweet hoe om ’n sigaret te rook nie, laat staan nog ’n bottelnek! Ek het nie geweet hoe om in te asem nie. Ek het niks geweet nie. Hy het gesê ek moet probeer. Sy hand het na kak geruik. Ek het dit nie reggekry nie. Teen die tyd dat ek terug by die basis gekom het, het ek weer gevoel of ek uitfreak, nie oor ek gerook was nie, maar omdat ek na ’n hot box geruik het.

Ná Basies is ek na 2 Militêre Hospitaal oorgeplaas waar ek ’n deel van die rehabilitasiesentrum bestuur het. Ek was in bevel van algemene ortopedie. Rehab was ’n groot eenheid met chemoterapie, ortopedie en ook sielkundige eenhede. Daar was maatskaplike werkers en fisioterapeute. Ek het gevoel ek voeg baie waarde tot die stelsel by. Elke week het ons pasiënte se vordering bespreek. Ek het ’n hele paar gesien wat van Angola of die Grens af teruggekom het wat eenvoudig nie die stres kon hanteer nie. Hulle is vir ses maande opgestuur, en dan af na ons toe vir ’n ruk, en dan weer op vir nog ses maande. Jong ouens.

Ek het ook ’n sport-rehab begin en die kardio-eenheid verbeter. Het baie werk buite die militêre opset gedoen en die spandokter van verskeie sportspanne geword. Later het die man in bevel van 2 Mil my probleme gegee. Die kolonel kon nie die feit verduur dat ek so pligsgetrou was en nuwe projekte begin het en die ouens in rehab gehelp het nie. Ons het baie borgskappe vir hulle gereël en hy was geheel en al daarteen gekant. Hy het my op baie maniere te na gekom. Hy het nie veel van my gehou nie.

Ek was ’n volle luitenant as gevolg van my kwalifikasies, al was ek net ’n Nasionale Dienspligtige. Ek is deur die SAW goedgekeur en ook gekeur om by die Staandemag aan te sluit, want daar was vakante poste, maar hy was daarteen. Hy wou my nie ’n werk aanbied nie. In daardie stadium wou ek aansluit. Dit sou tot my voordeel gewees het. Ek het kort tevore getrou en ’n beter inkomste en meer sekuriteit nodig gehad. Ek het sy amptelike goedkeuring nodig gehad, maar hy wou dit nie gee nie. Ek het gesê: “Daar is vakante poste in die eenheid. Hoekom kan Kolonel dit nie vir my gee nie? Daar’s my CV. Daar’s die vorms.” Hy het op my begin vloek en skree. Ek het gesê: “Luister, u is ’n bevelvoerder. U het geen reg om op my te vloek nie!”

“Jy’s ’n troep!” het hy geskree.

“Nee. Ek’s ’n volle luitenant! Jy kan nie op my vloek nie!” Dit is ’n staande bevel in die weermag: jy word nie toegelaat om op ’n mede-offisier te vloek nie. “Hou aan met vloek en ek loop uit die kantoor uit.” Maar hy het aangehou. Ek

het omgedraai en geloop en sy sekretaresse gevra of ek die foon kan gebruik.

“Nee. Dit word nie toegelaat nie,” het sy gesê.

“Ek sal self vir die oproep betaal!” Sy het nog steeds geweier. Ek het geloop en die brigadier in bevel van die mediese eenheid vir die Wes-Kaap gebel. Die volgende dag is ek na die kolonel se kantoor ontbied.

“Waar de hel kry jy die reg om die brigadier te bel?” het hy geskree.

“Hou aan met vloek en ek doen dit weer! Watter reg het jy om teen my te diskrimineer?”

Hy het gedurig mense verplaas en ek het vir ses weke in Oudtshoorn beland. Uiteindelik is ek na dieselfde brigadier toe om die situasie te bespreek. Hy het gesimpatiseer, maar gesê daar’s nie veel wat hy kan doen om die kolonel se gesindheid te verander nie. Hy het my egter uit Oudtshoorn gekry. Ek is toe vir ses maande na SAKK gestuur.

Later is die kolonel na Nelspruit verplaas en in rang verlaag tot kommandant weens die vele onregte wat hy ander offisiere al aangedoen het. Hy wou nie verstaan hoe ander mense voel nie, en het niks vir enigiemand anders omgegee nie.

Een man se bril was omtrent drie millimeter dik. Kon dit as ’n vergrootglas gebruik. Hy was ’n nerd. Sodra ons op patrollie uitgegaan het – die oomblik dat die Buffel vat – het sy oë toegegaan en hy het geslaap. Die korporaal het hom teen die helm geklap. “Hei! Word wakker, jong!” Ons sou skaars weg wees en dan dos hy weer.

Ek het hom eenkeer ’n nare poets gebak. Sondae kon ons siesta-tyd kry. Rus, ontspan, doen niks nie – niemand jaag jou rond nie. Dit was nie nodig om op jou hoede te wees nie – jy kon jouself amptelik ’n bietjie laat gaan. Hierdie ou het altyd sy bril afgehaal voor hy gaan slaap het. Ek het dit met boot politoer besmeer en ons kry toe een van die korporaals om in te kom. Een ou het geskree: “Kaserne! AANDAG!” Almal het opgespring en hy het half aan die slaap sy bril gegryp en kon skielik niks sien nie. Sy kop het links en regs gedraai, op en af, die hele plek vol. Ons het ons natgepis. Toe vloek hy soos nog nooit nie! Hy was briesend. Wanneer ’n nerd sy humeur verloor, skrik jy nogal.

Ek het vir die hele drie maande wat Basies geduur het met ’n armbesering rondgeloop. Toe ek terugkom van pas af, het die dokter dit bekyk. Hy het my na die army chirurg toe geneem wat besluit het om te opereer. Die besering was ernstiger as wat aanvanklik gemeen is. Vandag lyk die letsel asof ek met ’n

panga aangeval is! Dis hoe ’n army operasie lyk.

Ons G3-ouens het die ondersteuningseenheid by Lohatlha gehelp, basies al die admin-ouens, die troepe in die beheertorings en dié wat die basis bewaak. Hulle het nie eintlik veel nut vir ons gehad nie, want ons het die stelsel sover ons kon probeer ondermyn. Ek weet nie hoekom hulle ons nie eenvoudig uitgeskop het nie. In my squad was daar net sewe van ons wat baie sleg was. Een ou wat vir my uitstaan, was besig om ’n Katolieke priester te word voor hy opgegee het. Toe het hy op sy oproepe tot diensplig gereageer. Hy het van Bloem af na ons toe gekom. Hulle het hom probeer oortuig om ten spyte van sy agtergrond ’n geweer te dra. Hy was ’n gelowige man wat in vrede geglo het en daarvoor gestraf is. Die manier waarop hulle Priester behandel het, het ons getref. In die middel van die nag het hulle hom met die brandweerslang gespuit. Hom altyd ’n moffie genoem en rondgeskop. Dit was ’n nimmereindigende getreiter. Hulle het hom uitgesonder omdat hy ’n pasifis was. Hy was klein en maer en inskiklik. Die meeste van ons was in verset oor die manier waarop hulle hom behandel het. Ons het almal van Priester gehou. Partykeer het hy by my ouens gesit en huil. Hy het gesê hy wil net huis toe gaan en wou nie daar wees nie.

’n Ander ou wat ook vir my uitstaan, het ’n ernstige fisieke gebrek gehad. Sy linkerarm was elmbooglengte met ’n misvormde hand. Hy moes voortgaan asof daar niks met hom fout was nie. Hy was G4. Die arme ou moes van die begin af G5 gemaak en huis toe gestuur gewees het. Hy moes nooit eens ingegaan het nie. Hulle het op hom ook gepik.

Ek het my woede oor die stelsel, en die manier waarop Priester behandel is, op die meer senior range uitgehaal. Ek het geweier om hulle te salueer. Ek het geweier om in te val en te konformeer. Gevolglik het ek gereeld slae gekry. Het ’n paar ernstige opfokke gehad. In daardie situasie leer jy ’n paal baie goed ken. Hulle het jou ’n paal van omtrent ses voet gegee, dit op jou skouer gesit en daarmee moes jy heeldag rondmarsjeer of tot jy omval van uitputting of dehidrasie.

Hulle het eenkeer vlootmense ingebring. Per bus daar aangekom. Die drywer was ’n luitenant met kentekens wat ek nie verstaan het nie. My lieutie het my gevra: “Wel? Gaan jy nie die man salueer nie?”

“Ek salueer nie busdrywers nie, Luitenant.” En toe was dit terug na my paal toe, selfs al was ek G3. Waar en by wie moes ek kla? Waar? Veral in Lohatlha.

Ek het meer as genoeg ge-AWOL – drie keer sonder dat ek gevang is – maar ek het besef ek mis baie van die pret wanneer ek nie in die eenheid is nie, want die ander het volgehou met hulle ondermyning van die stelsel, so ek het altyd teruggegaan om hulle te help. Hulle sou bel en sê hulle gaan iets ergs doen. Eenkeer het ek teruggegaan omdat hulle die sersant-majoor se kantoor wou

politoer. “Goed. Wag tot ek terug is.”

Ek het terug geryloop en die ekstras gedoen – gewoonlik wagstaan. Maar om wag te staan het beteken ons moes verby SAWI gaan waar ons ’n kis bier gekoop en toe dronk geraak het by die hek – en ons het toe die hek oop gelos. So enigeen kon in of uit.

Ons het op die ou end wel die kantoor gepolitoer, maar met swart skoenpolitoer. Alles is gepoleer: sy tafel, sy stoel, alles op sy lessenaar – die papier ook – die vloer, die mure, die deur, die vensters – alles. Hulle het van ons DB toe probeer stuur, waar ons ook nie wou saamwerk nie. Al wat hulle gedoen het, was om jou te vloek en die lewe ellendig te maak, jou met water te spuit en op jou te skree om op aandag te staan, maar uiteindelik moes hulle jou terug basis toe stuur. Daar was ’n ding wat bepaal het ’n sekere getal troepe moet altyd in die eenheid wees.

Op een stadium was ek vir ’n week in die DB. Het heeldag en aldag met ’n emmer sand rondgeloop. Ek is gearresteer omdat ek LSD in my besit gehad het. Iemand het my verklap; dit was nie ’n vriend nie. Dié ou het van die army gehou; hy was G1K1. Hy het gesien daar’s iets anders as alkohol wat ons so gelukkig maak. Hulle het my kas deursoek en my voorraad gekry wat ek toe net van pas af teruggebring het. Dit het dinge vir my opgebokker. Om nou van pas af terug te kom, was skielik baie moeilik. Voorheen kon ek maklik my dwelms insmokkel, maar nou is ek danksy hom elke keer deursoek. Hulle het dié rot van ’n ou doelbewus van ons af weggeskuif. Hulle was bang ons sou iets aan hom doen, maar ons sou nie. Ons was pasifiste en het nie in geweld geglo nie.

Ek het ook geweier om kerk toe te gaan. Dit het hulle nou eers beneuk gemaak. In die army moes jy kerk toe gaan. Pleks daarvan, het ek Sondae laat geslaap. Ek het nie my bungalow-deur vir enigiemand oopgemaak nie. Partykeer het hulle dit afgebreek en my uit die bed gesleep. My opgeneuk. Volgende dag sou ek na my wonde laat kyk. Ek het nie dinge vir myself maklik gemaak nie, maar dit moes gedoen word.

Binne ’n paar maande ná Basies het ek gemaak of ek epileptiese aanvalle kry net om uit die army te kom. Ek het daarvan gelees en besluit om dit te probeer. Dit het nie gewerk nie. Eenkeer het ek my kop gestamp terwyl ek maak of ek flou word – ek het ’n lamppaal getref en harsingskudding gekry! Het vir twee weke in 3 Mil beland. Hulle het my ’n week herstelverlof gegee.

Toe ek terugkom, het hulle my kroegman gemaak. Ek het nooit ’n tekort aan drank gehad nie. Die drankpryse was verskriklik laag. My hele pay het basies in die kroeg ingegaan. Daar was niks anders behalwe sigarette en lekkers om jou geld op te bestee nie. Ons het so dronk soos lords geword en dan chicken gespeel. Ons het ’n brandende sigaret teen ons arms gedruk. Die een wat laaste

wegtrek, wen. Jy kan nog die letsels op my arm sien. Dit was ons vermaak. Dit was ook “Beskadiging van staatseiendom”. Jy kon daarvoor aangekla word en in die selle beland. Ons was so verveeld. Daar was niks om te doen nie. My bevelvoerder het bekommerd geraak oor my alkoholmisbruik en my na 3 Mil se psigiatriese eenheid gestuur om vir twee maande lank uit te droog. Toe ek uitkom, was ek *regtig dors*. Toe drink ek weer. Hulle het my teruggestuur. Ek sal nie sê dis die army wat my so laat drink het nie. Ek het dit net gedoen omdat ek kon, maar ek het ook geweet dis nog ’n manier om die stelsel te ondermyn.

Ek het ’n gaatjie in my oor laat skiet, maar nooit die oorring in die kamp gedra nie. Toe kla hulle my weer aan vir “Beskadiging van staatseiendom”. Vir ’n gaatjie in my oor! Wonder wat hulle sou doen oor ’n tatoeëermerk?

Ons was in die wagkamer. Een van die ouens was depressief. Sy meisie het hom vroeër gebel. Gesê sy het iemand anders ontmoet. Hy het sy R4 opgetel en gesê hy gaan die basis patrolleer. Ons het die skoot gehoor. Het so tien treë geloop. Ek het uitgehardloop en hom op die grond sien lê met sy kopwond, en dit oor sy meisie hom gelos het. Hulle het nooit sy dood as selfmoord beskryf nie. Dis hoe onlogies die wêreld was waarin ons geleef het.

Hier na die einde van my dienstydperk toe is omtrent dertig van ons in ’n peloton bymekaargemaak. Ons het drie dae lank geoefen hoe om in stadige pas te marsjeer. Dit was ’n blitskursus. Ons is gekies om op hierdie wyse by iemand se begrafnis te marsjeer. Om stadig en in gelid te marsjeer is moeilik, veral vir dié van ons wat in die eerste plek nie van gewone drilwerk hou nie. Die regterarm word reguit en langs jou sy gehou terwyl die linker die geweer oor jou bors hou. Soos een voet vorentoe skiet, stoot jy die stewel se sool sagkens oor die teer, punt jou tone en trap dan. Dan volg die ander voet in dieselfde prosedure. Dis baie maklik om jou balans te verloor as jy nie konsentreer nie. Dit, en die feit dat dit by iemand se begrafnis was, het dit ’n moeilike taak gemaak. Jy wou nie droogmaak nie en het geweet jy moet jou beste gee.

Op die dag het ons wit puttees, wit handskoene en blou krawatte aangetrek. Goed gelyk. Ons het ons R4’s getrek en toe met die bus gery na Parow, ’n voorstad van Kaapstad. Ons korporaal het ons aangetree. Ons het op aandag voor die kis gestaan wat met die ou Suid-Afrikaanse vlag oorgetrek was. Ek onthou ek het ’n maroen beret boop gesien lê, maar ek kan nie sê of dit ’n Recce, Bat, of Medic s’n was nie. Al wat hulle gesê het, is dat hy per ongeluk deur ’n ander soldaat in die kop geskiet is terwyl hulle hulle *pistole* skoongemaak het. Ek weet nie of hy ’n offisier was of nie. Ons het almal gemeen dis selfmoord, maar iemand het gesê as dit die geval was, sou hy nie ’n militêre begrafnis gekry het

nie.

Die verrigtinge het begin. Ons het stadig vooraan die stoet gemarsjeer terwyl familie en vriende die lykswa agter ons gevolg het. Die stoet het stadig om die blok na die NG Kerk beweeg waar ons peloton gehalt het. Nuuskieriges het toegekyk, maar sonder om te raas. Ek kon sien dat hulle dit wat plaasvind, verstaan en gerespekteer het. Die kis is deur lede van sy eenheid in die kerk ingedra.

Gedurende die diens het ons in die bus gesit. Sommige troepe het grappe gemaak, maar ek het stilgesit. Ek was nie in die luim om luidrugtig te wees nie. Ná die tyd het ons koek en tee in die kerk gekry. Die grapmakers het ingekom en mekaar amper met die elmboog uit die pad gestamp om eerste te wees, terwyl die arme familie toegekyk het. Ek het gedink: "Julle gevoellose bliksems. Kan julle nie 'n bietjie respek betoon nie?" Die versnaperinge was vir ons, 'n blyk van die familie. Dit het my nederig laat voel dat hulle ons deelname so erken.

Ek weet nie of ek dit moet erken nie, maar om deel te wees van die dag, by die gestorwene se familie in hulle hartseer oomblik, was vir my baie roerend. Dit was een van my trotsste en kosbaarste oomblikke, nie net in die army nie, maar ook as mens. En tog was daar geen vreugde nie.

Daar was 'n weermagtandarts op die basis. Ek dink hy was 'n Staandemagluitenant. Ek het 'n afspraak gemaak om hom te sien en verduidelik dat my tand regtig seer was. Dit kon hom nie skeel nie en hy het gesê ek moet op 'n ander dag kom, ten spyte daarvan dat hy geen ander pasiënte gehad het nie. Hy het glad nie omgegee vir dienspligtiges se tande nie, net Staandemaglede s'n, maar ek was koppig omdat dit regtig seer was. Ek het dit aan sy assistent verduidelik en sy het gekyk en gesien ek lieg nie. Toe eers kyk hy en sê dis 'n verstandtand wat moet uitkom. Ek was huiwerig, maar wou dit laat doen. As jy dit nie in die army kan vat nie, wanneer kan jy dan? En toe stem ek in. As ek maar geweet het wat voorlê, sou ek nooit nie.

Hy het die tandvleis doodgespuit, maar voor die verdoofmiddel in werking getree het, sy tang gevat en getrek en geruk, en nog getrek, maar die tand wou nie roer nie. Hy was 'n vet man. Hy het gesteun. Teen hierdie tyd het ek die stoel met wit kneukels vasgehou. Dit was 'n warm dag en die sweet op sy voorkop het op my gesig begin val. Toe hoor ek 'n kraakgeluid, maar die tand het nog vasgesit. Hy het sy knie teen my bors gedruk en getrek. Hy het nie sagkens te werk gegaan soos 'n burgerlike tandarts sou nie. My oë was so groot soos pierings. Die pyn was erg, baie erg. Uiteindelik het ek nog 'n kraakgeluid gehoor en toe kom dit uit – ná omtrent tien minute se trek aan die ding. My gesig was

papnat van sy sweet. Hy het gevra of ek die tand as ’n aandenking wou hou. Terwyl ek die bloed insluk, het ek gesê: “No, shank you, Looshenant,” want die verdoofmiddel het uiteindelik begin werk.

Ek het die res van die dag herhaaldelik watte in my mond gedruk. Die goeie ding was dat ek nie ’n sent vir die prosedure betaal het nie. Ek het nie geld of ’n mediese fonds gehad nie, so danksy die SAW en die belastingbetaler, is my verstandtand gratis getrek.

Dit het my geamuseer dat daar soveel gewese Royal Navy-mense in die Staandemag was. Hulle Afrikaans, as hulle dit kon praat, was beroerd. In die vloot is instruksies een maand in Engels en die volgende maand in Afrikaans uitgereik. Ons het gegrap dat die helfte van die vloot elke tweede maand nie geweet het wat aangaan nie! Die mense het die aantekeninge in hulle lessenaars gebêre en vir die volgende maand se Engelse een gewag. Uit ’n werksoogpunt was dit nie juis ideaal nie.

Ons is uitgeroep om ’n klomp Buffels van 44 Valskerm Bataljon, noord van Pretoria, na Bloemfontein aan te ry. Ek het my Buffel gekry. Daar was ’n lys waarvolgens jy ’n voorritinspeksie moes uitvoer. Flikkerligte flits, ligte werk, remme werk, battery is reg, enjin loop – daardie soort ding. Een van die vereistes was om die water na te gaan. Agteraan en onder die Buffel is ’n groot watertenk met ’n kraan waaruit die troepe hulle waterbottels kon volmaak. Dit was ook ’n landmynskans. Toe kyk ek daarna ook. Ek het die kraan oopgemaak en water het uitgeloop.

Tyd om te gaan! Ons het in konvooi gery. ’n Rukkie later het ek ’n fluitgeluid en toe ’n ontploffing gehoor. Ek het die head gasket geblaas! Toe die lys sê: “Check water,” was dit die enjin se water wat nagegaan moes word! Ek het dit nie geweet nie, want ek het Samils gery. Samils is lugverkoel, soos ’n Beetle, en dis hoekom dit so onvernietigbaar is – jy het nie water nodig om dit aan die gang te hou nie – maar ’n Buffel is waterverkoel. Ek het aangeneem die voertuie werk op dieselfde manier.

’n Stafsersant-tiffie het in sy groot herwinningsvoertuig aangekom. Dis ’n gatskop, indrukwekkende trok met ’n groot hyskraan agterop. Hy sê hy gaan my nie ophys en die Buffel op sy agterwiele tou nie; pleks daarvan sal hy my met ’n trekstang tou. Die stang is omtrent drie meter lank. Hy haak toe die voertuie. Ons was so ’n paar honderd kilo’s voor Bloem, wat minstens ’n paar uur se bestuur beteken het.

Nou – as jy ’n seston-voertuig met geen kragstuur en geen kragremme ry, en al wat werk is die noodligte, en al wat jy sien is ’n baksteenmuur voor jou, en jy kan nie links sien nie, en ook nie regs nie – dan kak jy af. Al wat jy doen, is om op die trekstang te konsentreer, want dit swaai en dan moet jy teen die swaai in stuur. Wanneer hy om ’n draai gaan, is dit soos waterski. Jy gaan wyd om, en moet dan aan die anderkant weer inkom. Dan is daar speling op die stang en hy versnel. *Kwang* ! Om nog ’n draai en jy gly na die ander kant toe. *Kwang* ! Dis op die punt om te reën en daar is donderweer in die lug. Dit blits. By afdraandes gaan hy ander lorries verby, maak nie saak of daar aankomende voertuie is nie! *Kwang* ! Ure en ure hiervan. Dis seker die ergste ding wat ek nog gedoen het. *Kwang* !

Ons kom by die basis uit. Ek is uitgefreak. Ek is spierwit, want ek het dit net-net oorleef. Ek sien twee leë bottels Klippies in sy kajuit. Hy het gesit en dop en ’n jol gehad. Hy was beslis nie verveeld nie. Dit was vir hom vet pret. Sy soort ding. Gee gas. Hardebaard. Dis waar hy die manne van die muise geskei het. Dit was vreesaanjaend – langafstand surfski met ’n seston-voertuig.

Ek is bungalow toe en die ouens het my vertel die korporaal is afgepis omdat my bed en kas kak lyk. “Ek gee nie om nie,” het ek gesê. “Ek gaan nou slaap, op die vloer, en die korporaal kan gaan kak.” Ek het nie omgegee nie. Ek het daardie dag ’n paar keer amper by die dood omgedraai.

---

Een aand het die majoor, die kaptein en my sersant-majoor besluit om ’n informele braai saam met hulle vroue en ’n paar vriende te hou. Omdat ek nie rang gehad het nie, moes ek natuurlik die vuur maak en die braaiwerk doen, wat piekfyn was, omdat ek dit geniet het. Het lekker droë rooikrans gebruik en gou ’n groot vuur gehad. Het ’n paar biere gedrink. ’n Bietjie met die range geklets. Almal was ontspanne. Ons het gekyk hoe die hout uitbrand en die kole vorm en toe was dit tyd om die tjops en boerewors op te gooi. Die majoor het my gesê hy sal sy en sy vrou se steaks self braai. Cool, geen probleem nie. Ek sou iets leer daardie aand.

Al die vleis het lekker gesis en gelukkig het ek nie drooggemaak nie. Alles was onder beheer. Toe die vleis amper gaar was, het die majoor sy Tupperware oopgemaak en twee makhulu steaks uitgehaal, vol olie en fyngemaakte knoffel. Daar was soveel knoffel dat ek amper nie die steaks kon sien nie. Hy het ’n vlam uit ’n paar kole gestook, en gesê: “Kyk mooi, boet,” en hulle op die rooster gegooi.

Nou moet dit gesê word ek het altyd op die tradisionele manier gebraai. Laat die hitte die vleis kook. Nou sien ek die vlambraai-metode in aksie. Die vlamme het opgespring en die steaks verswelg. Hulle het letterlik aan die brand geslaan en gesis en gepop met baie wit rook. Ek was verstom. Ek het nog nooit so iets gesien nie. “Wat de hel maak hy?” het ek gedink. “Hy vernietig die goed. Dit gaan soos kak smaak!” Ná die vlamme bedaar het, het hy die vleis omgedraai, net die een keer. Hulle het weer aan die brand geslaan. Binne sekondes het hy hulle afgehaal, ’n bietjie gewag en my toe ’n stukkie gegee. Dit was die lekkerste stuk steak wat ek nog geëet het. Sappig, sag, vol knoffel. Glad nie gebrand nie. Van toe af was ek ’n bekeerling. Nie meer droë, taai, smaaklose vleis nie.

Dit was nie in daardie dae te kak om paraat te wees nie. Jy het van een deel van die basis na ’n ander geloop en ’n offisier sien naderkom, ’n een-pip of ’n drienuldrie. Soos jy verbyloop, salueer jy, wag dat hulle dit beantwoord, en maak jou arm weer reguit langs jou sy af. Op jou eie was dit maklik, maar as daar twee of meer van julle was, het dit meer koördinasie geverg. Julle het seker gemaak julle is in pas, wat julle in elk geval moes wees wanneer twee of meer saamgeloop het. Soos die rang naderkom, sal een van julle op die linkervoet sê: “Twee, op.” Dan het julle gesalueer. Die punte van jou eerste twee vingers teen die rant van jou regterwenkbrou. Loop verby. Dan, weer op die linkervoet: “Twee, af.” Skerp. Saam. ’n Slordige saluut kon julle ’n uitkak of erger verdien.

Militêre reëls stipuleer ook dat jy nie sonder ’n beret kon salueer nie, maar dan eerder gestrek het, en ook hoef jy nie te salueer as jy saam met ’n hoër rang is nie. Die hoogste rang salueer. En as jy sit en ’n offisier loop in, het jy gestrek deur jou rug styf te maak en jou arms reguit na jou knieë te strek, met jou vuiste geklem. Lekker paraat, ek sê.

Daar was nie ’n manier waarop ek geglo het ek moet met die army saamwerk nie. Hulle het jou nie goed betaal nie, jou stres gegee en jou soos kak behandel. Geen respek vir geen geld? Nee wat, vir wat sou ek werk?

Almal het by die store gesteel, als wat hulle kon. Tente, grawe, slaapsakke, klere – wat ook al. Alles is eenvoudig van die basis af. Jy moes gesien het wat alles uit daardie stoorkamer verdwyn het. Die stoorman was besig met sy laaste twee maande en het homself gehelp. Ek het hom vervang. Wanneer ouens hulle kit ingehandig het en daar was goed weg, of as goed soos ’n pikstel of ’n kombers vermis is, was ek in die posisie om dit mis te kyk. Die vervangingskoste sou van hulle salarisse af kom. Skielik het die ouens almal die

punt daarvan ingesien om jou as hulle buddy te hê, ten spyte daarvan dat hulle jou soos kak behandel het omdat jy net ’n stoorman was – anders as met die kok in die kombuis. Hy was uit die staanspoor ’n buddy. Hy het die chow uitgedeel, so almal was sy maatjie. Jy het hom vyf rand gegee vir sy bottel Tassies, en vir die volgende paar dae het jy ekstra poeding gekry. Maar vir ’n stoorman het niemand omgegee nie. Hulle het eers teen die einde besef hoe belangrik jy is. Skielik is jy omgekoop. Nie eens ek het die potensiaal gesien totdat dit gebeur het nie. Daar was sigarette en dop die wêreld vol.

Wagdiens by Simonstad was een dag aan en vyf dae af. Eers het hulle ons nie met gewere vertrou nie. Hulle het ons met flitse en fluitjies uitgerus! So, as terroriste moes aanval met petrolbomme en AK47’s, kon ons ’n fluitjie blaas en ’n flits gooi, en dan hardloop. Later het hulle ons met gewere sonder rondes uitgereik, waarmee ons aanvallers kon slaan. Wat het hulle gedink? Dit was ons verdediging – gewere sonder rondes en fluitjies en flitse.

Oor naweke het sekere PF’s uit die weermag se voertuie gesteel. Hulle het hulle karre op ’n Saterdagmiddag ingery, langs die militêre motors stilgehou en die batterye, vonkproppe of wat hulle ook al nodig gehad het, geruil. Dit was gewoonlik VW Golfs. Die vloot kon nooit agterkom waarom hierdie motors wat net ’n paar maande oud was, omtrent uitmekaar val nie. Dieselfde ouens wat die basis oor naweke moes oppas, was die ouens wat gesteel en geleen het om hulle eie karre aan die gang te hou. Dit was bisar. Ons dienspligtiges was net vir ’n rukkie daar, maar vir hierdie ouens was dit ’n loopbaan. As hulle gevang steel is, is hulle met reg gestraf. Dit was dom van hulle. Dis al wat hulle op ’n Saterdagmiddag gedoen het. Hulle het verveeld geraak. Daar was ’n geweldige vermorsing van alles in die army.

’n Skip sou uitvaar. Wanneer dit teruggekom het, het ons die boeke gedoen. Gewoonlik is daar buite verhouding baie konfyt gebruik. Dit was eienaardig hoeveel gebruik is. Later het ons uitgevind waarom. Verskillende konfyte is in ’n boks verpak. As een spesifieke soort gewild is, word dit eenkant gehou en die res oorboord gegooi. Skottelgoed ook. Wie wil skottelgoed was? Baie makliker om dit oor die kant te gooi. Hulle sou na ’n week terugkom en daar was geen messegoed oor nie. Als oorboord gegooi. Dit het aangehou en aangehou. Ons in Logistieke Kommandement moes hulle van voorraad voorsien en kon nie uitfigure waarom hulle soveel voorraad opgebruik nie. Weldra is die situasie onder beheer gebring.

Gedurende my tyd in die vloot was daar ’n groot besparingsplan. Hulle wou meer ekonomies wees. Ek was in bevel van skryfbehoeftes vir my kantoor. Ek

het deur die riemtelegram gehoor dat wat ook al bestel word, gehalveer sou word. Ek het net eenvoudig my bestellings vir penne en papier, en so aan verdubbel. As ek tien penne wou gehad het, het ek twintig bestel. Hulle was koppig en het gesê: “Nee, ons reik net tien uit.”

Op die ou end was ons dus gelukkig – ons het presies gekry wat ons wou gehad het – en hulle was gelukkig, want wat ook al hulle boeke gewys het, is gehalveer. Dit was ’n vals sin vir ekonomie. Soos ek sê, bisar, my twee jaar van “Natural Circus”.

---

Ek was in die Januarie ’85-inname. Het direk ná skool gegaan. Basies was in die Krygsvoorsieningsdienstekorps by Discobolos, 1 Onderhoudseenheid, by Bravo Kompanie, wat opgeneem is as Kwartiermeester-Generaal-troepe. Dit het beteken ons is ná Basies uitgeplaas na verskeie depots in die land. Ná ’n bestuurskursus by Wonderboom is ek na SAWI in Voortrekkerhoogte verplaas en ’n aankopersklerk gemaak. Om die een of ander rede het my naam op ’n SAWI-lys verskyn en ek is gevolglik oorgeplaas. Geluk was aan my kant, soos om die regte lootjie te trek, kan jy maar sê.

SAWI het sy troepe uit al die dele van die weermag gekry: army, lugmag en vloot, maar nie Mediese Korps nie, en natuurlik MP’s. By die army het hulle net by Onderhoudseenheid en Krygsvoorsieningsdienstekorps troepe gekry. SAWI-personeel was hoofsaaklik in Voortrekkerhoogte gestasioneer, waar hulle in funksies soos bemarking en kleinhandel gespesialiseer het.

SAWI het in verskillende produkte, verbruiksartikels en kentekens handel gedryf. In Voortrekkerhoogte was daar ook meubelwinkels, supermarkte, winkels, ’n melkwinkel, en so aan. Hulle het ook voorsien in die kentekens, flashes, Tupperware flashes, wapens, stable belts, balkies, en so aan. Dit het alles deur die aankope-divisie gegaan. Ons het orders aan siviele kontrakteurs uitgestuur, wat die items sou vervaardig, en dit dan aan die verskillende eenhede herverkoop. Die meeste het na die store gegaan, maar ons het ook aan kantiens voorsien. Hulle het baie goed verskaf aan ouens wat iets verloor het en dit wou vervang sonder om met die store te sukkel. Ons het ook gedenktekens en eenheidsbierbekers, muurgedenkplate en ander aandenkings verkoop.

SAWI het ’n kontantwinkel bedryf wat aan die kantiene voorsien het. Staandemaglede was die hoofkopers. Ons het die supermarkte, wat burgerlike kassiere gehad het, voorsien en daar kon mense koop wat hulle ook al nodig gehad het. Die bestuurders was almal óf afgetrede SAW-personeel óf gewese

SAW-lede wat uit hulle posisies bedank het. Die verskeie eenheidkantiens het al hulle alkohol, sigarette, koeldranke, chips, chocolates, lekkers – enige verbruiksartikel wat hulle nodig gehad het – deur SAWI gekoop.

Mense het gewonder waarom produkte so goedkoop was. Dit was omdat pryse nie aangepas is vir ’n winsmotief nie. SAWI was ’n diens. Dienspligtiges het by hierdie plekke gewerk, so daar was nie salariskwessies nie. Burgerlike salarisse is deur die weermag betaal en nie uit die afsetpunt se eie sak nie. Geboue is deur die army voorsien. Dit alles het lae oorhoofse koste beteken. SAWI het ook die produkte in groot maat aangekoop. Dit was groothandelaar sowel as kleinhandelaar. Die supermarkte en kantiene het dan ook in groot maat gekoop. Dit het pryse tot ’n absolute minimum beperk. Bier was byvoorbeeld baie goedkoop.

Ek was van Mei tot November by Voortrekkerhoogte, tot hulle my uitgeplaas het na Grootfontein in Suidwes.

# DIE GRENS

*Jy sê ek onthou dit goed. Ja, wel, dit het net vasgesteek. Ek het ’n jaar en ’n half daarbo gehad om daaroor te dink. Baie keer het ons net rondgesit en niks gedoen nie. My tyd daar was baie interessant, maar uitputtend, en ’n intensiewe periode van min slaap vir lang tye aaneen, wat nie so lekker was nie.*

*Ek het gehou van die Ratels. Genoem na die rateldier wat in die Kaap voorkom. Dink jy dis ’n oulike, sagte, teddiebeeragtige klein diertjie? Nee wat, boet. Hy sal jou aan stukke skeur. Maar die Buffel – dit was nou eers verskriklike goed! Aaklig! Topswaar. Te veel ongelukke het op daardie goed gebeur.*

*Ons uitrusting het nie gehou nie. Die son het ons klere gebleik. Ek het nie lang moue gehad nie. Ek het dit afgesny. Ek het nooit kouse of onderbroeke gedra nie – het dit weggegooi. Dit was net ekstra wasgoed. Wie het dit nodig? Het my hare altyd kort gehou. Doen dit nog steeds.*

*Betonbakens het die grenslyn aangedui, omdat daar tussen die Cuneneen die Kuvango-rivier geen rivier was wat Suidwes van Angola geskei het nie. Die bakens het die onsigbare skeidslyn gevorm en dit het omtrent vierhonderd kilometer ver gestrek. Die bakens is elke tien kilometer geplaas en met behulp daarvan en jou kaart kon jy jou posisie bepaal. Dit was meesal Nasionale Dienspligtiges op patrollie wat daarvan gebruik gemaak het. In sekere gebiede was die bakens net klippe wat in ’n keëlvorm gepak is, want daar was baie droë shonas wat in die somer vol water was.*

Toe ek in 1971 in die weermag was, was dit eintlik net die PF's wat opgevlieg het na die Grens-gebied toe om permanente basisse te bou en onderhou. Die eerste lugmagouens wat opgegaan het, was meesal radio-operateurs en helikoptervlieëniers. Die noordelike grens is nog opgepas deur die polisie wat basies as militêre eenhede gedien het. Die terroriste is soos misdadigers hanteer.

Dit was interessante tye. Die oorlog was op die punt om te begin, met klein skermutselinge hier en daar in Suidwes, maar ons het geweet dit gaan volskaal word. SWAPO was nog besig om hulleself te organiseer. Toe die Portugese in 1975 uittrek, wou almal beheer oor Angola oorneem. Die weermag het hier rondom 1975 opgegaan om die polisie te vervang, en dit het 'n volskaalse oorlog geword.

Ek was oral: Angola, Suidwes, die Caprivistrook. Ek het nog 'n brief wat my oral op die Grens heen gevolg het. Die een week was ek by hierdie basis en die volgende week by daardie een en die week daarop by 'n ander een. Toe ek uiteindelik terugkom by my hoofbasis in Bloemfontein, het hulle my my deeglik berese brief gegee. Dit het my drie maande lank gevolg, maar was altyd net te laat. Dit was 'n brief van my ouers af.

Op patrollie het ons ons klein Noddy-karre gehad. Jy het 'n drywer, 'n kanonnier en groepbevelvoerder gehad. Ek was 'n groepbevelvoerder. Ons was sewe dae op 'n slag op patrollie en het dan teruggekeer na die basis. Een dag se ontspanning en dan gaan jy weer. Het 'n paar rondes afgevuur. Dan na die volgende basis. Aan en aan en aan. Dit was aan die Suidweskant.

Een of twee Noddy-karre is deur landmyne langs die pad opgeblaas. Geen groot probleme nie. Gelukkig is ons geleer hoe om te bestuur. Ons het nie enige groot ongevalle behalwe vir 'n paar nogal slegte beserings gehad nie. Daar was nie sterftes in my eenheid waarvan ek bewus was nie, maar 'n Bedford het wel opgegaan. Vier ouens dood. Dit was hulle eie onnoselgeit – hulle het vir 'n joyride gegaan en 'n landmyn getref. Dit was troepies wat na 'n cuca shop toe wou gaan. Dit was nie van my ouens nie; hulle was Infanterie. Hulle ouens het die gemors gaan skoonmaak. "Dood aan diens," is wat hulle ouers seker vertel is.

---

Dit was omtrent September '75. Ons het 'n troepetrein van Bethlehem na

Windhoek gehaal en die rit het vyf dae geduur. Dit was ’n stoomtrein. Geen baddens, geen storte, niks nie. Teen die tyd dat ons daar kom, was ons toe onder die roet. Het soliede, swart ringe gemors om ons nekke gehad.

Ons het in ’n kamp in Windhoek ingegaan waar ons gestort en geëet het. Het op Unimogs geklim. Ek was een van die drywers. Ons het na Ondangwa gery. Dit was ’n groot plek en het ’n aanloopbaan gehad. Op ons eerste nag moes ons wag staan. Die oumanne het teruggekom en gesê: “Die terrs gaan jou keel afsny terwyl jy slaap en op jou gesig pis, roof.” Hulle het ons allerhande sulke goed gesê. Teen daardie tyd was ons opgewerk – tot by ons haarpunte – en wou hê iets moet gebeur, enigiets.

Ek het ’n maat gehad – ons ken mekaar nog steeds – wat ook van my valley was, Durbs. Ek en hy moes die 44 gelling-dromme brandstof oppas. Dit was die middel van die nag. Skielik: *Klang* ! Die dromme het gekrimp van die koue. Hulle het die geluide gemaak en na ’n paar keer is jy soort van uitgefreak. “Hei! Die fokken dromme, china!”

’n Ander keer is ons uit die kamp gestuur om ’n klein baken wat vir radiokoms gebruik is, op te pas. Daar was vier van ons. Twee ouens het geslaap, twee ouens het waggestaan. Ons was in ’n klein bivouac en meer ontspanne, want ons het besef daar’s nie terrs onder elke grasspriet, wat opspring en dinge na jou gooi nie. Die ander twee ouens het geslaap. Dit was stil en donker. Toe hoor ons iets. “Boet. Wat’s daai geluid?” het ek gefluister.

“Ek weet nie.”

Ons het ons veiligheidsknippies afgeskuif. Iets het geklink asof dit stadig na ons toe leopard-crawl. Ons het die bossies sag hoor beweeg.

“Kom ons skiet die donnerse ding.” Hy kon my skaars hoor, so gespanne was my stem. En toe loop ’n dêm donkie binne sig. “Aag, FOK!” Ons het die donkie so amper in stukke geskiet met ons R1’s. Ek weet nie wie die grootste geskrik het nie: die twee ouens wat slaap, ek en my buddy, of die simpel donkie.

Die hele Charlie Kompanie is in Januarie ’76 op. Ek het pelotonsersant geword. Eers is ons met die trein Grootfontein toe, wat ’n massiewe kamp was. Van daar was dit in ’n konvooi na Oshivelo na Grootfontein. Ek was in ’n geparkeerde Unimog. Elke tien minute of so het so ’n lang konvooi van omtrent een kilometer lank verbygekom. Dit was laebak-trokke met swaar toerusting en Noddy-karre. Ek het geweet ek sou nooit weer so iets sien nie. Nooit nie.

Daarna is ons Ondangwa toe en daarvandaan na Eenhana waar iemand toe net soos ons nadergekom het, ’n landmyn afgetrap het. Daar was padskrapers. Die drywer het in ’n bewapende kapsule gesit. ’n Ovambo-drywer het die pad

geskraap en oor die landmyn gery. Ons was nog in die konvooi toe dit afgaan. Ons het ons Mogs omgedraai en teruggery na die ongeluksterrein.

Toe ons daar aankom, het rook nog by die gat uitgetrek. Die skraper se voorwiel het in ’n boom gesit. Die Ovambo het in die kajuit gesit. Hy kon nie uitspring nie vir ingeval daar ander myne was. Uiteindelik het die ingenieurs hom uitgekry. Intussen het hy hom heel in ’n ander ras ingeskrik. Hy was wit! “Ag, baas,” het hy gesê, “ek’t gedink daai goed gaan net vir witmense af.” Ek kan nou daaroor lag, maar dit was toe my eerste regte waarskuwing. Ek het gedink: “Jissis! Dis werklik!”

Daarna het ons aanbeweeg. Die pad was nogal wyd en het palmbome langsaan gehad. Soos ons om ’n draai kom, het ek net twee deursigtige borrelvorms gesien met twee helms in elkeen, in ons rigting op pad. Dit was Alouettes. Hulle het laag oor die pad gevlieg. Almal in die Mogs het gekoes. Hulle het laag gevlieg sodat daar nie op hulle geskiet word nie. Dit was die eerste keer dat ek so iets sien, en dit alles op my eerste dag op die Grens!

Later was ons op Ops Trampolien naby Oshikango. Aan die ander kant van die grenspos was ’n klein dorpie, Santa Clara. Die army het die idee van Ops T by die Israeli’s gekry. Dit was ’n gang van nege meter: drie meter sisal, een meter uitmekaar geplant, dan drie meter haak-en-steek-doringbos, dan nog drie meter sisal. Sisal is waarvan toue en goiing gemaak word. Dis soos ’n kaktus – dit groei uit buitentoe met breë blare wat dorings daaraan het. Die idee was om ’n natuurlike heining as “muur” op te stel om insurgente te vertraag, maar nie noodwendig te keer nie, en dit dan daagliks met helikopters te patrolleer. Die terrs sou met pangas daardeur moes kap wanneer die plante eers begin groei het.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die Russe die goed by St Petersburg geplant as verdediging teen die Duitsers. Hulle het tenks ingestuur, en die een wat die verste gekom het, het net tien meter gemaak, want die blare is versnipper en het die tenkspore laat vassteek. Die tenks het tot stilstand gekom.

Ons het hierdie “muur” aan ons kant van die kaplyn geplant om te keer dat hulle eenvoudig oor die grens wals en oor drade spring en kak aan ons kant maak. Terwyl ons dit geplant het, is ons gesê ons stop eers wanneer ons Addis Ababa bereik! Troepe het in rye, ’n meter uitmekaar uit, met skoffelpikke gestap, terwyl ander hulle gevolg en die plante ingegooi het. Agter hulle weer het troepe op hulle knieë die grond weer vasgepak. Daar was ’n peloton van ons, ’n paar offisiere en die Springs Regiment, wat uit kampers bestaan het. Daar was baie meer van hulle as ons. Die kaplyn was ’n lang, geskraapte, reguit grondpad.

Die Israeli’s het hierdie natuurlike “muur” suksesvol aangewend, maar in

hulle wêreld het hulle nie die reën gekry wat ons op die Grens in die somer gekry het nie. Hulle het nie ons klein moerasagtige gebiede in gedagte gehou nie. Die shonas het reënwater versamel, wat al die plante doodgemaak het omdat hulle wortels gevrot het. Uiteindelik kon die terrs aan die een kant instap en reg deur na die ander kant toe. So, nadat ons die kaktusse vir veertig kilometer geplant het, het Ops T nie gewerk nie.

Ek het rekord van ons bewegings gehou soos ons met Sektor 1Ø langs is. Hoewel ek by ’n gemeganiseerde eenheid was, het ons nie in daardie stadium gemeganiseerde patrollies gedoen nie. Ons het patrollie gestap. Ek het gedetailleerde aantekeninge van alles wat ons gedoen het, gemaak. Die beskrywings self is nie lank nie – net die datums van wanneer en waar ons gegaan het, hoe lank ons daar was en ’n paar sleutelwoorde om die geheue te stimuleer. Ek het dit alles agterop ’n ou skryfblok neergeskryf.

Dis interessant om terug te kyk en te sien wat ons in selfs net die eerste week gedoen het. Die afstande wat ons geloop het, was ongelooflik. Ons het dinge gedoen soos om skielik in die middel van die nag uit te beweeg, en ons het ook terrs gesien wat gevange geneem is.

Dit was Vrydag, 13 Februarie 1976. Ek’s nie ’n bygelowige man nie, maar gedurende die dag is ons uitgeroep. Die bokkoppe het op ’n landmyn afgekom en as ingenieurs moes ons dit gaan trek. ’n Paar van ons het op die Unimog gespring en gestry oor wie die takie gaan verrig. Toe ons ’n paar kilometer ver weg is, sê ek: “Hei, ouens! Onthou – dis Vrydag die dertiende!” Toe wil niemand aan die ding raak nie. Met ons aankoms sien ons die bokkoppe doen rondomverdediging. “Maak gou! Ons is al ure hier!” het hulle gesê.

“Wel, waarom trek JULLE dan nie die bleddie ding nie?” Hulle het stilgebly. Ons het die sakie ondersoek. Daar was ’n groef in die grond met twee stompe oor ’n gat. My buddy het die mynverklikker gehad. Ek het stilletjies vir hom gesê: “Hei, as daar niks hier is nie, gee my ’n teken en dan gaan ons net aan en maak asof daar een is.” Al die bokkoppe het gestaan en kyk hoe ons vee. My buddy het omgedraai: “Jissis, hier’s ’n geluid hier! Dis beslis een!” Hulle het almal teruggestaan. Ek het hulle nadergeroep. “Hei, ouens, kom kyk hier. So broer, dink jy die ding is anti-personeel of anti-tenk?”

“China, die ding is *gróót*,” het hy gesê. “Moet anti-tenk wees.”

“Oukei, hier gaat ons!” en ek spring in die gat. ’n Klomp van hulle het dekking geslaan. Ek dag hulle gaan ons opdonner, so het hulle geskrik. Nadat

hulle tot bedaring gekom het, het ons uitgewerk wat dit was. ’n Kar het ’n pap wiel gekry. Die insittendes het twee stompe onder die as deur gedruk, ’n gat gegrawe, die wiel afgehaal, ’n nuwe een aangesit, die ou een in die kattebak gegooi en verder gery. Hulle het nie ’n domkrag gehad nie. Dit was slim.

In elk geval, daardie Vrydag die dertiende was ’n vreemde dag. Later was ek en my buddy op dekkingverdediging, “cover defence”. Soos ons met die rant langs geloop het, het ons ’n klein kraal opgemerk met stokke aan die buitekant om wild uit te hou. Daar was hutte aan die binnekant. Soos ons naderkom, het ek yskoud geword. Hoendervleis. “Ek hou nie hiervan nie. Laat ons liewer hier wegkom. Kom … *move* !” Ons is daar weg. Hy het my gevra wat gebeur het. “Ek weet nie, maar ek het die aakligste koue rilling gekry.” Dit was ’n ongemaklike gevoel wat ons daar gekry het, en daar was net twee van ons. Niks het gebeur nie, maar dit was ’n baie vreemde gevoel.

Saans het ons in ’n verlate sendingstasie wat ’n skoolsaaltjie gehad het, gebly. Soggens het ons opstaan gedoen en saans klaarstaan. Die beste tyd vir ’n terr om aan te val, is wanneer die son sak. Dan het hulle die heelnag om te hardloop, terwyl ons in die oggend, as hulle dan hardloop, die heeldag gehad het om hulle spore te volg. Een deel van die gebou, waar die kombuis was, het ’n veranda gehad waar die kos bedien is en daar het ons sandsakke vir verdediging gepak. Dit was dyhoogte, so as daar kak kom, kon jy kniel en skiet. Een middag het ’n paar ouens voorrade gaan haal en met pos teruggekom. Vir ses weke het ons glad nie pos gekry nie. Pos was hels belangrik vir ouens op die Grens, tensy dit ’n “Dear Johnny” was. Later die aand het ons kaptein uitgeroep: “Ouens, julle het pos.”

Ons was besig om ons briewe te lees. Toe, vyf voor sewe, slaan hulle ons. Die eerste RPG het die veranda-gedeelte op die hoek van die gebou getref. Daar was ’n ou by ons wat sover ek weet die eerste Joodse ou is om op die Grens te sterf. Hy was vol skrapnelgate, maar hy’s nie dadelik dood nie. Een van die Springs-kampers se kop was halfpad af. Nog ’n Durban-man, Roly, het gesit met sy vinger in sy eie nek om die polsende bloed te probeer keer. Ons het ook sy bloeding probeer stop deur ons duime in die wonde te druk.

Ons het goed gehad wat ons go-karts genoem het – groen plastiekbokse met ’n plastiekdeksel. So ses is oor diep slote geplaas waar jy kon sit en jou besigheid doen. Wanneer jy klaar was, het jy die deksel toegegooi – woemp! – en die krag daarvan het die kakreuk saam met die vlieë by die ander oop gate uitgeblaas, oor die ouens wat daar gesit het. Dit het my mal gemaak wanneer dit gebeur. Dit was regtig snaaks! Ons het kalk oorgegooi om te help vir die stank. Ek dink dit het dit vererger. Toe hulle ons slaan, was die go-karts vol. Ons was toe presies ’n week daar. ’n Honderd ouens kak elke dag daar, so daar was seker so

sewehonderd porsies in die slote. Toe die kontak begin, het van die ouens die go-karts afgegooi en in die slote geduik om van daar af terug te skiet.

Ek onthou die kaptein het in net sy onderbroek rondgehardloop: “Skiet daar! Skiet daar!” en hy vuur sy 9-mil enige plek die bos in! ’n Bedford waarmee ons voorrade gaan haal het, was tussen twee bunkers geparkeer. Dit het groot gasbottels op gehad wat ons vir kook gebruik het. Die trok het vlamgevat. Die luitenant het gesê ek moet die petroltenk skiet voor dit opblaas. Ek het die ouens in die een bunker gesê hulle moet dekkingsvuur verskaf. Ek het gehardloop, in ’n buitenste bunker nader aan die voertuig ingeduik en drie skote in die tenk in geskiet. Eerste skoot – niks gebeur nie. Tweede skoot – niks gebeur nie. Dieselfde met die derde. Ek het vir die luitenant geskree: “Dit werk nie!”

“Jy’t gemis!” het hy geskree. Toe gaan die gasbottels soos vuurpyle af. Ek het teruggeskree: “Oukei! Ek kom terug! Cover my!” Ek het gebukkend gehardloop. Ek was nog nooit nader aan die grond behalwe wanneer ek gesit het nie! Die ouens het opgestaan en om my gevuur. Ek het in die sloot in geduik en gesê: “Jissis! Dis warm daarbuite!” en daarmee het ek gedraai en ’n hele sandsak het gelig en op my geval. Die ouens het die plek gemerk waar die vuur vandaan kom. Die volgende oggend het ons .50 Browningdoppies daar uitgegrawe. Ons het ook ’n groepering so groot soos my vuis op die Bedford gekry, maar ek het die verkeerde kant geskiet. Het die gereedskapskis geskiet.

Daar was ’n ou wat vir my geskree het: “Kyk daar!” Ek het gekyk waar hy wys en kan jy dit glo, daar bo-op die skoolsaaltjie het ’n terr gestaan – en vuur aangedui! Ek het hom nie gesien nie. Ek het gemik en geskiet. Die ou het geval. Hy het nie daar uitgestap nie. Die enigste ding wat hulle die volgende dag gekry het, was sy boshoed met ’n groot gat agterin, so ’n ronde is duidelik deur sy kop. Die hoed was olyfgroen, maar andersins nes ons s’n. Ons het hom nie gekry nie. Die terrs het hulle ouens gegryp, dood of gewond, en hulle weggeneem.

Twee Pumas het geland en spoorsnyers en ander mense ontplooi. Ons wou saamgaan. “Nee, julle gaan nie saam nie,” het hulle gesê.

“Hoekom nie?”

“Want julle ouens is nou mal. Julle sal hulle skiet want hulle het julle vriende doodgemaak.”

“Wel, ja, dis presies hoekom ons wil gaan!”

“Nee. Sorrie, manne, bly hierso. As julle beweeg, is julle in die kak!”

In die casevac was daar meer as twee ongevalle, maar ek kan nie onthou hoeveel nie. Beslis minder as tien. Ek dink miskien vyf. Ons het hulle met seile bedek. Die gewondes en dooies is weggevlieg. Toe was daar opvolge. Of hulle hulle gekry het, weet ons nie. Ek dink hulle het. Jy het gerugte gehoor, maar niemand het ons amptelik iets kom sê nie. Daar is geraam dat die terrs ons van

sewe-en-twintig verskillende vuurpunte af geslaan het.

Swart soldate kon nie ordentlik skiet nie. Ons het hulle probeer leer. Die nuwelinge het met die kant van die loop langs gekyk, en bo-oor. Hulle het nie ’n idee gehad hoe om te skiet nie. Hulle aanvanklike opleiding het veel te wense oorgelaat. Hulle was vir ’n kort rukkie in 1976 by ons. Ek dink hulle is toe Bravo Groep genoem, voor 32. Hulle kon egter uitstekend dril! Dit het geklink of dit een persoon is wat dril al was daar dertig of meer van hulle. Hulle drilwerk was ongelooflik.

Daar is jag gemaak op insurgente. Toe kom die grootste avontuur wat ek in die army beleef het: daar is ontdek die insurgente kom deur Ovamboland, oor die laer kaplyn, en in Suidwes in. Dit was die seksiegrens, suid van Ovamboland, nie die Angolese en Suidwes-jati nie. Dit het oos geloop, van Oshivelo, en het uit twee hoë hoenderdraadheinings bestaan met ’n oopte tussenin wat elke oggend gevee is om te sien of iemand dit oorgesteek het. Een oggend het hulle een-en-twintig verskillende spore gekry wat in verskeie kleiner groepe opgedeel het.

Ons het na die punt gegaan waar die spoor begin het. Daar was 346 offisiere en troepe, choppers, honde en die Berede-mense agter hulle aan. Boesmans het spoorgesny, maar ons is gewaarsku om versigtig vir hulle te wees. Wanneer die spoor warm geword het, was hulle geneig om belangstelling te verloor omdat hulle reg voor was en moontlik in die middel van die skietery kon beland.

Hulle het ons bataljon in kleiner groepe verdeel, met ’n kompanie hier en ’n kompanie daar, en ’n sentrale eenheid wat die proses gekoördineer het. Dit was goed georganiseer. Partykeer het ons ’n week of langer gewag en niks gedoen nie, net op ’n plaas gesit en gewag om geroep te word. Partykeer het ons by ander seksies aangesluit en albei kante van die spoor gesny wanneer ons nie seker was waarheen hulle gaan nie.

In daardie dae het ons Brens en R1’s gedra. As ’n korporaal het ek ’n klein seksie van twaalf ouens gekry – plus Frans, ’n rou Boesman. Hy was ouer en het ’n bietjie Afrikaans gepraat. Hy het met ’n stok geloop en ’n .303 met vyf rondes gedra wat ons op die eerste dag afgeskiet het om die geweer uit te toets. Wanneer ons gerus het, het hy in ’n boom gelê en kyk na die dampspore van kommersiële vliegtuie hoog in die lug. Ons het hom vertel dis ’n vliegtuig en dat daar mense in is. Geen begrip nie. Hy het gesê dis ’n wolk wat beweeg.

Frans het die spoor gesny en geskat waarheen hulle gaan. Die chopper het

ouens omtrent vyf kilo's verderaan neergelaat – stoppergroepe – wat hinderlae by al die moontlike watergate gestel het. 'n Ander seksie sou uit 'n ander hoek spoorsny tot hulle die spoor optel, en dan vir ons radio, en dan het Alouettes ons opgetel. So sou ons die jag voortsit. In een stadium was daar 'n derde chopper agter hulle aan. Dit het die spoor opgetel en hulle gesien, maar dringend brandstof nodig gehad en teruggevlieg. Hulle het so gou moontlik brandstof ingeneem, uit dromme avgas agterop Unimogs. Een van die vlieëniers, 'n jong offisier met blonde hare wat in sy vroeë twintigs moes gewees het, het die ding skuins tussen die bome gevlieg. Hy het reg langs die dromme geland. "Heng. Ek wens ek kon 'n vlieënier wees," het ek gedink.

Frans was ongelooflik. Jy het sulke droë waterpanne met wit klippies gekry. Jy kon niks sien nie. Hy het my gesê daar's drie spore. Een was 'n ouer man s'n en die ander twee jonger mans s'n. Ons kon dit nie glo nie. Ek het niks gesien nie – bokkerol. Daar was niks anders as klippies nie. Ek het geleer dat wanneer jy spoorsny, jy altyd in die rigting van die son kyk. Dit bring die geringste skaduweetjies uit en jy sien 'n spoor baie beter raak. Jy kan dit selfs agteruit volg.

Ons was regtig naby hulle. Dit was in 'n droë rivierbedding. Ons het van hulle goed opgetel wat hulle weggegooi het om minder by hulle te hê. Daardie spesifieke dag het 'n chopper 'n polisieman in 'n safaripak afgelaai. Hy het gelyk na 'n gawe, ouerige ou. Hy het saam met ons gehardloop en ons is teen die oewer uit. Die rante waar hulle uit is, was vars en skerp. Frans het die spoor begin verloor. Skielik het hy gesê hy kan dit nie meer sien nie. Hy het geweet hy gaan reg voor wees wanneer ons hulle teëkom. Toe die terrs nie meer kon hardloop nie, het hulle 'n hinderlaag gestel. Die polisiekaptein het sy haelgeweer onder Frans se webbelt ingedruk en dit opgedwing sodat die loop in sy rug vasgedruk het. Nou kon hy nie wegkom nie. Die polisieman het gesê Frans moet die spoor weer vind. Hy het gesê hy gaan die sneller trek as dit nie gebeur nie. Omtrent twee kilo's voor ons het 'n ander groep die spoor opgetel. Die insurgente het teen 'n koppie uitgehardloop waar die gunships hulle gekry het. Ons was te ver weg om te sien wat gebeur, maar ons het die rook gesien voor ons die 20-mils gehoor het.

Die lyke is teen die koppie af gedra en in sakke gesit. Ek was nie daar toe hulle dit gedoen het nie. Daardie nag, toe die groepe weer bymekaar uitkom en rustig raak, wou almal kyk. Soos Frans gesê het, dit was 'n ouer ou en twee jongeres. Hoe hy dit gesien het, weet ek nie.

Die twee jongeres was omtrent in hulle vroeë twintigs en die ouer een was diep in sy dertigs. Verbasend genoeg het hy nog vet aan hom gehad na al die maande van hardloop. Hulle tonge was geswel omdat hule nie water gehad het

nie. Een ou se been het aan ’n klein stukkie vlees gehang, en ’n ander een se oë was nog oop. Die gunship het hulle vernietig. Ek onthou ons het na die een se stewels gekyk omdat hulle ’n duidelike chevronpatroon gehad het. Ek kan nie onthou watse klere hulle gedra het nie, maar al drie het AK’s gehad.

Ek het daardie aand ’n storie gehoor. Een van die kanonniers het gesê toe sy chopper land, het die polisieman by hulle nader gehardloop en een in die kop met sy haelgeweer geskiet, al was die terr reeds dood. Siek, maar dis waar. Toe was dit ’n groot grap. Die meeste ouens het gelag toe hy dit vertel. Wat het ons op negentien geweet?

My gevoelens teenoor die terrs het daardie aand verander. Dit het regtig. Ek het meer respek vir hulle gehad omdat hulle deur al daardie kak is, maar ek het niks gesê nie. Ek wou nie dink dat ek die enigste ou is wat so gevoel het nie. Ek het nooit gevoel hulle moet doodgaan nie, maar ek het nie te sleg daaroor gevoel nie. As jy ’n kontak slaan, moet jy skiet. Hy skiet op my, ek skiet terug. Dit was die gesindheid. Ek het nie eens gevoel dat dit darem ’n bietjie erg is om hulle met ’n gunship uit te wis nie. Maar die rede waarom ons op mekaar geskiet het, was ’n heeltemal ander saak. Daaroor kan jy debatteer. Ek wou nie daar wees nie; ek wou nie in daardie oorlog wees nie. Nie een van ons wou daar wees nie. En die terrs het gehardloop om aan die lewe te bly. Ek het besef hoe hulle moes geglo het in wat hulle doen. Ek sou dit nie kon doen nie. Die kanse om weg te kom as jy ’n terr was wat ingekom het en weer wou teruggaan, was nul. Hulle was vrywilligers, so hulle het in hulle saak geglo. Ek sou nie eens met ’n groot army agter my ’n vrywilliger gewees het nie.

Die oorblywende splintergroepe is elke dag vir meer as drie maande gejag. Ek dink sommige het so ver as Windhoek gekom. Ons het amper nooit die ander spoorsnygroepe gesien nie. My seksie het meesal ons jagwerk in die gebiede om Otjiwarongo tot by Outjo en verder wes na die Etoshapanne gedoen. Uiteindelik het hulle al een-en-twintig gekry.

Aan die einde van my dienstyd was ek in die hospitaal met nierstene. Iemand het in die saal ingekom en gesê hulle het die laaste ou gekry – die leier. Hy het dit reggekry om terug te gaan Ovamboland toe, maar die Bats het hom in ’n droë waterpan gekry.

Daar was ’n aandklokreël in Ovamboland. Enige beweging ná sononder was verbode. Aan die noordekant het die plaaslike bevolking nie “die Grens” verstaan nie. Hulle het dinge nie so gesien nie. Daar was hierdie kant en daardie kant van die jati – eenvoudig – en hulle het snags gereis.

Hulle het ’n standaardhinderlaag gestel vir ’n onskuldige ou man in sy Sondag Specials, wat met ’n fiets reg in die doodsakker ingery het – die deel van ’n hinderlaag waaruit ’n mens nie ontsnap nie, na gelang van hoe dit uitgelê is. Ek

het nie sy lyk gesien nie, maar hulle het die volgende dag die fiets rondgeparadeer. Stel jou voor ’n fiets wat lyk soos ’n kaasrasper. Dis net pype en wiele, maar daar was nie drie sentimeter aan daardie ding wat nie ’n gat daarin gehad het nie. So jy kan jou voorstel wat *hom* getref het. Almal het gelag.

Moes hy van beter geweet het as om die aandklokreël te verbreek? Miskien, maar die kwessie was nie so eenvoudig nie. Hy het sy fiets dekades lank daar rondgery, en ook in die nag. Dit was sy land, sy deel van die wêreld. Gelukkig moes dit oombliklik gewees het, maar om die fietsepisode snaaks te vind, was tragies. Nie net vir hom nie, maar ook vir die ouens wat daaroor gelag het. Ek het begin voel dis verkeerd. Die hele ding was verkeerd – die hele oorlog was verkeerd.

Ek kan duidelik onthou dat die Soweto-onluste begin het terwyl ek daar bo was. Iemand het gesê: “Daar’s kak in die States.” Ek het een aand ’n groot argument met iemand gehad omdat hulle verwag het Kaapse Korpstroepe moet by ons aansluit. Hierdie ou het gesê hy gaan nie naby hulle kom nie. Ek het gesê: “Hei! Hulle veg vir die land – *jou* land!” Hy wou dit nie aanvaar nie. Ek onthou sy van, die vark.

Nadat ek gesien het wat met daardie drie ouens en die ou man gebeur het, het ek ’n brief aan my meisie geskryf waarin ek gesê het ek glo die oorlog is verkeerd. Dit het my siek gemaak. Toe tref dit my – jy word altyd rondgeneuk deur die army. Altyd ontwrig, wanorde. Skud op en wag. Ons is rondgeneuk. Dis hoe dit was.

Terwyl ons agter die ouens aan was, en tydens ’n inligtingsessie, het ek skielik ’n pyn gekry. Het daardie middag bloed gepie. Die aand was ek weer siek. Ek het ’n geleentheid saam met ’n chopper gekry na die siekeboeg in Ondangwa. Het ’n paar pille gekou. Dit het nie gehelp nie. Drie jong dokters, pas uit universiteit, het met die vlieënier begin praat. Een doos – ’n regte Dutchman, nie ’n Suid-Afrikaanse een nie – het vir die Medic gesê om my net ’n Codis te gee, niks anders nie. Ek was in erge pyn. Het nie geweet wat dit was nie. Het vir drie dae net daar gelê. Toe het hulle my op ’n Bedford gesit en ek is Grootfontein toe waar ek ook gelê het. Hulle kon nie iets verkeerd kry nie, so hulle het seker gedink ek gyppo of het niks ernstig onder lede nie. Hulle het my met die Bedford terug Ondangwa toe gestuur, maar ek was weer in uiterste pyn. Toe’s dit terug Grootfontein toe vir nog ’n week. Een aand het ’n dokter my wakker geskud en gevra wat fout is met my. Ek het vir hom gelag. “Jy’s die dokter. Jy moet my sê wat fout is met my. Dis hoekom ek hier is!”

Ek was veronderstel om die volgende dag terug te gaan. Toe het ’n suster my gevra waar dit seer is, toe verduidelik ek weer. “Die pyn begin hier en gaan af na my testikels toe.”

“Jy het nierstene,” het sy gesê.

Hulle het my die volgende oggend op ’n Flossie gesit, maar teen hierdie tyd was die pyn weg. Als was reg. Gaan terug States toe. Voor ek weg is, het ek my suster gebel en haar gesê ek sien haar die volgende aand. Dit het nie so gewerk nie. Toe die vliegtuig land, het die ambulans gewag. Tipies army! Ek het in ’n saal in 1 Militêre Hospitaal in Voortrekkerhoogte beland.

Ek is lugmag toe, eers na Valhalla voor ek uitgeplaas is na die Hondeskool waar ek ’n doggy geword het. Toe is ek af Langebaan toe en vandaar af na Ondangwa, by 95 Tegniese Vliegveldeenheid. Ons het die basis beskerm. Die twee lugafweerstasies is deur Infanterie beman terwyl ons die basisomtrekbeskerming waargeneem het. Ek kan onthou daar was minstens tien wagtorings wat elkeen deur twee ouens beman is. Omtrent vyf-en-twintig ouens het elke paar uur geruil in ’n voortdurende siklus. Vier ure aan en vier ure af. Ons het die ou R1’s met nagvisiere gehad. Die lugmagouens het die vliegveld self beskerm, maar binne-in hierdie gebied was die Parabats, ADK’s, TDK’s, Medics en ander eenhede. Ons eenheid was in die omgewing van vier- tot vyfhonderd ouens. Ondangwa was ’n groot, groot kamp, amper soos ’n klein militêre dorpie. Ons het ook baie konstruksiewerk gedoen. Net voor ons weg is, het ons begin bou aan betonpersoneelhuise vir Staandemag-lugmaglede.

Albei my broers het opgegaan en albei is gewond. Een is gewond terwyl hy ’n kamp gedoen het. Die voertuig het ’n landmyn getref en hy is uitgegooi. Sy skouer beseer – niks ernstig nie. Ek kan nie onthou in watter voertuig hy was nie. Ek weet dit was nie ’n Buffel nie. Miskien ’n Bedford, ek is nie seker nie. Hy was in die Ingenieurs, so hy het baie landmyne gelig.

My ander broer was by 101 Bataljon. Hy was vir agtien maande op die Grens as dienspligtige. Hulle kamp is onder die mortiere gesteek en hy het skrapnel in die voorkop gekry. Weer, niks ernstig nie. Die ou langs hom, ’n sersant, het ’n groot stuk skrapnel tussen die oë gekry en ’n klomp bloed het oor sy gesig gestroom. My broer het gesê toe hy die ou daar sien lê, dag hy hy’s dood. Klaar. Maar toe was hy net bewusteloos.

My ma het my by die werk gebel om te sê my broer is beseer. Ek het groot geskrik. Ons het nie die besonderhede geweet nie. Normaalweg, as dit ’n ernstige besering is, laat weet die army jou ouers. Hy het sy meisie eerste gebel, om haar van Windhoek af te vertel, en sy het op haar beurt my ma gebel, wat die verkeerde ding was om te doen. Ons het nie geweet hy sou later die dag by die

huis aankom nie, so dit was nie te erg nie.

My stiefbroer was in die lugmag en het baie kampe daar gedoen. Hy was Staandemag. Hy was ’n brandweerman in die burgerlike lewe. Hy het in Januarie ’76 ingegaan en ek in Julie van daardie jaar. Hy is ’n korporaal gemaak weens sy diens as brandweerman. Het my ses maande geneem om hom in te haal. Ons het saam by Ysterplaat gedien.

Een keer was my drie broers terselfdertyd op die Grens. Dit was omtrent 1980. My ma se senuwees was klaar. Dit was erg vir haar. Dit het eenvoudig ’n slegte uitwerking op ’n mens gehad. Sy was baie gespanne en bekommerd, en het altyd na die nuus geluister of dit gekyk om seker te maak sy mis nie die doodsberigte nie.

Ons het in Bloem bymekaar gekom en elke enkele voertuig opgevat wat ons kon. Ons het in ’n lang konvooi vir drie dae Suidwes toe gery, en toe al die pad noord na die Grens toe.

Ons basis was by Oshivelo, by 61 Meg. Toe ons daar aankom, was die vuurpyllanseerders klaar daar en volledig toegerus, en dis aan ons toegedeel. Hulle kon nie betonbunkers penetreer nie, maar teen troepe en slote in die bos of in oop terrein was hulle baie doeltreffend. Hulle is nie ontwerp om te penetreer nie, maar om bo die grond te ontplof.

Ons het vier voertuie op ’n slag uitgegaan. Hulle het geweet waar ’n teiken is, of waar aktiwiteit vermoed is. Ons het so ver gery as wat nodig was. Ons luitenant was in bevel van die battery. Hy was die TA. Daar was drie of vier van hulle in ’n ander voertuig. Ek het nooit in TA-dinge betrokke geraak nie. Daar was ook ’n observasiepos; dit was die bevelvoerder van die battery. Hy het die koördinate geplot en aan die TA’s gegee, wat dit weer aan ons gegee het. Ons het ons visiere met behulp van ’n teodoliet en mikstokke ingestel. Al die bevele is herhaal en bevestig, nes vlieëniers doen, voor die vuurpyle afgeskiet is.

Die hele idee was om op te stel, te vuur en so gou moontlik weg te kom. Arriveer. Kry koördinate. Druk die knoppie. Kom weg daar. Weg! Ná vier-en-twintig vuurpyle afgevuur is, het ’n groot stofwolk agtergebly, maklike teikens weens die sigbaarheid. Ons het swaar gedril aan die demobiliseerwerk. Kry die lanseerder so gou moontlik gelyk met die grond, en gaan! Jy wou nie daar rondhang en vuur trek nie. Dit was die grootste negatiewe ding. Ons kon nie buite in die bos bly met ons vuurpyllanseerders nie. Ons het uitgegaan en dadelik teruggegaan na ons TB toe.

Wanneer ons die 5.5’s gebruik het, het ons ingegrawe, gekamoefleer en ’n paar dae gebly. Weke, indien nodig. Dit was baie vervelig om so in die bos te sit,

maar tipies army, het hulle altyd iets vir jou gekry om te doen. Jy het die toerusting skoongemaak, die visiere skoongemaak, of jy het drils gedoen. Wanneer ons ingegrawe het, was dit ’n paar kilo’s van die Grens af. Ons het nooit regtig geweet hoe ver nie. Jy het net geweet jy’s naby.

Die enigste kere dat ons saans vuur gemaak het, was by die tuisbasis, natuurlik. Andersins het ons ’n Esbit gebruik. Jy het ’n holtetjie in die grond gegrawe om water te kook en rat packs warm te maak. Binne-in was drie blikkies kos, koffie, kondensmelk en ander happies.

In 1981 was ek ’n instrukteur. Ons was in Oshivelo. Eenkeer moes ek chicken-parade doen. Die sersant-majoor het gesê ek moet die troepe met die wit grondpad langs vat. Dit was omtrent drie kilo’s ver. Israeli army offisiere was op die punt om besoek af te lê en ons moes ’n volskaalse gemeganiseerde aanval vir hulle goedkeuring loods. Hulle het kom kyk hoe ons optree. Die plek moes eksieperfeksie wees.

“Reg! Ons moet skoonmaak. Dis baie eenvoudig. Dit wat julle mis, tel ek op, en dan is dit tien push-ups ’n stuk.” Ek het agter hulle aangeloop en ’n paar dingetjies gesien wat hulle misgekyk het. Ek het die einde van die pad bereik, hulle in ’n lyn laat staan en begin tel. Ek het tot by vyftig gekom en gesê: “Dis 500 push-ups.” Met soveel het ek besluit dis makliker om hulle rond te jaag, wat ek toe doen, terwyl ek die hopie ignoreer wat ek in die middel van die pad gevorm het – die vyftig dinge wat ek opgetel het. Die Israeli’s het opgedaag en daar was hierdie hoop gemors – bierblikke, stompies en botteldoppies. Toe die sersant-majoor dit sien, was dit my beurt om met ’n sandsak op en af met die pad langs gejaag te word, en net nadat ek my ouens gejaag het! Hulle het almal gestaan en kyk en dit regtig geniet. Het lekker gelag.

Toe ek saam met die ouens in Oshivelo was, besig om opleiding te gee, het iemand ’n 88 mm-dud opgetel en dit met ’n tentpen begin slaan. Het sy hele kop afgeblaas. Al wat hulle gekry het, was sy brilraam en een tand.

In 1982 is ’n paar ouens wat ek geken het, getref. Ons was saam by 1 SAI. Hulle het die spore van SWAPO-insurgente gevolg. Die spore het verdeel, en weer verdeel. Toe hulle Ratel om ’n draai kom, het die terrs sewe RPG’s daarin geskiet. Dit was een van hulle troepedraers, nie ’n bevelvoerende voertuig nie, en dit het omtrent tien ouens gedra. Toe ons daar kom, was dit lelik. Die ouens was poeier. Gebrand. Die hartseer deel is dat die korporaal in daardie Ratel reeds uitgeklaar het, maar besluit het om ’n jaar kortdiens aan te sluit. Ons het die terrs gejaag. Hulle is reguit terug Grens toe. Ons het stoppergroepe gedoen. Elke honderd meter was daar drie van ons. Dit was Etoshapanne. Ons het oor die hele

gebied gegaan, op soek na spore. Die infanterie het hulle ook gejag, en net voor die kaplyn getref, en van hulle gekry. Ons het stellings aan die ander kant van die Grens opgestel, maar daar was baie gapings vir hulle waardeur hulle kon ontsnap.

Ek het agtien maande as ’n drywer op die Grens deurgebring en het verskeie kere met die militêre reg gebots. Elke keer dat ons oor die grens in Angola in is, was dit piekfyn om dagga te rook en bevelgroepe met 32 Bataljon se kapteins, luitenante – wie ook al – te hê wat almal rook. Dan is gesê: “Wel, hier’s die dorpie. Ons gaan dit en dat doen, en julle ouens gaan daar vir ons wag om ons voorraad aan te vul wanneer ons terugkom met die Ratels en Casspirs.” Dit was alles oukei. Het gezonk geraak. Terug uitgekom, oor die grens en af Grootfontein toe waar ons gearresteer is vir dagga rook, so dit was ’n baie stupid situasie.

Ek weet nie of jy al die boek *Acid Alex* deur Al Lovejoy gelees het nie? Toe ons saam in die army was, het hy ’n ander van gehad. Ek en hy is in dieselfde DB in Grootfontein opgesluit. Dis waar. Jy kan in die boek daaroor lees. Ek is die ou wat na die deur toe kom.

Alex was ook ’n waterkop. Ons het bokse gelaai en trokke bestuur. Alex het my eenkeer gesê hy voel dis alles ’n pot stront. Hy wou oorlog maak en nie bokse rondgooi nie. Ek het hom gesê die maklikste manier om dit te doen is om op een van ons trips met die Caprivistrook langs te ry na Omega-basis – die Boesmankamp – en dan aan die agterkant oor die heining te klim en dan’s hy in Jonas Savimbi se kamp. Daardie ouens het gedurig baklei. Toe besluit hy om van Grootfontein af te AWOL; hy het ’n geleentheid saam met een van die HSI-trokdrywers gekry, en in die Strook afgeklim. Hy het oor die Angolese grens gestap en by UNITA aangesluit.

In daardie stadium het ons vir ’n geheime groep, HSI genoem, gewerk wat deur ’n kolonel in die Parabats bestuur is. Hulle het in Angola beslag op wapens gelê en ons het hulle na ons kant toe aangery. HSI het ons beveel om uit ons trokke te klim, weggery en dan later met die leë trokke teruggekom. Hulle het die wapens in gate in die grond bedek vir UNITA se gebruik.

Intussen het Alex ge-AWOL en by UNITA aangesluit, en nou wou hy oorlog maak. Hulle het die kolonel en nege HSI-drywers gestuur om na hom te soek. Ek is teruggestuur Grootfontein toe waar ek weer met dagga gevang is. Daar was altyd ouens om ons op te pas, en nie net MP’s nie. Hulle het my in die DB toegesluit. Omtrent twee dae later verskyn Alex. Hulle het hom in die hoeksel toegesluit. Daar was ’n klomp MP-kampers van Durban wat ons opgepas het. Hulle was vir sestig of negentig dae daar en het niks vir ons gevoel nie. Hulle

was die heeltyd vol kak. Altyd aan die skoorsoek. Hulle het Alex deur die deur gesê: “Jy’s ’n verraaier! Jy’s ’n droster! Ons gaan jou hang! Ons gaan jou vrek skiet!”

Ons het gehoor hoe klop hy aan die deur en vra vir kos. “Troep! Shaddap! Hou jou bek! Nog een woord uit jou sel uit en ons skop jou gat!” Skielik hoor ons ’n gromgeluid. En toe ’n brul. Die hele seldeur, kosyn en al, is uit die muur geruk. En daar kom Alex! Hy het met die gang langs gehardloop en ’n panga gegryp waarmee ons gewoonlik gras gesny het, en agter die MP’s aangehardloop terwyl hy dit swaai, maar toe hy by die kantoor kom, het ’n sersant met ’n skietding uitgekom. Alex het dit gesien en op die vloer geval om homself oor te gee. Die ou sou geskiet het.

Dit was ons twee en ses ander ouens. DB in Grootfontein het beteken daar’s twee inspeksies ’n dag, drie ure se dril, drie ure se PT en die res van die dag was jy ’n bandiet wat vir hulle gewerk het. Het in die menasie gehelp, tweeduisend varkpanne ’n dag skoongemaak, of gras gesny. Basiese arbeid. As jy gerook het, kon jy net twee sigarette ’n dag rook.

Hulle het ons na ’n kamp toe gevat wat die “opfokkamp” genoem is. Daar sou ’n duisend sandsakke op ’n hoop gestapel lê, en ons moes dit oor ’n bultjie dra. Maar kom jy by die laaste tien, sê hulle: “Hoekom sit julle dit nie terug waar dit vandaan kom nie?” Ná die tyd het een met sy stewel op die rand van een van daardie rooi fire buckets gestaan, en gesê: “Goed, julle het twee minute vir water,” en dit stadig omgekeer. Jy moes hardloop en dit probeer vang voor al die water uit is. Ons het gedeel wat oorgebly het. Dit was omtrent 42 °C. Jou bootse was wit. Jou klere was wit. Jy was vol stof, sweet en sout.

61 Meg het bestaan uit een kompanie infanterie, omtrent dertig Ratel 20’s, ses Ratel 90’s van ons eie anti-tenkpeloton, een artillerie-battery (wat ses G5’s was), en ’n pantser-eskadron van 1 SDB wat twaalf Ratel 90’s gehad het. ’n Taamlike mag. Teen daardie tyd het die eenheid ’n noemenswaardige reputasie opgebou danksy sy prestasies in vorige operasies, soos Sceptic in Junie ’80, Protea in Augustus ’81, en Daisy in November ’81.

Dit was my eerste keer op die Grens. Ons was omtrent vier dae daar en het ons solank vergewis van die aktiwiteite op die basis en hoe dinge gedoen word. Ons het ook die ouens van die pantser- en artillerie-groepe leer ken, saam met wie ons sou werk as ons noordwaarts beweeg op ’n ops. Daar het nie regtig iets aangegaan nie. Dinge was baie kalmer op die basis – glad nie soos in die States nie. Dit was Desember en die somerreëns het nog nie begin val nie. Insurgente het die reën gebruik om suid te beweeg sonder om opgemerk te word. Dit het

meesal snags gereën, tipiese Hoëveld-donderstorms – net meer intens. Bedags was dit egter helwarm – 45 °C. Dit was malligheid om in daardie hitte uit te gaan.

Ons het klaar ons voertuie en nuwe wapens en ammunisie gehad, wat jy altyd by jou moes dra. Dit was die Grens, en jy kon net nie wag vir aksie nie! Dis immers waarvoor ons amper ’n jaar lank opgelei is. Ons het gou daardie parate gevoel verloor toe niks gebeur nie en die verveling op ons toesak. Daar was niks om te doen nie. Al wat jy kon doen, was om koel te probeer bly. Behalwe oggendparade, of brunch en aandete, het jy baie tyd vir jouself gehad. Die kantien het laatmiddag wanneer dit koeler geword het, oopgemaak. Dan kon jy darem ’n paar koue biere sluk, wat altyd beskikbaar was, en ou video’s op die televisiestel kyk. By 61 Meg was hulle nogal georganiseerd.

Toe het dit gebeur. Ons is een aand dringend na die Opskamer laat kom. Hulle het ’n sein ontvang dat stewelspore op Charlie kaplyn gekry is. Die spoorsnyers wat daar gepatrolleer het, het tekens opgemerk dat insurgente aan die beweeg is. Die reën het ’n dag tevore begin. Peloton Een en my Peloton Drie – omtrent nege Ratels altesaam – het die basis net ná middernag verlaat sodat ons teen eerste lig in posisie kon wees en begin patrolleer. Die res van die kompanie sou later die volgende dag volg.

Ons het die gebied net mooi teen sonop bereik. Die afwagting was aan die toeneem en die opwinding ook. Ons het omtrent drie kilometer met die kaplyn langs gepatrolleer tot die spoorsnyers ’n spoor opgetel het wat ons kon volg. Die eerste ding wat ons raakgeloop het, was ’n trop olifante – vreemd om te sien.

Die bos was dig en vir ’n paar kilo’s het ons die voertuie laat boendoe bash. Skielik het een van die spoorsnyers aangedui dat die spoor vars is en dat die terrs omtrent ’n kilo of twee vorentoe is. Ons het afgeklim en vir omtrent ’n halfuur te voet aanbeweeg. Ons het gespanne en waaksaam geword – monde was droog en harte het vinnig geklop. Ons het enige oomblik iets verwag.

Toe is hulle meteens reg voor ons. Vanuit nêrens. Kontak! Die seksie het op hulle geskiet, geduik vir dekking, en toe enkelskote in hulle rigting geskiet. Net so skielik het alles om ons weer stil geraak. Dit was binne sekondes oor. Ons het rondgekyk. Niks het beweeg nie. Versigtig het ons opgestaan, gekyk of ons ongevalle het – gelukkig was daar nie – en die omgewing met ons oë gefynkam, net soos ons opgelei is om te doen. Ons het hulle heeltemal onkant betrap. Daar was vyf dooie terrs waar ons aanvanklik kontak gemaak het, en nog drie wat alles laat val en begin hardloop het, maar net ’n paar meter ver gekom het. Een was lelik gewond. Hy is in die skouer en drie keer in die bene geskiet. Tussen hulle het hulle vier AK’s, een Makarov-pistool en ’n verskeidenheid anti-personeelmyne gehad. Niks anders nie. Geen kos en geen water nie.

Daar was eers heelwat opwinding tussen die ouens, veral dié van ons wat die eerste kontak gemaak het. Maar diep in jou was die gevoel nie so goed nie. Ons het ’n paar uur by die terrein gebly terwyl ons op die choppers wag om die dooie en gewonde terroriste weg te vat.

Ek en ’n buddy het onder ’n boom gesit en blikkies boeliebief en gemengde groente gedeel, toe hy sê: “Kyk na die kak wat ons eet. Ons gesinne sit by die huis en eet gebraaide kalkoen met al die bykomstighede vir middagete.” Dit was Kersdag, 1982.

Ek was oral op die Grens. Was vir agtien maande daarbo. Katima, Calueque, 2Ø, waar ook al. Hoewel R4.00 vandag na absoluut niks klink nie, het ek toentertyd R4.50 danger pay ’n dag gekry, so ek het altyd geld gehad. Is omtrent R134 ’n maand betaal. Wanneer ek teruggekom het basis toe in Grahamstad, het ek huis toe gevlieg. Dit was groot geld in die vroeë tagtigs. Ek kon my ma daarmee uithelp.

Hulle het ons ouens genaai. Die tagtigs-inname en die inname voor dit, het hulle net geboor! Toe begin hulle agterkom dit skep meer probleme as wat dit werd is. Ouens het begin bossies raak. Ouens het gedrink en ge-AWOL. Toe ek daar was, het ’n ou drie weke lank weggeraak. Hy is gekry waar hy deur Suidwes dwaal in net ’n kortbroek – niks anders nie. Hy het genoeg gehad. Hy het daarbo van sy kop af gegaan. Hy was ’n goed opgeleide soldaat. Hy het sy geweer weggegooi, sy klere uitgetrek en net begin loop. Hy het by die plaaslike mense gebly. Die Ovambo’s is nie ’n aggressiewe volk nie; hulle is eintlik baie rustige mense wanneer jy hulle leer ken. Hulle het *mohangu* gedrink. Dis soos die Afrika-bier wat hulle hier brou – maar net baie meer potent, wat afgehang het van hoe lank dit gis. Jy moes dit in die skadu drink. Hy het die goed die heeltyd gedrink. Hy was weg. Ons het dit in daardie dae vir 10 sent ’n liter gekoop. Ek het suiker bygegooi om dit beter te laat smaak.

Ek het omtrent ses waterbottels gedra. Ons het *mohangu* in ’n paar gegooi. Wanneer ons ons vir die nag ingerig het, net voor sononder, het ons ’n paar kappe gemaak net om die situasie draagliker te maak. En die joints is uitgehaal. Bokker die luitenant – hy was ’n kind soos ek, so wie de hel was hy om vir my te sê wat om te doen en hoe dinge daarbo werk? “Rook self die joint, anders fok ons jou op.” Hy moes saamspeel of dit was nag vir hom. Het baie zol op die Grens gerook, net om van die ergste breinspoeling en rondfok ontslae te raak.

Ek het baie geloop in daardie tyd. Dit was herwaarts en derwaarts. “Kry julle kits! Kom ons loop!” Het twintig kilo’s geloop, en ná ’n tyd begin jou verstand vir jou sê: “Nee, man! Genoeg! Ek gaan nie eens ’n kwaai koei daarbuite sien

nie!” Het ook daardie goed in die kannetjies gesnuif wat hulle op pitswere gesit het. Hulle het dit op jou gespuit en dit het die swere yskoud gemaak. Ek het dit in die bos gesnuif en net gegiggel. Vir enigiets gegiggel. Maak nie saak wat gebeur het nie, ek het daarvoor gelag. Het my brein ’n bietjie opgeneuk. Ons het die Medic misbruik. Hy het saam met ons patrollie gestap en ek was goeie maatjies met hom. “Kom, boet, gee my net een van daai buise. Ek organise vir siggies.”

“Ag, man! Ek sal in die kak kom.”

“Ag, fok jou, man! Gee net die fokken ding hier!” Ek het die ding gesnuif en ek sê jou, daardie goed het my aan die gang gekry, want elke dag was nes die vorige op patrollie. Loop, loop, loop. Dieselfde ding, dieselfde ding, dieselfde ding. Dan sê jou verstand jou jy moet iets anders doen. Dis die menslike natuur. Eintlik maak dit ’n mens skelm. Ek het aan maniere gedink om daaruit te kom, uit dieselfde ding elke dag. Dit het nie lank gehou nie – dit was net ’n nuk wat ek gehad het.

Ons het sulke klein swembaddens gemaak. Party was ronde betonstrukture. Ander was van sandsakke en plastiek. Eintlik was hulle waterhouers. Jy kon die water drink en daarin swem. Sommige ouens het kaalgat ingespring en min omgegee. Hulle was afgestomp. Daardie plek maak jou afgestomp.

Het ’n ruk saam met die motorfietsouens rondgehang. Het daardie Yamaha XT 500’s gebruik. Hulle het ook die Kriek gebruik wat moontlik ’n modifikasie van die XT was. Daar was ’n paar Berede-ouens ook saam met ons. Ek het hulle perde bloots gery. Ons het hulle gehelp om die paaie skoon te maak en saam veldwerk gedoen. Voor ons by die basis weg is, moes die paaie met metaalverklikkers skoongemaak word. Hulle het die bikes snags laat ry, om die vyand te wys ons is daar! Of jy daar in jou verstand ook was, is ’n ander storie. Ek was ’n groot deel van die tyd gestone. Baie ouens was.

Ek dink die meeste van die onderoffisier-PF’s was alkoholiste. En die offisiere ook. Elke enkele een van hulle ’n dronkaard, en baie was moffies. Hulle was siek. “’n Hoender is fokkol!” met ’n groot pit wat hulle in jou gesig druk. Jy moes net daar staan en dit vat. “Engelsman! ENGELSMAN! Wil jy my opfok?” het ’n twee-pip op my geskree. Hy het nie van my gehou nie. Ek het hom gesê om goed in Engels te herhaal en die trilkop kon nie. Kon nie eens my van sê nie. Dis ’n Skotse van. “Repeat it in English, please, Lieutenant!” Jirre, hy het ontplof! Hy het van kleur verander. Ek is daardie dag lekker genaai, met ’n sandsak, vir ’n paar uur. Hoe meer hy my gehamer het, hoe meer het ek vir hom gelag, en gedink: “You’re a poes in my eyes, man!” Bokker hom! Wat kon hy doen? Met *my* mors?

Jy het dit aangeleer. Eers was jy baie senuweeagtig. Na ’n tyd het jy hom

sommer gesê: “Grah! In your face! You’re a poes as well, man! What can you do now? Nothing!”

Hy het gesê ek moet hom salueer. “Who? Must I salute *you*? Screw you, my bru!” en ek het weggeloop. Een pip, twee pips – maak nie ’n verskil nie. Selfs ’n kaptein het geen verskil gemaak nie. Het hom ook gesê hy moet fokkof ! Ek het gesê: “I’m the doos that’s doing the dirty work. Not you. You’re telling me to do it, then I’ve got to take it to the platoon to tell them to do it, so who’s the doos? Me, man! I’m the poes in the middle that’s got to bloody well handle your shit, and their shit, so up yours, man!” Toe het hulle begin agterkom ek is reg. Later het hulle besef hulle gaan niks met my bereik as hulle my nie tegemoetkom nie, soos in: “Jy moet my help as ek jou help.”

My groep ouens het bymekaargestaan. In die begin het hulle ons uitgesonder. “Jy! Jy gaan soontoe want jy’s hardegat. En jy! Jy gaan soontoe want jy’s ’n windgat.” Maar waar dit by die regte werk gekom het, was dit ons wat dit gedoen het – nie daardie rangkakke nie! En ek het altyd iets ekstra geëis as daar dalk ’n bottel brandewyn was wat ek daaruit kon kry. Hulle het gesê: “Oukei. Ons sal ’n plan maak.” Dan sal ek die werk gedoen kry en my brandewyn vir die ouens soek, en dan drink ons dit, en die zol word uitgehaal. Ek het ’n 13-socket gesteel en die boom daaruit gerook. Dit was soos ’n klein nekkie. Fffft! Sjoe! Ek het gekletter geraak, maar hei, dit was goed. Dit was goeie dae. Bokker die ou wat ons gevang het, want ons het hom gebliksem. Ons het nie die ouens gedwing wat nie gerook het nie, maar hulle het begin raaksien dat ons vroliker en vroliker raak, en dan sê ons: “If you want, bru, go ahead. Rook.”

Die 32 troepe het ook baie zol gerook. Kan jy hulle kwalik neem? Met die kak wat hulle gesien het? Die offisiere en die onderoffisiere het ook baie gedrink. ’n Paar was alkoholiste. Een of twee het ’n joint gerook, maar dan is gesê: “Hei. Moet vir niemand sê nie. Hou dit stil.” Baie streng. Hulle is fyn dopgehou, veral die offisiere. Jy kon nie inkom as jy nie die regte getuigskrifte het nie, by wyse van spreke. Jy moes ook Portugees kon praat, en natuurlik het die meeste ouens. Daar was een majoor. Sjoe! Daardie ou! Jy kon hom met niks flous nie. Hy het al die Romeo Mikes gedoen. Dis die ouens wat bly beweeg. Hulle het nooit opgehou nie. Ons het ’n ruk lank vir hom gewerk. Wanneer jy hom leer ken het, was hy nie ’n slegte ou nie. En was *hy* nou vir jou ’n alkoholis.

So, in vroeg ’83, het ons drie maande by Buffalo deurgebring. In daardie stadium was daar baie eks-Angolese terroriste. Ek was glad nie beter as hulle nie. Ek was vir hulle ook ’n terroris. Op daai tydstip was ek ’n one-liner. Ons is gesekondeer om uit te help. Hulle was toe ’n klein eenheid. Hulle het opgeleide ouens nodig gehad want daardie troepe het amok gemaak en sommer geskiet. Hulle was nie baie gedissiplineerd nie. As ons ’n kontak slaan, was die plan om

hulle te beheer. Hulle het oral geskiet. Dis hoe hulle gemaak het.

Ons het vir hulle bospatrollies gedoen, tien, vyftien dae, soms langer. Slaap, kak, eet – alles – saam met jou maat. Ek moes die seiner help kodes stuur. Moes al daai kak leer. Het dit vandag nog in my kop, alfabeties uitgewerk, soos in a, b, c, d en e. Die ou terug by die basis het ’n lys voor hom gehad. Hy het my kodes uitgewerk – dit was ’n sin wat beteken: “Ons is hier. Alles is reg. Almal is hier.” Volgende radioroep: “0700 môre-oggend beweeg ons uit.” Dan het ek die radio op musiek ingestel en ons het almal gestone geraak. Die luitenant het kom sê: “Julle moet wagstaan vanaand!”

“Ja, luitenant, *jy* gaan wagstaan vanaand.” *Ons* het beslis nie waggestaan nie. Ons het net geslaap. As die kak die fan gestrike het, sou dit ons nie gepla het nie. Ons wou eintlik hê iets moes gebeur, want ons was verveeld. Ons wou dit hê! Waarvoor is ons die heeltyd opgelei? Om soos ’n klomp donkies rond te loop? Ons wou dit hê. Ons het snags ’n vuur gemaak en ’n paar honderd meter weg gewag. As iemand naby die vuur gekom het, sou ons hom aan stukkies skiet, dit was die plan. Dit het nooit gebeur nie, maar dis hoe graag ons wou hê dit moet gebeur.

Wanneer daar wel kontak was, was dit baie vinnig. Weg! Dit was nie soos mense gedink het dit is nie. Voor jy mooi geweet het, was dit oor. Hoofsaaklik ná ure, soos in die nag en vroeg soggens. Tref en trap. Ons het teruggeslaan, dan vir eerste lig gewag. 32 het ingegaan en bloedspatsels gekry, maar nie ’n enkele siel nie. Die terrs het mekaar weggedra en hulleself met allerhande kak ingespuit. Hulle was net so erg soos ons. Hulle wou natuurlik hulle adrenalien aanhelp. Ons is nie toegelaat om deur die area te gaan nie. Daar was baie dowwerds. Ons goed het nie altyd afgegaan nie, veral die snotneuse. As jy een van hulle opgetel het, kon dit jou gesig afblaas, so ons is nie toegelaat om daaraan te raak nie.

Die terrs het ons meer dopgehou as ons vir hulle. Hulle het die terrein geken. Hulle kon twintig kilo’s kaalvoet loop. Ons kon dit beslis nie doen nie! Jy kon hulle nie sien nie, want hulle het na die plaaslike bevolking gelyk. ’n Enkele ou wat verby jou stap met die beeste. Groet hom. Intussen is hy die ou. Hy’s die man! Jy het dit nie geweet nie – hulle het almal dieselfde gelyk.

Partykeer is die terrs met Koevoet Casspirs omgery, dan aan die voertuie vasgemaak en terug basis toe gesleep om vir die ouens te gaan wys. Maar jy sien eerder een van hulle dit oorkom as een van jou eie. Hulle het eenkeer ’n insurgent vir ’n week in die gat gesit. Het dit toegemaak met metaal sodat hy nie kon uitkom nie. Het hom nie kos gegee nie. Het hom aan die praat probeer kry. “Wil nie praat nie? Ons sal hom laat praat.” Daardie pitsweergoed wat ek gesnuif het? Blinddoek hom en sprei dit om sy nek. Hy het gedink sy nek word afgesny. Daar was baie maniere om hulle te laat praat – nare maniere. Jou ingesteldheid

was anders. Ons is ander dinge vertel; ons was geprogrammeer.

Toe was dit vir ons reg. Jy het wraak geneem. “Swart kaffer.” Dwah! Skop hom sinneloos. Nadat sy brein ’n bietjie deurgeloop het, hy ’n paar tande verloor het, en ’n geweerkolf in die maag gekry het, was sy Afrikaans beter as myne of joune. Hy het jou vertel presies wat jy wou weet. Ná die tyd is julle almal daarvoor beloon. Lekker kos. Drank. Hou hom goed dop sodat hy nie wegloop nie. Ná ’n ruk het hy ’n uniform gekry en hy is ingeteken, hy was een van die ouens.

Ek was getuie hiervan en het partykeer deelgeneem. Geskop en geslaan. Ek moes. Wat kon ek doen? Kla? Kerm? Sê: “No, ag shame, I don’t want to do that”? Hel, natuurlik het ek dit gedoen. Ek was aggro, man! *Aggro*.

Aan die einde van Junie ’83, ná ons sekondêre opleiding as Ops Medics om was, het ons met die trein van Potch af Windhoek toe gegaan. Dit was die ergste deel van my Nasionale Diensplig. Dit was ’n driedae-trip. Geen badkamers nie. Jy kon kak, maar nie was nie. Dit was skokkend. Die kos was verskriklik. Ek was nog nooit so verveeld in my lewe nie. Jirre, ek het nie daardie trip geniet nie!

Van Windhoek af het ons in Samils Grootfontein toe gery. Het twee nagte in ’n deurgangskamp gebly, toe Oshikati toe gegaan voor ons na verskillende eenhede uitgeplaas is. Ek het by Ondangwa beland. Die lugmagbasis was oos daarvan. Ons was meer aan die Okatopi-kant. Daar was vier van ons Medics daar. Die kamp self was hoofsaaklik vir kampers wat diens kom verrig het. Ons het ook ’n siekeboeg vir die plaaslike bevolking gehou – soos ’n kliniek – by Ondangwa. Wanneer ons nie op patrollie was nie, het ons die kliniek bestuur. Dit was lekker – ek het seker meer as twintig babas gevang. Het allerhande dinge gedoen, dit was pret. Ek het dit eintlik so geniet dat ek wou aansluit. Ek wou by Staandemag aansluit, maar daar was nie geld nie en Dutchmen het alles geruïneer. As dit ’n heeltemal professionele weermag was, soos oorsee, sou ek seker gebly het.

Ons het hoofsaaklik gemotoriseerde patrollies gedoen, wat lekker was, in Buffels, wat heel oukei was. Ons hoef nie te veel te geloop het nie. Het wel ’n paar patrollies saam met die kampers gedoen. Ek sal dit nooit vergeet nie. Dit was in November. Die reënseisoen het pas begin. Dit het neergepis en elke kamper het ’n poncho gehad wat hy, ek weet nie waar nie, gekry het. Ek het nog ’n simpel reënjas gehad. Ons was op ’n sewedag-patrollie. Twee dae nadat dit begin het, hou dit toe op reën. Alles het drooggeword, maar die LMG-draer het sy poncho aangehou. Die ouens het vir hom gesê: “Haal dit af, jou poephol!” Toe hulle dit amper af forseer, sien hulle hy dra net die ekstra loop by hom. Dis

al wat uitgesteek het. Hy het doelbewus die geweer by die basis gelos – hy wou nie daardie swaar ding dra nie! Hy was nie te gewild nie en is by die sersant aangekla. Die ander ouens het hom gemoer. Toe ons terugkom by die kamp, het die RSM berserk geraak. Wanneer ons van patrollie af teruggekom het, het die sa'majoor vir elke ou 'n braaipak en 'n sespak bier gereël. Terwyl ons ons vol geëet het, het die ou niks gekry nie en hy moes die RSM te woord staan. Hy was mal, en het maklik geskree en gevloek en goed gegooi en gedreig om mense dood te maak. Hy het ook die ouens gemoer. Dit was vir hom glad nie 'n probleem om hulle te slaan nie. Hy was 'n absoluut berserkte tipe ou.

Wanneer ons op patrollie gegaan het, was dit in vier Buffels. Die drywers en ek was wit, saam met 'n kortdiens sersant en 'n luitenant. Die ander was swart. Nie 32 nie. Ons rol was om met die plaaslike bevolking te praat en uit te vind waar die baddies was. Dit was die gebruik om vir sewe dae uit te gaan. Het buite in die bos geslaap en snags laer getrek. Ek was mal daaroor. Ek was mal oor die bos. Op daardie tydstip het ek nie besef of omgegee dat dit eintlik gevaarlik is nie. Dit was opwindend. Ons was buite en ons het gewere gehad. Ek het dit geniet.

Ek dink die skrikwekkendste oomblik vir my was toe die ou wat oorkant my in die Buffel gesit het, aan die slaap geraak en per ongeluk sy snotneus afgevuur het. Dit het die vloer getref, die kant, die roll-bar en tussen die sitplekke geval. Dit moet vyf meter trek voor dit ontplof, maar dit het nie. Ek was die enigste ou met my sitplekgordel aan, maar die eerste ou uit daardie Buffel uit! Ek het geweet wat sou gebeur as daardie ding afgaan. Ek het gedink: "Goed. Kom eerder hier uit!" Ek het in die stof langs die pad gelê nog voor die voertuig gestop het!

Ons het 'n lekker tyd daarbo gehad, selfs al moes ons na troepe omsien wat kontak gehad het. Ons het baie keer op casevacs uitgegaan. Een van die dinge wat ek duidelik onthou, was die plaaslike militia – swart-ouens – maar ek weet nie wat hulle genoem is nie. Hulle was op die skietbaan. Die groep voor hulle het 'n snotneus geskiet wat nie afgegaan het nie. Toe hulle die doppies optel, het een ou die snotneus opgetel en toe gaan dit af. Omtrent nege ouens is erg beseer. Ons het ingevlieg om hulle op te tel.

Ek het nooit rondgehardloop en op skurke geskiet nie. Wanneer mense beseer is, het ons in die Pumas geklim en hulle gaan haal. Ons het hulle druppe gegee. Die algemene prosedure was om eers seker te maak die ou haal nog asem, die bloeding te stop en dan watter noodhulp jy ook al kon, toe te dien. Daar was nie eintlik iets anders as noodhulp nie. Ons het hom aan die asemhaal gehou en hom so gou moontlik by die veldhospitaal gekry.

Ek het 'n two-liner geword, maar het eenkeer terwyl ek bier gedrink het, my

humeur verloor en toe sommer daarmee saam een van my strepe ook. ’n Infanterieluitenant het ons ’n harde tyd gegee. Die ou het ons vertel wat ons moet doen, wat ons nie gedink het ’n goeie idee is nie – hy het pas daar aangekom; ons was al agt maande daar. Hy het begin skree. Ek het gesê hy moenie skree nie. Dit het ’n lelike besigheid geraak en toe slaan ek hom. Ek het ’n streep daarvoor verloor – dit was al.

As Medics is ons ’n bietjie skiet gegee. Ons het nie waggestaan nie, wat baie lekker was, want ons was deurentyd op bystand in die geval van casevacs. Oor die algemeen het die range ons ’n bietjie beter behandel. Ons is nie so erg gejaag nie, want ons was daar met ’n spesifieke doel.

Ek was vir veertien maande op die Grens. Het drie keer teruggekom vir pas. Twee keer vir ’n week en een keer vir veertien dae. Ons is natuurlik vertel om niks oor troepbewegings te sê nie, maar ek het in elk geval niks daarvan geweet nie, so dit was simpel om my dit te sê. Al wat ek weet is wat *ons* gedoen het, maar hulle het nie gesê jy mag dit nie oorvertel nie.

Ek was vir veertien maande by Ruacana, van November ’83 af. In daardie tyd het ek drie keer verlof gehad. Ek was Onderhoud – blou berets – en het as ’n klerk by die kwartiermeesterstore gewerk. Meesal klere uitgereik. Vervelige werk. In een stadium was ek in bevel van rantsoene en dit het sy voordele gehad. Jy kon altyd iets score vir ekstra kos. Almal het altyd kos gesoek. Daar was omtrent vier verskillende tipes rat packs, so ver ek kan onthou.

Die eerste keer wat ek opgegaan het, was in Oktober 1984. Ons was by Eenhana gestasioneer en het probeer om die guns van die plaaslike bevolking te wen. Dit was ’n totale fiasko weens die hele logistieke probleem. Ons het ’n groot braai vir al die hoofde van die Ovambo’s gehou. Ons het selfs in Angola ingegaan en bome met ’n Ratel omgestamp om as vuurmaakhout te gebruik. ’n Kwêvoël het die hout teruggeneem. Ons het gedink ons gaan ’n groot vuur moet maak vir al die vleis. Ons het die vleis voorsien en die hoofde laat eet, maar hulle was veronderstel om hulle eie vee te bring om hulle mense kos te gee. Hulle het nie, toe braai ons net vir die hoofde. Die honger mense het rondgestaan en kyk na die hoofde en die offisiere wat hulle monde so volstop.

Mense dink die Infanterie was maklik. Dit was nie. Ons het simpel goed gedoen. Het simpel goed gesien ook. Later het ons ’n basis met Verkenningsouens gedeel. Ons tent was naby hulle s’n. Daar was bunkers wat versterk is met sandsakke en onderling verbind is met tonnels. Die stelsel kon

verdedig word as die basis aangeval is. Een bunker het ’n staalhek gehad wat te alle tye gesluit was. Agter die hek was AK’s. Ek het van hierdie ouens láát een aand sien aankom en toe haal hulle stilletjies die AK’s uit. Hulle het in die bos weggeraak.

Toe hulle ’n paar dae later terugkom, was daar drie terrs vooraan hulle voertuie vasgemaak. Ek het hulle sien inkom met die kort weergawe van die Casspir – die Wolf. Koevoet het Casspirs gehad, en daar was nie baie waar ons was nie. Hulle het gesê hulle gaan die terrs laat praat. Toe hulle weg is, was die drie terrs nog baie lewendig. Toe hulle terugkom, was hulle dood. Dit was duidelik dat hulle deur die bos gery het. Ek het hulle sien terugkom met liggame wat jy nie meer kon herken nie. Hulle het die liggame afgesny en weer vertrek. Ons het daarna nooit weer daardie Recces gesien nie. Dit was in my eerste drie maande op die Grens.

---

Ek was in die Infanterie en het in 1985 opgegaan. Ons was in Nepara in die weste van Sektor 2Ø. Ons basis is Mike Fox genoem.

Niks het gebeur nie. Dit was baie stil. Ek persoonlik het niks wat aksie behels het, gesien nie. Ek is nooit in Angola in nie. Ons het net rondgehang en voetpatrollies geloop. Ons het nog ’n basis gebou – Alpha Fox – vir kampers. Snags het ons gedrink, gebraai of waggestaan. Een van die ander pelotons het na bewering kontak gehad waar hulle ’n paar ouens gevange geneem het, maar dit was ’n gerug. Die ouens het baie gepraat. In die army is daar baie gepraat.

Die Grens is om baie redes bo die Republiek verkies, want dit was – tegnies gesproke – ’n oorlogsone, so daar was nie onnodige bullshit nie. Jy was op jou eie. Jy het na jouself gekyk. Daar is nie rondgehardloop nie en ons is nie te sleg behandel nie. Ons het die RSM vir ses maande nie gesien nie! Ek het die kompanie-sersantmajoor slegs af en toe gesien. Daar was nie daardie streng dissipline die heeltyd nie. Terug op die basis in Grahamstad was dit ’n ander storie – hulle het die heeltyd aan jou gekarring.

Die army was die eerste plek wat ek teëgekom het waar daar nie rassesegregasie was nie. Op die Grens was daar eenvoudig nie die fasiliteite vir apartheid nie. Ons het langs swart ouens geëet en geslaap. Ons het dieselfde toilette gebruik. Toe ons daar aangekom het, het ons ’n Zoeloe-bataljon vervang en ons is op ons beurt deur ’n Boesman-bataljon vervang. Ons het baie gemeng daarbo.

Ek was ’n vurkhyserdrywer vir SAWI by Grootfontein, ver van die Operasionele Gebied. Ek is medies geklassifiseer as G3K4, so ek kon nie operasioneel wees nie. Ons het die trokke afgelaai en die vrag in verskillende houers gelaai. Ou skeepsvraghouers is gebruik. Alles is op houtpalette gestoor. Dan het ons die rantsoene op die trokke oorgelaai voor hulle na hulle verskillende bestemmings vertrek het.

Ek het twee maande by Grootfontein gebly voor ek in 1986 na Oshikati gepos is tot ek uitgeklaar het. Ek het as ’n ordonnans begin. Ek het op ’n maandelikse basis die bestellings van al die kantiens en Staandemag-gesinne geneem. Jy het van ’n vaste bestellys af gewerk. Jy het die bestelling gekry en toegesien dat die goedere met die volgende vervoer uitgestuur is na waar dit ook al moes gaan.

Toe is ek in bevel van die drank- en sigaretverspreiding geplaas. Dit was handig vir die basispartytjies. Al die blikkies en bottels is eenkant gestoor, alles ordentlik en onder beheer, maar onvermydelik het voorraad “elders” beland. Drank en sigarette is teruggehou en dan by die regte geleenthede voorsien.

Ek het nie veel rondgebokker nie, maar eenkeer, op ’n Oujaarsaand, het ek ’n paar rondes die lug in geskiet. Die MP’s wou my arresteer, maar ’n maat van my het my daaruit gepraat.

Ons het ses sogenaamde “gerehabiliteerde” SWAPO-lede by ons gehad. Hulle is gevange geneem, in POW-kampe gehou en daarna toegelaat om vir die SAWI te begin werk. Daar was ook ’n aantal Ovambo-burgerlikes wat gewese SWAPO-lede was.

SAWI het ook aan operasies deelgeneem. Voorraadtrokke is saam met die konvooi gestuur om aan die voorste basisse te voorsien. Ons het ook mobiele kantiens gehad, sulke mobiele snoepwinkels. Dit was Samils met groot vierkantige houers agterop. ’n Flap is oopgeslaan, ’n staander is opgestel en die troepe het teen ’n skuinste uit tougestaan. Die drywers moes SAWI-lede wees.

Ek was op die Grens vir agtien maande, by Ondangwa, in ’85 en ’86. Dit het my nie veel gepla om te gaan nie. Aan die begin het dit. Ek het geweet dis oorlog en daar was ’n moontlikheid dat ek geskiet, of selfs doodgeskiet kan word, maar ná ’n ruk het ek dit aanvaar – ek *moes* gaan en ek *wou* eintlik gaan.

Ek het die blou beret gedra – was in 5 Onderhoudseenheid as ’n drywer, en het oral heen gery. Het meesal die Kwêvoël gery, wat beter was, want dit was gepantser. Dit het die mynbestande V-vorm onderaan gehad. Dit het uiters warm binne-in die kajuit geword in die Grens-hitte, wat ’n kweekhuiseffek veroorsaak het. Daar was nie vensters nie. Jy kon net die klein flappe oopmaak, die geveerde geweerpoorte, wat ons met leë Coke-blikkies oopgehou het. Het kos en

brandstof saamgevat, of SAWI-kantiengoedere in ’n mobiele snoepwinkel – soos lekkers, koeldranke, chips, sigarette en chocolates. Het dit in Angola in gery of na verskeie kampe aan die grens.

Het eenkeer elektriese toerusting na Rundu toe geneem, honderde kilometers ver, maar die res van die tyd het ek aan die Sektor 1Ø kant gery. Die pad van Eenhana na ’n kamp met die naam Nkongo was omtrent ’n rit van tagtig kilometer. Dit was ’n verskriklike pad – vol bulte, met daardie sinkplaatrante. My hele voertuig het gevibreer, en dit het my maag en rug lekker seer gemaak. Om die waarheid te sê, my trok het selfs uitmekaar begin val. Die spaarwiel het afgeval. Ek het dit gehoor val, in die truspieël gekyk en gestop om dit te gaan haal. Die hele konvooi het gestop. As een voertuig gestop het, was die hele konvooi veronderstel om te stop. Ons het ons oë pal op die truspieëltjies gehou want ons het nie radio-koms gehad nie. By tye was dit baie rustig en ontspanne om daarbo te bestuur. Jy kon sigarette in die kajuit rook, as jy wou.

Het twee keer voorrade na Windhoek geneem, in ’n Samil 50, en ’n week daar gebly. Dit was interessant. Dit was die eerste keer dat ek Windhoek gesien het. Daar was ’n SWAGM-basis daar, en ons het by hulle gebly.

Akkommodasie in Ondangwa was goed. Ons het in prefab-bungalows gebly. Is nooit ’n harde tyd gegee nie. In vergelyking met Basies, was dit maklik. Die korporaals was baie beter. Ander korporaals. Dit was ander mense op die Grens as wat ons in Basies leer ken het. Die kos was nie sleg nie. Baie beter as in Basies. Dit was nie spesiaal nie; dit was soos die kos wat jou ma kook. Nie restaurantkos nie, maar ook nie tronkkos nie.

Het in Julie 1985 by 6 SAI, Grahamstad, ingeklaar. Is vir ses maande Ruacana toe en Eenhana toe vir ’n jaar. Albei basisse was ’n ernstige saak want ons was reg op die kaplyn. Eenhana is die mees noordelike basis met ’n aanloopbaan, behalwe vir Rundu, waar hulle nog Flossies kon land. Die terrs het die basis gerev. Weet nie hoe gereeld nie. Dit het gevoel soos een keer ’n week. Hulle sou kom, ’n paar mortiere op ons afvuur, omdraai en weghardloop. Dan het al die Koevoet-ouens agter hulle aangejaag en die volgende dag die lyke teruggebring. Gelukkig was ek net vir die laeintensiteit dinge daar.

Sondagaande het ons kerkparade gehad, maar eers was daar die situasieverslag. Daar was ’n groot bord voor elkeen. Hulle het deur enige kills vir die week gegaan, en gesê: “Reg, een in daardie sektor, een in daardie sektor, een daar. Dis waarvoor ons elke week moet mik.” Dan het die dominee opgestaan. Hy was die man met die hoogste rang op die basis, of altyd die ekwivalent van die hoogste offisier. Hy was soos God self, hierdie groot

Afrikaner. Ons het gebid dat die regering die regte besluite neem en dat die “Swart Gevaar” vernietig word. Die gebed het geëindig waar hy hoop ons kry baie kills die week, alles in die naam van die kerk.

Ons het ’n menasie met die offisiere by Eenhana gedeel. Dit was ’n menasie vir offisiere én onderoffisiere. Ons, as een- of twee-strepe en een-pip luitenante, moes saam met hierdie ernstige PF’s drink, wat ons soort van gedwing het om saam te drink. Ek skat ons sou daar uit kon kom as ons wou, maar ons wou ook onsself geniet.

Die stelsel was so slim. Klein dogtertjies moes vir ons skryf – kinders van ses, tien, twaalf jaar oud. Hulle moes duidelik in die klas sit en skryf. Dit was meesal Afrikaans, en dit was altyd: “Liewe dapper Soldaat …” Esmé Euvrard het boodskappe op haar radioprogram gelees waarin sy mense aangemoedig het om te skryf of pakkies saam met die Suiderkruisfonds te stuur, wat hierdie briewe by ons afgelewer het. Jy het hierdie brief van ’n sewejarige meisie oopgemaak wat jou vertel hoe wonderlik jy is, dat jy hulle red, en so aan. Dan het jy verplig gevoel om terug te skryf. Dit was altyd ’n groot grap om te vra: “Het jy ouer susters en kan jy foto’s van hulle stuur, asseblief?”

Ek het nie regtig verlof gekry nie. Het ná Basies Kaapstad toe gegaan om by die huis te wees en weer ná tweede fase klaargemaak het. Is toe op Grens toe en het net twee keer teruggekom, met sportpasse. My kompaniebevelvoerder was die Oranje-Vrystaat kragoptelkampioen. ’n Groot bul van ’n man. Hy en ek het sportpas ingesit om die Comrades een jaar te hardloop en die Two Oceans die volgende jaar. Ek het nie verwag iets sou daarvan kom nie. Ons was uit op ’n ops, in die middel van nêrens, toe ’n helikopter skielik land en gesê word: “Korporaal! Klim op daardie helikopter. Jy gaan Kaapstad toe.” Ek is terug Eenhana toe gevlieg. Vandaar het ons ’n Dakota na Grootfontein gehaal, ’n klein Safair na Pretoria, en toe ’n burgerlike vlug Kaapstad toe.

---

In 1987, gedurende my eerste jaar van diensplig, was ek in ’n landmynontploffing op Oom Willie se Pad, ’n grondpad, omtrent elf kilo’s van die grens aan 54 Bataljon se kant af. Dit was nie eens op ’n roetinepatrollie nie. Dit was nie veronderstel om te gebeur nie. Ons het aanvullings gedoen.

Ons het pas van ’n patrollie af teruggekom en was veronderstel om die res van die dag te rus, maar ons sersant-majoor was so oorywerig dat wanneer daar ’n gap was, hy dit gevat het. Toe gaan ons weer uit in ons vyf Buffels om aanvullings by ander seksies te doen, rantsoene en water te voorsien. Ons was

veronderstel om die pad te vee of kruis en dwars oor die pad te ry, maar ons het reguit gery. Dit was die luitenant se keuse – 'n een-pip dienspligtige. Die rede was dat dit aan die donker word was en ons moes betyds op die basis wees. Ons moes nie op die pad gery het nie, maar langsaan – boendoe bash en dan oorsteek en terug hierdie kant toe en so aan – maar hy was haastig om voor donker terug te wees.

Die drywer het voor gesit, aan die linkerkant, en twee van ons was agterin. Ek was nie vasgegordel nie. Jy's nie toegelaat om te wees nie, vir ingeval jy vinnig tot aksie moes oorgaan. Ek het voor en aan die regterkant gestaan. My maat het links agter gestaan. Ons het ook nie staaldakke gedra nie, want dis weggeneem. Die krag van 'n landmyn plus die helm op jou kop was 'n gevaarlike kombinasie.

Ons het in dieselfde spoor gery. Jy is nie toegelaat om af te wyk nie, maar ons het vinniger as gewoonlik gery. Die eerste Buffel moes die myn met duime gemis het, want ons, in die tweede Buffel, het dit afgetrap. Die regtervoorwiel het die ontploffing gekry. Die drywer was vasgegordel en het net sy arm en knie seergemaak. Die ander ou is uitgegooi en het op sagte sand geland. Hy het net 'n gesing in sy ore gehad. Maar ek het saam met die Buffel omgeslaan. Ek weet nie hoe ek binne kon gebly het nie. Ek het 'n slag gehoor en rook gesien, en dit was dit. Dit het net donker geword. Ek het nie pyn gevoel nie. Ek was so uit soos 'n kers, bewusteloos.

Ek is later vertel die Buffel het in die lug opgestyg, omgerol en op sy sy geland. Dit is heeltemal vernietig. Voorste suspensie daarmee heen, wiele weg, bande weg. Stukke band is kilometers ver in die omtrek gekry waar dit aan steekbosse gehang het. Ek is in 'n Koevoet Casspir ge-casevac. Koevoet was in die omgewing. Hulle het rondomverdediging kom doen vir ingeval dit 'n hinderlaag was.

Toe ek wakker word, was ek in die siekeboeg by Nkongo. Die volgende oggend is ek na Ondangwa geneem, waar hulle my ondersoek het. Vandaar is ek na 1 Mil in Pretoria gestuur en toe na 2 Mil in Kaapstad, waar ek gewoon het. My wangbeen was gebreek en my neus het drie rekonstruktiewe operasies gekry. Daar was 'n stuk skrapnel aan die binnekant, en dis hoekom dit lyk soos dit vandag lyk. Ek het geen gevoel in my boonste kakebeen gehad nie. My arm was sleg gesny. Ek het kneusplekke gehad. Dit het amper vyf maande in die hospitaal gevat om te herstel. Ek is nie ontslaan of berading aangebied nie. Toe het hulle my terug Grens toe gestuur. Daarna het ek teruggekom en townships gedoen.

In 1988 het die RSM van 54 Bataljon my R12 000 kompensasie beloof. Het nooit 'n sent gesien nie – net my danger pay gekry. Jy het jou maandelikse loon gekry, maar op die Grens het jy net jou danger pay opgebruik. Hulle het die hele

situasie probeer toesmeer. Die basisbevelvoerder het die area gaan skoonmaak en die feit verbloem dat iets hoegenaamd daar gebeur het. Niks het met die luitenant gebeur nie. Hy het ’n besluit geneem, en dit was dit.

[*Die volgende vertelling is nie in datumvolgorde of deur ’n Nasionale Dienspligtige vertel nie, maar het betrekking op die vorige vertelling. Dit word vertel deur Dennis Croukamp, wat sestien jaar in die Rhodesiese weermag deurgebring het, insluitend vier jaar as ’n Selous Scout waar hy in demolisie gespesialiseer het. Hy het ná die val van Rhodesië by die SAW aangesluit.*]

Vroeg in ’81 was ek by 101 Bataljon in Ondangwa gestasioneer. Kolonel Breytenbach was brigadebevelvoerder van 44 Valskermbrigade, wat ’n padvinderkompanie by 101 Bataljon gelos het. Daar was baie Amerikaners en Kanadese, ’n paar Poms, ’n Suid-Afrikaner en ’n Portugees – ’n hele “Verenigde Volke”-groep. Dit was die padvinderkompanie; Breytenbach se klein Spesiale Magte-groep wat hy bymekaargesit het.

Ons was al ’n paar weke daar. Die kolonel het my aan die kommandant voorgestel. Hy het aan die kommandant gesê as hy enige probleme het, moet hy met my praat, want ek sal dit vir hom oplos. Dis ’n tameletjie! Toe het die kolonel die gebied verlaat.

Later het die RSM my ingeroep en gesê die kommandant wil my sien. Ná ek aangemeld het, het hy my na die adjudant geneem wat my na die kommandant in die Opskamer geneem het. Hy het my ’n kaart van die pad gewys [*Oom Willie se Pad* ]. “Ingenieurs vee die pad van albei kante af en ontmoet in die middel, en teen die tyd dat hulle by die huis kom, gaan die landmyne al weer af. Wat kan jy daaraan doen?”

“Kommandant, kan ek eers so ’n bietjie hieroor dink?” Ek is terug na my klein kampie-binne-in-’n-kamp en het so gemaak. Ek het die volgende oggend teruggekom. “Die beste wat ek kan doen, is om nege OP’s al langs die pad te sit, in die bosse, maar net deur die nag in die donker, so ons het nagvisie-toerusting nodig.” Hy het saamgestem en alles gereël. Ek is op Oshikati toe om die toerusting te trek. Die stoorman het my vir ’n permit gevra.

“’n Wat?” het ek gevra.

“Jy het ’n permit nodig om dié goed te trek.”

“Nee, ek het nie so ’n ding nie,” het ek gesê. “Maar ons het hulle baie in die Rhodesiese army gebruik!”

Dit het nie gewerk nie. “Nee, dis nie goed genoeg nie. Jy moet ’n permit hê!” Só is die hele operasie toe uitgestel tot die toerusting afgelewer is. Intussen het hulle die ouens ’n blitskursus gegee in hoe om dit te gebruik, want net drie van

ons was eks-Rhodesië. Uiteindelik het hulle ’n sersant gestuur om die kursus aan te bied, maar teen die einde van die dag moes ons hom wys hoe om sy eie nagvisie-toerusting te gebruik! Hy het die eerste een geblaas deur dit in helder daglig oop te maak en aan te sit! Hy het dit gekook. Van daar af het ons hom gewys hoe om dinge te doen. Ek dink nie hy sal ooit sy waardigheid wat daai een betref, herstel nie. Hy kon ook nie ’n woord Engels praat nie, so ek het aan ons ouens getolk en dan van ons ouens terug na hom toe.

Die kommandant het ons drie Buffels gegee om die mense mee af te laai. Die eerste OP is net ’n paar kilo’s van 101 Bataljon afgelaai, waar die aansluiting was. Twee dae later het nog niemand iets gehoor of gesien nie. Ek het gesê die mense moet tot omtrent twee ure voor eerste lig in hulle wegkruipplekke bly en dan na die kant van die pad beweeg en daar wag. Dié wat nie kon nie, moes snags OP en dan bedags weer onttrek.

Vroeg die volgende oggend het die eerste OP, vyf kilo’s weg, oor die radio verduidelik wat hy pas gesien het. Ek is na die kommandant toe met die RSM agter my aan en die adjudant weer op sy hakke. Hulle albei het my probeer keer. Dit was asof ek ’n afspraak moes maak om die man te sien! Ek het aan hom verduidelik wat aan my verduidelik is. Hy wou met die OP praat. Ons is na sy Opskamer toe. “Wat’s jou frekwensie?” het hy gevra. Ek het dit nie by my gehad nie, so toe is ons hele Opskamergroepie na die klein Opskamer in die kampie-binne-in-’n-kamp.

Die OP het verduidelik dat toe die mynveërs net buite sig was, die plaaslike bevolking, wat ’n land aan die ploeg was op ’n nabygeleë land, ’n myn uitgegrawe het, oor die heining gespring, dit in die pad geplant en toe soos normaalweg aangegaan het. Dis hoe maklik dit was. Hulle het die myn uitgelig. Dis gewoonlik begrawe naby iets wat maklik geïdentifiseer kon word, soos ’n heiningpaal.

Die kommandant is terug na sy Opskamer toe en het Koevoet ontbied. Hulle bevelvoerder het per helikopter ingevlieg terwyl die res van die kolom volg. Teen die tyd dat hulle opgedaag het, is ons almal deur die bevelvoerder gebrief. Hy het ook met my OP oor die radio gepraat. Koevoet het met die pad langs gejaag. Waar hulle ook al mense gesien werk het op die lande, het twee ouens van die voertuie afgespring en nadergehardloop. Ná ’n paar klappe uitgedeel is, het hulle meer as tweehonderd landmyne by die vroue gekry, dieselfde oggend nog. Probleem opgelos. Ons moes toe my troepe terugkry.

Die volgende dag het ek ’n boodskap van die RSM gekry dat die kommandant my troepe wou gelukwens. Die volgende oggend het ons aangetree. Ons was nie eens pelotonsterkte nie. Hy wou weet waar die res van my manne was. “Die res?” het ek gevra. “Dit is almal, Kommandant.” Toe wou hy my voor ’n

krygsraad daag omdat ek nie pelotonsterkte patrollies in die veld gehad het nie! Dit was ’n staande bevel in Ovamboland vir standaardinfanterietroepe. Dit het ingryping van kolonel Breytenbach gekos om hom te keer. Hy het hom gesê ons is Spesiale Magte, en dit was die einde daarvan.

Die probleem het jare lank aangehou. Ek kan nie sê hoe lank nie. Oom Willie se blou bakkie is nog daar, omtrent vyftien of twintig kilo’s in, langs die pad van Ondangwa af. Dit was die eerste voertuig wat op daardie pad deur ’n landmyn getref is. Oom Willie was ’n plaaslike, wit Suidwester – dis natuurlik waar die pad sy naam gekry het. Die pad het van Ondangwa na die grens geloop. ’n Mens moet onthou hierdie paaie het net wyer en wyer geword. Die Buffels het nie die heinings self vernietig nie, so as daar aan die een kant ’n heining was, het die pad geleidelik na die ander kant toe uitgebrei. Partykeer was daar ’n kilometerbreë strook kaal grond wat hier en daar in ’n smaller kanaal ingedwing is, om dit so te stel. Net ons voertuie kon hierlangs ry, en daarom het die vroue op die lande natuurlik hierdie stroke geteiken. Die paaie was van baie sagte grond, so die myn kon maklik uit sy wegsteekplek gehaal word en binne sekondes weer begrawe word. Ek het geen idee wat die syfers op die ou end was nie, maar daar was baie slagoffers wat op dié manier gesneuwel het.

[*AO II Sersant-majoor Dennis E.W. Croukamp, BCR* ]

Dit was pragtig daarbo. Om Grens toe te gaan, was interessant – dis waarskynlik nie die regte woord nie – maar ons het ’n ongelooflik opwindende tyd daar gehad, veral vir ’n klein stadsjapie soos ek. Ek het nog nooit so iets gesien nie.

# IN ANGOLA IN

*Ons het koerante ’n week laat gekry. Eendag het ek ’n Suid-Afrikaanse koerant gelees waarin daar gesê is ons bestaan nie en is ook nie in Angola nie. Pik Botha het dit “kategories” aan die Verenigde Nasies gestel dat daar nie ’n enkele Suid-Afrikaner in Angola is nie. Dit was nogal ’n goor gevoel om te weet ons is al ’n paar maande daar en nou word ons bestaan eenvoudig ontken.*

*Ons het ’n foofie slide gebou by ’n opgeblaaste brug net buite Ongiva. Die Kubane het aan die anderkant van die rivier gesit en hande geklap en gejuig terwyl ons toertjies uitvoer. Ons het vir mekaar gewaai. Nie een skoot geskiet nie. Nie een kwaai woord nie. As ons oor die rivier kon kom, het ons seker geruilhandel. Toe kom ons eendag terug en hulle was weg. Niks het agtergebly nie. Dit was vreemd, baie, baie vreemd.*

Toe ek in Angola was, hier van die midel- na die laat-sewentigs, het ons in ons Portugese uniforms en tekkies rondgeloop. Afrikaners het slegte Engels met mekaar gepraat want ons, die Suid-Afrikaners, was nie veronderstel om daar te wees nie. Ons kon nie Afrikaans met mekaar praat nie, maar moes Engels praat, en natuurlik was ons Engels nie watwonders nie. Maar ja, ons het daardeur gekom.

Toe ek ingegaan het, was dit met ’n groter operasie. Die pantser het hulle eie infanterie-ondersteuning gehad, maar ons het gewoonlik ’n ander infanterie-eenheid by ons gehad, soos die Cape Town Highlanders. Een ou het sy Honoris Crux gekry as gevolg van die aksie wat ons op die lyf geloop het. Hy was ’n kaptein in die CTH. Ons basis is met mortiere aangeval. ’n Paar tente is getref. Gelukkig het niemand seergekry nie. Ons het die vorige aand ’n partytjie gehad en van ons was nog aangeklam. Dit het ’n paar lewens gered – ons was op ’n plek waar ons nie moes gewees het nie. Ons het twee 90 mm-rondes afgevuur en dit was die einde van die skermutselinkie.

Ons het verskriklike goed gesien. Maar jy weet, dis asof jy ’n motorongeluk sien – dit maak jou ’n bietjie harder. Dit het beslis in Angola gebeur. Jy het mense se stukkies opgetel, en so aan. Dit was nie baie aangenaam nie, en jy het ’n bietjie afgestomp en gehard geraak, want jy het die terrs sowel as jou eie mense se stukkies opgetel. Dit was meesal weens landmyne en lukrake skietaanvalle. Ek wil nie polities raak nie, maar jy het die MPLA en FNLA albei gehad, en ongelukkig, wanneer jy in ’n situasie beland het, het jy nie gevra wie of wat hulle ondersteun nie; jy het hulle almal uitgewis.

32 het winter- en somer-kamoeflering gehad, terwyl die Recces nooit erkende uniforms gehad het nie en enigiets wat beskikbaar was, gedra het. Hulle het gebruik wat hulle kon. Het goed gebruik wat as ondiensbaar afgeskryf is – goed wat agter by store uitgegooi is. Hulle het daardeur gesoek en gevat wat hulle nodig gehad het.

Bravo Groep het oorspronklik ou Porra kammo’s en toe SAW browns gedra. Toe die States hulle finansieel begin ondersteun, het hulle ’n erkende eenheid gevorm en 32 geword. Omdat hulle so ver in Angola ingegaan het – ten minste 200 kilo’s – het hulle hulle eie kamoeflering gebruik om hulle bedrywighede te onderskei van operasies waarby Nasionale Dienspligtiges betrokke was.

Ons is toegedeel aan die ingenieurs, wat myne gelig en wapenbergplekke ontdek het. Ons het gereeld transgrens-ops gedoen – maar klein, subtiele ops, nie grotes nie. Ons was nooit by iets groot betrokke nie. Dit was altyd 32, 101 of Koevoet wat ingegaan en die groot goed gedoen het. Infanterie was op ’n manier die vullisverwyderaars. Ons het net saamgegaan en die gemors skoongemaak. Ons het agterna gery in ons Buffels en dan gewag. Helikopters en gunships het oor ons gevlieg. Daar was ten minste tien Buffels en dan die ondersteuningsvoertuie. Partykeer was daar ook ondersteuning van die pantser-ouens in hulle Noddy-karre.

Wanneer ons op ops uitgegaan het, was daar omtrent 150 van ons. Daar buite het jy dalk tien van die vyand raakgeloop, *as* iets dan nou sou gebeur. Die getalle was beslis in ons guns. Beslis.

My diensplig het ek tydens 1980 en 1981 gedoen. Ek was in die gemeganiseerde infanterie en het ’n LMG met ’n tweehonderd-ronde R1-voerbelt gedra. Jy het die loop omgeruil wanneer dit van die hitte gloei. Ek het ’n ekstra loop in my rugsak gehad.

In ’81 is van die Ratels binne Angola getref. ’n RPG het een getref en dit in ’n ballonvorm geblaas. Terrs het van agter geskiet en die projektiel het reguit ingegaan. Partykeer het hulle by jou gestaan en skiet, wat ’n dom ding was om te doen. Al die bemanning en insittendes is dood, maar die terrs is uitgevat. ’n Paar SWAPO’s is opgetel nadat hulle hulleself oorgegee het. Ons ouens het gesê: “Nee wat. Bokker dit! Gee ons inligting! As julle dit nie doen nie, is dit voor op die Buffel met jou. Ons gee nie om nie. Ons sal jou met draad vasmaak as dit moet. Ons gaan ry en as jy skree, sal ons rem.” Hulle is vooraan die Buffel, bo die enjinkompartement, vasgemaak. Dit het my eers later getref hoe erg dit is.

Daar was niks oor in daardie Ratel nie. Daar was niks om te verwyder nie. Wanneer ’n RPG penetreer, storm dit aan die binnekant rond en laat elke stukkie ammunisie wat dit tref, afgaan. Dis vuurwerke daarbinne. Die laaste ding wat ek onthou, is dat die Ratel Pretoria toe geneem is. Hulle het dit silwer geverf en dit as ’n monument gehou.

Bo by 61 Meg het ons die ware verhaal oor die silwergeverfde Ratel-voorval gehoor. Daar was ’n kinkel in die storie.

Die eenheid het gereed gemaak om Angola binne te gaan vir óf Ops Sceptic óf Protea. Ek kan nie onthou watter een nie. Sommige mense sê daar was ’n Ops Smokeshell, maar Smokeshell het tydens Sceptic plaasgevind, in Junie ’80.

Smokeshell was die gebied waar PLAN ’n groot basis in Chifufa gehad het.

In elk geval, voor hulle weg is, het die range uitgevind of daar enigiemand was wat gevoel het hy kon nie gaan nie weens besering of om welsynsredes. Gewoonlik was daar niemand nie, maar hierdie slag was daar drie ouens wat moeilike situasies by die huis gehad het. Dit kon enigiets van siek ouers, huweliksprobleme tot ’n familiesterfte gewees het. Hulle is met hulle probleme na die eenheidskapelaan, wat aanbeveel het hulle bly om wag te staan in die eenheid of om andersins op welsynspas huis toe gestuur te word. Hulle probleme was eg en is toe al gedokumenteer.

Maar die kompaniebevelvoerder, ’n kaptein H, wou niks daarvan weet nie. Hy was blykbaar siek en sat vir hulle probleme, en het aangedring dat hulle deelneem. Hulle sou nie by hulle onderskeie pelotons aan die front aansluit nie, maar agterlangs help met die voorsieningsvoertuie, spesifiek ’n Ratel wat ekstra ammunisie vir die ops sou dra.

Gedurende die ops het die kompanie ’n SWAPO-basis aangeval toe hulle Ratel in die verwarring en digte bos weggery het van die res van die voorsieningskolom. Hulle het in ’n oopte stilgehou. Skielik was daar omtrent sewe terrs om die Ratel. Die arme ouens het terugbaklei en probeer wegkom, maar die Ratel het in sagte sand vasgeval en was dus ’n maklike teiken. Die eerste RPG het deur die drywer se venster geskiet en hy is dadelik dood; dit het onder die skiettoring ontplof. Die bevelvoerder en kanonniers het hulle bene verloor. Toe het die 20 mm- HE- en AP-rondes ontbrand. Nog twee RPG’s is deur die linkerkant en het in die enjinkompartement twee groot dieseltenks opgeblaas en ’n hengse ontploffing veroorsaak. Terselfdertyd het ’n ander RPG die regterkant getref, aan die agterkant. Die agterste kanonnier is uitgeskiet. Hy het in werklikheid vier terrs uitgevat voor die ontploffing sy bene afgeruk het. Niemand is seker of hy oorleef het nie. Teen daardie tyd het alles binne die Ratel vlamgevat of ontplof. Dit het baie ekstra ammunisie gedra, soos M26-en M79-granate, RPG’s, 20 mm-rondes, claymores, R4-rondes, en so aan. Die Ratel het ’n inferno geword.

Toe die herwinningmense daar aankom, was daar absoluut niks wat hulle kon doen nie. Al die ouens was dood. Die hitte was so intens dat hulle nie nader as tien of vyftien meter van die brandende Ratel kon kom nie. Dit het eers ná drie dae afgekoel.

Nadat die kompanie sy objektief behaal het en die SWAPO-basis ingeneem het, het die ouens gehoor dat hulle buddies dood is. Dit was veral erg vir hulle omdat daar in die eintlike kontak omtrent geen ongevalle was nie – niks anders as vleeswonde en snyplekke en kneusings nie. Hulle was dadelik briesend vir die kaptein.

Die volgende dag, toe die kompanie skoonmaak-operasies uitgevoer het, het die kaptein self in ’n loopgraaf ingegaan wat na ’n bunker gelei het wat nog nie ordentlik skoongemaak is nie. Hy het ’n granaat in die deuringang gegooi, gewag, toe ingegaan – maar hy het nie die ander ingang gesien waar ’n gewonde terr weggekruip het nie. ’n Paar troepe het skote gehoor en nadergekom terwyl die terr probeer uithardloop. Hulle het hom uitgevat, in die bunker ingegaan en die kaptein ontdek. Hy was dood, hoewel ek nie dink daar was baie in die kompanie vir wie dit ’n duit kon skeel nie.

[*Nota: ek het ’n 2 SDB-kanonnier gevra wat hy van die Ratel-voorval dink. Sy kommentaar volg.*]

Na gelang van of ’n Ratel beman of volledig gelaai is met ammunisie, het dit ’n gemiddelde van negentien ton geweeg. Daardie pantser is dik. Die voorste plaat alleen is een en ’n half tot twee duim dik. So, vir ’n Ratel om in ’n ballonvorm uit te blaas weens die impak en hitte, moes dit ’n intense en groot ontploffing gewees het. Dit kon weens ’n HEAT-missiel wees, wat met ’n titaanpunt toegerus is wat deur pantser dring. Aan die binnekant ontplof dit en het dit geweldige hitte en druk tot gevolg. Ek sou sê dis meer waarskynlik dat die projektiele deur ’n tenk afgevuur is.

’n RPG is nie ’n akkurate stuk gereedskap nie. Ten minste vyftien meter is nodig vir die projektiel om homself te bewapen, en dis ’n bietjie swak. Dit kan beslis ’n Ratel stop, maar om dit te laat ballon, klink vreemd. Wat kon gebeur het, is dat die RPG aan die binnekant van ’n Ratel, wat met bomme en ammunisie gelaai was, afgegaan het, en ’n paar van die 90’s het waarskynlik afgegaan – dit sal die Ratel beslis laat ballon. As ek reg onthou, is daar omtrent sewe kilogram TNT in elke ronde. As ’n paar daarvan aan die binnekant afgaan, is daar geen twyfel by my nie.

In ’82 het ek ’n transgrens-ops gedoen, maar omdat ons Artillerie was, het ons ver teruggehou. In ’82 was dit konvensionele oorlogvoering.

Mirages het in- en uitgevlieg. MiG’s het ook gevlieg. Dit was die enigste werklike bedreiging vir ons vuurpyllanseerders. Daar was twee MiG’s. Een het laag ingevlieg om ons aandag te trek terwyl die tweede een hoër gevlieg het. Dit was ’n poging om ons stil te hou sodat ons nie beweeg nie. Dit het gewerk. Ons het beslis nie beweeg nie. Ek dink hulle het ’n lugmagbasis by Cuito Cuanavale gehad, ’n stad met ’n groot militêre basis in oos-Angola. Die Recces het daar gesit en gesien wanneer twee MiG’s opstyg. Ons het ’n radioboodskap van hulle

af gekry. Ons het ons kammo uitgegooi en die spieëls en windskerms toegegooi om seker te maak niks weerkaats nie. Dan het ons net in ons loopgrawe gesit en gehoop ’n bom tref ons nie. Hulle het bomme afgegooi, maar van dié bomme het nooit afgegaan nie. Hulle het in die grond vasgesteek en ons het hulle ná die tyd gekry. Ons het vir drie maande daar gesit.

In mid-’81 het die vorige inname, wat nie eens heeltemal in tweede fase opgelei is nie, saam met kampers ingegaan om met die 5.5’s deel te neem aan Ops Protea. Die ouens het 350 kilometer ver ingegaan.

Ek was in baie nie-amptelike transgrens-ops as ’n drywer in Onderhoud – blou berets. Sommige ritte was saam met 32 Bataljon of 61 Meg. As trokdrywers het ons die Elande of Ratels of watter gepantserde voertuie ook al gebruik is, ondersteun. Hulle het vooruit gery en ons het as ’n ondersteuningseenheid gevolg met diesel vir hulle voertuie, of olie, ammo en kos. Het ’n Kwêvoël bestuur, ’n gepantserde Samil. As ’n voertuig deur ’n landmyn of RPG getref is, moes ons stilhou. Die eerste trok het links gegaan, die tweede regs, die derde links, en so aan. Spring uit jou kajuit, op die enjinkap, dan op die dak en agteraf na die volgende trok toe. Jy het nie uitgespring nie, want daar was dalk claymores of anti-personeelmyne om jou. As die troepe almal uitspring, is hulle dalk dood. Jy het skuiling gesoek, kammo gegooi, gereed gemaak en gewag. Dit was alles beplan, alles uitgedink, deur sowel hulle as ons.

Op ops was ek koning. Die ouens sou verbykom: “Asseblief, man, ons het nog ’n paar rat packs nodig.”

“Sure. Watter kleur wil jy hê?”

“Groen!”

“Vir twee geles sal ek jou ’n groene gee.” Dis hoe dit gewerk het. Ek was hulle ondersteuning. Ek het hulle ammo, hulle olie, hulle brandstof en hulle kos gehad. Maar nie alles tegelyk nie. Op verskillende tye het ek verskillende vragte gedra. Agterin die Ratels was omtrent tien troepe elk. Ek was nou hulle beste vriend. Hulle sou na my en my trok kyk. Daardie trok moes daar wees, of daar was geen water of voorrade vir hulle nie.

Die nare ding was dat ons, in die Ruacana-gebied, vir Koevoet ondersteun het. Hulle het oor die grens gegaan en nie gevangenes geneem nie. In hulle hele tyd, omtrent twaalf jaar van gevegvoering, is daar net twee gevangenes teruggebring en ondervra – wat onmoontlik is. Die res is doodgemaak. Hulle het die hoogste doodmaakkoers van enige eenheid gehad, meer as die army, wat beteken dat hulle ook die grootste getal gevangenes moes hê. So hoekom net twee? Hulle doodmaakkoers was so hoog want hulle het kills gesteel. Hulle het op die radio

ingeluister en sodra ’n spoor warm geword en ’n kontak onvermydelik gelyk het, het hulle na die betrokke gebied gejaag en vir die aksie gesorg. Dit was die army ouens wat die donkiewerk gedoen en die terrs gevolg het. Koevoet en 101 het die eer gevat. Wat hulle dan gedoen het, was om die lyke oor die Casspirs se wielboë vas te maak, en oor die grens terug te ry en deur Ovamboland. Die gesig van geboendoe-bashde lyke was ’n boodskap aan die plaaslike mense – “Sluit by SWAPO aan en jy sluit by jou maatjies vooraan die voertuie aan.” Dit was ’n sigbare afweermiddel. Die amptelike verduideliking was dat dit onaangenaam en ook onnodig was om met verrottende, geswolle lyke binne ’n reeds vol pantservoertuig te reis. As ’n ondersteuningsdrywer was ek nou deel van hierdie konvooi. Dit was die ergste ding wat ons ooit ervaar het.

Ek het vroeg in ’82 op Ops Super oorgegaan. Dit was ’n groot een. Ons het hoofsaaklik 32 ondersteun. Ons is na die Caprivi-strook, waar al die Recce-kampe was, asook Buffalo vir 32 en Omega vir 201 Boesmanbataljon. Ons het hulle vanaf Mpacha ondersteun en hulle helikopters met avgas bladders volgemaak.

Op een ops het ek ’n ongeluk gemaak. Ek het die dieseltenk gery, reg aan die einde van die konvooi. Agter my was net ’n luitenant. Ons het nie radio-koms gehad nie. Hulle het die konvooi van agt-en-dertig voertuie gestop. Dit het so ver teruggestrek dat dit om ’n draai gegaan het. Dit was net stof. Ek het om die hoek gekom en gesien die trokke staan stil, maar kon nêrens heen gaan nie. Die pad was nie oop en breed sodat ek kon verbygaan nie. Die paaie is gewoonlik van grondvlak af opgebou. Ek het ankers aangeslaan maar ’n treiler met fosforgranate agter die trok voor my getref. Die treiler het teen die skuinste langs die pad afgerol. Die botsing het drie van my trok se kompartemente oopgeskeur. Negeduisend liter diesel is daarmee heen. Almal het nadergehardloop en uitgefreak. Die 32 range het heeltemal mal gegaan. Die ou in bevel was ’n PF-kaptein. Ek is R20 beboet vir die “belemmering van ’n operasie”. Die rede waarom ek aangekla is, is dat ek uit 12 000 liter diesel 9 000 kwyt is.

Die eerste keer wat ek terug huis toe gekom het, het ek Pik Botha op TV gesien. Hy het gesê: “Ek ontken kategories dat daar enige Suid-Afrikaners in Angola is.”

Vreemd, want ek het toe net daarvandaan gekom.

Ek sal jou iets oor Koevoet vertel. Dit was ’n privaat polisievleuel wat in ’79 uit niks gevorm is. Hulle het met die SAW onderhandel vir die voertuie en voorrade wat hulle nodig gehad het. Hulle bevele het van Oshikati af gekom, maar ek sal nie sê hulle het ’n HK daar gehad nie. En daardie dinge wat jy oor Koevoet

gehoor het, het nie plaasgevind nie. Daar was dalk hier en daar ’n Mad Max onder hulle, maar hulle het as ’n reël nie daardie soort kak aangejaag nie. Hulle het beslis lyke teruggebring, ja, want hulle was die “Sheriffs van die Bos”. Die nonsens wat jy gehoor het, is disinformasie wat die internasionale media by die terrs gekry het. Miskien het ’n paar terrs in die pad van die voertuie gekom en hulle het hulle omgery, maar wat daarvan? Dit moes gedoen word. Gaan die drywer stop en hulle laat wegkom? Ag, asseblief, man. Dis mos nou belaglik. En wat liggame buite op die voertuie betref: sou jy hulle eerder sonder body bags binne-in ’n warm voertuig wou hê? Sou jy die gemors skoongemaak het? Enigiemand wat sy neus optrek, dink soos ’n burgerlike. Hulle het hulle werk gedoen en hulle het dit goed gedoen. Ek gee nie om wat enigiemand sê oor kills steel nie. Kills steel? Laat hulle die kills vat! Hulle was baie beter opgelei as die gewone troep. Hulle het die wapenkrag en die voertuie gehad. Wil jy regtig ’n troep die bos laat instorm agter insurgente aan, met webbing, helm, waterbottels en geweer? Nee wat! Laat die ordentlike ouens inkom met vaardige plaaslike spoorsnyers, Brownings en Casspirs. Dan word die job gedoen, en deeglik ook.

Daardie stories is buite verhouding opgeblaas. Dis die soort stories wat jy in ’n kroeg hoor, van waaghalse wat roekeloos was. Jy het baie van daardie soort ding in die kroeë gehoor, veral in Grootfontein se transitokamp.

Ons was nie veronderstel om in Angola te wees nie. Om die waarheid te sê, ons het terwyl ons daar was na Pik Botha oor die radio geluister wat volhou daar’s geen Suid-Afrikaanse troepe in Angola nie!

Net ná ons aankoms het ons kills gehad, en ons kon vir Kersfees huis toe kom wat baie gaaf was. Ek was deel van ’n seksie wat kontak gehad het. Ek wil jou nie regtig daarvan vertel nie. Dis bitter woes. Dit bring herinneringe terug. Jy het my onkant betrap.

Ons was omtrent ’n maand in, aan die westekant van Angola, oor die Kunenerivier. Ons het met rubber ducks oor gegaan en toe oor berge geloop. Nie-gemeganiseerd. Net te voet. Dit was dik bos. Daar was nie paaie om te volg nie. Geen water nie. Ons het ’n ernstige probleem met water gehad. Daar was twee pelotons, oor ’n groot gebied uitgesprei, met drie seksies per peloton en twaalf ouens per seksie.

Intelligensie het berig oor omtrent sewentig terrs wat glo in die gebied was. Ons is beveel om ’n observasiepos op te stel. Ons was bo-op ’n berg en het helikopters gehoor. Terwyl ek op die berg staan, het een van die gunships my amper geskiet. Ek het oor die vallei uitgekyk. Skielik het dit uit nêrens verskyn en die gunner het sy lope op my gerig. Hy was so naby – omtrent tien meter

weg. Ek het my boshoed afgehaal – daar was Dayglo daarin – en dit vir hom gewys. Hy het sy skietgoed gelos en dit het amper gelyk of hy skrik, want hy was op pad om te skiet. Jy kon ons skaars herken as Suid-Afrikaanse soldate. Ná amper ’n maand was ons heeltemal swart.

Toe sien ons die terrs hardloop. Daar was net vier, so dit moes ’n splintergroep gewees het. Die gunships het op hulle begin skiet. Ons het afgegaan en begin jag maak. Drie is doodgeskiet en die vierde het weggekom. Ek weet nie waarheen hy is nie. Toe het ons HK geradio, wat gesê het ons moet die lyke verwyder. Daar was nie sakke om hulle in te sit nie. Ons het hulle opgetel en omtrent vyf kilometer wegbeweeg, twee ouens per lyk. Ons het beurte gemaak. Dit was nie aangenaam nie, want ná ’n ruk het die liggame begin vrot en stink. Dit was warm – omtrent 48 °C. Een van die ouens se brein het uitgepeul waar sy oor eers was. Hulle vel het losgekom, en so aan, en dis hoekom ek nie daaroor wil praat nie.

Ons het weer geradio, maar is aangesê om te bly beweeg sodat ons nie opgespoor kon word nie. Uiteindelik het ’n helikopter gesak en die liggame as FAPLA geïdentifiseer, hulle in body bags gesit en weggeneem. Ek het nog ’n AK-bajonet wat aan een van die dooie terrs behoort het.

Die volgende dag het ons dertig kilometer dieper in Angola ingevlieg. Ons het geen water gehad nie. In die Puma was dosyne tweeliter-plastiekbottels vol water. Daar was baie daarvan, maar hulle wou ons nie eens een gee nie, want hulle was op ops met die Parabats. So die Bats het hulle water gekry terwyl ons vir ons s’n moes soek! Die vlieëniers het ons by ’n droë rivierbedding afgelaai en gesê ons moet ons eie water kry. Gekkigheid. Jis, dis nie asof ons opgeleide Spesiale Magte was nie – net gewone Nasionale Dienspligtiges.

---

Ek was saam met die gemeganiseerde infanterie op Ops Askari. Daar was twee dele aan die operasie. Ek was in die eerste fase – November, Desember ’83, in die begin. Die ouens in die tweede fase het in Januarie ’84 teruggekom.

Daar was ’n Valkiri-drywer en sy mede-drywer – ’n Nommer Een en ’n Nommer Twee – wat een oggend ingeklim het om dit aan die gang te kry. ’n Vuurpyl is deur die kompartement, maar dit was nie ge-prime nie en het nie ontplof nie. Die sersant en ek was die eerste ouens om hulle te help. Die een ou is dadelik dood, en ek het nie gedink die ander ou, die drywer, sou oorleef nie. Die vuur van die vuurpyl het hom erg gebrand.

Snaaks genoeg het ek sy broer omtrent ses jaar gelede ontmoet. Ons het gesit

en bier drink, en ek weet nie hoe ons op die spesifieke storie gekom het nie, maar hy het gesê dit was sy broer. Toe hoor ek die ou het oorleef. Hy was piekfyn. Hy het van Durban na Kaapstad getrek. Hy is die jaar voor ek sy broer ontmoet het, in ’n motorfietsongeluk dood. Dit was hartseer dat hy deur al daardie pyn en herstel moes gaan net om tog dood te gaan.

By Cuvelai het die Bats in ’n mynveld in geloop. Drie of vier se bene is afgeblaas. Hulle het verkenning gedoen. Ons het daardie casevac hanteer. Daardie ouens was taai, jong. Hulle het basies die oorlog op hulle eie baklei, in die begin, tot ons artillerie, tenks en ander ondersteuning daar gekry het. Die Kubane het baie hardeware gehad.

Ons het drie keer met ’n konvooi ingegaan en voorrade na verskeie infanteriekampe geneem, gewoonlik 51 Bataljon en 53 Bataljon. Het net deur die bos gery. Dit was ’n ervaring – boendoe-bashing. Het sover moontlik in ’n reguit lyn probeer ry – die een na die ander – weens myne, maar natuurlik moes ons om groot bome en groterige hindernisse beweeg.

Ek self het nooit met landmyne te doen gekry nie, maar ek het ’n ou geken wat het. Hy was in ’n Kwêvoël 100. Hulle het hulle voorrade afgelaai, so die voertuig was leeg, en op pad terug met ’n grondpad langs. Gelukkig het die trok nie vinnig gery nie. Dit het die myn getref en in die bos in gery. Die metaalpaneel bo die voorwiel het opgekrul, en toe hulle dit kry, was dit vol gate. Die wiel was weg.

Wanneer ons op konvooi uit was, is die paaie vroegoggend gevee. Ingenieurs het in ’n lyn gestap met hulle metaalverklikkers voor hulle. Van die terrs het slim geraak en die myne onder metaalpype geplant. Die ingenieur het dan die pyp opgespoor, dit geïgnoreer en aanbeweeg. Dis waarskynlik wat in hierdie ou se geval gebeur het.

Daar was natuurlik baie stof wanneer ons ry, en ons het ver uitmekaar gehou sodat ons die voertuig voor ons kon sien. Die getal voertuie in die konvooi het gewissel, maar dit was gewoonlik omtrent tien Kwêvoëls. Sommige het petrol gekarwei, ander SAWI-goedere, ander ammunisie, voorrade en rantsoene. Ons het beskerming gehad. Buffels of Noddy-karre, voor en agter die konvooi, het infanterie gedra ingeval ons ’n hinderlaag binnery.

Die meeste van die tyd het ons in ons trokke geslaap, op die platbak. Ek onthou die sterre – helder, duidelik en oneindig. Daar was selde wolke. Die somer was die reënseisoen daar. Wanneer ek agterop die trok geslaap het, was ek bly wanneer ek die reën op die vrag se seile hoor val. Ons het die vrag met seil en dan ’n kammo-net toegemaak. Wanneer ek ’n dieseltenker gery het, het ek in

die kajuit op die vloer geslaap. My uitgestrek tussen die sitplek en die pedale. Dit was baie ongemaklik, maar wat anders was daar? Op ’n Kwêvoël was daar twee enkelsitplekke, met ’n groot holte tussenin, so jy kon nie daar lê soos jy agterin ’n kar kan nie. Daardie dieseltenkers was swaar. Jy moes versigtig wees wanneer jy om ’n draai gaan of dit leun na die een kant toe. Wanneer dit stop, kon jy voel hoe die gewig van die diesel die trok vorentoe en agtertoe beweeg. Met al daardie momentum moes jy versigtig wees.

Die eerste keer het ek omtrent tagtig kilometer na ’n dorp met die naam Nehone gery, ’n verlate spookdorp. Dit was die eerste keer dat ek ’n Angolese dorp gesien het. Daar was nie ’n enkele siel daar nie. Geen vroue, kinders of selfs diere nie. Al die geboue was vernietig. Politieke slagspreuke is op die mure geverf. Die Portugese geboue was oorspronklik in verskeie kleure geverf en het mooi gelyk. Die snaakse ding was dat die enigste gebou wat bly staan het, die kerk was. Bo die hoofingang was ’n ronde venster van omtrent ’n meter wyd. Die gekleurde glas was stukkend, maar dit was die enigste skade. Binne die kerk het ek ’n sterk geestelike teenwoordigheid gevoel. Snaaks genoeg is die binnekant nie verniel of besteel nie.

Op pad terug het ons Chiede binnegery, wat ook verlate en vernietig was. Iemand het genoem dat al die dorpe in Angola dieselfde lyk, met ’n duidelike Portugese styl en helderkleurige mure, maar altyd verlate en geruïneer.

Op pad terug Suidwes toe het ek ’n Buffel gesien wat ’n myn getrap het – dit het duidelik al ’n ruk vroëer gebeur. Ek het ’n groot krater in die grond gesien, en die Buffel het regop gesit, op sy gat. Daar was ander Buffels in die omgewing. Het nooit die insittendes gesien nie, so ek kan nie sê of daar ongevalle was nie. Die drywer was uit. Ons het nie stilgehou nie. Het nog nooit voorheen of sedertdien so iets gesien nie. Daar was sulke oomblikke.

Ons is nooit ge-debrief nie. Geen ontlonting of ontlading of wat jy dit ook al wil noem nie. Toe ons terug by die basis in Bloem kom, het dit so gegaan, elke keer as daar ’n slag is, was die ouens op die grond, onder die indruk dat dit ’n aanval is. Sonder grappies. Dieselfde ding het selfs ná die army gebeur. Dit klink miskien na ’n cliché, maar dis waar.

# DIE TOWNSHIPS

*In 1988, na ses maande op die Grens, het ek teruggekom en in die townships in gegaan. Natal, Grahamstad en Oos-Londen. Is deur ’n paar hinderlae en aanvalle. Het op ’n paar sogenaamde “terroriste” geskiet. Ons is nie vertel om nie te skiet nie. As daar ’n situasie was, het jy opgetree.*

*Op die Grens het ons geweet ons vyand is noord van ons. In die townships was die vyand onsigbaar. Jy het nie geweet van waar hulle sou kom nie.*

*Ek is baie bly ek het nie township-patrollies gedoen nie. Sommige mense uit my inname het agtergebly en townships gedoen. Ek sou dit gehaat het om townships te doen. Jy het nie geweet wie die vyand is nie. Op die Grens was die vyand baie goed daarmee om in te skakel, as ’t ware te “verdwyn” in die plaaslike bevolking. Hulle kon hulle kit uittrek en skielik in kortbroeke en T-hemde rondloop, asof hulle boere is, maar in die townships was* almal *’n potensiële vyand. Jy was nie welkom daar nie. Jy was ’n gehate wit gesig. Mense wat daar gewoon het, selfs die vroue en kinders, het die sogenaamde “terroriste” beskerm – en hulle is vandag ons leiers. Dit moes erg gewees het.*

*Niks in ons opleiding het ons voorberei op wat ons daar gesien het nie. Dit was baie anders. Wanneer jy daar is, fisies daar – veral gedurende nagpatrollies wanneer alles donker is en niemand hulle flitse aan het nie – is dit anders. Daar is daardie vrees in jou. Niks berei jou daarop voor nie. Niks nie.*

Ek was van Julie ’84 af by 6 SAI. Ons het baie township-patrollies gedoen. Het een keer opgegaan Grens toe en moes weer gegaan het, maar hulle het ons in die townships nodig gehad. Ons was die eerste ouens om die Oos-Kaap binne te gaan en in daardie plek was ons oral. Port Elizabeth, Uitenhage, Despatch, Kenton-on-Sea, Adelaide – noem maar op. As ek die onderskeie diensperiodes bymekaar tel, werk ek uit dat ek omtrent ’n hele jaar in die townships deurgebring het.

Ons het agterop die Buffels gesit. Dit was afgryslik vervelig. Ure daar gesit en niks gedoen nie. Op patrollie was dit ons, Echo Kompanie, en ’n peloton kampers. Die hoogste gesag was ’n een-pip diensplig-luitenant. Ons het niemand hoër as dit op patrollie gesien nie.

In daardie tyd het ons net een groot voorval beleef. Ons pelotonsersant het iemand doodgeskiet. Dit was die gewone scenario: ons het ’n voorval opgemerk en besluit om ondersoek in te stel. Natuurlik het die mense, toe hulle die Buffel sien kom, uitmekaar gespat. Toe het hulle weer bymekaar gekom. Ons het ’n Afrikaanse ou by ons gehad, van die Oos-Kaap af, wat vlot Xhosa kon praat. Hy het hulle vertel dis ’n onwettige byeenkoms en hulle beveel om uitmekaar te gaan. Hulle het nie. Ons het die gebruiklike minimumkrag-prosedure ná die mondelinge waarskuwing gevolg: traangas, toe rubberkoeëls en toe lewendige ammunisie. Die polisiemanne by ons het hulle haelgewere gehad. Die skare het begin klippe en bakstene gooi. Wanneer jy daardie soort ding op jou voertuig sien afkom, het jy nie daaroor gedink nie, jy het net gereageer. Jy was te besig om te mik en om jou rubber gasmasker op te sit. Die pelotonsersant en pelotonbevelvoerder het begin skiet. Hulle moes oor die koppe van die skare in die heuwels in skiet. Die sersant het ’n paar rondes in die grond in geskiet, maar een koeël het opgevlieg en van ’n muur af gekaats en deur ’n ou se nek gegaan. Hy’s dood. Die skare het gehardloop. Dit was dit. Einde van byeenkoms.

Terug by die kamp het die pelotonbevelvoerder ondersoek ingestel om uit te vind wie het wat, waar en wanneer gesien. Wat met die sersant gebeur het ná die aanvanklike ondersoek, kan ek nie sê nie. Dis eers lank na ek uit die army is gefinaliseer. Hy was ’n wit Staandemaglid en glo van 32 Bataljon af. Maar ek het nooit ’n kammo-beret of so iets gesien nie. ’n Mens het dinge gehoor, maar hoeveel daarvan waar was, is ’n raaisel. Baie van wat ’n mens gehoor het, was hoorsê. Hy was een van daardie ouens wat altyd skree, die soort ou wat die heeltyd op jou werk. Maar ons het respek vir hom gehad want hy het ons baie dinge geleer – soos hoe om in die bos reg te kom. Baie klein wenke, maar belangrike wenke. Jy kon maklik agterkom wie’s gemene en venynige klein

mannetjies en wie skree met rede. Vir daardie ouens het jy respek gehad. Verskillende leierskapstyle. Die sersant was ’n bietjie vreemd. Hy het dronk geword en dan by die Rhodes Universiteit met die studente skoor gesoek. Hulle het dan saamgespan en hom opgeneuk.

Ons het eenkeer berig ontvang van onrus in ’n lokasie net buite Grahamstad. Ons het ingegaan en ’n persoon op die grond sien lê. Hy’s met ’n mes gesteek. Ons het so goed ons kon noodhulp toegepas. Die ambulans was nie bereid om in te gaan nie, en het langs die hoofpad gewag om saam met ons in te gaan, maar ons kon nie by die hoofweg kom sonder om die ou daar te los nie. Ons het hom probeer bybring. Dit was ’n verloorsituasie. Hy is uiteindelik dood.

Nadat ons in ’89 uit Suidwes onttrek het, het die army 32 na Pomfret, ’n asbesmyndorp in die Noord-Kaap, verskuif. Hulle het die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering verloor en basies uitmekaar geval, maar kon nie net daar gelos word toe ons onttrek nie. Toe het die weermag hulle in die Natal-townships probeer gebruik, maar hulle was te aggressief, omdat hulle vir guerrilla-oorlogvoering opgelei is. Om skielik in ’n stedelike konflik betrokke te wees, het net nie gewerk nie.

Een van die ongelukkige situasies het swart troepe van 32 Bataljon betrek. Dit was ná ons onttrek het. Baie is vir diens in die townships aangewend; plekke waar hulle nie wou wees nie en ook nie geweet het hoe om op te tree nie. Hulle was ervare oorlogsmense. Sommige was van ’n jong ouderdom af in 32. Al wat hulle geken het, was lewe in die bos saam met 32 Bataljon.

Ek praat onder korreksie, maar uit wat ek verstaan, het die SAW gevoel die mense kon nie na die Angolese konflik op die Grens gelos word nie omdat hulle as verraaiers geteiken sou word. Toe is hulle in Suid-Afrika ontplooi en die townships ingestuur. Dit was ’n groot fout. Hulle het nie die tale geken nie – hulle kon nie Zoeloe of Xhosa of Sotho praat nie. Hulle het dit gepes om in die stede en townships te wees, en wou terug in die bos wees. Hulle wou ’n vyand wat hulle geken het, beveg, nie ’n burgerlike vyand nie. Daar was ’n paar nare voorvalle – verkragting, geweld en sommige het geskiet, voorvalle waar hulle net die kluts kwyt geraak het. Hulle is nog nooit deur ’n vyand getreiter of gevloek of met minagting behandel nie. Sommige, hoewel nie baie nie, het gereageer deur te skiet. Toe hulle gevra is waarom hulle dit gedoen het, het hulle verduidelik dat hulle eenvoudig nie wou tyd mors met sulke nonsens nie. Township-diens is nie iets waarvoor hulle opgelei is nie. Dit was nie eenvoudige,

konvensionele oorlogvoering nie. Hulle was ook nie welkom in die townships nie. Die meerderheid was nie-Suid-Afrikaanse swartes wat aan die kant van die SAW en SAP geveg het. Miskien sou hulle gelukkiger gewees het, en makliker aangepas het, as hulle in die grammadoelas gebruik is om die Republiek se grense te patrolleer.

My township-patrollies in 1990 was baie interessant. Dit was in die laaste ses maande voor ek uitgeklaar het. Ons het dit gedoen, maar nie soos die army wou hê ons moes nie. Ons het die stelsel misbruik en shebeens besteel. Klop aan ’n deur, druk ’n loop in ’n ou se gesig. “Waar’s die shebeen?” En hy het jou vertel! Ons het soontoe gegaan en geëis: “Waar’s die bier?” Is met kratte bier terug na die Casspir toe. Het die bemanning vertel: “Bly stil. Dit kom saam met ons.” Dan het ons weer dronk geraak.

In daardie tyd was daar ’n ophef oor Mandela wat uit die tronk moet kom. Almal, insluitende ons, het gewonder wat volgende gaan gebeur.

Ons was die vredesmag. In ’91 was die politieke situasie tussen Inkatha en die ANC sleg. Ons was daar om hulle uitmekaar te hou. Aan die een kant was die ANC en aan die ander kant Inkatha. Hulle is van mekaar geskei deur ’n grondpad van ’n paar meter wyd. Dit was dit. Dit was hulle grens.

Vir ses maande het ons patrollies gedoen en in TB’s gebly en oral in Natal heengegaan. Eers was ons in Umlazi, maar het toe die probleme verder en verder in Natal in gevolg. Ons het gegaan na waar ons nodig was. Ons hoofdoel was om die mense te ontwapen. Wanneer die faksies geveg het, het ons die gebied binnegegaan om die situasie te stabiliseer. Hulle was goed bewapen. Die gunsteling-wapen was die pypgeweer. Ons het ’n paar fabrieke waar die goed gemaak is, ontdek en vernietig. Toe het die mense begin kla dat ons hulle ontwapen en hulle niks het om hulle mee te verdedig nie. Dit was ’n ernstige klagte.

Sommige van die troepe was van Natal en kon Zoeloe praat. In elke groep was daar iemand wat dit kon praat, indien nie ’n swart polisieman nie, dan een van ons, want dit was absoluut noodsaaklik dat iemand kon. Sodoende kon ons by die plaaslike gemeenskap uitvind wat aan die gebeur was en of hulle iets ongewoons gesien het. Sommige gemeenskappe het partykeer gehelp en ons vertel waar wapens geberg is. “Kyk daar en daar,” het hulle gesê.

Die meeste van die tyd wou hulle nie help nie. Sekere gemeenskappe was baie bang en wou nie praat nie. Ons het hulle vertel ons is daar om te help. Hulle het

ons waarskynlik as ’n bedreiging gesien, miskien weens die weermagsituasie in die tagtigs. Ons het gevra of hulle enigiets verdag gesien het, of geweet het wie die slegte elemente is, of hoe hulle gelyk het. Ons het foto’s by die plaaslike polisie gekry. Daar was nog vrees in die mense vir die weermag. Ons het op ’n manier nog daardie soort gesag gehad. Hulle was bang vir ons, maar dit was nie soos die tagtigs toe die swartes die weermag as die vyand gesien het nie. Dit was later, in die negentigs – swart teen swart – so ons is nie regtig meer as die vyand gesien nie. Ons het die vrede probeer bewaar. Maar die terroriste, wanneer hulle ons gesien het, het gewoonlik gehardloop. Hulle het nooit terugbaklei nie. Maar jy het nogtans afgekak.

Daar was ’n voorval waar ons ’n onderwyser gekry het wat op pad huis toe oorval is. Hy en sy bakkie is onder die koeëls gesteek, AK-rondes. Hy is deur ’n koeëlreën voor hy saam met die kar aan die brand gesteek is. Ons het die volgende dag die verbrande lyk gekry en die toneel verlaat toe die polisie opdaag.

Ons is as ’n hele bataljon in die townships in. Alfa, Bravo en Charlie Kompanie. Elkeen het ’n ander seksie gepatrolleer en was omtrent dertig tot vyf-en-dertig sterk. Die hoogste rang op patrollie was gewoonlik ’n onderkorporaal of korporaal. Ons het ’n volle luitenant en kaptein gehad, maar hulle het op die basis gebly. Die kaptein was die bevelvoerder. Hy het sy 2IB gehad, die luitenant. Sommige van die patrollies wat uitgegaan het, het ’n luitenant by hulle gehad, maar gewoonlik was die hoogste rang ’n korporaal. Patrollies was óf te voet óf in ’n Buffel met so ses tot tien ouens. Ons het twee keer ’n dag geroteer. Op patrollie van middernag tot sesuur in die oggend, en dan terug basis toe om tot twaalfuur in die middag te rus, dan weer uit tot sesuur in die aand, en weer rus, tot middernag. Dan weer uit. Ses dae ’n week vir ses maande. Dag en nag. Elke sewende dag het ons na die tuisbasis in Durban vir ’n dag en ’n half teruggekeer. Ons het gewoonlik ná ’n patrollie op ’n Vrydag begin gereedmaak. Het daardie aand in die TB geslaap, dan vroeg Saterdagoggend in die Buffels uitbeweeg na Durbs toe. Daar kon ons skoon kom en ordentlik slaap. Jy het gewas, jou klere gewas en ’n warm maaltyd geëet. Jy het vir ses dae van rat packs geleef, so dit was heerlik om terug te keer na die hoofbasis.

In daardie ses dae het jy nie gestort nie. Jy het in dieselfde klere geleef. Het net ’n skoon paar kouse saamgeneem. Het nie eens ’n onderbroek gedra nie. Elke oggend het jy jou gesig gewas en in koue water uit die donkiekar geskeer. Dit was die ergste – om vir ’n week nie te bad nie. Terug by die hoofbasis het die ouens wat skoon was, teruggestaan: “Jis! Julle ouens stink.” Maar wanneer jy skoon was en die volgende lot inkom, kon jy nie glo jy het soos hulle geruik nie. In die storte het jy jou stewels uitgetrek en in jou uniform onder die stort

gestaan, met ’n skropborsel en ’n blok Sunlight-seep, en jy het jou klere geskrop. Dit was die enigste manier om daardie swart gemors af te kry. Dan het jy alles uitgetrek om later te was, ná ’n goeie stort. Daar’s niks soos ’n goeie, warm stort nie. Dit het ’n ruk geneem om die klere met die hand te was. Die volgende oggend, gewoonlik op ’n Sondag en ná ontbyt, is jy weer terug.

Een van ons tydelike basisse in die township was ’n ou sokkerveld. Sommige van ons ouens het Hepatitis gekry en is in die hospitaal opgeneem. Dit word deur urine versprei. Hulle het aan ’n sekere kant van die veld gebly en het dit seker daar gekry. Die plaaslike mense moes dit as pispot gebruik het. Dit was net die ouens wat in daardie spesifieke deel geslaap het, wat dit gekry het. Elke liewe een. Ek het dit nooit gekry nie, maar het wel klierkoors gekry, wat amper net so erg is. My kliere het opgeswel. Ek was drie weke in die hospitaal.

Ons het ’n probleem in die townships gehad omdat ons berets groen is en ons infanteriebalkie groen, geel en swart. Sommige van die mense het ons as ANC-ondersteuners gesien. Toe is die balkies verwyder en net die bokkop het gebly. Ek dink dis waarom die infanteriekleure vandag net groen en swart is.

Patrollies was hoofsaaklik te voet en omtrent nooit in Buffels nie. Ons het baie kilometers tydens ’n roetine-patrollie geloop, so ver as wat ons kon binne ’n sekere radius. Binne die eerste paar weke het ons uitgewerk hoe groot die gebied is wat ons kon dek. Elke dag het ons deur ’n ander gebied gestap, en geweet dat ons in twee ure van die basis na ’n sekere punt kon loop en die terugkeer het ons, teen ’n stadiger pas, drie ure geneem. Opdraande en afdraande is ook in ag geneem. Ons het die paaie gebruik wat ons geken het. Ons het elke af en toe die roete verander, om veiligheidsredes. So het ons na ’n punt gestap en terug en ons was nog betyds vir ’n ruskans. Wanneer ons teruggekeer het, het die volgende klomp uitgegaan, en ons het teruggerapporteer – almal was daar. Dis hoe dit was. Dis hoe dit die heeltyd was. In, uit, in, uit. Ses ure aan, ses ure af, vier-en-twintig uur per dag. Dagpatrollies. Nagpatrollies. Die ergste beurt was altyd van middernag tot sesuur. Dit was koud en oor die algemeen net ’n miserabele tyd om op te wees, en jy wou slaap.

Party ouens het traangas gedra en ander die rookgranate. Ek het traangas en vier magasyne gehad. Een magasyn was altyd in die R4, met ’n ronde in die kamer. Die geweer was dan op “veilig”. Dit was wanneer ons ’n gebied betree het waar ons geweet het daar kak is en waar daar moontlik op ons geskiet kon word. Die bevel was “stand-twee”. In stiller gebiede was dit “stand-drie”, met geen ronde in die kamer nie.

Ek moet erken, party manne het skytbang geword die oomblik wat die

patrollies begin het, veral wanneer ons tussen die hutte in is. Dan was dit outomaties “stand-twee”, net om ’n bietjie van ’n voordeel te hê as dit nodig sou raak. Jy het nie eens vir die bevel gewag nie. Ek sou nie sê dit was ’n skrikwekkende ervaring nie, want jy het volgens jou driloefeninge gereageer. Tydens tweede fase is dit vir drie maande in ons ingedril om nie te skiet tensy daar op ons geskiet word nie: “Jy vuur nie jou wapen af tensy jy beveel word om dit te doen nie!”

Ek was die seksie se skerpskutter. Daar was een in elke groep. Dit was gewoonlik die ouens met skietbalkies, wat 80 of 90 persent gekry het. As daar ’n situasie was waar daar op jou geskiet is of iemand moes uitgevat word, was jy gewoonlik die een wat die bevel gekry het. Nie almal het wild begin skiet in ’n skietgeveg nie. As jy beveel is: “Vat hom uit!” het jy gehoop jy het jou “mach een oog” in, soos ’n vlieënier s’n. Presisie.

Ons het ook observasie gedoen en sekere areas – hoofsaaklik die riviere – met nagvisie-toerusting dopgehou. Daar was ’n plek waar ouens snags wapens oor die rivier gesmokkel het. Omtrent vier van ons het ’n klein buitepos ingerig. Een ou was aan diens terwyl die ander drie rus of slaap. Vier ure rotasie elk. Al wat jy gedoen het, was om deur die bril te kyk. As jy enige beweging gesien het, of enigiets wat verdag lyk, het jy die ander in kennis gestel en ingeradio.

Ons seksie het vier AK’s gevind in die tyd wat ons daar was. Vir elke geweer uit sirkulasie het die seksie ’n dag se pas in Durban gekry. Jy het mooi aangetrek in jou krawat en puttees en jouself geniet. Die vlootouens het ’n veerboot gehad waarmee hulle die hawe na Durban oorgesteek het. Ons het dit die oggend gehaal en is die aand opgetel.

Behalwe vir die faksies was daar ook terroriste-tipe bedrywighede. Klein guerrilla-groepe het inbeweeg en chaos in die dorpies veroorsaak en mense doodgemaak. Dit was eenvoudig wat hulle gedoen het. As jy in die verkeerde party en op die verkeerde plek was, dan: “Jammer, jy verdien nie om te leef nie.” Ons moes lyke in body bags sit. Ons het ná faksiegevegte op lyke afgekom en moes dan skoonmaak. Dit het nie baie gebeur nie, maar jy het die liggame ingesit en hulle weggery. Ons het altyd body bags by ons gehad.

---

Selfs Bats het township-patrollies gedoen. Ons is in ’n lokasie net buite Bloemfontein in. Het die gewone gedoen – in Buffels rondgery met ’n polisieman, voetpatrollie geloop. Township-patrollies was interessant, maar om daar te wees het my behoorlik die vrees op die lyf gejaag. Ek weet net wanneer

ek daar was, het ek afgekak. Ek onthou ek het toe ek uit die army kom, ’n groot vrees vir skares gehad. Kan nog steeds nie groot skares verdra nie. Ons was gedurig deur mense omring, in die middel van onluste.

Ons het traangas in die skares in geskiet. Die kinders was so vinnig. Die klein bliksempies het die houers opgetel en terug in die Buffels gegooi. Eenkeer het ’n kind ’n houer opgetel wat van die hitte gegloei het, en dit van omtrent twintig meter weg af ingegooi! Ons kon dit nie glo nie. ’n Ander keer het die korporaal, wat ’n regte tril was, meteens uit die Buffel gespring. Hy was die eerste een uit. Hy het ’n houer sien kom en kon dit afgeweer het, maar het ons nie gewaarsku of enigiets gesê nie. Hy het net gespring. Ons het almal gewonder hoekom hy spring tot ons dit ook sien, maar toe was dit al te laat. Goed, dis nie dodelik nie, maar dit brand. Ons het nie ons gasmaskers op gehad nie.

Ons was in ’n Buffel. Wat daarvan? En ons het net een magasyn elk gehad. Ek dink nie hulle was vol nie – miskien tien rondes – en elk het ’n veiligheidspennetjie met ’n stukkie draad en ’n klein rooi balletjie daaraan. As jy daardie seël gebreek het, moes jy bontstaan om te verduidelik.

Een ding wat my bybly, is van ’n swartman met ’n pangawond in sy kop. Ons Medic het uitgespring om te help. Toe kom die polisie en gooi die man eenvoudig agterin die bakkie.

By Grahamstad het ons voor die tyd gedril, voor ons in die townships in is, en ons het onluste-opleiding gedoen. Hoe om geboue en vertrekke binne te gaan, hoe om iemand te arresteer – maar dit was sinloos. Hoewel ons geweet het hoe om te arresteer, het ons nie arrestasie-magte gehad nie. Ons het gewoonlik ’n SAP-ou by ons in die Buffel of op voetpatrollie gehad. Al het hy dalk nie die hoogste rang in die patrollie gehad nie, het hy die hoogste gesag oor ons gehad. Dit was hy wat kon arresteer. Ons kon iemand vir ’n kort rukkie by ons hou, maar ons kon hom nie arresteer nie.

Ons het interessante dinge gesien en beleef. Ek sal dit nooit vergeet nie. Dit was iewers in die Umlazi-streek. Daar was ’n plakkershut, met seker omtrent drie kamers, en langsaan was ’n afdakkie. Onder die afdakkie was ’n groen Jaguar. Spiekeries ge-spit-en-polish! Hierdie goed versorgde, mooi, vleklose Jag het langs ’n gehawende hut gestaan. Wat ’n teenstrydigheid. Ek sal dit nooit vergeet nie – dit bly in my kop. Ek twyfel of dit gesteel was. Partykeer wanneer ons op patrollie was, het inwoners in mooi klere en in mooi, duur motors verbygery en vir ons gewaai.

Daar was tye dat ons vir ure geloop het sonder dat iets gebeur het, en dan is ons na die plaaslike gemeenskapsaal. Die mense was mal oor ballroom dancing.

Ons het gekyk hoe die jonges en die oues dans. Ons het net daar gesit, aan die kant van die saal, en gekyk. Soms het hulle met groot, wit oë na ons gekyk, maar ons het gesê ons wou hulle nie pla nie, so hulle moet asseblief voortgaan. Dit was lekker om die tyd so deur te bring.

In die townships was daar baie ganja, of soos ons dit genoem het, boom. Dit het oral gegroei en was vrylik beskikbaar. Die meeste van die mense het ’n groentetuintjie agter hulle hutte gehad waar daar ook boom gegroei het. Die bleddie goed het omtrent drie meter hoog geword! Ons het eenkeer ’n hele plantasie gaan uittrek en vernietig. Ons het ’n paar Rasta Reggae ouens – ons radio-operateurs – gehad wat baie belanggestel het. In die Opskamer het jy partykeer so ’n aangename, snaakse reuk geruik, veral wanneer die bevelvoerder uit die eenheid en die meeste van ons op patrollie was. Daardie ouens het vir hulleself indrukwekkende zolle gemaak. Ons kon hulle soms sien wanneer hulle van diens af was, aan die rook. Hulle het die regte konneksies gehad en het ’n klein TV-kamer op die basis gehad. Op die een of ander manier het hulle dit reggekry om M-Net daar te hê. Jy moes hulle betaal as jy wou kyk.

Ek het by die polisiemag aangesluit eerder as om diensplig te gaan doen. Ek het in 1986 onluste in Nelspruit en Soweto gedoen. Ek was toe nog ’n konstabel. Ons was in ’n seksie van sewe konstabels en een sersant op patrollie. Ons het van tyd tot tyd saam met die weermag gewerk. Om met hulle te meng, was nie ’n probleem nie – ons was daar met ’n gemene doelwit. Maar ek het nooit saam met hulle gewerk nie. Ons het ons ding gedoen en hulle het gedoen wat hulle moes doen.

Hoewel ek nooit self met troepies in die townships saamgewerk het in 1990 nie – dit was Nyanga in Kaapstad – was die kere wat ek met die weermagouens te doen gekry het goed. Daar was geen vyandigheid nie – die ouens het goed oor die weg gekom. Teen daai tyd was ek ’n sersant. Elke nagskof het ek konstabels afgelaai en hulle aan die Buffelpatrollies oorhandig. Hulle was die troepe se seniors en kon mense arresteer. Die weermagouens is nie toegelaat om alleen te patrolleer nie; daar moes ’n polisiebeampte by wees.

Net voor die 1992-referendum ná Mandela se vrylating, is ons in luukse busse van Bloem af Natal toe, op pad na Mpumalanga-township, net buite Pietermaritzburg. Daar was glo baie dwelms en AK’s.

Ons taak was om te keer dat die ANC en Inkatha mekaar doodmaak. Dis wat hulle gedoen het. Hulle het mekaar doodgemaak. En hulle het verkrag. En hulle

het vernietig. En hulle het geplunder. Ons taak was soos die polisie s'n. Ons was 'n polisiemag. Ons het vir hulle gesê: "Jy! Moet hom nie doodmaak nie, moet hom nie doodmaak nie en moenie mekaar doodmaak nie." Polisiewerk. Sheriff. Eintlik was dit 'n mors van tyd om die strate te patrolleer. Ons het R4's gehad. Hulle reaksie was: "Goed, julle is soldate, julle het gewere. Moenie bekommerd wees nie, ons is rustig." En hulle was rustig – hulle moes wees – want as hulle nie was nie, sou ons hulle wragtig geskiet het as dit daarop neergekom het.

Wanneer 'n troep by 'n arrestasie betrokke was en hy getuienis in die hof moes lewer, het hy 'n tweedag-pas gekry. Hy is na Pietermaritzburg. Hy het in 'n lekker hotel gebly, koue bier gedrink en lekker geëet. Slaap, stort, trek skoon klere aan, lyk respektabel. Dis nie asof ons vuur en beweging gedoen het nie. Ons het die vrede bewaar. Polisiemanne. Elke keer dat daar probleme was en 'n troep betrokke was, moes hy sy weergawe van die gebeurtenis voor 'n hof aflê. Alles volgens die boek – burgerlike wette. Ons wou die passe hê, so ons was paraat. Om in 'n arrestasie te help, het 'n tweedag-, betaalde, luukse pas beteken. Natuurlik wou ons dit hê.

Toe ek in Natal vir opsdienste aankom, was ek ses weke laat. Ek het probeer om my springvlerkies te kry. Dit het my drie LO-kursusse geneem om te kwalifiseer. Die ander het klaar ses weke in die townships gedoen, en ek het opgedaag toe hulle reeds waarskynlik duidelike bevele gekry het om nie te skiet tensy daar op hulle geskiet word nie, maar ek het dit nie gekry nie. Dit het nie saak gemaak nie. Ek was 'n drywer. As 'n drywer moes ek net bestuur. Dis wat ek gedoen het. Ek het bestuur. En toe gebeur dit dat ek met 'n geweer toegerus word en op my eie weg van die res van die ouens afdwaal. Natuurlik … ek was 'n drywer. "Ons gaan mannewerk doen," het hulle gesê, en dit word toe sommer *my* werk.

Ons het op voetpatrollie gegaan. Dit was donker, en moeilik om te sien, maar in die verte kon ek my maat voor my uitmaak. Hy was 'n Afrikaanse ou en het my altyd gehelp om my bed soggens voor inspeksie op te maak. In elk geval, ons is aan 'n klein area toegedeel. Ek het hom daar sien staan. Ek het ook gesien hoe 'n swart ou 'n .22-geweer op hom rig! Die ou kon my nie sien nie. Hy het nie eens geweet ek is daar in die donker nie. Ek het nie mooi geweet waarna ek kyk nie. Die probleem was dat ek nie kon sien of hy die vyand of die polisie is nie, want hy het 'n SAP-baadjie aangehad.

Maar ek was seker van drie dinge. Een, hy het 'n geweer op my vriend gerig. Twee, hy het 'n polisiebaadjie aangehad. Drie, ek gaan hom doodmaak. Ek het net gevoel hy's glad nie deel van die stelsel nie. Die meeste soldate sou sê jy skiet nie eers nadat jy punt drie oorweeg het nie, maar ná punt een al. Ons was egter in 'n moeilike situasie – dit was nie 'n oorlog nie – so ek moes regtig eers

vasstel wie my vyand is. Dit gebeur toe dat hy sy geweer tussen punte twee en drie laat sak. Hy was gelukkig. Ek sou hom doodgemaak het voor hy my vriend doodmaak. Ek kon hom doodgemaak het. Ek sou. Ek het baie naby daaraan gekom.

Hy het die geweer onder ’n stuk seil versteek en wegbeweeg. Ek het om die hoek beweeg en hom beveel: “Staan stil net daar waar jy is!” Die ou het geskrik.

“Waar is jy?” het my vriend geroep.

“Hierso! There’s a rifle underneath the canvas!”

Hy kom toe nader, kry die geweer en draf na die luitenant toe. Ek het nog die ou in my visiere. Die ander daag op. Die luitenant kry my later so ver om te bedaar. “Laat sak jou wapen. Dis onder beheer.” Ek het teruggestaan. Die polisie is ingelig en het opgedaag. Die ou is gearresteer. Hulle het soveel inligting as wat hulle kon uit hom probeer kry. Hulle het hom nogal ernstig aangerand voor hulle hom agterin die Casspir gegooi het.

’n Ruk hierna het sersant Napoleon, die Zoeloe-polisieman wat gewoonlik saam met ons was, een aand so dronk geraak dat hy bitter ver heen was. Hy het homself besimpeld gedrink. Ek is wakker gemaak en vertel dat Napoleon met my wou praat. Ek het opgestaan en aan sy kamerdeur gaan klop. “Jy so ’n simpel outjie,” het hy gesê. “So ’n klein kakkop. Vol kak. Maar jy’s my buddy. En jy’t sopas ’n moordenaar gevang – jy’t ’n moordenaar gevang, jou klein idioot. Die ballistics het teruggekom. Daai geweer is gebruik om mense te vermoor.”

Dit het ’n Amerikaans-vervaardigde Weber-skerpskuttervisier gehad. Goeie gehalte teleskoopgeweer, ’n .22 met Weber-visiere. Jy kan ’n muskiet in Timboektoe raakskiet. ’n Ballistiese toets het bewys dis in verskeie moorde gebruik. Onthou jy die tweedag-pas ding? Wel, die saak was so oortuigend dat ek nie hoef hof toe te gaan nie, wat my teleurgestel het. Die ou het homself waarskynlik probeer regverdig deur te sê hy was deel van ’n oorlog.

Jou opleiding was nie rigied nie. Daar was honderde en honderde verskillende situasies. Hulle het gesê jy kon nie skiet tensy daar op jou geskiet word nie, maar ook dat jy moes doodmaak as dit nie anders kon nie. Dis óf jou maat wat gaan val óf die ander ou. Dis lewe of dood, in ’n breukdeel van ’n sekonde. Daar was nie vaste reëls nie. Ja, moenie ’n polisieman skiet nie, is ’n reël. Maar *is* hy ’n polisieman?

So vertel my dan wat die reëls sê. Dis omstandighede. Hy dra ’n polisiebaadjie. Weet ek wat hy gaan doen? Maak ek hom dood? Dis nie my bevele nie! Hulle het my geleer van ’n “vyand”. Dink jy ek gaan protokol volg? Met protokol kon my vriend dood gewees het. Maar selfs wanneer iemand ’n geweer op ons rig, is ons geleer om nie te skiet nie. Die lewe, egter – instink, selfbehoud – het my geleer skiet. Anders as die polisie was ek nie opgelei om

sulke situasies af te weer nie. Dit was polisiewerk. Ons was nie deeglik opgeleide polisiemanne nie, ons was soldate! Die idee *is* om te skiet! As ek die ou geskiet het, kon ek ’n oortuigende saak gehad het. Hy het ’n geweer op my vriend gerig. In die hof sou die regter of landdros gesê het: “Dis als reg. Maak dood die bliksem!”

Niemand kan my oordeel nie.

Ek het die kompanie-barbier geword. Die sa’majoor het uitgevind ek kan hare sny en toe ek my kom kry, het hy ’n skeermes gaan koop. Elke twee weke moes ek die hele kompanie se hare sny, van kaptein tot troepie. Hulle het net bly aankom, tot my arm lam was. Ek is nie toegelaat om ’n nommer een te sny nie. Dit was net kort aan die kante en knip bo. Eendag het ek gatvol geraak omdat ek nie ’n bad gehad het of my hare kon was nie. Ek het daarvan gehou om skoon te wees, selfs net om my hande en gesig te was, en ek het altyd ’n stuk seep in my sak gehad. As ek by lopende water of ’n kraan uitgekom het, het ek gewas. Dit was die eerste ding wat ek gedoen het. Wanneer jou hande en gesig skoon is, voel jy oor die algemeen ’n bietjie skoner. Omdat ek gatvol was, het ek myself toe ’n nommer een gesny.

Ek was slegs by twee ernstige faksiegevegte betrokke waar Inkatha en die ANC onder mekaar ingeklim het, en pangas en bakstene gebruik het. Ernstige goed daai. Dit het my oë laat oopgaan om te sien hoe min lewe regtig beteken. Maak nie saak of jy ’n onderwyser of ’n dominee of ’n kind op straat was nie, as jy tussen die verkeerde mense op die verkeerde plek was, is daar ’n plan met jou gemaak. Dis letterlik hoe dit was.

Een van die gevegte het plaasgevind terwyl ons patrollie in Umlazi gestap het. Daar was ’n mars en die mense was in hulle onderskeie ANC- en Inkatha-groepe en het luidkeels op mekaar geskree. Hulle was op pad na ’n stadion, en wat hulle gereeld gedoen het om mekaar te intimideer, was om reg op mekaar af te pyl. As een groep deur ’n ander gebied moes beweeg om by die stadion uit te kom, het hulle nie die lang pad gevolg nie, maar deur die opponerende groep beweeg en outomaties het ’n faksiegeveg begin. Dit is wat tydens ons patrollie gebeur het. Letterlik binne sekondes was hulle aanmekaar: hulle het in die middel bymekaar uitgekom en gestorm. Die groepe het nie gestap nie, maar mekaar binnegehardloop, soos jy in *Braveheart*-veldslagtonele sien.

Ons het nog ouens ingeroep, maar die korporaal het berserk geraak en geskree dat die faksies mekaar nou lelik aanvat. Hy het geskree: “Fok! Hier’s ’n groot fokop! Hier’s groot kak hierso! Stuur versterkings in!” Hy het nie geweet waar ons is nie. Hy het homself bekak. Die kaptein aan die ander kant het hom

probeer kalmeer: “Verduidelik net waar julle is.”

As ’n groep van tien kon ons niks doen nie. Elke faksie het omtrent vyftig manne gehad. Dit was ’n oormag. Hulle het ons geïgnoreer. Daar was niks wat ons kon doen nie, selfs al was ons gewapen. ’n Hele paar van hulle sou geval het. Ons het net gestaan en kyk hoe chaos losbreek. Totale chaos. Hulle het klip gegooi. Ek het my geweer op een of twee wat besig was om bottels en klippe op te tel, gerig, net om aan te dui dat hulle dit moet laat val. Hulle het my met koue oë aangegluur, asof hulle wou sê: “Jy weet, as ek ’n wapen gehad het, het jy sleg daarvan afgekom.” Dit was die uitdrukking op hulle gesigte.

Een ou is met ’n panga gekap. Hy het tot by ons gekom en geskree: “You are here to protect me! Look at me!” Daar was wonde aan sy voor- en agterkant. Sy T-shirt was geskeur omdat dit ’n ANC-lid se gesig op gehad het en hy geteiken is. Hulle het hulle regtig op hom uitgewoed. Dit was ’n wit hemp, maar daar was nie veel wit oor nie. Ek weet nie waar hulle die wapens gekry het nie. As hulle nie bakstene of klippe na mekaar gegooi het nie, het hulle skerpgemaakte voorwerpe gebruik. Dit was brutaal – steek, sny, gooi, kierieslaan.

Hierdie gevegte het gewoonlik geëindig wanneer almal in verskillende rigtings uitmekaar gehardloop het. Wanneer die polisie of Buffels opdaag, het hulle uitmekaar gespat. Wat oorgebly het, was ’n deurmekaarspul en ’n klomp gewonde mense. Dit was soos ’n foto uit ’n koerant: hier het ’n spies gelê, daar ’n knopkierie, ’n mes daar oorkant en baie stokke en klippe en stukkende bakstene. In daardie spesifieke voorval is niemand dood nie. Daar was ’n paar wat baie sleg gesny is en baie gebloei het. Ek het nie die traangas gebruik nie. Ek dink egter partykeer as ek dit gebruik het, het dinge dalk anders gebeur, jy weet?

’n Ander seksie was in ’n stadion waar ’n ANC-spreker gepraat het. Inkatha het ingestorm en ’n groot geveg het uitgebreek. My vriend sê die verbasendste ding wat hy daardie dag gesien het, was hoe ver ’n kind ’n halwe baksteen oor ’n sokkerveld kon gooi. Dit het iemand aan die ander kant getref. Hy het dit gesien gebeur. Hy kon nie glo hoe ver die kind kon gooi nie. Die patrollie was in die middel en voorwerpe het oor hulle koppe getrek. Dit het so gou gebeur. Baie, baie gou.

Dit was vreemd om net vroue en klein kindertjies te sien. In sommige gebiede, meer aan die Zoeloeland-kant, het sommige dorpies nie mans gehad nie. Hulle is almal weg. Nie een het agtergebly nie. Hulle het uitgetrek omdat die faksies, wanneer hulle inbeweeg het, al die mans vermoor het, insluitend die seuns van so jonk as twaalf, omdat hulle lateraan ’n bedreiging kon wees. Hulle het hulle net doodgemaak, maak nie saak hoe hulle om hulle lewens gesmeek het nie. Ons

het teen hierdie ouens te staan gekom. Hulle was beslis nie plaaslik nie, want hulle velkleur was ’n ander swart. Steenkoolswart.

Sommige groot gebiede het oornag heeltemal leeggeloop – nie ’n siel in sig nie. Net leë hutte. Het soos ’n spookdorp gelyk. Hier en daar het jy van die oumense gesien, of ’n klein vuurtjie, maar dit was meesal leë hutte. Honderde van hulle. Dit het ’n mens stomgeslaan.

Ons was op pad terug huis toe om te stort en ’n warm maaltyd te geniet. Ons het by ’n klein dorpie verbygegaan, ’n gemeenskappie wat pas aangeval is. Die vroue, kinders en kleintjies het met die pad langs gehardloop. Die aanvallers was nog in die omgewing. Ons het een gevang. Hy het ’n AK en ’n massiewe radio gehad wat hy uit een van die huise gesteel het. Hy was ’n kort, klein outjie wat in volle army Browns aangetrek was. Kort, in browns wat te groot is, met ’n joller box en ’n AK!

Die polisie het gekom. Daar was ’n vorm van ondervraging wat ons nie gesien het nie, maar ’n paar klappe is voor hulle aankoms al uitgedeel. Ons het toe ’n huis binnegegaan. Jy kon sien die huis is pas aangeval. Daar was oral koeëlgate. Die vensters was stukkend. Die deur was ingeskop. Daar was geen manier waarop jy hierdie ouens kon keer nie. Hulle het ingekom, maak nie saak wat nie. Van die huise was mooi plaashuise van kleistene, deur die plaaslike mense self gebou, aan die rand van massiewe suikerrietlande.

’n Kar het stilgehou. ’n Man het uitgeklim en gesê sy twee broers is nog binne. Ek het eerste in die huis ingegaan. My Nommer Twee was agter my. Ons het al die vertrekke deurgekyk. Die agterste kamer se deur het nie dadelik oopgemaak nie. Toe ons dit wel oopkry, het albei die man se broers daar gelê, dood. “Dis my broers,” het hy gesê. Jy kon nie net die vrees nie, maar ook die hartseer in sy oë en op sy gesig sien. Sy een broer was eenen-twintig. Die ander een was ’n jong tiener. Hulle het op die bed gelê. Jy kon sien dat hulle eers geslaap het, toe verras is, en toe was dit te laat. Die rondes het van die vloer oor die bed en tot in die plafon getref. Die moordenaar het die deur ingeskop en op outomaties gevuur. Hy het albei van hulle doodgemaak, sommer netso.

Die ding wat my die meeste getref het, was dat daar ’n siek-soet reuk in die kamer was. Die mense was omtrent al so twintig minute dood. Miskien het hulle ’n gas of iets afgegee.

“Dis my broers. Ek het hulle vanoggend nog gesien. Nou’s hulle dood. Hulle is doodgemaak want hulle was hier, vir geen ander rede nie.” Ek het my hand om sy skouer gesit en vir hom gesê ek is baie jammer. Ons het buitentoe gegaan tot die polisie gekom het. Oorkant die pad het die dorpie gebrand.

Toe, in die verte, het ons mans na die suikerrietland sien hardloop. Daar was ses van hulle, waaronder ’n tiener van omtrent sestien. Een het ’n R1 gedra. Ek

kon duidelik die silhoeët sien. Hy het dit aan die handvatsel gedra, iets waarmee die FN uitgereik word. Hy het ’n blou oorpak aangehad. Die ou voor hom het ’n .303 gedra, en die ander een ’n haelgeweer. Ek kon nie sien wat die ander gehad het nie.

Ek sal dit nooit vergeet nie. Ek het langs ’n piesangboom gestaan en my R4 opgelig. Ek was nou in die situasie waar ek my visiere op iemand ingestel het, die een met die FN. Daar was woede in my nadat ek by daardie huis uitgekom het waarin ek die dooie jong mans gesien het. Ek het hom in my visiere gevolg. Hy was omtrent vierhonderd meter weg. My vinger was op die sneller – ek was so naby – maar die ingedrilde dissipline het na my teruggekom en ek het nie geskiet nie. “Hel! As jy hom skiet, wat gaan gebeur? Hulle sal seker bly wees, of dalk sal hulle vra: ‘Nee! Hoekom het jy dit gedoen?’” Die tweede gedagte wat my getref het, was dat as ek hom skiet, ek die samelewing ’n guns sal doen, want dit was seker hy wat die twee broers vermoor het, te oordeel aan sy wapen. Maar die grootste probleem was sy vriende, wat waarskynlik sou terugkom en sy wapen kry wanneer hy val – so ek sou iemand vir niks doodmaak nie. Gelukkig het daardie gedagte my ook getref.

So is ons agter hulle aan, te voet. My Nommer Twee was die LMG-draer. Hy en ek was die fiksste in die eenheid en die ander kon nie by ons byhou nie. Ons het nog ons volle kit aangehad: helm, baadjie, waterbottels, rat packs, rugsak en volle magasyne. Ek was nog nooit so fiks soos toe nie, al het ek baie gewig van die rat packs opgetel. Ek was super, superfiks. Ek sal nooit weer so fiks wees nie.

Ek was omtrent tien meter weg van die jongste een in die groep. Hy het geskree. Hy het van vrees geskree. Dit was geen verrassing nie. Op sy ouderdom sou ek ook nie ’n gewapende troep agter my aan wou hê nie. Hy het geweet ons is agter hom aan en as ons hom vang, word hy ondervra. Die kind was onfiks en kon nie die pas volhou nie. Die ouer manne het die bos tot hulle voordeel gebruik, maar hy was in die oopte. Ons het baie naby gekom, maar hulle het die gebied goed geken. Die oomblik toe hulle by die suikerrietplantasies gekom het, het hulle net verdwyn, soos rotte in ’n veld, uitmekaar gespat. My Nommer Twee het my dekking gegee, vir ingeval dit nodig was. Ons het nie geweet waar die groep is soos ons naderkom nie, en ons het nie geweet of hulle ons in ’n hinderlaag sou probeer lei nie.

Ongelukkig het my korporaal geskree ek moet stop. Ek het eers ná die tweede of derde bevel gestop. Ek was so daarop gefokus om die kind te vang. Hy het geskree en baie f-woorde gebruik: “Jy SAL NOU stop!” Ek het geluister. Dra die gevolge, het ek gedink.

Ek het vir hom gesê: “Jy’s die een wat aan die kaptein sal moet verduidelik

wat gebeur het. Ons het gesien ’n hele dorpie is uitgewis. Daar is seker nog meer mense vermoor. *Jy* sal moet verduidelik waarom ek tien meter van daardie ou af was en jy my beveel het om te stop! Ek kon hom vang en ons kon een of ander vorm van inligting by hom gekry het. *Jy* kan verduidelik waarom die situasie lyk soos dit lyk!”

Ons het ’n pistooltjie opgetel wat een van hulle weggegooi het. Omtrent ’n halfuur later was ons aan die een kant van die vallei en hulle was aan die ander kant, en hulle het vir ons gewaai en ons getart. Ons kon nie glo hulle het deur soveel terrein beweeg nie. Hulle het al die kortpaaie gekies en goed weggekom. Toe kom die kaptein en die eerste ding wat hy vir my skree, is: “Hoekom het jy hom nie gevang nie? Jy was by hom!”

“Praat met Meneer die Korporaal, Kaptein. Ja, ek was by hom, maar die res kon nie byhou nie, so onfiks was hulle!” en toe loop ek weg. Die korporaal is goed uitgekak. Hy wou hê ek moet stop omdat ek te ver voor die groep geraak het. Hy wou nie gehad het ek moet oorval of van die ander afgesonder word nie, wat korrek is, maar ek was nie alleen nie. Ek het die LMG-draer by my gehad, wat ook fiks was. ’n Kort, fris ou.

Ongelukkig was kommunikasie ’n nagmerrie. Wat hulle moes gedoen het, was om ’n Alou of ’n polisie-chopper in te bring. Ons kon hulle genail het. Die volgende dag is patrollies in die vallei ingestuur, maar daar het natuurlik niks van gekom nie.

’n Ma het ons Casspir genader. Sy het sersant Napoleon vertel haar man se broer het haar dogter weggeneem. Sy was bekommerd, want sy het nie geweet wat die man se bedoelinge was nie. Om so iets te sê het beteken sy is baie vinnig teen die Casspir opgetrek en binnetoe gebring, want hoe minder oë en ore, hoe beter.

Sy gee ons die adres. Ons gaan na die oom se huis. Ons kom daar aan en sersant Napoleon stap na die voordeur toe, klop nie. Hy stap in. Ons volg. Daar’s zol oral op die tafel en baie alkohol en ’n paar gezonkte manne in die vertrek. “Waar’s die meisie?” wil hy weet, maar hulle is sprakeloos – daggadronk en gesuip – en hy loop na die slaapkamer toe en daar, op die bed, is ’n meisietjie, kaal, saam met die oom en sy vriendin, so nou weet ons dit gebeur.

Die meisietjie word in ’n kombers toegedraai en aan haar ma oorhandig. Hulle gaan terug na die Casspir. Toe word ons, wat nie mooi weet wat de hel aangaan nie, gevra om ook terug te gaan na die Casspir. Napoleon wou die reg in eie hande neem – letterlik.

Op daardie tydstip was dinge baie moeilik. Om iemand te arresteer het beteken die vermoedelike oortreder kon hof toe gaan en verhoor word, maar dit

was ’n lang, trae besigheid en ’n mors van tyd. Die wet is dus toegepas op so ’n rughandhou-manier. Dit het beteken die oom en al sy vriende is opgeneuk. Napoleon het daardie aand die oom se kop ingeskop. Ons het net in die Casspir gesit terwyl die sersant hom moer. Hom nie net moer nie – hom in die hospitaal in moer. Gee-nie-om-of-hy-doodgaan-nie moer. Slaan-hom-tot-’n-pappery-en-gooi-hom-dan-in-die-tronk moer. Ek was nie toe trots daarop nie, en het nie gehou van wat ek sien nie, maar hy moes ’n les geleer word.

Die groot hoogtepunt van township-diens was Operasie Goue Arend. Dit was ’n groot magsvertoon. Ons het vroeg die oggend met Pumas en Alouettes ingegaan. Die Parabats was ook betrokke. Hulle het in ’n ander gebied gespring. Ons het na ’n sokkerveld in die township toe gegaan. Die pantser het ingekom met die Noddy-karre in een lang konvooi.

Ons moes ’n gebied vee. Dit was ’n groot gebied, en ’n groot operasie. Jy sal nie glo hoeveel terrein ons gedek het nie. Dit was die grootste deel van die dag, te voet, deur reën en modder. Die choppers was veronderstel om ons teen vieruur die middag by ’n rendezvous-punt op te laai, maar ’n regte Natalse donderstorm het inbeweeg, toe kon hulle nie. Dit het gestortreën. Ons het daar aan die kant van die pad gestaan, deurdrenk, asof ons met ons kit en al in ’n swembad gespring het. Deurnat.

Ons het twee ure lank so gewag. Mettertyd het ’n paar Samils nadergekom. Ons is na ’n polisiestasie om droog te raak vir die aand. Langsaan was ’n ou Victoriaanse huis wat ons hoofkwartiere geword het. In die sitkamer het ons koerante op die ou houtvloer gegooi en met ons rat pack bokse vuur in die herd gemaak om warm te bly. Dit was koud in die aande, veral met daardie storm. Jy kan jou voorstel hoe twintig troepe in hulle onderbroeke bymekaarsit om warm te bly. Ons klere het in ’n halfsirkel om die vuurmaakplek gelê sodat jy ten minste jou stewels en kouse vir die volgende dag kon droogkry. Vroegmôre is ons weer op. Uit om nog ’n patrollie heeldag te gaan doen.

Daar was oomblikke wat regtig goor was, maar ons het nog pret gehad. Wanneer ons in ’n nuwe lokasie inbeweeg het, het ons eers uitgevind waar die shebeens en tuck shops is, want jy het vir weke uit rat packs geleef. Vars brood is elke dag in die township afgelewer, so ons kon vars brood kry – as jy vroeg genoeg in die oggend daar is, en dit het afgehang van of jy die vroegoggendbeurt van middernag tot sesuur in die oggend gekry het. Jy kon dan lekker vars brood eet voor jy teruggaan. Het ook die tweeliter-Cokes gekoop en klaargedrink en dan ’n terugbetaling gekry. Ons het eintlik net by shebeens gestop om Coke te koop.

Daar was ’n groot reservoir in die een gebied. Baie keer op patrollie het ons stilgehou om gou ’n dip te vat. Een ou het by die Buffel gebly om na die wapens te kyk, terwyl ons in ons onderklere gaan swem het om af te koel, want in die middel van die somer was dit helwarm. Een groep het ’n middernagskof gehad en is in die Buffel Balitobaai toe waar hulle dit op die strand parkeer het en beurte gemaak het om te gaan skinny-dip, nie net ter wille van die verandering nie, maar ook om die vuil van hulle lywe af te was.

My grootste vrees was om in die Buffels te wees, maar ons is nooit aangeval nie. Die grondpaaie het baie keer ’n hoër en ’n laer vlak parallel met mekaar gehad. Ek was bang iemand gooi ’n petrolbom van die bokant af in. Van die eenhede is met kakbomme gebombardeer. Dis letterlik wat dit was – ’n kakbom. Hulle het in ’n sak gekak en dit gegooi. Dit het gebeur al was ons nie die vyand nie.

Daar was een aand ’n ongeluk. ’n Buffel het omgeslaan nadat ’n plaaslike ou met sy trekker oor ’n stopstraat gery het. Hy het die Buffel in die sy getref en dit het teen ’n steil helling afgerol, maar gelukkig was die meeste van die ouens vasgegordel. Ander kon uitspring. Niks ernstiger as snye en kneusplekke nie. Hulle was besig om gereed te maak vir ’n voetpatrollie en dis hoekom nie almal vasgegordel was nie. Die drywer was nog binne, onderstebo, vasgegordel in sy sitplek. Dit het ’n ruk geneem om hom los te kry. Die trekkerdrywer was dronk, of gestone, of albei. Die polisie het hom gearresteer.

Ons het ’n tydelike basis by ’n plaaslike polisiestasie gehad en in tente gebly. ’n Bevel is gegee om op te pak en uit te beweeg. Letterlik ’n dag ná ons weg is, is die stasie in ’n RPG-aanval getref. Een van die polisiebakkies het dit nie gemaak nie. Daardie ouens het nie aangeval terwyl ons daar was nie. Hulle het geweet hulle sal sleg daarvan afkom as hulle probeer. Dit was nie twee dae later nie of ons was terug en moes alles weer aanmekaarsit.

Toe ons terugkom, het ek die lyke in die polisie se “lykshuis” gesien. Hulle was nog in die garage. Hierdie mense het ook nie vir my plaaslik gelyk nie. Hulle velle was so donker. Het meer soos Ovambo-tipes gelyk. Die Zoeloe-polisiemanne het teruggeslaan en die vyf uitgevat wat hulle aangeval het. Hulle is in die skermutseling reg voor die polisiestasie geskiet. Een van hulle eie ouens was in die bakkie wat deur die RPG getref is. Die RPG het nie afgegaan nie, maar is reg deur hom en het nogal ’n gemors gemaak. Ek het net bloed en gemors wat oorgebly het, gesien. Hy was aan stukkies en die stukkies het oral aan die bakkie gekleef. Die granaat het aan die een kant deur die roosterdraad gegaan, deur die ou en uit aan die ander kant. Hulle het eenvoudig een van hulle eie mense doodgeskiet toe die bakkie verbyry. Gelukkig hoef ons nie skoon te gemaak het nie. Die polisie het dit gedoen.

Ek het hulle gehelp om saans hulle gewere skoon te maak. Hulle het hoofsaaklik R1's en groot Beretta-haelgewere gehad. Die goed was in ’n haglike toestand. Ons het ons cleaning kits gebruik en kon nie glo die gewere skiet nog nie.

Daar was korrupte polisie ook. Ek weet dit vir ’n feit – jy kon daardie soort van ding sien. Daar was beslis ’n vrot kol. Nie groot nie, maar daar was. Jy het partykeer twee van hulle in die bos sien instap met ’n R1 en ’n haelgeweer en jouself afgevra: “Waarheen gaan hulle?” Laat in die aand het hulle teruggekom en jy het gewonder wat gaan aan. Vreemde goed. Dinge wat waargeneem is, is partykeer deur Intelligensie nagegaan. Alles is aan hulle gerapporteer. Daar was ’n slegte kontingent in Natal, amper soos ’n derde party wat betrokke is. Jy kon dit baie maklik sien. Ek weet nie of dit ’n koverte militêre vleuel was of wat nie, maar hierdie ouens het groot kak gemaak. Of dit ons eie regering se operasies was, kan ek nie sê nie.

Een ding wat ek kan sê is dat Militêre Intelligensie ’n algehele balls-up was. Byvoorbeeld, ons is aangesê om ’n klopjag op ’n sekere huis te doen. Ons het vroeg in die oggend daar aangekom en die gebied afgekordon – en toe vind ons uit die bust het klaar plaasgevind, dae vantevore. Militêre Intelligensie was nooit intelligent genoeg nie.

Ons het ’n ander TB gehad, in ’n oop veld met sandsakke in die middel en bivouacs rondom. Die kaptein en die luitenant het in die sandsakbunker geslaap, want die aand nadat ons daar aangekom het, het iemand van ver af met ’n AK geskiet. Al was dit van ver af, het rondes nog die veld getref.

“Shit! Julle ouens gaan vir my ’n bunker bou,” het die kaptein beveel. Hy het veilig in die sandsakbunker geslaap terwyl ons in klein tweemanbivouacs geslaap het. Die kaptein was ’n korttermyn-vrywilliger en was toe al ’n paar jaar in. Hy het baie keer rondgery en na ons gesoek, want hy het geweet die ouens gyppo of was nie waar hulle moet wees nie. Dit was maklik om in te radio en te sê: “Ons is reg. Alles is okay.” Sommige gebiede het winkelsentrums gehad. Een het ’n braaihoender-franchise gehad. Ons het aan die agterkant met die Buffel ingetrek. Iemand het dan afgespring en hoenderburgers vir almal gekoop, of ten minste vir diegene wat geld gehad het. Gou geëet en dan was ons weer op pad.

Dit was regtig pateties. Van die kompaniebevelvoerders was in kompetisie met mekaar. Ons lieflike kaptein het besluit hy wil die Buffels gepolish hê. Toe was ons maar daai Buffels. Die army het sulke groot houers vloeibare vloerpolitoer gehad. Ons het ons Buffels daarmee gepolish, en het hulle geblink! Dit het alles oor die ou se beeld gegaan. En dan is jy terug township toe in daardie blink

Buffels.

Ons kaptein en majoor het ’n tuck shop begin en goed geld gemaak. Natuurlik, wanneer jy terugkom op die basis ná ’n patrollie, was ’n sespak-Coke en omtrent twintig chocolates al wat jy wou hê. Jy sou eenkant gaan sit en jouself lam eet. Ek het baie gewig opgetel, van die rat packs ook. Hulle het baie proteïne in gehad: kaas, chocolates, milkshakes in poeiervorm, en ProNutro. Gooi net water by. Die viskerrie was die ergste. Ons het dit altyd weggegooi. Later het ons skeppend geraak – een dixie met ’n bredie van dog biscuits en blikkieskos. Allerhande goed. Ons het met indrukwekkende resepte vorendag gekom om daardie rat pack net ’n bietjie meer interessant te maak. Ons het al ons Super C’s gehou en dit vir die kinders gegee, wat oral was – altyd omtrent twintig of so. Ek het my suikersakkies vir hulle gehou. Jy het dit oor die kant van die Buffel gegooi en gekyk hoe klim hulle onder mekaar in vir ’n pakkie suiker. Die kleinste outjie het dit altyd gekry en dan weggehardloop met ’n skare agter hom aan. Hy het soveel as wat hy kon geëet voor die ander hom ingehaal het. Ons het dit *baie* gesien. Een ou het gedink dis snaaks toe hy ’n hele klomp kondome oor die kant gooi.

Aan die einde van my diens was daar ’n hoop tuisgemaakte wapens wat gekonfiskeer is – seker so drie meter hoog – in die stoorkamer. Enigiets van pangas tot spiese tot pypgewere met haelgeweerrondes. Dit was ’n massiewe hoop scrap metal. Die fabrieke wat ons geslaan het, het partykeer baie wapens gehad en dis reguit na die stoorkamer toe. Later is dit opgelaai en vernietig.

Ons het ’n rewolwer by een man gekry. Dit was nie ’n behoorlike wapen nie – dis op ’n draaibank gemaak. Hy het dit sowaar gemaak. Dit kon ses 9 mil-rondes vat. Dit was een van die baie wapens wat uit scrap metal gemaak is. Dit sou waarskynlik een of ander tyd ontplof het.

Ons het ou, swak haelgeweeragtige wapens gekry en tipiese spykergewere, bekend as kwashes, wat bestaan het uit staalpype met spykers en dik rubberrekke aan die agterkant. Die spyker het die haelgeweerronde geslaan en dit laat afgaan. Hulle het skeppend geraak en mooi houtkolwe gemaak wat jy teen jou skouer kon vasdruk. Partykeer was daar ’n hefboom aan die punt wat teruggetrek en laat los kon word – amper soos ’n kettie. Dit het die ronde getref wat dan afgaan. As dit nie in die skieter se gesig ontplof het nie, het dit die beplande skade aangerig. Dis al wat hulle wou hê – daardie skade.

Teen die tyd dat ek weg is, was dinge erger. Die mense was swaarder gewapen. Nie met pypgewere nie, maar met AK-47’s en so aan. Toe ons weggaan, het kampers oorgeneem. Ons moes hulle wys wat vir wat gaan. ’n Ander seksie het hulle op patrollie uitgeneem en daar is op hulle Buffel geskiet. Die drywer het teruggekom. “Shit. Daar’s nou net op ons geskiet. Ons het gery

en toe maak dit so tak-tak-tak teen die kant van die Buffel.” Ons het die merke gesien – iemand het van ’n afstand af geskiet. Die townships was teen heuwels, so die paaie het op en af geloop en die man met die geweer kon sy kans maklik waarneem.

’n Ander seksie het die skietery gehoor en gehardloop na waar dit vandaan gekom het. Een van die ouens het amper die man met die geweer om ’n hoek plat gehardloop. Die man was gebukkend besig om ’n magasyn in die AK te druk en te kyk waar om volgende te skiet. Toe my maat, wat saam met ’n swart polisieman was, sy R4 lig om hom te arresteer, het die ronde in die kamer vasgesteek toe hy dit oorhaal. Dit was ’n storing. Die man het gehoor hoe trek hy aan die hefboom om weer oor te haal en het soos blits tussen die hutte verdwyn. Weg is hy. My maat sê toe die man hom sien, het die polisieman agter hom weggekruip en nie gelyk of hy iets wou doen nie. Natuurlik was die man met ’n AK gewapen. Miskien het die polisieman ’n vorige ervaring onthou.

Ons het nog twee weke voor uitklaar by Durban se hoofbasis gebly. Dit was Desember, net voor Kersfees. In ses maande het ek twee keer pas gekry, elke keer vir ’n naweek. Het die Vrydag van Durbs Kaapstad toe gevlieg. Die Maandag was ek terug in Durbs. Gelukkig het my pa vir die vervoerdienste gewerk en hy het konsessievlugte gekry. Ek het van een van hulle gebruik gemaak. Die ouens wat die verste gebly het, het dit maar swaar gehad. Van ons het op die basis gebly. Dit was nie die moeite werd net vir ’n paar uur by die huis nie. Ouens wat in of naby Durban gebly het, het vriende saamgeneem.

# UITKLAAR

*Toe ek ná uitklaar met my ma en pa oor hierdie dinge gesels, het dit nie gelyk of dit insink nie. Hulle het my nooit gevra wat gebeur het nie.*

Ek onthou dit was ses maande voor uitklaar dat Suid-Afrika die eerste keer TV gekry het. Dit was op 5 Januarie 1976. Hulle het toe al ’n ruk lank uitgesaai en getoets, en al die ryk mense het voor hulle TV-stelle gesit en die toetspatroon dopgehou!

Toe vind 16 Junie plaas, en die army wou hê ons moet aanhou vir hulle baklei, wou hê ons moet die oproer uitsorteer. Ons het gesê: “Voetsek! We’re outta here! Ons gaan huis toe. Stuur die rowe.”

Het aan die einde van Junie 1976 uitgeklaar.

Ek het net voor Kersfees in Windhoek uitgeklaar, op 23 Desember 1977. Is op ’n vliegtuig gesit, het by DF Malan-lughawe aangekom, huis toe gegaan, my ouers gesien en dit was dit – die einde van my en die army. As iemand wat ’n ekstra twaalf maande gedoen het, hoef ek nie kampe te gedoen het nie. Ek het drie maande by die huis deurgebring, op my bed. Dit was ná die Grens. Die meeste van die ouens het heel daaruit gekom. Jy het net tyd nodig gehad om te ontspan. Toe het my ouers vir my gesê: “O nee. Gaan kry vir jou ’n werk.”

Toe ons teruggekom het van die Grens af, het ek die Pro Patria ontvang. Ons het ’n medaljeparade by ons hoofbasis gehad. By die uittreeparade het ons ons ProNutro gekry. Ek het vir my transgrens-medalje gekwalifiseer – die Suider-Afrikaanse Medalje, die een met die luiperdjie op. Maar vir ’n ruk lank het niemand dit gekry nie. Veral nou. Dis nie polities korrek nie, sien. Ek het selfs gesukkel om my Algemene Diens-medalje te kry, maar dit het so sewe jaar nadat ek klaargemaak het, in die pos gekom.

Net ’n paar weke voor uitklaar het hulle uiteindelik besef ek het nierstene. Die dag nadat ek in die hospitaal aangekom het, het hulle dit uitgehaal. Ek het vir nog ses weke aangebly – hulle wou my nie ontslaan tot ek heeltemal fiks was nie. Dit was die beste behandeling denkbaar. Ons het sigarette in die saal gerook, en almal het sigarette en lekkers gedeel.

Ag, man, jy sal nie die stories glo nie. Ons was op die grondvloer. Soos jy in die saal inkom, het die eerste bed aan die linkerkant aan ’n ou van die Kaap behoort. Sy been was in traksie. ’n Landmynontploffing. Hy het gesê sy een oog het op sy wang gehang. Hy het nie die oog verloor nie – hulle het dit teruggesit. Hy was toe al maande daar en die verpleegsters se gunsteling. Hy het altyd gekla. Hy het snags aerosol om sy bed gespuit – sy been het nie lekker geruik

nie.

Langs hom was ’n ou wat een nag laat toegelaat is. Hy het ’n blikkie boeliebief met sy bajonet probeer oopmaak. Dit het gegly en in sy lies in gesteek.

Langs hierdie ou was ’n ou wat in dieselfde eskadron as ek in Basies was. Hy is Infanterie toe om ’n adminwerk te gaan doen. Van hulle het ’n granaat van ’n dump af gesteel. Daar was so ’n mode waarvolgens troepe handgranaatpennetjies aan hulle boshoede gehang het. Die dom wetters het die granaat oopgeskroef en die ontsteker uitgehaal, wat baie delikaat was. Selfs die hitte van jou hand kon dit laat afgaan as jy nie versigtig is nie. Hulle het dit in ’n boks met ander primers gegooi en dit het ontplof. Hy het brandwonde oor sy hele lyf gehad. Sy verdiende loon, die stupid idioot.

Langs hom was ’n Parabat wat ’n maand voor my daar aangekom het. Hy was ’n baie stil ou wat graag tyd in die tuin deurgebring het. Ons het nie baie met hom gepraat nie. Hy het teruggekom vir nog ’n operasie aan sy been. Hy het my vertel hulle was in ’n kontak en hy is getref. Hulle het hom met een van daardie Chinees-vervaardigde PPSh’s geskiet. Dit het ’n drommagasyn. Dit het geklink soos gevriesde ertjies wat in ’n kastrol laat val word. *Drrrr!* Hoë vuurkoers. Hy is eers deur sy heup getref; rondes is netso dwarsdeur sy geweer. Hy het na ’n boom toe gekruip, maar is weer getref, hierdie slag deur die bene. Die radio is ook getref, en die ou wat dit beman het, het iets met silwer sigaretpapier gedoen wat hulle toegelaat het om hulle grid verwysing na die basis aan te gee. Die Bat sê hy was besig om sy bewussyn te verloor toe hy die choppers hoor aankom – “die mooiste klank ooit”.

Aan sy ander kant was ’n ou wat saam met my in Basies was. Ná die tyd is hy Berede toe. Sy perd het naby Eenhana op ’n landmyn getrap. Toe ek by die hospitaal kom, was hy al ’n ruk daar. Een been is geamputeer en die ander een het dertien veloorplantings gekry. Daardie Kersfees van ’76 was die eerste keer dat hulle hom uitgelaat het. Hy het later vir nog veloorplantings teruggekom. Die nag toe hy terugkom, net nadat ons geëet het, het hy snaaks geraak. Skielik was die verpleegsters daar en het hom dadelik uitgeneem. Hy is daardie nag dood. Het ’n hartaanval gekry. Daar was praatjies dat malaria vir die hartaanval verantwoordelik was. En dit ná al die pyn waardeur hy is. Hy was negentien.

Ek kan nie die ander twee ouens in die hoek onthou nie.

Dan was daar Staf Krokodil, soos ons hom genoem het. Hy het lang hare gehad. Hy was ’n kamper en is deur ’n krokodil gebyt. Dit het twee gate in een been gebyt, een gat in die ander en ’n gat in sy hand. Hulle het van ’n patrollie op die Caprivi teruggekom en by ’n plek langs die rivier gestop waar hulle altyd geswem het. Hy het gevoel iets gryp hom, toe voel hy met sy hand. Hy het

geweet dis te groot om ’n baber te wees. Die res van die aanval kan hy nie onthou nie. Sy maats het die krokodil geskiet. Hulle het hom later foto’s gewys – hy het gesê dit was massief.

Hy was vol dinge. Hy het in die saal rondgeloop en grappies gemaak. Wanneer ’n nuwe pasiënt ingebring is, het hy in die kantoor gesit, voor in die saal, en die dokter se jas en stetoskoop gedra. Hy het gemaak of hy die dokter is en die verpleegsters het saamgespeel. Hulle het die nuwe ou in sy pajamas aangetrek en langs die staf gestaan terwyl hy diagnoseer. “Goed! Berei hom voor vir hart-chirurgie!” Die nuwe ou het dan groot geskrik. Sulke tye was ons almal altyd daar, lekker aan die lag.

Langs my was ’n ou van Nigel. Hy was ’n eienaardige ou en vol tatoeëermerke. ’n Plastiekbuis het uit sy kop gekom, en al sy hare was afgeskeer. Hy het nog ’n buis in sy tril gehad. Die verpleegsters het dit gekielie om te kyk wat gebeur, partykeer wanneer hy wakker was. Hulle het hom kaal in die bed gelos, want hy het sommer daar gekak. Hy was ’n bietjie nuts. Een nag het my suster kom kuier, en sy het my gevra of hy blind is. “Nee. Hy’s net nie lekker hierbo nie. Hy het van ’n Bedford af op sy kop geval.” Hy het slegte harsingskudding opgedoen, maar was ook ’n bietjie onnosel. Hy het poedelnakend met die gangetjie langs geloop en dan moes ons hom help om terug in sy bed te klim. Wanneer hy vir ’n sigaret gevra het, het ons gesê: “Nooit! Die rook gaan by die pyp in jou kop uitkom.”

Daar was ook ’n ou wat deur die maag geskiet is. Hy was van Brakpan. Hy het soos ’n lewende geraamte gelyk en het bedsere gehad. Wanneer hulle hom omdraai om salf aan hom te smeer, het hy van die pyn geskree. Ná sy operasie het hy weer begin eet, maar dit was baie pynlik. Hy het gehuil. Die verpleegsters sou ure by hom sit en hom smeek om nog ’n mondvol te eet. Hy het geweier en net nie probeer nie, hy was een van daardie ouens. Met ’n maagwond verloor ’n mens gewig omdat jy nie eet nie, en natuurlik moet jy soliede kos eet om te verbeter. Snags het hy vir ’n sigaret gevra, maar hy is nie toegelaat om dit te rook nie. Ons het nee gesê. Hy het gesmeek om een te kry. “Goed, maar probeer net môre iets eet.” Hy het ingestem en ’n sigaret gekry. Maar die volgende dag het hy dan nie probeer eet nie. Dit het aangehou en aangehou tot hy een nag weer gevra het. Iemand het gesê: “Ag, piss off en loop dood net, man!”

Die ou langs hom is die maand voor hom in die maag geskiet – presies dieselfde ding. Nadat ek daar aangekom het, was hy nog ’n paar dae daar voor hy ontslaan is. Hulle was albei al maande lank daar.

Ek was vies. Dit was al Januarie en ek moes al uitgeklaar het en by my meisie gewees het. Ek het geld gehad omdat die army my uitbetaal het. Ek het planne gemaak, maar hulle wou my nie laat gaan nie. Ek het ’n kateter gehad. My pie

was te oranje en het nog bloed in gehad. Ek het neerslagtig geraak. Ou Staf Krokodil het my gevra wat verkeerd is, en ek het gesê die kleur is nie reg nie. “Ons sal ’n plan maak,” het hy gesê. Hy het die sak vol verdunde Oros gemaak. Toe het hulle die volgende oggend die sak weggeneem en gesien dis skoon en my uiteindelik ontslaan. Hulle moes gedink het my pie ruik darem regtig soet!

Ná ek ontslaan is, het ek nog ’n ruk lank bloed gepie voor dit opgehou het. Ek het teruggekom om die ouens te besoek en vir hulle drank ingesmokkel. Hulle het my vertel die maagwond-ou is die dag ná ek weg is, dood. Hy het net opgegee. Die ou wat sy been in die myn seergemaak het, het geslaap toe ek daar was. Sy been het nie meer sleg geruik nie – hulle het dit afgesny. Gangreen. Hartseer geval. Hy was omtrent twintig jaar oud. So, toe ek uitklaar, was dit ’n algehele anti-klimaks.

Ek was veronderstel om by Leeukop-kommando te wees. Ná ’n paar jaar het hulle vir my geskryf en gevra of ek eervol ontslaan wou word. Ek het gesê: “Ja, baie dankie.” Dit was die laaste wat ek daarvan gehoor het. Ek dink hulle het die kommando toegemaak.

Ek het my Pro Patria by ’n parade in Wingfield gekry, maar eers ’n paar jaar nadat ek klaargemaak het. Ek het toe nie meer enige browns gehad nie. Ek het dit alles weggegooi, wat jy natuurlik nie toegelaat is om te doen nie; jy was veronderstel om dit te hou. Ek moes klere leen.

Ons was die laaste ouens wat ’n volle twee jaar moes doen, van Januarie 1988 tot Desember 1989. Die Julie 1988-inname het ’n paar maande later uitgeklaar, net duskant twee jaar.

Ek moes eintlik eers gaan swot het. Dalk sou dit dit makliker gemaak het om te studeer toe my kop nog gewoond aan skool was. Maar die ding is, niemand kon voorspel dat ons diens verkort sou word nie. Die tweejaar-ouens het nie besef alles kom tot ’n einde nie, of min mense sou gegaan het. Hulle sou gaan studeer het of ambagte geloop het.

Ná drie maande van niks doen in die Noord-Transvaal, het ons teruggekom na ons basis in Bloemfontein en gehoor ons diensplig is verkort na agtien maande. Ek onthou die dag. Ons was op pad om te gaan middagete eet toe hulle ons aantree en sê ons gaan binnekort huis toe. Ons het geen idee gehad nie – ons het vir die normale twee jaar ingeklaar. Ons het mal geraak van blydskap. Skielik

het alles beter gelyk, die son het helderder geskyn en die gras was groener – maar hulle gesindhede teenoor ons het ook verander. Hulle het ons "aerobats" genoem, na Jane Fonda se "aerobics", en minagtende aanmerkings gemaak. Gebitch dat ons nie dieselfde as hulle is nie. Hulle het ons gebrandmerk as vals Bats omdat ons nie die volle twee jaar gaan doen noudat die oorlog in Angola verby was nie. Ons het nie dieselfde opleiding as hulle gedoen nie. Blykbaar was ons opleiding minder erg, al het ons afgekak. Ek weet nie hoe die LO-kursus verander het nie. Hoe moet ek weet? Ons is net deur ons seniors vertel ons is sissies. Ek het nie omgegee nie. Ons s'n was dieselfde – ek dink nie dit was enigsins minder taai nie.

Omdat ek my Basies by Tegniese Dienskorps gedoen het, het ek die Tiffie-wapen gedra, wat 'n geelkoper weerligstraal agter 'n steierende silwer perd was, soortgelyk aan die Ferrari-logo. Ons het swart berets gedra. Youngsfield was Krygsbehoeftedienste-korps en het 'n ronde wapen met waterlyne en 'n pylpunt daarbo gehad, en blou berets met rooi, wit en blou balkies. Snaaks genoeg, toe ek 'n Tiffie by Krygsbehoefte was, het ek die blou beret met 'n Tiffie-wapen en 'n Krygsbehoefte-balkie gedra. Niemand het daaroor met my geneuk in die nege maande wat ek daar was nie, en niemand het gesê ek moet dit verander nie. Twee dae voor ek uitgeklaar het, het 'n stafsersant my beveel om die Tiffie-wapen af te haal en dit met 'n Krygsbehoefte-wapen te vervang vir die uittreeparade.

Op uitklaardag het ek en Mevrou en die twee civvies 'n hoenderskottelbraai in die media-departement se koffie-areatjie gehou. Ons is nie toegelaat om sommer net 'n braai te hou nie en dis hoekom dit binnenshuis was. Mevrou het soos gewoonlik die leiding geneem en die kookwerk gedoen. Ná die tyd het ek koebaai gesê en was ek eintlik baie jammer om te weet ek gaan hulle nie weer sien nie. Ons het goed klaargekom en daar was lekker tye.

By die uittreeparade was daar drie van ons – uit omtrent 'n honderd troepe – wat aangesê is om uit te sit omdat ons Algemene Diens-medaljes nog nie opgedaag het nie. Die medaljes sou in die pos aangestuur word. In 1992 het niemand vir die Pro Patria gekwalifiseer nie. Die Grensoorlog was iets van die verlede en behalwe vir die townships was daar geen operasionele gebied nie. Ons het by die gehoor gesit en gekyk hoe die kolonel die klein medaljetjies aan die ander ouens vasspeld. 'n ADM beteken miskien nie vir almal baie nie, maar dit was belangrik. Dis toegeken in erkenning van diens in die army, en dit was veronderstel om diens in die townships te erken.

Ná die tyd het ons vir oulaas na die hek gemarsjeer. Ons het uitgetree en ons berets in die lug gegooi en gelag en gejuig. Van die ouens het dadelik hulle nuwe medaljes oor die muur van die basis gegooi en gemaak asof hulle net die manne was – probeer wys hulle gee glad nie om nie. Ek wed jou egter hulle het ná die

tyd na daardie medaljes gaan soek. Ek het ’n paar adresse neergeskryf, maar nooit later kontak gemaak nie. Toe het ek in my kar geklim en weggery. Dis hoe my Nasionale Diensplig geëindig het. En nodeloos om te sê – die medalje het nooit gekom nie.

Later daardie jaar is ek per pos laat weet by watter Burgermag-eenheid ek ingedeel is. Ek het nie eers twee keer daaroor gedink nie – dit was die einde van 1993 en ek het geweet ek sou nooit hoef te gaan nie. Die brief was net die army wat die nodige formaliteite uitvoer. ’n Paar maande later het nog ’n brief in ’n amptelike bruin koevert aangekom. Dit het gesê ’n afskeidsdinee word vir die ontbinding van die eenheid beplan, en ek was welkom om dit by te woon. Ek het nie gegaan nie.

# AANHANGSEL A BY
# HOOFSTUK 5 VAN SALO GS1/115

**Telefoon :**

**Navrae :**

**SUID-AFRIKAANSE WEERMAG**
**UITKLAARSERTIFIKAAT : DIENSPLIGTIGES : SA LEëR**

NO: ........... RANG:......... NAAM: ......... KORPS: ..............
INNAME: ....... GEBOORTEDATUM: ..................................
AANWENDING (VAKINDELING): .......................................
BH/KOMDO-EENHEID: ..........................................................

POSKODE: .............. TELEFOON: ......................

Hiermee word gesertifiseer dat bogenoemde lid sy aanvanklike diensplig oor die tydperk hieronder uiteengesit, bevredigend in die SA Leër voltooi het :

VANAF (OPROEPDATUM): .......... TOT (UITKLAARDATUM): ...........

Navrae mbt die soldy wat die lid gedurende bovermelde tydperk ontvang het, moet gerig word aan:
Hoof van die SA Weermag (HSF) – vir aandag Hoofbetaalmeester
Privaatsak X137
Pretoria
0001

[Die nie-amptelike sertifikaat hieronder is in 1982 en 1983 deur Militêre Intelligensie aan troepe in Sektor 2Ø as ’n grap oorhandig. (Of dit voor of na daardie jare uitgereik is, is nie vir die skrywer duidelik nie.) Hoewel dit tong-in-die-kies is en nie te ernstig of letterlik opgeneem moet word nie, onderlê ’n subtiele dog onheilspellende boodskap die humor – gesinslede kon wel vind dat hulle seun of broer sukkel om by die burgerlike lewe aan te pas. Hierdie kennisgewing is vry uit Engels vertaal.]

**KENNISGEWING VAN TERUGKEER**

Uitgereik as waarskuwing op hierdie ... dag van .......... AAN: Ouers, Bure, Vriende en Familielede van No: ........ Naam: ......................... Rang: .................

1) Sluit julle dogters toe
2) Maak jou yskas vol bier
3) Skud die motgifbolle uit sy civvies

Binnekort sal bovermelde soldaat hom weer eens in u midde bevind, gedehidreer, gedemoraliseer en gretig om sy plek in die samelewing in te neem as ’n mens wat geregtig is op vryheid en geregtigheid, terwyl hy hom terselfdertyd sal verdiep in ’n ietwat uitgestelde strewe na geluk. In u vreugdevolle voorbereidings om hom in die beskawing terug te verwelkom, moet u toegewings maak vir slegte omgewingsituasies wat hom in die afgelope ___ maande te beurt geval het. Geliewe dus geen teken van ontsteltenis te toon indien hy verkies om op die vloer eerder as op ’n stoel te sit nie, sy stewels teen die trappies skoon skop voor hy die huis binnegaan, ’n handdoek en sandale dra wanneer hy by die bure gaan kuier, ’n oorval kry wanneer hy boeliebief en dog biscuits sien, en enigiemand salueer wat belangrik lyk, insluitend die posman.

Sy dieet (waaraan hy gewoond geraak het) moet, vir ten minste die eerste paar weke, uit gedehidreerde aartappels en ander groente, en ’n klein stukkie boeliebief bestaan. Vars of ryk kosse, veral melk, moet aanvanklik vermy word en slegs geleidelik by die dieet gevoeg word.

Moet hom nie sonder begeleiding op die paaie toelaat nie, want hy het amper heeltemal van verkeer vergeet. Moenie verras wees wanneer hy onbetaamlike gedrag teenoor die verkeer openbaar wanneer hy ’n groen lig wil oorsteek nie, omdat hy teen hierdie tyd nie meer duidelikheid het oor verkeersligte nie.

Doen al sy aankope namens hom en bring dit versigtig by hom tuis dat dreigemente en argumente en kibbel met winkeliers taboe is in die burgerlike beskawing. Sy taal mag tot tyd en wyl ’n bietjie verleentheidswekkend wees, maar in ’n relatief kort periode kan hy geleer word om weer Afrikaans te praat. Moet hom nooit vra waarom die buurseun laer af in die straat ’n hoër rang as hy het nie, en moet nooit vleiende aanmerkings oor die lugmag en vloot maak nie, of u sal die Afrikaans-lesse van voor af moet aanpak.

Wees veral die eerste paar maande versigtig wanneer hy in die geselskap van vroue (van enige ouderdom) is. Nadat hy op die skerm moes sien hoe aantreklike mans te werk gaan om harte te wen, sal hy dink hy is eweneens ’n meester van die kuns. Sy bedoelinge is goed en sal opreg maar oneervol wees.

Hou in gedagte dat daar ’n hart van goud onder sy bruingebrande en ruwe voorkoms klop. Vertroetel dit, want dis seker die enigste ding wat hy oor het. Behandel hom met vriendelikheid en verdraagsaamheid, en af en toe ’n sespak goeie bier of ’n botteltjie rum, en u sal heel waarskynlik hierdie leë dop kan omskep in die man wat u eens geken het.

(Geteken)
Rehabilitasie-beampte
Sektor 2Ø

# KAMPE

*’n Mens het geweet jy moet ’n kamp gaan doen omdat jy per geregistreerde pos laat weet is. Jy moes poskantoor toe gaan en vir die bleddie ding teken. Dit het aangedui waar en wanneer jy moet rapporteer. As jy uitstel wou hê, moes jy voor ’n sekere datum ’n voorlegging met bewyse, soos ’n brief van jou werkgewer, doen. Jy het omtrent drie maande gehad voor jy moes rapporteer.*

*Die feit van die saak is dat jy moes gaan. As jy geregistreerde pos gekry het, het jy daarvoor geteken, en daar het jy met jou oproepinstruksies vir ’n kamp in jou hand gestaan. In een stadium het ek net geweier om geregistreerde pos te aanvaar, maar een keer ’n jaar het jy hierdie oproep gekry. Jy moes op so en so ’n datum rapporteer en as jy nie het nie, was jy op AWOL. Dan het hulle na jou kom soek.*

*Nadat ek terug huis toe gekom het van ’n kamp af, het ek nie probleme gehad nie en kon ek dadelik weer by die samelewing inskakel, maar ek het seker gemaak ek neem dan my jaarlikse verlof, net om te ontspan, laat te slaap, my hare lank te laat groei en nie te skeer nie. Ek het dit vir drie weke gedoen. Het op verlof gegaan en dan terug werk toe gegaan. Het my medaljetjie gekry. Pro Patria – vir die land.*

*Ná my twee jaar diens het ek nooit enige medalje ontvang nie, nie eens in die pos nie. Niks. ’n Mens neem daar is outomaties aan almal ’n Pro Patria uitgereik. Ek weet ek was veronderstel om dit te kry. Toe ek kampe gaan doen het, kon ek hulle gevra het, maar dit het my nooit gepla nie – in daardie stadium was dit vir my waardeloos. Nou beteken dit meer; ek weet nie hoekom nie. Dit het my nooit eens gepla tot ’n paar jaar terug nie, toe ek my pa en oupa se medaljes gekry het, wat my ma vir my gegee het. Toe het ek daaroor begin nadink, en gewonder: “Waar’s myne?”*

Toe ek einde ’71 uitgeklaar het, was ons nie verplig om kampe te doen nie. Van die ouens is later teruggeroep, veral lugmagradio-operateurs, al was hulle amptelik vrygestel.

Ek het in Junie 1975 ingeklaar. Het agtien maande gedoen omdat diensplig nie meer net ’n jaar lank was nie. Ons het ’n keuse gehad: dit was óf agtien maande óf twee jaar. Die verskil was die betaling. Die eerste opsie het iets soos R900 ekstra beteken wanneer jy die einde van jou termyn bereik, maar twee jaar was omtrent R1 700 ekstra. Ek het nie enige kampe gedoen nie.

Ek het nie kampe gedoen nie. Om een of ander rede – ek weet nie regtig hoekom nie – het hulle krediete toegeken. As jy vir ’n sekere tydperk op die Grens was, het jy danksy jou versamelde krediete nie kampe gedoen nie. Dis in elk geval wat hulle vir ons gesê het.

Omdat ek vir die ekstra-twaalf-maande opsie gegaan het ná my een jaar diens in 1976, was ek nie verplig om kampe te doen nie. Agt jaar later het ek my eerste oproep gekry. Ek het eenvoudig na die mense toe gegaan en hulle my uitklaardokumente gewys. Dit was bewys genoeg om my vry te stel.

Ek het my eenjaar-opleiding in Januarie ’76 begin, maar toe ’n ekstra twaalf maande vrywilliglik gedoen. Jy moes eers die een jaar doen, en dan het jy die keuse gehad om ’n addisionele ses maande of jaar te doen. Ek het twee jaar altesaam gedoen, want ek het lekker geld daaruit gemaak. Ek dink dit was R3 500, wat toe ’n aardige bedraggie was. Dit was bo en behalwe jou ses-en-veertig sent ’n dag. Vir die jaar, plus die ekstra ses maande, het jy R1 800 gekry. En dan het jou Grensdiens jou ’n bietjie ekstra danger pay besorg.

Aan die einde van 1977, toe ons ons laaste veertig dae oorgehad het, het dit uitgekom dat almal van nou af twee jaar verpligte diensplig moet doen. Geen keuse nie. Alhoewel ek toe reeds twee jaar gedoen het, het ek kampverpligtinge bygekry.

Ná my twee jaar diens het ek by die Brandweerdepartement aangesluit, in 1982.

Ek het nooit aan kampe gedink nie. Ek het geen kennisgewings of oproepinstruksies ontvang nie. Toe het een van my kennisse syne gekry. Ons is na die Personeelafdeling en het gevra wat ons moet doen. Nadat ons bewys van ons status as staatsamptenare in die Brandweerdepartement gegee het, het die vrou ’n paar vorms uitgehaal wat ons moes invul. Dis gepos en dit was dit. Nooit ’n enkele kamp gedoen nie.

Ek het nie kampe gedoen nie omdat ek ’n onderwyser was. Vir amper tien jaar het hulle my altyd in die skooltermyn opgeroep. Dit was gek van hulle om van my te verwag om in Februarie te gaan. Ek het verduidelik dat ek by ’n privaat skool skoolhou wat nie ’n plaasvervanger vir my kon kry nie. Ek het hulle gesê hulle moet my in vakansietyd oproep en dan sou ek gaan, maar tydens skool sou ek nie – kon ek nie – gaan nie. Hulle het my altyd vrygestel. My kampe was veronderstel om by SAS Unity in die Kaapse dokke plaas te vind, en ek dink nie dit was ’n baie ernstige basis om mee te begin nie. Weldra het Nasionale Diensplig tot ’n einde gekom.

Ek het nooit nadat ek uit die army is, teruggegaan vir kampe nie. Ek was veronderstel om te gaan, in 1992. Die vorige jaar is ’n wit ou deur swartes verkrag by die Parabats – my ou eenheid. My pa het geweier om my te laat gaan en gesê ek moet die oproepinstruksies ignoreer. Hy was reg. Ek het gedink: “Bokker dit! Ek wil nie dié soort nonsens in my lewe hê nie. Waarvoor?” Ek het dit opgeskeur en weggegooi. Dit was die enigste oproep na ’n kamp wat ek ooit gekry het.

# Algemene diens

Ek het my eerste kamp in 1965 gedoen, by 2 Mil Hospitaal. Dit was veronderstel om vir drie weke te wees, maar daar was soveel mense dat hulle ons ná twee weke gesê het ons moet hulle goed teruggee. En dit was dit, die einde van my diensplig. Maar toe die militêre situasie verander en meer intens raak, het baie dokters en Medics hulle name opgegee vir kampe. Ek is as ’n Medic opgelei, en het ook my naam opgegee – hulle het ons nodig gehad. So ná tien jaar het ek weer ingegaan. Baie ouens het eintlik. Ek het kampe in ’76, ’77 en een op die Grens in ’78 gedoen.

In ons laaste week van die kamp het ons die inname wat ná ons gekom het, gaan groet. “Ons wens julle ’n geseënde Kersfees toe en hoop julle nuwe jaar skop op ’n groot en goeie noot af!”

Ek was in 1967 in die vloot. Ná die nege maande diensplig het ons nog drie kampe oor die volgende tien jaar gehad. Twee weke elk. Die mag het nooit van jou vergeet nie. Ek het nog my ontslagdokumente.

Toe ek ingegaan het, was ek bevare seeman tweede klas. Toe ek weg is, was ek nog steeds bevare seeman tweede klas.

Ek het skool op sewentien verlaat, en agtien tydens my diensplig geword. Ek is lugmag toe, in ’77. Aan die einde van ’77 toe ons minder as veertig dae oor gehad het, het hulle die wet verander. Gesê dit sou nou twee jaar wees. Jy moes dit doen. Toe, aan die einde daarvan, het hulle dit verander en kampe bygevoeg. Jy kon ekstra kampe onmiddellik ná die twee jaar diensplig afhandel, en afbetaal en ontslaan word, of jy kon die tweede jaar voltooi en die verpligte kampe later doen. In totaal – ek het dit bymekaargetel – het ek byna vier jaar vir Volk en Vaderland gegee: twee jaar Nasionale Diensplig en ’n totaal van twee jaar se kampe.

Die meeste van my kampe was by Pienaarsrivier, Hammanskraal-area. Van tyd tot tyd het ons ’n ruk by Waterkloof-lugmagbasis deurgebring, net buite Pretoria. Voor die kamp was daardie silwer Spitfire met die kort vlerke. My lugafweereenheid was daar gestasioneer.

Aan die einde van ons diensplig, in Hammanskraal, het ons bouspanne gehad. Een korporaal het sy Bedford tiplorrie te vinnig om ’n draai op die grondpad gedryf. Die lorrie was vol sand en het teen die skuinste langs die pad afgegly. Die ouens agterop het almal betyds afgespring en het taamlik ongedeerd daarvan afgekom, maar een soutie het vasgehou toe dit omslaan. Sy bene was onder die lorrie vasgedruk en erg beseer. Op die een of ander manier kon sy vriende hom uittrek, maar teen daardie tyd is die skade gedoen. Een ou het terug kamp toe gehardloop en hulp gaan kry, en die arme ou is per helikopter hospitaal toe geneem.

Later, op kampe, het dieselfde ou klerklike werk gedoen – maar op krukke! Hy het die krukke permanent nodig gehad. Hoekom hy nog sy bleddie kampe moes doen, verstaan ek nie. Kon hulle hom nie maar afgee nie? Dis die soort vermorsing wat ek pes, sy lewe is vir niks opgebokker. Nog ’n stupid ongeluk tydens diensplig.

Iewers in die laat-sewentigs het ek my driemaandekamp gedoen, maar ek het nooit teruggekeer Suidwes toe nie. Voor dit het ek die opsie gehad om nog ses of twaalf maande by my aanvanklike een jaar te doen, wat beteken het ek sou nie vir kampe in aanmerking kom nie. Ek het verkies om nie die ekstra tyd te doen nie, want die mooiste meisie in die wêreld het in Durban op my gewag. Ek dink agtien maande het R1 800 en geen kampe nie beteken. As jy twee jaar gedoen het, was dit R2 700 en geen kampe nie. Dit was baie geld. Toe ek uitklaar, het ek my eerste splinternuwe kar gekoop – ’n Beetle, vir R1 800 – en as ek ses maande ekstra gedoen het, kon ek daarvoor betaal het. As jy dit in vandag se geld omsit, is ’n splinternuwe Beetle R140 000 werd.

Só het dit gebeur dat ek moes kampe doen. My eerste een was in Februarie 1978. Die rede waarom ek dit onthou, is dat ek my leerlingkontrak as ’n ouditeur begin het en besig was met voorraadopname. In daardie dae was daar nie eens faksmasjiene nie, laat staan nog selfone. Toe ek terugkom by die kantoor, was daar ’n boodskap dat ek my HK moes bel. Het die oproep Maandag gekry. Teen Dinsdag was ek op die lorrie op pad na die Natalse grens van Mosambiek. Die Rutherford-gesin het winkels daar gehad wat voos geskiet is. Ons is in daardie area ingestuur om die terroriste te keer wat daar deurkom.

Terwyl ek studeer het om ’n geoktrooieerde rekenmeester te word, het ek nog drie kampe gedoen. Ons HK was in Soldier’s Way, Montana House. Het ten minste twee kampe daar gedoen. Toe het dit na Point Road geskuif. Vandag is die kamp ’n paintball-arena. Daar is nie dakke nie en van die mure het ingeval. Dis ’n murasie.

In die vroeë tagtigs het ek ’n paar kampe gedoen, maar net in Langebaan, en daarna niks meer nie. Langebaan-lugmagbasis was omtrent twintig kilometer van die vlootbasis af. Ek het gewoonlik een kamp ’n jaar gedoen, en nie vir langer as twee maande op ’n slag nie. Sommige jare het ek om uitstel gevra en later daardie jaar of die volgende jaar gegaan.

Op my tweede kamp het ek ’n volle korporaal geword. Ek was ’n wagbevelvoerder, wat beteken het ek stuur die troepe na die wagtorings en die hoofhek om die basis te beskerm – daardie soort van ding.

Ek het dit reggekry om in die orkes te beland. Ek was ’n musikant, so ek het trompet by 1 SAI gespeel en die doedelsak by die Cape Town Highlanders.

Ek het ook soms by ’n begrafnis gespeel. By een geleentheid het ek deelgeneem aan die begrafnis van ’n ou wat gedood is deur ’n fosforgranaat. Party ouens het De Brug toe gegaan. Die korporaal was besig om hulle te wys hoe om dit te gooi toe dit afgaan. Hy was nalatig. Omtrent ses-en-twintig van hulle is gebrand en van hulle is dood. Dit was hartseer om te sien hoe probeer ma’s en meisies hulleself op die kis werp. Ek moes die “Last Post” speel. Dit was een van daardie baie moeilike oomblikke.

Sommige ouers is vertel: “Hy het oor ’n tentpen gestruikel en gesterf.” Watter nonsens! Hulle is nie gesê wat regtig gebeur het nie. Hulle is belaglike goed wysgemaak en ons het daaroor gelag. Ek bedoel, wie struikel oor ’n tentpen en sterf? En hoeveel van hulle was veronderstel om dit oor te kom? Ek maak nie ’n grap nie. Van die verduidelikings was beledigend.

---

Het kampe by Koeberg-bataljon oor ’n tienjaar-periode gedoen. Toe ek my kampe gedoen het, het ek nog ’n streep gekry – pelotonsersant. Het meer geld gemaak. Het sewe kampe gedoen, elke Januarie. Elke flippen Januarie! Kersfees het gladweg verloop. Dan op die eerste Januarie kry ek ’n groot bruin koevert. “Hier gaan ons al weer.” Jy kon nie weier nie.

Ek was moeg daarvoor, en kwaad – maar eintlik net moerse moeg. Elke jaar! Dit het my mal gemaak – die ouens wat jou die heeltyd vertel om in te kom. Jy het geweet: hulle blaas die fluitjie en daar spring jy. *Doenk*! En as jy nie gaan nie, was daar ’n klop aan jou deur – die MP’s, die RP’s of die SAP – en hulle het jou flippenwil sonder om te huiwer opgesluit! Jy is dopgehou sonder dat jy dit geweet het. Hulle het geweet waar jy is, en moes duisende ouens so gevang het.

Ek wou nie my naam deur die modder sleep nie. Ek het gedink: “Ek sal maar net gaan en gaan en gaan tot wanneer ook al.”

My eerste kamp was in 1989, in Durban. Daar was ’n massiewe parade in die strate, gelei deur die doedelsakke van die Ierse Brigade. Dit was net vertoon – magsvertoon. As ’n Krygsbehoeftedienste-lid in 5 Onderhoud was ek aan die brigade toegedeel.

Ons is toe Lohatlha toe gestuur vir twee maande. Op daardie spesifieke tyd is ek aan die kombuispersoneel toegedeel. Ek moes maaltye voorberei en opdien, een dag aan en een dag af, terwyl die res van die onderhoudseenheid die voorste eenhede tydens maneuvers en skynlugaanvalle hervoorsien het. Op ons afdae het ons in die koppies gaan sit met verkykers en die bedrywighede dopgehou.

Op my tweede kamp was ek by die Umkomaas-kommando in Richmond waar ek algemene klerklike werk verrig het. Naweke het ek die Marnet beman – dit was ’n radio-kommunikasiestelsel wat die plaaslike boere met mekaar verbind het. Die gebied was plofbaar en baie plaasaanvalle het plaasgevind, so ons moes deurlopend in verbinding met die plaasgemeenskap wees. Terwyl ek daar was, is die Oosthuizen-paartjie vermoor. Hulle is buite hulle huis met messe gesteek en toe geskiet. Tereggestel. Ek het daardie oproep ontvang.

Ná 1990 het die army regtig gesukkel om ouens te kry wat op hulle dienspligoproepe reageer, laat staan nog om hulle sover te kry om kampe te doen. Die skrif was aan die muur en almal kon dit sien. Dinge het versleg uit ’n oproepoogpunt. Die army het nie drastiese stappe gedoen soos om mense te laat opsluit nie, soos hulle vroeër het nie, so baie ouens het net weggebly. Maar ek was een van die enkeles wat vir kampe opgedaag het.

My derde kamp was weer by Umkomaas-kommando. Dit was ongeveer 1991. Daarna is ek vir ’n vierde kamp aan die Natal Carbineers in Pietermaritzburg, waar ek gewoon het, toegedeel. Dit was baie kort – nie eens ’n maand nie. Weer eens het ek op die basis gebly terwyl die eenheid in die townships ontplooi is. Ek was in die kantoor.

My vyfde en laaste kamp was vir die 1994-verkiesing – net om beskikbaar te wees ingeval daar iets gebeur.

# Die Grens

Vir my laaste kamp, in 1978, is ek vir drie maande na Mukwe toe gestuur waar daar ’n sendinghospitaal was, nie ver van Pappa Falls nie. As ’n Medic het ek ’n verskeidenheid dinge gedoen. Ek was by Kompanie-HK gestasioneer wat hoofsaaklik na die PB’s omgesien het. Dinge soos algemene siekte, ooginfeksies, jeuksiekte, snyplekke, hondebyte, mense wat van fietse of lorries af val en sulke kak. Niks dramaties nie. Ons het ook na die gesondheid en higiëne van die kampe omgesien, soos om die toilette na te gaan. Daar was ’n geval van geelsug in die area en ons moes uitvind waar dit vandaan kom, maar ons het nooit nie. Dit het net verdwyn. Geelsug is ’n infeksie van die lewer. Ek het dit toegeskryf aan iemand wie se toiletdissipline nie na wense was nie.

Ek was gelukkig. Ons het nie enige kontak gehad nie en ek was dankbaar daarvoor. Ons was daar in Mukwe toe daardie manne van Katima doodgeskiet is. Hulle het ons nie daarvoor geroep nie. Hulle het self daarmee plan gemaak. Van Katima af sou hulle reguit Rundu toe gegaan het, en dan Pretoria toe. Dis hoe ek geskat het, want hulle het nie veel inligting bekend gemaak nie; ek het die meeste daarvan uitgevind toe ek teruggekom het. Ons was baie gelukkig dat ons nie enige ernstige kontakongevalle gekry het nie. Daar was min van ons. Ek het twee manne onder my gehad en hulle was baie, baie kilometers ver, na die suide se kant toe.

Uiteindelik het hulle gesê hulle het my nie meer nodig nie. “Jy’s in die hospitaaldienste, so jy kan maar uitklaar.”

“Fine,” het ek gesê. “Ek het in elk geval genoeg gehad.” In daardie stadium was die opleiding – alles – in ’n nuwe styl. Ek was ook al halfpad deur my dertigs, en my werkgewers het oor personeeltekorte gekla. Só het my verpligtinge tot ’n einde gekom.

In 1980 het ek by Wingfield-kamp in Kaapstad aangemeld. Jy het opgedaag met jou balsak vol goed wat jy gaan nodig kry. Items soos slaapsakke en webbing mag ons nie by die huis gehou het nie, en ons is daarmee in die kamp uitgereik. Ons het ons wapens eers op die Grens gekry. Toe is ons na DF Malan-lughawe waar ons in vier groot hangars wat vroeër die Shackletons gehuisves het, gewag

het. Ons het in die C-130’s geklim en Kimberley toe gevlieg. Die volgende dag het ons by een van die army kampe middagete geëet voor ons met Safair na Grootfontein gevlieg het. Toe ons daar aankom, was dit die middel van die nag. Ons is op trokke gelaai. Ons het nie geweet waar ons is nie en opgekyk na die sterrekonstellasies vir iets bekend – Orion se gordel of wat ook al – en natuurlik besef ons is nog in die Suidelike Halfrond. Dan is ons op Bedfords gelaai en in konvooi na Ondangwa toe aangery. Jy het jouself nie regtig bekak nie, net gedink: “O Here, hier gaan ons al weer.”

Ek het omtrent drie maande by die Ondangwa-lugmagbasis deurgebring. Daar was drie 40 mm- Bofors-kanonne op torings gemonteer as verdediging teen grondaanvalle. Die Recces was ook op die basis. Jy het hulle nooit gesien nie; net gehoor – besig om hulle “gaste” te ondervra. Hulle was in hulle eie afgekordonde gebied en jy was nie veronderstel om naby te kom nie.

Daar was altyd verskillende ouens op elk van die kampe, maar jy het vriende gemaak. Twee het ek lank ná my army dae nog geken. Toe hulle die eerste keer opkom, was hulle nog rofies. Uiteindelik was dit net die drie van ons. Hulle het agt mense in een tent ingedruk met omtrent geen ruimte tussenin nie. Twee rye van vier metaalbeddens. In elk geval, die drie van ons het besluit om kak te maak. Ons het aangegaan asof ons mal is – nie befok nie, net mal. Ons het gepoep, gehoes, geskree en sommer net ’n oorlas van onsself gemaak. Die vyf ander ouens het gebokkerof. Ons het die enigste tent met drie ouens daarbinne gehad. Ons wou niemand anders daar hê nie.

Vir patrollies het ons vir een nag uitgegaan en in die bos geslaap, dan weer ingekom. Dan een dag se rus, een dag se bystand, en dan gaan jy weer uit. Drie seksies van ons het binne ’n vyf- tot tienkilometer-radius geroteer. Wanneer die seksie uitgegaan het, was dit net ’n sersant en ’n two-liner. Almal van ons was Nasionale Dienspligtiges. Daar was nie luitenante of PF’s by ons nie, en ons het baie liberties gevat.

Gedurende die dag was ons verveeld, so ons het dan soms ’n R1-koeël geneem, dit in die loop gedruk en die kop afgewerk. Ons het al die kordiet in ’n termiethoop in gegooi en die termiete weggeblaas. Groot pret. Die koeëls wat ons darem gemors het! Ons het baie termiethope op patrollie opgeblaas. By dammetjies het ons ook pret gehad deur ’n handgranaat in te gooi, net om te sien hoe die water opstyg en neerplas. Daar was omtrent vyf sekondes nadat jy die handvatsel gedruk het voor dit ontplof. Die basis is ingelig dat ons gaan oefen, en het geweet waaroor die ontploffings gaan.

Om buite in die flippin reën te slaap! As dit daar gereën het, het dit moerse gereën. Die somerreëns in Januarie, Februarie en Maart was verskriklik as jy buite is. Ons is van nagvisie-toerusting voorsien – die soort wat jy soos ’n bril op

jou kop sit – om te sien of daar iemand in die omgewing is. Jy kon dit vir bestuur ook gebruik. Jy het jou bril opgesit, opgestaan en gekyk. Dit was geel, maar alles was so helder. Jy kon die vorm van ’n boom sien en wat daaronder was.

Snags was dit swart, swart, swart. Gedurende die dag was dit wit sand, soos seesand. Wit, wit, wit. Ek moes my Ray Bans die heeltyd dra weens die weerkaatsing. Daar was ook baie palmbome.

Ons het vuurgemaak en gebraai. Ons sou iewers vleis in die hande kry en vir middagete braai. Iemand het dit op die basis gereël. Ek het nog my dixie by die huis. Ek was mal daaroor om tee te maak – ’n lekker warm koppie tee. Die ding wat ek die graagste van die huis af gekry het, was tee, en blikkies kondensmelk. Behalwe dat dit so lekker versoet het en melk kon maak, was dit ook uitstekend om mense mee om te koop – dit was soos ’n ruilmiddel. Kondensmelk: die troepie se gunsteling.

Ons het ’n hele paar flieks saans gesien. Dit was tussen bospatrollies, wanneer jy vir ’n dag of twee terug op die basis was. Dit het die tyd laat verbygaan. Die fliekrolle het gebreek en gesmelt. Jy sal nog sit en kyk, in die donker, en skielik hoor jy ’n slag of sien ’n tracer deur die lug vlieg.

Die eerste keer dat ek letterlik honde teen ’n heining sien uitklim het, was toe PF-ouens op hulle geskiet het. Rondloperhonde het in die kamp gekom en die ouens was so gatvol dat hulle hulle geskiet het. Arme honde.

Omdat ons in Suidwes-Afrika was, nie Angola nie, het ek nooit kontak gehad nie. In die vroeë fases van die oorlog is baie van ons ouens dood. Hulle het ’n helikopter met ’n kolonel en ander offisiere aan boord neergeskiet omdat die lugafweer dit nie behoorlik kon identifiseer nie. Dit was op die nuus. Hulle het nie gesê wie dit afgeskiet het nie, maar dit was ons eie mense wat dit gedoen het.

Ek het met oproepdokumente, ’n kos-voucher en ’n treinkaartjie aangemeld. Ek het altyd seker gemaak ek het ’n lang ketting en ’n paar slotte by my. Daarbo moes jy jou wasgoed toesluit. As jy nie het, was dit van die draad af teen die tyd dat jy klaar gestort het.

Daar was spesiale treine wat op sekere tye vertrek het. Jy het by die stasie aangekom en op die trein geklim. Dan het ons by Pretoria-stasie aangekom. Die ouens het ons in ou Bedfords kom haal. Is Waterkloof toe, het toerusting gekry, en dan ’n Flossie na Ondangwa gehaal, wat ’n paar uur geneem het.

Ek onthou die eerste keer wat ons opgegaan het. Ons het daar aangekom en hulle vir vrywilligers gevra om ’n ander eenheid wat reeds ontplooi was, af te los. Ons sou net tydelik die toerusting moes beman. Die onderoffisier het gevra dat omtrent twintig troepe vorentoe tree. Hy het geweet party van ons het vroue

en kinders en wou ons nie sê wie moet gaan en wie nie. “Volunteers, tree vorentoe.” Almal het vorentoe getree. Die hele lot.

My laaste kamp was in ’84, ’n deel daarvan op die Grens by Ondangwa. Nie regtig diep kak nie. Hulle het eenkeer mortiere op ons gegooi en ons het teruggevuur. Dit was omtrent al aksie wat ons gesien het. Ek was nooit regtig midde-in dinge nie. Ek was saam met die 250 Lugafweereenheid. Ons het die Hilda gebruik, die Brits-ontwerpte Tigercat-stelsel. Toe ons dit van Jordanië af kry, was dit in woestyn-kammo geverf met Arabiese skrif op die agterkant. Ons het dit bruin gesprei. Hulle is om die basis ontplooi en met die aanloopbaan langs, basies om dit te beskerm. Die idee was dat as die vyand deurkom met hulle vliegtuie, het ons ’n verdedigingstelsel in plek vir die aanloopbaan en die basis. Maar die werklikheid was dat dit nooit gebeur het nie. Hulle het nooit so ver in ons lugruim ingekom nie.

In die oggend het jy opgestaan, die ding ontplooi en dan gesit en wag. Net in die son gesit, aan’t ballas bak, en gewag dat dinge gebeur. Ons is langs die aanloopbaan uitgesit en het die Flossies en Daks en ander vliegtuie sien land en opstyg. Soms, soggens, het ons gekyk hoe Impalas opstyg. Hulle vlerke het gekreun onder die gewig van langafstand-tenke en skietgoed. Hulle is weg. Twee uur later het hulle teruggekom met niks nie, en een of twee was ’n bietjie raakgeskiet. Die meeste luggevegte het ver anderkant die Angolese grens plaasgevind.

Om terug te kom was altyd ’n lekker partytjie. Baie van ons op die trein. Jy was bly om huis toe te gaan.

Elke keer dat ek kampe gaan doen het, het ek dieselfde ou gesigte gesien, minus ’n paar hier en daar, en gedink: “Waar is die res van die ouens? Hoekom is *hulle* nie hier nie?” Later het ek steeds al daai bleddie oproepinstruksies gekry en dit net in die drom gegooi. “Bokker dit! Hoekom moet ek gaan kampe doen? Dis dit. Het my deel gedoen.”

Sommige ouens het lekker werke gehad, soos die laaimeesters, maar vir die gemiddelde ou was dit net kak. In my tyd het die loadies omtrent ’n maand se opleiding gehad en oral saam met die Flossies gevlieg. Ouens het altyd by hulle gatgekruip – hulle was altyd almal se beste vriende. Jy het hulle ’n kis bier gegee en gesê: “Hei! Het jy plek terug Kaapstad toe?” Natuurlik was daar altyd plek en hulle het ’n paar van hulle maatjies saamgesmokkel en Kaapstad toe gevlieg vir ’n naweekpas. Hulle het ook danger pay gekry omdat hulle op die Grens was, plus ’n streep. En omdat hulle deel van die PF-bemanning was, het die vlieënier – wat altyd ’n kaptein was – gesê: “Hy staan nie die naweek wag nie. Hy’s in my span en ek het hom nodig.” Hulle het nooit waggestaan nie, daardie ouens. Hulle is so goed behandel. Dit moes die beste werk in die lugmag gewees het.

Ek het later ’n stafsersant geword. Ná die eerste kamp wat jy gedoen het, het jy ’n sersant geword. Toe doen ek ’n stafkursus in Kimberley. Ek het agt kampe gedoen, maar ek het gelukkig nie townships gedoen nie, omdat ek meer in die Suidwes Operasionele Area was. Ek het nooit kontak gehad nie.

In 1984 het ek ’n kamp in die Caprivi by Katima Mulilo gedoen. Ek het gegaan om oorlog te maak en toe ek daar kom, uitgevind ons speel gholf en vang tiervis. Hulle het ’n Katima Mulilo-buiteklub gehad. Daar was ’n groot kroeg waar al die lugmagouens uitgehang het. Ek het daar aangekom en die ouens met hulle gholfkarretjies gesien. “Hei! Wat gaan hier aan?” het ek gevra.

“Nee wat, boet. Ons speel gholf, man!”

“O. Ek speel gholf.”

“Wat’s jou handicap?”

“Ag, omtrent so elf.”

“Nouja, kom saam.” Een ou het my ’n putter gegee, ’n ander ’n hout en nog een ’n yster. Ek het ’n hele stel gholfstokke gekry. Die baan was diesel en sand. Daar was nie greens nie – hulle is “browns” genoem. Diesel het die bossies doodgemaak en die sand dikker gemaak. Jy kon oral met die skoonveld langs afslaan. Die eerste bal wat ek geslaan het, het ek verloor. As jy tot op die brown gechip het, het die bal doodgestop. Daar was ook ’n sethou-strook wat met ’n stuk wasgoedlyn glad gemaak is. Die gaatjie was in die middel van die strook en as jy die naaste was, het jy die beste kans gehad want die agterste ouens het sethoue gespeel en dan speel jy met die groef langs wat hulle balle gemaak het. So die truuk was om die naaste te wees.

As ’n mortaris is ek saam met dertig troepe gestuur, insluitend my luitenant, wat nooit mortiere gedoen het nie. Ek het ’n peloton van sewentien drywers, tien kokke en *een* mortaris gehad. Ek en hy moes die ander in twee weke oplei. As ons die mortiere afgevuur het wat die lesings aangedui het, sou ons die dorp opgeblaas het. Ons dorp. As gevolg van my kennis moes ek ook ouens by Mpacha en die vlootbasis by Wenela vir twee weke op ’n slag oplei. Hule het mortiere in hulle basisse gehad, maar nie mortariste nie! Ek moes die troepe bedrewe met die wapens maak. Die SA Vlootsoldate was daarbo, as gevolg van die Zambezirivier, wat na die Karibameer gevloei het. Hulle het ’n groot militêre trekskuit gehad wat mense vervoer het.

In 1978, voor ons soontoe is, is een van die Katima-basisse met daardie 122 mm- Rooi Oë getref. ’n Bungalow is direk getref. Tien ouens is dood met omtrent dieselfde getal gewond. Ons het foto’s van die plek gesien. Daar was lyke in die bome. Teen die tyd dat ons daar gekom het, in ’84, het daar niks aangegaan nie. Al wat ons gedoen het, was basisbeskerming en om in die son te lê en tan.

Eenkeer was daar ’n situasie waar die Bren-draer ontsteld was omdat hy die ding moet ronddra. Dis swaar. Sy buddy het al die ammo gehad. Die Bren-ou, ’n rooikop, het gekla: “Hei, Korporaal, dis ’n kak job. Hoekom moet ek dit dra en skoonmaak?”

“Want as jy dit nodig kry en dis nie skoon nie, gaan jy ’n groot probleem hê!” Binne ’n halfuur nadat hy dit skoongemaak het, hoor ons: “Kontak! Kontak! Wag. Uit.” ’n Paar ouens ’n ent van ons af weg het aksie gekry. Die ou het ophou kla en daarna die ding gereeld ge-Brasso. Dit het geblink!

Daar was ’n kamper in die Caprivi wat ’n troep deur die bors geskiet het omdat die ou nie respek vir die korporaal gehad het nie. Ons het pas by ’n nuwe basis aangekom. Die kamper het na my toe gekom en gesê: “Hei, Sersant, ek gaan nie hier regkom nie. Ek moet op patrollie gaan of ek gaan mal word in hierdie plek.” Ons is na die basisbevelvoerder en het hom gesê ons het ’n probleem. Ons het verduidelik ons hoofkompanie doen patrollies in die Oshikati-area en ons wou hom soontoe stuur want hy gaan nie waar ons was, regkom nie. Sy reaksie was: “Ag, julle ouens is in bevel hier. Maak hom regkom.”

Die ding was, die ou was al omtrent dertig jaar oud en het reeds sy tien kampe gedoen en het geweet hy gaan nie regkom nie.

Hulle was besig met basisbeskerming op ’n eilandjie af met die rivier. Die troepie het astrant met een van die korporaals geraak. Die kamper het sy R1 uitgehaal en die troepie deur die bors geskiet. Hy is gelukkig nie dood nie, omdat hy van so naby af geskiet is. Dit het net dwarsdeur gegaan. Die R4 sou meer skade aangerig het – sou ’n groot gat aan die agterkant gemaak het. As dienspligtiges het ons R4’s gehad, maar in daardie area is net R1’s aan ons uitgereik. Hy het skotvry daarvan afgekom omdat ons die bevelvoerder gewaarsku het hy moenie daar wees nie.

Jis, ’n ander onderwerp. Ek kan Peloton Drie onthou. Hulle was besig met Nasionale Diensplig en nie op ’n kamp nie. Hulle was regte drek. Al die slegte ouens was in daardie peloton. Hulle was rebels, daardie ouens – selfs die luitenant – net plein slegte ouens, en om op die Grens te wees het nie gehelp nie. Ek het ’n paar keer met hulle te doen gekry. Een ou het Sosegon uit my Medic-sak gesteel. As deel van die oggendparade moes ek die troepe inspekteer. Ek het gesien ’n ampule is weg en ek het geweet wie dit gedoen het. “Waar is dit?” het ek gevra.

“Ek weet nie, Sersant.”

“Wel, dan gaan ek jou moet aankla.” Toe vertel hy my wat gebeur het. Hy en sy maat het buddy-buddy geslaap – een ou hou chips terwyl die ander slaap. Toe hy sy maat wakker maak, het die ou, nog half aan die slaap, hom begin slaan. Hy het gesê hy het die medikasie nodig gehad om vir sy maat te gee. Dit was sy

verskoning. Sulke simpel goed het gebeur.

Ha – Peloton Drie! ’n Uitgehongerde koei het eenkeer die TB binne geloop en inmekaargesak. Ek en my maat het dit blare probeer voer. Dit het opgestaan en na Peloton Drie se kant toe beweeg. Hulle het daarmee begin speel. Twee van die regtig nare manne het sowaar die koei probeer bykom! Hulle het klaar probeer om een van die plaaslike vroue te verkrag, maar sy het laat vat. Ouens het foto’s van hulle geneem terwyl hulle hierdie half dooie koei naai. Hulle was seker plaasjapies.

Daardie nag was stil; nie ’n enkele geluid kon gehoor word nie. Ons het rondgesit, besig met orders, en een offisier het die kaptein gevra: “Het jy gehoor wat vandag gebeur het?”

“Nee.”

“Twee ouens het ’n koei genaai.”

“WAT? GAAN KRY DIE DONNEEEERS!” Hulle het geskat sy kreet het kilometers ver weerklink. Toe hulle geroep word, was een nie daar nie. Die ander ou is ingebring. Die kaptein het baie stadig gevra: “Sê vir my, hoe is dit om ’n koei te naai?” Die ou het na die kaptein gekyk en, netso stadig, gesê: “Kaptein, ’n vark is beter.” Dis toe dat die kaptein crack en die ou met ’n ammo-kis slaan.

Die twee is later terug na die hoofbasis gestuur en ’n oneervolle ontslag gegee voor hulle terug Middelburg toe is. Die polisie het hulle ses houe met ’n rottang gegee. Dit het ’n burgerlike saak geword en hulle is vir een jaar opgesluit: poging tot verkragting en bestialiteit. Ná hulle vonnis is hulle vir nog twee jaar opgeroep – nie dat die army daardie ouens nodig gehad het nie.

Intussen het Peloton Drie uit die TB verdwyn en daar was nie radiokontak nie. Weg. Ons kon hulle nêrens kry nie. Hulle het almal gesê: “Bokker dit!” en gewaai. Peloton Vier het uitgegaan en binne ’n uur het dit geklink asof daar oorlog langs ons is. Ons het geweerskote gehoor, en oor die radio: “Kontak! Kontak! Wag! Uit!”

Die kaptein het twee verskillende kontak-roepe oor sy radio gehoor en uitgewerk dat die twee pelotons op mekaar skiet. “STAAK VUUR! STAAK VUUR! JULLE SKIET FOKKEN DONNERSWIL OP MEKAAR! STO-O-O-P!”

Ons het dit toe nie geweet nie, maar dit was Peloton Drie teen Peloton Vier! Nommer Drie het rondgesit, almal vrot in ’n cuca, toe hulle ’n gewapende swart ou sien. Hy was die spoorsnyer wat voor Peloton Vier geloop het. Toe hulle hom sien, het hulle begin skiet. Hy het self geskiet – omtrent tweehonderd rondes – reg in die kraal in, maar nie een ou is getref nie. Ná die stof gaan lê het, het Peloton Drie se luitenant en korporaal in ernstige moeilikheid beland, en is hulle

voor ’n krygsraad gedaag.

Op my eerste kamp het ons ’n ammo dump oos van Pretoria opgepas. Toe, op ’n ander kamp, is ek Oshivelo toe. Dit was 1988, die jaar toe Suid-Afrika uit Angola onttrek het. Ons het ’n kwartiermeestersbasis in die bos opgestel vir al die voorrade wat ons verwag het, uit sou kom. Dis eers ná ek weg is dat die goed ingekom het, so wat daar was, kan ek nie sê nie. Maar ek is seker daar het ammo ook teruggekom, want daar was ’n dump omtrent tweehonderd meter verder weg.

Op my laaste kamp, reg aan die einde, in ’88, toe ons verslaan is – want ons is verslaan, ons is goed opgemors – was ek in die hospitaal met diabetes. Ek het meer as sestig ouens sien inkom met malaria. Ek het vir die verpleegsters gesê: “Malaria? Waarvan praat jy, malaria? Ek was amper twee jaar op die Grens en in daardie tyd het net een ou, in ’n kamp van duisende ouens, malaria gekry! Hoekom het al hierdie ouens malaria?” Dit was net hulle verduideliking; dis wat hulle gesê het, maar in werklikheid is ons in stukke geskiet. MiG-23’s het ons opgedonner. Hulle gunships ook. Ons Ratels het nie ’n kans gehad nie. Maar niemand wil daaroor praat nie. Ons ouens was einde ’87 en vroeg ’88 ver in Angola in, tydens Ops Hooper en Ops Packer, tydens die slag van Cuito Cuanavale. Kyk, dit was dalk ’n politieke besluit om te onttrek, en die ANC en die Kubane het nou daarvan ’n propagandastuk gemaak oor hoe hulle die rassistiese SAW verslaan het. Maar ons is nog steeds op ons hel gespeel.

Op een kamp, by Rundu, was die RSM ’n ou Pantser-ou. Hy het ons – wat ook in Pantser was – gesien en my nadergeroep. Hy het gesê ek moet die parade lei. Ek het nog nooit ’n parade in my lewe gedoen nie, al het ek die strepe gehad, en dit aan hom probeer verduidelik, maar hy wou niks weet nie. Dit was een van daardie groot vlaghysingsparades. Ek het die ander vinnig gevra wat om te doen. Op die ou end het ek reggekom; ek het dit gedoen. Die ouens op parade het my uitgehelp. Hulle het almal gelag.

Die laaste kamp wat ek gedoen het, was net toe ek begin werk het. Toe was dit verby – ek was klaar.

# In Angola in

In ’83, gedurende Ops Askari, was ons basis naby Caluequedam en ons het ’n deel van die Kunenerivier gepatrolleer. Langs ons was 32 Bataljon. Toe eendag het hulle met al hulle toerusting letterlik verby ons gehardloop – offisiere en manskappe. Hulle het net skielik in die middel van die bos hulle verskyning gemaak. Die hele bataljon het verbygekom en ons het hulle toegejuig, maar ek was verbaas. Hulle was in die rigting van Ongiva op pad, terwyl ander op pad hiernatoe was.

Ek was nog ’n skutter en het ’n majoor se persoonlike adjudant (of aide-de-camp) geword. By een geleentheid het twee pelotons van Bravo Kompanie langs die rivier verdwaal, naby die dam. Hulle was deel van ons kompanie in die Cape Town Highlanders. Om die een of ander rede het hulle nie enige radiokontak gehad nie; soos ek was hulle kampers, wat dinge dalk verduidelik. Wat ek nie geweet het nie, is dat ’n vrywilliger gesoek is om ’n sersant-majoor te vergesel terwyl hy hulle opspoor. Die ou was ’n Portugese man wat in die omgewing gebly het. Die hele kompanie het aangetree. Ek was nog deur die mis en half aan die slaap. Skielik het die hele kompanie drie treë terug gegee en ek het soos ’n dodo daar bly staan. Ek was ’n bietjie dof en het nog nie agtergekom hoe die hele stelsel werk nie. Toe gaan hy en ek ’n bietjie uit – ek met radiopak, volle kit en rat packs.

Ons het hulle ’n dag en ’n half later langs die rivier gekry. Hulle het nie geweet hoe om hulle kaarte behoorlik te lees nie – nie eens hulle sersant nie. Baie ouens het nie. Dit was gek. Dit was eintlik pret, op ’n manier, net ek en hierdie sersant-majoor.

Die grootste deel van my Nasionale Diensplig, en die tydperke daarna saam met die CTH, het ons dagga gerook. Ek is jammer, ek hou nie daarvan om dit te sê nie, maar ek dink selfs die offisiere het dit gedoen – dalk omdat hulle nie seker was wanneer kry hulle ’n koeël van agter af nie. Op die Grens het hulle almal sweetie-pies geraak. Hulle hele gesindheid het verander. Toe ons op die basis was, het hulle ons gedril en gedril, maar daarbo in die noorde was dit ’n ander storie. Ons het hulle maatjies geword. Ja, ons het hulle gerespekteer en bevele uitgevoer, maar daarbo was die hele ding anders, soos om aan 32 Bataljon gesekondeer te wees. Ons het een kant van die Caluequerivier hanteer en 32 die

ander kant, naby die dam. Hulle het die dele wat ons nie gedek het nie, oorvleuel. Ons het bygestaan met die uithaal van wapenopslagplekke – baie goed gedoen.

As ’n musikant het ek doedelsak vir CTH begin speel, maar as jy my mening vra, dink ek hulle is bosbefok. Heeltemal. Ek bedoel, wie vat doedelsakke oor die Angolese grens en sê: “Reg! Speel die ‘Reveille’ en ‘Last Post’?”

“Julle ouens moet mal wees!” het ek gesê.

“Nee! Nee! Ons wil hê hulle moet weet ons is hier! Laat hulle kom! Ons het ’n goeie span.” Dit was soos om te sê: “Hallo! Hier is ons! Zoom in op ons! Kom skiet die hel uit ons uit!” Dit was malligheid! Daar’s iets regtig gek daaraan. Dit was bossies – totaal bossies – maar hulle was beslis nie bang nie. Wanneer dit by aksie gekom het, is hulle baie vereer. So daar het ek buite in die bos gestaan en die doedelsak vir die CTH bespeel. “Cock o’ the North”, “Barren Rocks”, “Reveille” gestaan en speel. Die ouens wakker gemaak; teen sonop en sononder gespeel.

“A! Daar is hulle!” het die vyand later gesê. Hulle het goed geweet waar ons is. Ek onthou dat ek gesien het hoe Katyushas inkom en almal na skuiling soek, dan slaan hulle ons met mortiere. Ek het daardie dag baie dronk geraak – baie whisky gedrink – en alkoholvergiftiging gekry.

Op daardie kamp was ek nog saam met die gemeganiseerde infanterie. Dit was moeilik in daardie dae. Kos was nie altyd vrylik beskikbaar nie. Rat packs, wat veronderstel was om vir een of twee dae te hou, moes somtyds ’n hele week dek. Ook het baie van ons ouens wat ingegaan het, nie weer teruggekom nie. Hulle is natuurlik in stukkies geblaas. Jy vra of ek hierdie storie met jou wil deel. Wel, van dit is nog baie diep in my begrawe en ek kan dit nie uitkry nie. ’n Vriend het my dekking gebied. Ek het gedink hy is op die grond omdat dit vuur en beweging was, en dit was sy beurt om my te dek. Toe val ek omdat dit sy beurt was om op te staan en te hardloop. Ek het gedink: “Waar de hel is hy? Hy moet opstaan.” Toe hoor ek: “Medic!” en ek weet hy’s weg. Iemand met wie jy die ruimte in ’n Ratel gedeel het, was weg. Dit was nie ’n grap nie. Buddies – close buddies. Dit was nie snaaks nie.

Toe ek terugkom, het ek nie meer oor dinge gepraat nie. Ek het my heeltemal teruggetrek. Toe raak ek godsdienstig en verdiep my daarin. Daardie kamp was my laaste. Ek het geweier om terug te gaan. Ek het net gesê: “Nie nog nie. Genoeg. Dis dit.” Toe die MP’s agter my aankom, was ek nie daar nie. Hulle het my ma gekontak, wat aan hulle gesê het sy het die army kapelaan in kennis gestel dat ek nie terugkom nie. Ek het nie oorsee gegaan nie, maar Transkei toe geryloop. In daardie dae was dit ’n tuisland, en ek het van tuisland tot tuisland beweeg tot alles verby was. Ek het laag gelê omdat dit was wat ek moes doen.

Ek het nie ’n keuse gehad nie.

Ek is die eerste keer tydens Nasionale Diensplig op Grens toe, in Desember 1978. Ná die tyd is ek na die Universiteit van die Vrystaat toe. Ek het probeer om al my kampe klaar te maak teen die tyd dat ek begin werk het. Daar was tweemaande-kampe in die universiteitsvakansies, en jy kon in Junie en Julie kursusse doen. Ek het reeds tydens diensplig ’n korporaal geword. Ek het ’n sersantkursus gedoen wat as ’n maandkamp getel het. Dit was by De Brug in die bleddie winter. Ek het deurgekom en my derde streep gekry, hoewel ek nie voor dit ’n instrukteur was nie.

Ons het baie keer direk van Bloemspruit-lugmagbasis af in Flossies Grootfontein toe gevlieg. Eenkeer het ons Pretoria en toe Ondangwa toe gevlieg. Ek was in Desember ’83 op Ops Askari; dit was ’n kamp waarvoor ek gevolunteer het. Ons is saam met die Vrystaat se universiteitskommando op om die ouens te gaan aflos wat die basisse in die suide van Angola opgepas het. Hulle het nie genoeg ervare dienspligtiges gehad om dit te doen nie, toe word ons opgestuur.

Ek het voor dit al die drywerskursusse vir Ratels tydens my dienspligdae gedoen. Ek het toe aanbeweeg na die kanonne toe en is as bemanningsbevelvoerder opgelei. Hulle wou ervare ouens hê. Ons crew het uit ’n kaptein as kanonnier, ’n twee-pip luitenant en ’n sersant, en ek, as bevelvoerder bestaan, so ek kon die kaptein bevele gee. Jy het gekies wat jy wou doen en wat jy die meeste geniet. Dit was in elk geval die ouens wat saam met jou studeer het. Jy het hulle elke dag in die klas gesien; daar was dus ’n ontspanne atmosfeer. Dissipline het egter nie agterweë gebly nie, en ons het almal geweet wat ons moet doen.

Op Ops Askari was ek ’n laaier en het met die drywer beurte gemaak. Ons is Cahama toe en het daar rondgeploeter. Het dit van alle kante probeer aanval, maar hulle wou nie skiet gee nie; ons kon hulle nie beweeg nie. Die politici het gesê ons moet onttrek, en op Oujaarsaand is ons weg. Ons het gedink ons gaan huis toe, maar moes toe links draai en Cuvelai aanval en die dorp inneem. Ons het Ratel 90’s gebruik. Daar was omtrent twintig gepantserde voertuie en omtrent twintig gespesialiseerde infanterievoertuie, insluitend vuurpyllanseerders, asook die rugsteunvoertuie met petrol, kos en ammunisie, en ’n infanteriekompanie van omtrent honderden-veertig troepe. Gewoonlik werk ons met gemeganiseerde infanterie, maar by hierdie geleentheid het normale infanterie van 1 SAI ons bygestaan.

My bevelvoerder is getref. Hy was ook die heeltyd op die radio. Hy het ’n

goor werk gehad. Hy moes die teikens aan die kanonnier deurgee, vir my as die drywer sê waarheen om te gaan *en* met die hoër range kommunikeer. Ek dink nie hy kon dit hanteer nie. Die kanonnier was ook trigger-happy en het na teikens gesoek om te skiet. Toe die bevelvoerder getref is, het almal geskiet. Al wat jy gehoor het, was: "Ons het hom! Ons het hom!" Maar die bevelvoerder het nog nie eens 'n teiken aangedui nie. Hy en die kanonnier het albei hulle luike oop gehad. Die kanonnier se luik het na die agterkant oopgemaak en die bevelvoerder s'n na die voorkant, soos 'n skild. Die twee het hulle koppe uitgesteek en weer teruggetrek, op soek na teikens, en daar was waarskynlik 'n terr wie se oë wyd oop was. Die derde of vierde keer wat dit gebeur het, het hy met 'n AK losgebrand. Twee koeëls het die luik getref en in die Ratel in gegaan. Ek het net 'n paar stukkies verf in my gesig gekry weens die skrapnel. Die kanonnier is getref, maar nie ernstig nie. Die bevelvoerder het egter erg gebloei. Ons het al die verbande wat ons kon kry, op hom gebruik, maar daar is besluit dis die beste om hom maar weg te neem, en hy is ge-casevac. Toe het ek in die skiettoring gaan staan en die tweede-in-bevel het as bevelvoerder oorgeneem.

Ons moes T-34's en T-55's aanvat. Die T-34's was nie mobiel nie, maar in die grond ingegrawe. Hulle toerusting was eenvoudig net baie beter as ons s'n, maar ons opleiding was beter. Ons het een uitgeskiet en die ander het net opgehou. Hulle bemannings het weggehardloop – hulle was meesal FAPLA, maar Kubane ook. Hulle was normaalweg die eerste ouens wat gewaai het wanneer die kak begin het; hulle het net in hulle voertuie gespring en gery. Ons kon sien hulle is haastig weg. Een ou het sy beursie met geld en persoonlike goedjies in gelos. Ons het agtien tenks uitgeskiet en eenen-twintig gevange geneem sonder dat daar 'n merkie aan hulle was. Party van hulle enjins het nog ge-idle. Ons het nie 'n enkele verlies gehad nie.

By Cuvelai het ons in 'n mynveld beland. Die plantegroei was baie dig en toe is daar skielik 'n groot, oop vlakte. Ons het uitgesprei en vorentoe beweeg. Die bevelvoerder het geweet ons was naby 'n mynveld. Dit was in die dae voor GPS, so die presiese ligging van die plek was nie bekend nie. Ons het nie geweet dis hulle doodsakker nie. Toe is twee Ratels getref, dink ek, en ons is beveel om te stop net waar ons is. Ons was in die oopte en daar was nie dekking of skuiling nie. Die infanterie is aangesê om uit te klim. Ons kon loopgrawe sien waar die bosse aan die rand van die veld begin het, en kleingeweervuur het van daar af gekom.

Die volgende oomblik is die Infanterie-Ratel tussen my en my maat s'n op sy sy getref. Die impak het 'n gat van omtrent 'n meter wyd gemaak. Ons het besef daar is 'n tenk iewers in die bosse, maar ons kon nie die bleddie ding sien nie. Wat ons gered het, is dat sy loop teen 'n boom gedruk het, en hy moes toe

vorentoe beweeg wat groot bolle rook veroorsaak het. Toe sien ons die tenk. Dit was omtrent tweehonderd meter van ons af, agter die loopgrawe. Ek en my maat het albei met anti-tenkprojektiele laat waai. Ons het dit vierkant getref, maar dit het aan die brand geslaan en tussen die bosse weggery.

My maat het gesien wat met die Ratel gebeur het. Hy onthou ’n helder lig en die gat met vuur aan die binnekant. ’n Luik het oopgemaak en gekleurde rook het uitgekom. Dit het toe- en weer oopgemaak, maar die binnekant was die ene vlamme. Die luik het ’n laaste keer toegeval. Al veertien infanterietroepe is dood.

Die ander infanterie, met hulle wapens op volle outomaties, het weldra die terrs ondergesit. Hulle is as FAPLA geïdentifiseer. Ons het die tenk ’n paar dae later gekry. Twee bemanningslede was nog binne-in. Die een ou se kop was heeltemal weg. Die ander een se liggaam was in twee verdeel. Die derde, wat die drywer moes gewees het, was weg. My maat het die bevelvoerder se kep en ’n AK-47 bajonet gehou.

Ek het met ’n gewese Staandemaglid gesels, ’n voormalige kaptein in Militêre Intelligensie. Hy het die SAW in 1993 verlaat. Hy glo vas dit was nie die Nasionale Dienspligtiges, of selfs die PF’s, wat die grootste deel van die oorlog in Angola gevoer het nie. Dit was die Burgermag – die oumanne, die kampers, die bosoupas. “Hulle was die ware kanonvoer,” het hy gesê.

# Die townships

Jissie! Het ek kampe gedoen! Ses in vier jaar. Twee keer is ek twee keer in een jaar opgeroep. Ek het kampe gehaat. Dit was altyd in die townships want teen daardie tyd, die middel-tagtigs, het die binnelandse kak al begin. Ons ouens het soos cowboys aangegaan – geskiet en sambokke gebruik en gemaak soos hulle wil. Die kampers en Nasionale Dienspligtiges het soos barbare aangegaan. As hulle ’n groep ouens saam iewers heen sien stap, dan was hulle terroriste. Hulle het uitgeklim en die kak uit die mense geslaan, om geen goeie rede nie. Die korporaal kon dit beveel het, of die luitenant het nie omgegee nie. Hulle het teruggekom en dan in die kroeg gelag. Selfs die kommandant sou kroeg toe gaan en vra: “Hoeveel kaffers het julle vandag gedonner?” Lekker lag. Dit was kak; ek het regtig nie van daardie kampe gehou nie. Dit het ook ’n mens se lewe omvergewerp. Ek het gewerk, en later het ek getrou. Ek wou nie daar wees nie, maar ek moes gaan. Ons moes almal. Ek het nie regtig ’n keuse gehad nie.

Niemand het omgegee wat in die townships gebeur nie. Mense het in kak omstandighede gewoon. Jy kon dit sien. Ons het rondgery en gekyk en gesê: “Jis, dis nie ’n lekker plek om te bly nie.” Een van die kampe was by Springs Kommandement. Ons het in Daveyton ingegaan waar daardie betogers in 1961 geskiet is. Het Soweto en Alexandra ook gedoen. Suid-Transvaal Kommandement was die eenheid waar ek die meeste van my kampe gedoen het. Die HK was net buite Gold Reef City, en so was al ons kampe in die bleddie townships! Ek het veel eerder Grens toe gegaan as ’n Ops Medic. Jy kan die twee nie vergelyk nie.

Het kampe gedoen, een ’n jaar, jare lank. Sestigdae-kampe, negentigdaekampe. Twee keer is ek op Grens toe, maar die meeste van die tyd het ek townships gedoen – bushaltes opgepas terwyl pendelaars op die verbygaande busse ’n mens vloek terwyl jy by die hekke staan. Soweto, Doornkop, Diepkloof – baie plekke. Dit was in die vroeë dae, 1986, 1987.

Ons het ons R4’s aan ons belde vasgemaak omdat hulle ons omsingel het, omtrent twintig ouens. Hulle het almal gesels en dan het ’n klein laaitie na ’n geweer gegryp. Hulle het ons wapens probeer steel, so wat ek gedoen het, was

om ’n stuk bordkryt te neem, ’n hoekie by die stasie te kry, ’n groot sirkel om my te trek en te sit. Ek het gesê: “Dis my ruimte. Betree dit en jy’s dood. As jy so naby aan my kom, is jy ’n bedreiging vir my, en jy’s dood. Wil jy iets vra? Ek weet nie wat jy wil hê nie, maar staan buite die wit lyn. Kom nader en ek skiet jou.” Einde van die storie, en hulle het dit geweet. Ek het dit selfs vir groot mammas gesê wat te naby gekom het.

Ons is op patrollie in daardie klein Buffels uit. Eenkeer het een van die kinders ’n tennisbal na ons gegooi. Ons het nie geweet dis ’n tennisbal nie – al wat ons gesien het, is dat hy iets gooi. Die volgende oomblik skree ’n ou: “Granaat!” Ons het almal uitgespring. Rondomverdediging. Die drywer het gesê: “Nooit, dis ’n flippen tennisbal.” ’n Ander keer het ’n kind ook iets gegooi. Terwyl dit nog in die lug was, het een van die ouens hom geskiet. Weg. Die polisie het die situasie kom uitsorteer. Die kind het ’n avokadopeer gegooi. Dis waarvoor hy sy lewe verloor het. Hoe moes ons weet wat dit was.

Dit het dinge vir ons opgeneuk. Daarna het alles verander. Buffels het nie meer in daardie lokasie ingegaan nie. Pleks daarvan het hulle ons in iets soos klein Datsunbakkies met canopies en flappe ingestuur. Ons het agterop in plastiekstoele gesit, met ons R5’s, en net gewag dat iemand ons doodmaak – ons was ses maklike teikens daarbinne. Dit was stupid. Belaglik.

Het hier na die vierde kamp toe ’n bietjie townships gedoen. Hulle het nie geweet waar om ons toe te deel nie. Dinge het begin erg raak. Toe begin die townships en hulle plaas ons in Youngsfield in Kaapstad. Enige soort kak het daar gebeur en ons het uitgejaag na waar ons ook al nodig was. Ons is met klippe en bakstene gegooi, maar ons kon niks daaromtrent doen nie. Al ons magasyne is met plastiek verseël en as jy dit breek, was jy in diep kak. Daar het jy in die voertuig gesit en jy moes vir klippe koes. Jy het hard gehoop dis nie ’n handgranaat of ’n petrolbom wat na jou kant toe kom nie. Maar ag, ons het dit hanteer. Ouens het goed oor die weg gekom. Die goeie ou dae.

---

By die eerste kamp, op Heidelberg in die Transvaal, was daar weer ’n klomp van die ou groep bymekaar. Ons is as ’n eenheid opgeroep. Die eerste nag het ons so dronk geword dat hulle ons gewere afgevat het.

Ons was veronderstel om anti-onluste in die townships te doen. Maar ons het ’n wit woonbuurt binnegery en ’n klomp boere wat onder die AWB-vlag rondry,

getreiter. Ons het hulle voorgekeer en deursoek vir onwettige wapens. Hulle was die enigste soort ouens op wie ons graag ons wapens gerig het. Dit het glad nie goed afgegaan by ons Kommandement nie, en hulle het ons gewere weer afgevat.

Dis nie dat ek nie die kampe geniet het nie – ons is twee biere ’n dag toegelaat, en ons het dit bymekaargemaak sodat ons ’n hele paar op ’n slag kon drink. Ook was die kroegman ons vriend. Een van ons het hom gehelp en soveel bier as wat ons wou hê, daar gekry. Ons het ’n royal time gehad en basies die res van die twee maande elke dag in die bungalow gedrink en met die stelsel gemors terwyl ons betaal is. Hulle het ons uitgelos – hulle het nie van ons houding gehou nie.

Hulle het ons net drie dae op die tweede kamp verduur voor ons huis toe gestuur is. Op die eerste dag het ons nie vir parade opgedaag nie. Toe het ons al ons slaapgerei “verloor”. Later het hulle ons net laat gaan.

# SO, OP DIE OU END …

As Nasionale Diensplig nie verpligtend was nie, het ek nie die moeite gedoen nie. Maar dit was verpligtend en toe doen ek dit net. In 1990 het die wet vereis dat ons al ons besonderhede moes verskaf wanneer ons sestien word. Al die seuns moes na die skoolsaal toe gaan waar hulle vorms moes invul wat toe army toe gestuur is. Ek het nie geweet wat ek invul nie. Dit was verkeerd om dit aan kinders te doen. Hoekom teken ’n mens nie die vorms wanneer jy ouer en gereed is nie, en wanneer jy weet wat dit is wat jy teken nie? Net voor die einde van matriek het jy jou eerste oproep gekry.

Januarie ’93 was die laaste verpligte oproep. Ek was nog aan die wik en weeg daaroor die dag voor ek weg is, en het bly dink: “Moet ek dit doen of nie?” Maar jy het nie regtig geweet wat om te doen of vir hoe lank dit nog verpligtend sal wees nie, en ek het gevoel dis maar die veiligste om te gaan. Mense is nog steeds in die DB gegooi as hulle nie opgedaag het nie. Van die oomblik dat jy daar aankom, was dit te laat om van plan te verander en te loop. Ouens het nog ge-AWOL, en baie ouens het nie eens opgedaag nie. “Cheers, sien julle later,” het hulle gesê. Daardie ouens het ’n vet kans gevat.

Het by Ysterplaat ingeklaar en toe vir drie maande Basies opgegaan Kimberley toe en die res van die jaar by Lugafweer voltooi. Dit was glad nie so leeg nie. Basies het drie of vier kompanies gehad, omtrent 500 ouens, wat by 10 Lugafweer ingeklaar het. Die Infanterie by Bloem was vol, die Bats was vol, Medics was vol. Ek het dit by vriende gehoor wat Bloem toe is. Hulle het gesê hulle het ook baie mense.

Ek was vir Basies by Discobolos, wat nie baie groot was nie. Dis ’n vaal klein dorpie omtrent twintig kilo’s buite Kimberley. Inligting en Seiners was daar voor ons daar aangekom het. Basies was ’n plesier. Ek was klaar so superfiks ná al die sport wat ek gedoen het dat hulle my net nie hard genoeg kon laat asemhaal nie. My polsslag was sestig tydens oefening. Die enigste ding wat teen my getel het, was dat ek regtig klein was. Toe ek daar aankom, was al die army klere wat hulle aan my uitgereik het, te groot. Ek het gesukkel met swaar goed soos trommel PT. Ek het nie die fisieke grootte gehad om dit te doen nie, maar wat uithou betref, kon ek vir myle hardloop. Ten minste kon ek dit doen, eerder as om rond te sit en niks te doen nie. Ek het omtrent vyftien sentimeter in die army gegroei.

Ná Basies was dit tyd vir Sekondêr. Ek het Lohatlha toe gegaan vir oefeninge. Die idee was om dieselfde tyd as die Bats in te gaan, die gebied te beveilig en verdere troepe in te stuur. Lugafweer het onder Artillerie geval. Lugafweer is op die mobiele 20 mm- en 23 mm-kanonne opgelei. Daar was ook die 35-mm, wat stilstaande was. Alles was klaar opgestel. Dit was langer afstand. ’n 20 was op die Ystervark gemonteer en dié was natuurlik mobiel. Jy het die flappe laat val en daar gaat jy – aan die brand. Die 23 was ’n bietjie moeiliker. Jy moes verstel en verander daaraan sodat die wiele afkom. Dan was dit stilstaande en jy was gereed om te skiet. Dit het langer geneem.

Ons het ons Basies gedoen, en is toe opgelei in wat hulle ook al wou gehad het ons moet doen. Toe het ons elke dag daar gesit en niks anders gedoen as om kanonne skoon te maak nie. Het die kanon uitmekaargehaal, ontghries, geolie, weer geghries en weer aanmekaargesit. Die volgende dag het ons dieselfde ding gedoen. Ek het by HK aangesluit omdat dit so vervelig geraak het. Daar kon ek doen wat ek wou, regtig.

Toe ons halfpad was, het ouens uit die ou MK-eenheid in Junie begin inklaar. Hierdie ouens het aangesluit om hulle loopbane in ons weermag te bevorder. In daardie stadium is ons vertel die army is nie meer verpligtend nie. Hulle het egter gesê ons moet die jaar voltooi. Ons is nie toegelaat om te gaan nie. As jy dit probeer het, was dit nog steeds AWOL en DB.

Ek het uitgeklaar. Toe ek klaarmaak, wou hulle hê ek moet kampe doen. Ek het gesê: “Daar’s nie ’n kans nie,” en my dokumente opgeskeur toe hulle kom. Ek het gevoel daar was mense in die army wat daar wou wees, so hulle kon die kampe doen. Wat was die punt as jy nie daar wou wees nie? Ek wou gaan swot en aangaan met my lewe. Dinge het in April 1994 uitmekaargeval, so dit was laf om te dink hulle kon nog hardegat daaroor wees.

Ek voel goed oor Nasionale Diensplig, maar dit was rondfok, om dit nou so prontuit te sê. Die weermag het ons verskillende dinge geleer, maar ek het gedink dis ’n mors van tyd omdat my pa PF was. Ek het geweet hoe om paraat te wees. Ek het nie regtig daardie jaar nodig gehad om van my ’n “goed afgeronde persoon” te maak nie.

# BYLAAG I

# Die ontstaan van Nasionale Diensplig

### DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

Die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het van 1957 tot 1994 as Suid-Afrika se verdedigingsmag opgetree en was in vier dienstakke onderverdeel. Die drie gevegstakke – die leër, die lugmag en die vloot – is sedert die laat-1970's deur die vierde tak, die mediese dienste, ondersteun.

Elkeen is deur 'n verteenwoordigende hoof bestuur wat verantwoording moes doen volgens die nasionale verdedigingstrategie wat deur die Staatspresident op grond van die advies van die Staatsveiligheidsraad neergelê is. In hulle besluitneming is die hoofde van die SAW deur verskeie komitees en rade bygestaan: hulle het as 'n enkele eenheid oor kwessies soos strategie, bestuur en finansiële toewysing besluit.

Die SAW was in werklikheid 'n Burgermag. Terwyl Staandemaglede tien persent van die personeeltal uitgemaak het en Nasionale Dienspligtiges 'n verdere tien persent, het lede van die Burgermag en kommando's die oorblywende tagtig persent uitgemaak.

Die SAW is in 1994 deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) vervang.

### DIE LOTINGSTELSEL

Suid-Afrika het soos baie van die Geallieerde nasies ná die Tweede Wêreldoorlog besef hoe sleg die land op oorlog voorbereid was. In 1951 het die Unie van Suid-Afrika die lotingstelsel begin gebruik waarvolgens een uit elke drie fikse wit manlike Suid-Afrikaanse burgers op lukrake wyse gekies is vir twee tot drie maande verpligte militêre opleiding. Dit het as die Aktiewe Burgermag (ABM) bekend gestaan. Voor 1964 is hierdie periode van drie maande eers na ses en toe na nege maande verleng, voordat dit uiteindelik verleng is tot tien maande tot en met 1968.

Die weermag het manskappe probeer aanwend in die rolle waarvoor hulle die geskikste was. Rekenmeesters is byvoorbeeld in 'n administratiewe hoedanigheid gebruik terwyl siviele ingenieurs brugbouprojekte bestuur het en

werktuigkundiges na voertuigonderhoud omgesien het.

Hieronder is ’n amptelike 1956-brief aan potensiële lotelinge, soos dit vertaal is uit die oorspronklike Engels.

**REGISTRASIE-OFFISIER EN OFFISIER-IN-BEVEL VAN**
**BURGERLIKE REKORDS,**
**UNIE VERDEDIGINGSMAGTE,**
**VERDEDIGINGSHOOFKWARTIER,**
**PRETORIA.**
**3 JANUARIE, 1956.**

**VREDESOPLEIDING IN DIE AKTIEWE BURGERMAG.**

1. Geliewe kennis te neem dat u, as ’n geregistreerde burger, verplig mag word om vredesopleiding te ondergaan. Slegs ’n persentasie van die burgers wat hulleself jaarliks registreer, kan vir militêre opleiding in aanmerking kom en om regverdigheid te verseker is dit nodig om van ’n lotingstelsel gebruik te maak.

2. U word in kennis gestel dat u tydens 1956 aan loting onderhewig is en dat, sou u naam getrek word en met die voorbehoud dat u medies geskik vir opleiding verklaar word, u met ingang Januarie 1957 aan ’n eenheid toegeken sal word sodat u u **EERSTE JAAR se opleiding tydens 1957 kan ondergaan.**

3. Op die huidige bestaan die voorgeskrewe opleiding uit: -

| | |
|---|---|
| 1ste JAAR .......................: | ’n Kamp van drie maande lank. |
| 2de, 3de en 4de JARE .....: | Jaarlikse kampe van 21 dae lank (Datums word later vasgestel.) Waar afstande en omstandighede dit toelaat, mag daar ook van burgers verlang word om ’n paar parades jaarliks by te woon. |

4. **SOU ’N BURGER MEEN SY OMSTANDIGHEDE IS VAN SO ’N AARD DAT HY NIE MILITÊRE OPLEIDING VANAF JANUARIE 1957 KAN BYWOON NIE**, mag hy óf om UITSTEL óf VRYSTELLING van die loting aansoek doen deur die tersaaklike versoekskrif voor ’n Kommissaris van Ede of ’n Vredesregter te voltooi (hy moet dit persoonlik doen).

NOTA.—Versoekskrifte moet hierdie kantoor **voor** 16 April 1956 bereik. Versoekskrifte wat ná hierdie datum ontvang word, sal onder geen omstandighede oorweeg word nie. (VERSOEKSKRIFTE WAT VIR HIERDIE DOEL VOORGELÊ WORD, IS VAN POSGELD KWYTGESTELD.)

5. Alle aansoeke om uitstel of vrystelling van die loting wat BETYDS ONTVANG word, sal deur ’n Vrystellingsraad oorweeg word waarvan die besluit finaal is, met geen opsie van appèl nie. Die Raad sit net vir vyf of ses dae en ontbind dan, dus die waarskuwing dat versoekskrifte hierdie kantoor moet bereik voor 16 April 1956.

6. Sou die Raad uitstel van die loting aan ’n burger toestaan, sal sodanige uitstel vir slegs een jaar

geld. As die burger ’n verder periode van uitstel verlang, moet hy in die daaropvolgende jaar weer daarom aansoek doen.

7. Burgers wat aanvoer dat hulle godsdienstige of gewetensbesware het, kan nie op daardie gronde vir uitstel of vrystelling van die loting oorweeg word nie, maar mag aansoek doen om in nie-vegtende eenhede te dien.

8. As u gretig is om opleiding te ondergaan en wil verseker dat u ongeag die uitslag van die loting in aanmerking kom, mag u tydens Januarie 1956 (daar moet streng by die datum gehou word) aansoek doen om opleiding as ’n vrywilliger. (Vrywilligers kan hulle eenheid kies.) U naam sal, as u aanvaar word, nie in die loting ingesluit word nie en u sal vanaf Januarie 1957 opleiding ondergaan.

9. Dit is verpligtend dat enige verandering in u adres dadelik by hierdie kantoor aangemeld word, en u moet verseker dat elke aanmelding erken word. U adres moet die een wees wat onmiddellik in werking is ten einde te verseker dat kommunikasie nie onderbreek word nie.

10. Geen burger is van sy verpligtinge vrygestel nie, tensy hy sodanig in kennis gestel is en dan skriftelik.

J.S.J. VAN DER MERWE, Kolonel,
Registrasie-offisier en Offisier-in-bevel van Burgerlike
Rekords

Om om uitstel te kon aansoek doen is daar van loteling verwag om die weermag van dokumentasie te voorsien wat sy inskrywing vir tersiêre opleiding bevestig. Indien dit toegeken is, het die Verdedigingshoofkwartier in Pretoria soos volg geantwoord:

Verdedigingshoofkwartier,
PRETORIA.

Geliewe kennis te neem dat u naam nie met die onlangse loting van burgers getrek is nie en dat u nie meer hierdie kantoor van enige verandering in u adres hoef te verwittig nie.

Kommandant.
Amptenaar Belas met die Registers van Burgers.

**NASIONALE DIENSPLIG**

In 1968 is ’n nuwe oproepstelsel ingestel waarvolgens Nasionale Diensplig verpligtend vir alle wit mans geword het. Dit was die SAW se plan om oor die volgende tien jaar honderdduisend mans vir Burgermag- en kommandoeenhede te mobiliseer, ’n syfer wat dramaties toegeneem het namate die Grensoorlog momentum gekry het.

Binne twee maande van hulle sestiende verjaarsdae, is alle wit manlike burgers by die weermag geregistreer. Dienspligtiges moes militêre diens vir ’n tydperk van nege opeenvolgende maande doen – ’n tydperk wat toe na twaalf opeenvolgende maande verleng is – gevolg deur vyf jaarlikse kampe van negentien dae elk. By voltooiing is hulle na die militêre reserwemagte oorgeplaas en nog tot die ouderdom van vyf-en-vyftig as dienspligtig beskou.

Vanaf 1974 is Nasionale Dienspligtiges nie meer toegelaat om diensvoorkeur aan te dui nie: hulle is streng volgens die behoeftes van die SAW toegedeel. Ook van hierdie jaar af het dienspligtiges die opsie gehad om hulle dienstyd met ’n verdere ses of twaalf maande te verleng. Baie dienspligtiges het vir hierdie verlengde tydperke diens gedoen – grotendeels as gevolg van die finansiële aansporing wat dit vergesel het – en is gevolglik van enige verdere verpligtinge vrygestel. Toe, in 1977, is manskappe wat hulle een jaar lange diens voltooi het, verplig om ’n verdere twaalf maande aan te bly, en Burgermagverpligtinge is tot tien jaar aangepas. Dienspligtiges kon vir ’n jaarlikse kamp van dertig dae opgeroep word, of elke twee jaar met ’n maksimum van negentig dae per kamp.

Sowat sewe-en-twintigduisend individuele innames per jaar is gedurende die middel-1970’s aangeteken. Tot op daardie tydstip het die meeste dienspligtiges aan hulle oproepe gehoor gegee, maar die politieke klimaat het weer verander. Insurgensie uit Angola in Suidwes-Afrika in het toegeneem en in Januarie 1979 het ’n volle twee jaar se Nasionale Diensplig en jaarlikse kampe vir tien opeenvolgende jare verpligtend geword.

In 1983 is die totale tydverpligting wat vir kampe vereis is na honderd en twintig dae elke twee jaar uitgebrei, maar sommige lede het daardie tyd jaarliks afgelê vir baie opeenvolgende jare.

Nasionale Dienspligtiges is in een van twee jaarlikse innames opgeroep, in Januarie en Julie. Hulle is na verskeie basisse regoor die land gestuur en is daar oor ’n tydperk van tien tot dertien weke in die Weermag ingelyf deur middel van Basiese Opleiding, ’n fisiek en geestelik veeleisende kursus wat liggaamlike fiksheid en dissipline moes ontwikkel.

Tydens hierdie kursus is dienspligtiges die beginsels van dril, teorie en wapenopleiding geleer. Die laaste periode, bekend as bosfase, het gewoonlik tien tot veertien dae geduur, hoewel die tydsduur aansienlik kon verskil. Die troepe het in tente gewoon en geslaap en veldkuns geleer. Tydens Basiese Opleiding is geen alkohol toegelaat of verskaf nie, behalwe in bosfase waar ’n “twee-biere-per-dag”-maksimum toegestaan is. Ná die terugkeer na die basis was die troepe se Basiese Opleiding voltooi.

Basiese Opleiding is deur spesialisopleiding gevolg, waarna as Sekondêre Opleiding of tweede fase verwys is, vir ’n periode van ’n verdere ses tot nege

maande. Ná voltooiing hiervan was die dienspligtiges volledig voorberei vir militêre diens in ’n operasionele gebied. (Dit was egter nie altyd die geval nie. Sommige dienspligtiges is amper direk na afloop van Basiese Opleiding na ’n operasionele gebied gestuur.)

Terwyl lede kampe gedoen het tydens die tienjaar-periode ná hulle twee jaar van Nasionale Diensplig, is werknemers deur die wet beskerm teen diskriminasie van hulle werkgewers en hulle kon nie ontslaan of gedemoveer word nie. Maar die werkgewer was nie verplig om die lid tydens sy afwesigheid ’n salaris te betaal nie; die Burgermagkamper het dus sy inkomste in daardie tyd verbeur. Staatsamptenare het gewoonlik permanente vrystelling van kampverpligtinge gekry.

In 1988 het albei die SAW en die Kubaanse magte uit Angola onttrek en die Grensoorlog het tot ’n einde gekom. Gevolglik is die twee jaar Nasionale Diensplig in 1990 na ’n jaar en ’n half verminder, en in 1991 na een jaar. Die laaste verpligte amptelike inname het in Januarie 1993 plaasgevind. Nasionale Diensplig is in dieselfde jaar afgeskaf.

Meer as seshonderdduisend dienspligtiges het tussen 1951 en 1993 op hulle oproepe gereageer. Daar word beraam dat driehonderdduisend van 1966 tot 1989 op die Suidwes-Afrika-grens diens gedoen het, ’n periode waartydens die SAW ’n totaal van eenduisend sewehonderd twee-en-sewentig ongevalle opgeteken het, operasioneel (kontakte, landmyne, ens.) sowel as nie-operasioneel (opleidingsongelukke, siekte, ens.). Van hierdie ongevalle het die leër eenduisend vyfhonderd ses-en-twintig opgelewer, die lugmag tweehonderd en sewe en die vloot nege-en-dertig. In totaal is sewehonderd en vyftien dienspligtiges in die operasionele gebied gedood. Al drie SAW-takke het hulle hoogste ongevallesyfers in 1982 gehad.

Tussen 1989 en 1993 was daar tweehonderd en dertig ongevalle, waarvan tweehonderd en vyftien in die leër was, dertien in die lugmag en twee in die vloot.

# BYLAAG II

# Uitstel

’n Wit Suid-Afrikaanse man wat nie aan die vereistes van Nasionale Diensplig wou voldoen nie, het verskeie alternatiewe gehad: hy kon die land verlaat; hy kon vir vier jaar by die Suid-Afrikaanse Polisie aansluit; hy kon vir vyf jaar by die Gevangenisdienste aansluit; hy kon verder gaan studeer; of hy kon deur die Militêre Polisie aangehou word om ’n minimum van drie jaar in die Detensie Barakke uit te dien. Baie mans was gewetensbeswaardes en het geweier om op hulle oproepe te reageer. Wanneer daar nie vir Nasionale Diensplig aangemeld is nie, is ’n klag van “Afwesig Sonder Verlof ” gelê waarna die Militêre Polisie oortreders aangekeer het.

Die vooruitsigte van diegene wat op grond van politieke, etiese of godsdienstige oortuigings nie militêre diens wou verrig nie, het nie goed gelyk nie. In teenstelling hiermee was daar die mense wat die geleentheid aangegryp het om hulle land te dien, en Nasionale Diensplig is as ’n patriotiese daad gesien. Tussen dié twee uiterstes is die meerderheid aangetref wat die gevolge van ’n stelsel wat eenvoudig gestel die wet was, gelate aanvaar het. Die anti-kommunistiese retoriek wat die Nasionale Party tydens die Koue Oorlog aangewend het, het die meeste vrae oor die integriteit van diensplig stilgemaak.

### UITSTEL OM POLISIE TOE TE GAAN

’n Matrikulant het die opsie gehad om sy militêre diensplig in die polisiemag te verrig. Sy bedoelinge moes voortydig aan albei die SAW en die polisie bekendgemaak word. Indien goedgekeur, is hy by die Polisiekollege in Pretoria ingeneem waar Basiese Opleiding drie maande lank geduur het. Die opleiding was soortgelyk aan dit wat die SAW aangebied het. Ses weke van teeninsurgensieopleiding, wat gewoonlik by die Maleoskop Teeninsurgensie-Opleidingsentrum naby Groblersdal in Mpumalanga plaasgevind het, het gevolg. Dan kon die lid vir Grensdiens opgeroep word of na enige polisiestasie in die land gestuur word.

Ná vier jaar in die polisiemag is sy Nasionale Diensplig as voltooi beskou. Dié wat by die polisie opgelei is, het gereeld permanent in die mag aangebly; dié wat verkies het om te gaan, is op ’n reserwelys geplaas en daar is van hulle verwag

om vir die volgende agt jaar een keer ’n jaar ’n maandkamp te doen.

### UITSTEL OM GEVANGENISDIENSTE TOE TE GAAN

’n Matrikulant kon vir vyf jaar by die Gevangenisdienste aansluit waarna sy Nasionale Diensplig as afgehandel beskou is. As hy ná daardie periode die Gevangenisdienste verlaat het, is van hom verwag om een maandkamp per jaar vir die volgende agt jaar by te woon. As hy aangebly het, is die daaropvolgende dertien jaar se diens as plaasvervanger vir verdere militêre diens beskou.

### UITSTEL OM VERDER TE STUDEER

’n Matrikulant kon sy oproep uitstel as hy verkies het om dadelik ná skool te gaan studeer. Die SAW het toegewings gemaak vir tersiêre opleiding by ’n kollege of universiteit. Bewys van inskrywing is op ’n jaarlikse grondslag verlang; wanneer sodanige dokumentasie nie voorgelê kon word nie, was die student verplig om aan sy oproep gehoor te gee. By voltooiing van tersiêre opleiding het die oproep ’n aanvang in óf Januarie óf Julie geneem, na gelang van die spesifieke oproepinstruksies. Die getal versoeke om uitstel op hierdie gronde het in die 1980’s toegeneem, en gegradueerdes het offisiere geword. Veral aspirant-onderwysers is deur die SAW aangemoedig om te gradueer en dan by die Infanterieskool aan te sluit.

### DUBBEL-BURGERSKAP

Dit het diegene met dubbel-burgerskap vrygestaan om Suid-Afrika te verlaat om militêre diens in die ander land te gaan verrig. Met hulle terugkeer na Suid-Afrika is bewys van voltooide diens verlang, en op grond hiervan is hulle van verpligtinge teenoor die SAW vrygestel.

### GEWETENSBESWAAR

Gewetensbesware is die eerste keer in die middel-1970’s aangeteken, en wel deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke wat ’n petisie aan die kapelaan-generaal van die SAW gestuur het. Die Raad wou hê dat die SAW die reg van Christene erken om te kies of hulle wou deelneem aan die Grensoorlog, wat besig was om van krag tot krag te gaan. Dié beweging het nie in daardie stadium wydverspreide ondersteuning ontvang nie.

In 1983 is die End Conscription Campaign (ECC) gestig in protes teen verpligte militêre diens. Die organisasie het mans ondersteun wat geweier het om op hulle oproepe te reageer op grond van godsdienstige, politieke of

persoonlike oortuigings, en het inligting oor diensplig sowel as moontlike alternatiewe vir diens aan die publiek verskaf. Die ECC het eers teen die einde van die tagtigs momentum gekry, maar is in Augustus 1988 onder die noodtoestand deur die Suid-Afrikaanse regering verban. Die gewildheid en ondersteuning van die beweging het egter toegeneem saam met die politieke onsekerheid van die laat-tagtigs en vroeë negentigs.

# BYLAAG III

# Die Angolese/Suid-Afrikaanse Grensoorlog

Die Angolese/Suid-Afrikaanse Grensoorlog, waarna gewoonlik as die "Grensoorlog" verwys word, het van 1966 tot 1989 in Suidwes-Afrika (nou Namibië) en Angola plaasgevind. Suid-Afrika en sy bondgenote het geveg teen die Angolese regering, die South West Africa People's Organisation (SWAPO) en hulle bondgenote. Behalwe die SAW, was die volgende groepe in die konflik betrokke:

**ANC:** African National Congress. In 1912 gestig om die regte van die swart Suid-Afrikaanse bevolking te beskerm. In 1960 deur die Nasionale Party verban. Het toevlug in Mosambiek en Angola gevind.

**MK:** Umkhonto we Sizwe ("Spies van die Nasie"). Die ANC se militêre eenheid, gestig in 1961. Militêre opponent van die SAW.

**MPLA:** Movimento Popular de Libertação de Angola ("People's Movement for the Liberation of Angola"). Regerende politieke party in Angola sedert die land se onafhanklikheid in November 1975; deur die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) as die wettig erkende regering van Angola sedert Februarie 1976 aanvaar. In die 1960's gedwing om ondergronds te gaan. Het ná Portugal se onttrekking weer na vore gekom. Bewapen deur die Sowjet-Unie en sy bondgenote: het MiG-19's en MiG-21's wat deur Kubane gevlieg is, ontvang, asook tenks, gepantserde personeeldraers, vuurpyllanseerders, swaar artillerie en lugafweermissiele. Sterk Kubaansgesteunde, Marxistiese organisasie. Militêre opponent van die SAW.

**FAPLA:** Forças Armadas Populares de Libertação de Angola ("People's Armed Forces for the Liberation of Angola"). Vanaf Augustus 1974 die MPLA se gewapende vleuel. Het Angola se amptelike militêre eenheid geword toe die MPLA beheer van die regering oorgeneem het. Het troepe na die Sowjet-Unie vir opleiding gestuur. Kubaanse militêre adviseurs het hulle sedert 1975 bygestaan. Militêre opponent van die SAW.

**SWAPO:** South West Africa People's Organisation. In 1958 in Kaapstad gestig

en het die naam in 1960 aangeneem. Sam Nujoma het in 1959 president van die organisasie geword. Ná die val van Portugese oorheersing in 1975, het Angola 'n veilige heenkome vir SWAPO geword. Militêre opponent van die SAW.

**PLAN:** People's Liberation Army of Namibia. Vanaf 1963 SWAPO se militêre eenheid. Deur Kubaanse, Oos-Duitse en Russiese instrukteurs opgelei. Militêre opponent van die SAW.

**FNLA:** Frente Nacional de Libertação de Angola ("National Front for the Liberation of Angola"). Nasionalistiese militante groep, in 1962 gestig. Het hulle teen Portugese oorheersing verset. Het teen die Kubaansgesteunde MPLA geveg ná Portugal se onttrekking uit Angola. Die meeste lede het deel geword van Bravo Groep (deur Suid-Afrika geïnisieer en onder leierskap van Kommandant Jan Breytenbach), wat later 32 Bataljon geword het. Militêre bondgenoot van die SAW.

**UNITA:** União Nacional para a Independência Total de Angola ("National Union for the Total Independence of Angola"). Sosialistiese organisasie deur Jonas Savimbi gelei. In 1966 gestig. Het teen Portugese oorheersing gerebelleer. Ondersteun deur en militêre bondgenoot van Suid-Afrika.

**FALA:** Forcas Armadas de Libertacáo de Angola (" Armed Forces of the Liberation of Angola"). UNITA se militêre eenheid en bondgenoot van die SAW.

In die vroeë sewentigs was skermutselings tussen SWAPO en die SAP, wat deur die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme en die Wet op Terrorisme bemagtig is om beheer in Suidwes-Afrika af te dwing, van 'n lae intensiteit, maar die spanning het in skaal en frekwensie toegeneem.

Vanaf 1973 het 'n geleidelike, ietwat klandestiene Suid-Afrikaanse militêre teenwoordigheid met die grens langs begin uitbrei. Die grens was 'n vierhonderd en sestig kilometer lange strook wat van die Kunenerivier in die weste tot by die Kavangorivier in die ooste gestrek het. Vanaf April 1974 het die SAW die rol van die verdediging van die grens en die onderhoud van interne stabiliteit in Suidwes-Afrika oorgeneem.

In 1974 het 'n militêre staatsgreep in Portugal tot die land se onttrekking uit al sy Afrika-kolonies gelei, insluitend Angola wat amptelik in November 1975 onafhanklikheid verkry het. Pogings om die drie hoof politieke faksies – die FNLA, die MPLA en UNITA sover te kry om 'n koalisie te vorm wat as 'n oorgangsregering kon dien, was ondoeltreffend. In plaas daarvan het die drie

groepe aan ’n bloedige stryd om individuele heerskappy van die land deelgeneem en burgeroorlog het in Angola uitgebreek. Dit sou dertig jaar lank duur.

Die MPLA het ’n regering in Luanda gevestig en hulp van die Sowjet-Unie gekry wat wapens verskaf en Kuba befonds het om duisende troepe in te stuur. In die tussentyd het die FNLA en UNITA ’n bondgenootskap gesmee en is hulle deur sommige Afrika- en Westerse lande bewapen, asook China, wat tradisioneel ’n vyand van Rusland is. Die Verenigde State se Central Intelligence Agency het in die geheim hulp verleen aan die FNLA met die doel om die FNLA se posisie te versterk en het ook buitelandse huursoldate verskaf. Terselfdertyd is SWAPO ’n veilige heenkome in Angola gegee, wat as gevolg van sy geografiese ligging die ideale land is waaruit die stryd om die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika bestuur kon word.

Suid-Afrika was sedert die middel-sestigs op een of ander wyse in die Angolese situasie betrokke. Dit was toe SWAPO met sy insypelings in Suidwes-Afrika vanuit die naburige Angola begin het. Terwyl die stryd om politieke oorheersing die hele Angola besig gehou het, het die SAW in September 1975 ’n veldtog geloods wat Suid-Afrika in ’n volskaalse oorlog met hoogsopgeleide Kubaanse magte (gewapen met van die gesofistikeerdste Russiese wapentuig beskikbaar) sou laat beland.

Suid-Afrika se Eerste Minister, John Vorster, het die bevel gegee dat ongeveer tweeduisend SAW-troepe die grens oorsteek om die FNLA en UNITA in Angola by te staan. Die operasie het as Operasie Savannah bekend geword. Suid-Afrika se Minister van Verdediging, PW Botha, het sekuriteit teen ’n groterwordende “vlugtelingprobleem” as die rede vir die inval aangevoer. Westerse regerings, wat die optrede teengestaan het, het ’n in- en uitvoerverbod op wapens van en na Suid-Afrika geplaas.

Teen Februarie 1976 was daar meer as vierduisend SAW-troepe vyftig kilometer ver in Angola in nadat hulle FAPLA-beheerde streke suksesvol binnegedring het en die volle vuurkrag van die Russies-ondersteunde FAPLA moes aanvat. Operasie Savannah was ’n gedeeltelike sukses: die Suid-Afrikaans-geleide magte het twee derdes van Angola ingeneem, maar is teruggeroep voor enige finale voornemens uitgevoer kon word. Buitelandse druk op die Suid-Afrikaanse regering het tot die onttrekking vroeg in 1976 gelei. Teen hierdie tyd het vyftienduisend Kubaanse troepe in Angola aangekom.

Nadat die Suid-Afrikaanse troepe onttrek het, kon die MPLA en sy Kubaanse bondgenote uitbrei. Hoewel die FNLA en UNITA hard probeer het om polities die botoon te voer, is die MPLA in Februarie 1976 deur die OAE as die wettig erkende regering van Angola aanvaar.

In 1977 het PLAN basiskampe in UNITA-beheerde gebiede in suidelike Angola gebou en die Grensoorlog het in intensiteit toegeneem. Suid-Afrika het met meer manskappe, masjinerie en wapens inbeweeg om homself teen die verwagte toestroming van gewapende insurgente te verdedig. ’n Operasionele gebied wat die hele lengte van Suidwes-Afrika se noordelike grens ingesluit het, is gesoneer.

Teen 1981 was ’n nuwe sekuriteitsmagstruktuur in plek. Dit het drie operasionele sektore ingesluit: Sektor 1Ø (Kaokoland en Ovamboland; ’n lengte van sewehonderd kilometer, Hoofkwartier Oshakati), Sektor 2Ø (Kavango en Wes-Caprivi; ’n lengte van tweehonderd en vyftig kilometer, Hoofkwartier Rundu) en Sektor 7Ø (Oos-Caprivi tot by die Zambezi-rivier en met die Zambiese grens langs; ’n lengte van honderd en vyftig kilometer, Hoofkwartier Katima Mulilo). Elke sektor het SAW- en Suidwes-Afrika Gebiedsmag-bataljons beheer.

Die operasionele area het teen hierdie tyd ’n lyn gevorm wat uit militêre kampe, wagtorings en grensposte bestaan het waarvan die primêre oogmerk die beskerming van die grens en reaksie op alle insurgente-optrede was. Die SALM het lugondersteuning waar nodig gebied, en die Grens het ’n beperkte gebied geword wat op groot skaal breedvoerig deur die SAW gemonitor is.

Die Grensoorlog het tot 1988 geduur, toe verteenwoordigers van Angola, Kuba en Suid-Afrika bymekaargekom het om te onderhandel oor ooreenkomste wat vrede in die gebied sou bewerkstellig, asook oor die implementering van Resolusie 435 van die Verenigde Volke se Veiligheidsraad. Daar is ooreengekom oor die algehele onttrekking van Suid-Afrikaanse troepe uit Angola en Suidwes-Afrika, en daar is begin met die onttrekking van Kubaanse troepe. Die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika was in sig.

Op 1 September 1988 het die laaste duisend troepe uit Angola onttrek in ooreenstemming met die drieledige ooreenkoms. Kuba het sy troepe noordwaarts verskuif om hulle te begin huis toe stuur. In April van die volgende jaar is Resolusie 435 geïmplimenteer, en SAW-personeel het Suidwes-Afrika onder die wakened oog van UNTAG-vredesmagte begin verlaat.

In weerwil van die oorgangsooreenkomste en die beëindiging van vyandelike optrede, het SWAPO op 1 April 1989 na die Suidwes-Afrika-grens opgeruk. Met verlof van die Verenigde Volke het die SAW tot aksie oorgegaan en in die negedag-oorlog wat gevolg het, meer as driehonderd van die ongeveer eenduisend seshonderd SWAPO-insurgente wat die grens oorgesteek en Suidwes-Afrika binnegedring het, doodgemaak. Die SAW het ses-en-twintig manskappe verloor en as die besliste oorwinnaars van hierdie botsing uit die stryd getree. Dit was die SAW se laaste optrede in die Grensoorlog.

Teen November 1989 het alle oorblywende SAW-personeel geheel en al uit Suidwes-Afrika onttrek. Die gebied het op 21 Maart 1990 onafhanklikheid verkry en is hernoem na Namibië, met SWAPO as erkende regering.

# BYLAAG IV

# Township-patrollies en die noodtoestand

## TOWNSHIP-PATROLLIES

Teen die einde van 1984 het burgerlike oproerigheid regoor Suid-Afrika verspei. Die ANC het sy ondersteuners aangemoedig om apartheid onwerkbaar en Suid-Afrika onregeerbaar te maak. Hierdie vlaag oproerigheid het die Nasionale Party onverhoeds betrap, wat hulle aangemoedig het om sterker weerstand te bied. Township-bewoners het gerebelleer deur instellings, strukture en diensverskaffers wat met die regering verband hou, te vernietig, insluitende skole, munisipale kantore, biblioteke, kommunikasie-en elektrisiteitsdiensdepots, poskantore, polisiestasies, vervoerdienste en huise wat deur munisipale werknemers besit is. Swart regeringsverteenwoordigers en polisiemanne, of hulle aan diens was of nie, was veral in die visier: hulle is as verraaiers van hulle mense en “die struggle” gesien, en gevolglik is hulle huise aangeval en hulle familielede vermoor. Tussen 1985 en 1993 is daar amper eenduisend SAP-personeellede doodgemaak terwyl hulle aan diens was, met amper net soveel terwyl hulle van diens af was toe hulle vermoor is.

Om die toenemende township-geweld en burgerlike oproerigheid te beveg is ’n noodtoestand in 1985 verklaar (sien onder). Die polisie het bystand benodig en die SAW is in die townships ingestuur. Hulle primêre funksie was om die geweld te onderdruk wat gedreig het om in burgeroorlog te ontaard. In 1986 het die ANC, in alliansie met die United Democratic Front (UDF), oorlog teen die Zoeloe-nasionalistiese Inkatha Vryheidsparty (IVP) verklaar. Terwyl die UDF die regering uitgedaag het, was dit ook ideologies teen konserwatiewe swart bewegings gekant, waarvan die invloedrykste die IVP was. Dit het tot wydverspreide botsings tussen die ANC, wat sterk met die UDF geassosieer is, en die IVP gelei – ’n spanning wat in die geheim deur die regering aangewakker is.

Teen hierdie tyd is meer as drieduisend burgers doodgemaak of vermoor, baie deur middel van die berugte “halssnoer”-metode. Die polisie is by verre in getal oortref deur die groot getalle mense wat hulle moes hanteer en het verdere ondersteuning van die SAW versoek, wat toe in groter getalle as voorheen

ontplooi is. In 1986 is ’n swart Spesiale Konstabels-eenheid tot stand gebring met die hoofoogmerk om die townships te patrolleer. Dié eenheid is gereeld bygestaan deur ’n afdeling SAW-troepe.

Teen die laat-1980’s het baie van die ANC-leiers asook lede van Umkhonto we Sizwe (MK) en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) geglo dat beheer oor die regering geneem moet word deur van revolusionêre militêre metodes gebruik te maak. Onderhandelinge tussen hooggeplaasde ANC- en NP-leiers was egter aan die gang sonder dat hierdie groepe daarvan geweet het.

In 1990 is gedeeltes van die noodtoestand deur President FW de Klerk opgehef. Hy het ook die ANC, die SAKP en ander organisasies wat vroeër onwettig was, ontban. Township-geweld het egter voortgeduur. Die ANC het ’n einde aan die gewapende aksie aangekondig, wat ’n harde slag vir MK was omdat hulle soos baie ander verraai gevoel het. Hulle het gemeen dat die skietstilstand te vroeg ingestel is en was oortuig daarvan dat apartheid op militêre wyse tot ’n val gebring sou kon word.

Vanaf Februarie 1990, toe Nelson Mandela uit die Victor Verster-gevangenis vrygelaat is en die eerste demokratiese verkiesing haalbaar gelyk het, het die politieke situasie in die land geleidelik gestabiliseer. SAW-troepe het die townships gepatrolleer tot diensplig afgeskaf is en die “nuwe” Suid-Afrika sy verskyning gemaak het.

**NOODTOESTAND**

Die volgende uittreksel is in Augustus 1985 in *Paratus*, die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag-tydskrif, gepubliseer. Vryvertaal uit Engels.

# PARATUS

*Uit die SAW vir Suid-Afrika sedert 1949.*
AUGUSTUS 1985.

## Noodtoestand

Ons plaas die teks van die aankondiging deur die Staatspresident, mnr PW Botha, op 29 Julie 1985, van die proklamasie van ’n noodtoestand in verskeie landdrosdistrikte in die Republiek van Suid-Afrika.

Elke verantwoordelike Suid-Afrikaner het, met toenemende kommer, kennis geneem van die gewelddadige en wettelose toestande wat onlangs van krag tot krag gegaan het en ernstiger en wreder in sekere dele van die land geword het, veral in swart townships.

Hierdie geweld en misdaad is hoofsaaklik op die eiendom en persone van wetsgehoorsame swart mense gerig, en neem die vorm van opstoking, intimidasie, brandstigting, onmenslike vorms van aanranding en selfs moord aan.

Hierdie stand van sake kan nie langer geduld word nie.

Tot dusver het die regering uit sy pad gegaan om geduld te toon. Ek kan egter nie die aandrang van alle verantwoordelike Suid-Afrikaners, veral die meerderheid van die swart gemeenskappe, ignoreer nie wat vra dat toestande genormaliseer word en dat hulle op die volle beskerming van die wet kan aanspraak maak om met hulle normale leefwyse te kan voortgaan.

Dit is die plig van die regering om te verseker dat ’n normale gemeenskapslewe weer ingestel word en dat gemeenskapsdienste doeltreffend gelewer word. Kinders moet onderwys kan ontvang. Broodwinners moet hulle dagtaak kan verrig. Die lewens en eiendom van alle mense moet beskerm word, en wet en orde moet gehandhaaf word.

In die lig van die heersende toestande is dit kardinaal dat die situasie op so ’n wyse genormaliseer word dat die klimaat vir voortgesette dialoog in die belang van alle mense in die grondwetlike, ekonomiese en maatskaplike velde verseker word.

Teen hierdie agtergrond het die Regering besluit om volgens die Wet op Openbare Veiligheid, Wet 3 van 1953, ’n noodtoestand in die volgende landdrosdistrikte te verklaar:

Port Elizabeth, Albany, Uitenhage, Cradock, Kirkwood, Somerset-Oos, Adelaide, Fort Beaufort, Bedford, Alexandria, Hankey, Humansdorp, Bathurst, Steytlerville, Jansenville, Graaff-Reinet, Pearston, Benoni, Delmas, Kemptonpark, Brakpan, Boksburg, Alberton, Springs, Nigel, Heidelberg, Balfour, Germiston, Randburg, Johannesburg, Roodepoort, Randfontein, Westonaria, Vanderbijlpark, Sasolburg en Vereeniging.

**Artikel 2(1)**

Die Staatspresident mag ’n noodtoestand in enige gebied verklaar. (1) As dit volgens die mening van die Staatspresident lyk asof –

(a) enige optrede of moontlike optrede deur enige persoon of groep persone in die Republiek of enige gebied binne die Republiek van so ’n aard en van so ’n omvang is dat die veiligheid van die publiek, of die handhawing van openbare orde ernstig daardeur bedreig word; of

(b) omstandighede in die Republiek of enige gebied binne die Republiek ontstaan het wat die veiligheid van die publiek of die handhawing van openbare orde ernstig bedreig; en

(c) die gewone wet van die land ontoereikend is om die regering in staat te stel om die veiligheid van die publiek of die handhawing van openbare orde te verseker, mag hy, deur proklamasie in die

Staatskoerant, verklaar dat ’n noodtoestand in die Republiek of in so ’n gebied bestaan, na gelang van die geval, vanaf ’n datum wat nie meer as vier dae vroeër as die proklamasiedatum mag wees nie.

Die proklamasie wat hierdie maatreël magtig, is vanoggend deur my onderteken.

Ek wil die versekering gee dat wetsgehoorsame mense niks het om te vrees nie. Terselfdertyd wil ek ’n waarskuwing rig dat streng optrede teen daardie persone en instellings wat ontwrigting veroorsaak of voorstaan, sal plaasvind.

Ek vra elkeen om sy of haar samewerking sodat toestande na normaal kan terugkeer. Ek wil die versekering gee dat die noodtoestand in ’n gebied opgehef sal word so gou as wat plaaslike toestande dit regverdig.

Ter afsluiting wil ek net sê dat Suid-Afrika die vermoë het om bo kleinlikheid en geweld uit te styg. Ek doen ’n beroep op alle welwillende en redelike Suid-Afrikaners om mekaar se hande in hierdie tye te neem en om saam te staan om orde en vrede te herstel, sodat ons in die belang van vrede en vooruitgang vir almal in die land kan werk.

# BYLAAG V

# Nasionale Diens-medaljes

### PRO PATRIA-MEDALJE

Die Pro Patria-medalje is in November 1974 ingestel om diens in die voorkoming of onderdrukking van terrorisme deur alle range van die SAW en gewapende magte geassiosieer met die SAW te beloon. Van die ontvangers van die toekenning is vereis dat hulle in ’n oorlogsituasie was; deelgeneem het aan ’n spesifieke operasie wat deur die Ministerie van Verdediging erken word; of vir ’n aaneenlopende tydperk van vyf-en-vyftig dae of ’n kumulatiewe tydperk van ten minste negentig dae in ’n verklaarde operasionele gebied diens gedoen het.

Die oktagonale medalje is brons met ’n vergulde afwerking. Op die voorkant is ’n gestileerde goue aalwyn op ’n donkerblou rondeel, terwyl die agterkant die ontvangernommer bevat. Oorspronklike Pro Patria-medaljes is tweestukkonstruksies met die skyf wat met ’n ringetjie aan die lint geheg is. Die rondeel is van donkerblou emalje. Sekondêre weergawes word as ’n enkele stuk gegiet, met sommige rondele met ’n blou harpuisoppervlak wat ligter van kleur is.

Die lint verteenwoordig die vorige Suid-Afrikaanse vlag se kleure van oranje, wit en blou.

’n Gespe met die woord “Cunene” is vir Operasie Savannah uitgereik, wat van 1975 tot 1976 plaasgevind het (Sien Bylaag III).

### SUIDER-AFRIKAANSE MEDALJE

Die Suider-Afrikaanse Medalje is in 1989 ingestel en toegeken vir deelname aan spesifieke transgrens-aktiwiteite in Angola, Mosambiek, Zimbabwe, Zambië en Tanzanië in die verdediging van die Republiek van Suid-Afrika.

’n Oktagonale nikkelsilwer medalje beeld op die voorkant ’n akasiaboom met ’n sluipende luiperd daaronder uit. Die luiperd verteenwoordig die slinksheid en snelheid van die SAW. Die agterkant vertoon ’n oop lourierkrans wat die ou Suid-Afrikaanse wapenskild omgewe, waaronder die woorde “SUIDER-AFRIKA/SOUTHERN AFRICA” verskyn.

Die lint se sentrale dun wit streep het aan weerskante swart, geel en rooi

strepe.

Die medalje wat aanvanklik die “Trans-Jati-medalje” (“oor die kaplyn”) genoem is, sou van die metaal van ’n gesmelte, gebuite Russiese tenk gemaak word. Hoewel hierdie metaal ongepas was, is ’n klein hoeveelheid by die nikkelsilwer gevoeg.

Die Suider-Afrikaanse Medalje is deur sommige as die “hot pursuit”-medalje geken.

#### ALGEMENE DIENS-MEDALJE

Die Algemene Diens-medalje is in 1989 ingestel en is aan alle SAW-personeel toegeken vir diens wat ná Januarie 1983 binne die Republiek van Suid-Afrika gelewer is.

Die voorkant van hierdie ronde nikkelsilwer medalje bevat ’n lourierkrans wat die SAW-embleem omgewe – die gekruiste swaarde, vleuels en anker van die leër, lugmag en vloot binne ’n buitelyn van die Kasteel van Goeie Hoop. Op die medalje se agterkant verskyn die ou Suid-Afrikaanse wapenskild en die woorde “GENERAL SERVICE/ALGEMENE DIENS”.

Die lint het ’n donkerblou sentrale streep met oranje, wit en blou strepe aan albei kante.

#### UNITAS-MEDALJE

Die Unitas-medalje is toegeken aan almal wat aktiewe lede van ’n dienende mag (SAW-personeel, lede van die tuisland-gewapende magte, die MK en APLA, en die militêre vleuel van die Pan African Congress (PAC)) tydens Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing, tussen 27 April en 10 Mei 1994, was.

Die medalje is gemaak van verniste geelkoper; dit is rond en bevat ’n sewepuntige ster wat die Griekse letter *alpha* insluit. Die agterkant vertoon die ou Suid-Afrikaanse wapenskild met die datum “1994” daaronder. Aan die buitenste rand verskyn die woord “eenheid” in al elf Suid-Afrika se amptelike tale.

Die lint van die Unitas-medalje is ligblou met ’n sentrale groen streep met wit strepe aan weerskante.

In 1994 is die gewapende vleuels van die ANC en die PAC (MK en APLA onderskeidelik) by die SAW geïntegreer. Agtien nuwe toekennings en medaljes is in 1996 ingestel om die lede van hierdie voormalige organsisasies vir diens voor 27 April 1994 te vereer.

# BYLAAG VI

# Basiese Opleiding-handleiding

Die volgende is uittreksels uit die handleiding wat aan alle troepe gedurende Basiese Opleiding uitgedeel is. Hoewel die onderskeie eenhede geïndividualiseerde opleidingshandleidings gehad het, het alle handboeke ’n soortgelyke politieke klem en tegniese fokus getoon. Die handleidings is in ’n mengsel van Afrikaans en Engels saamgestel.

DIE ROL VAN ’N VRYE PERS IN ’N DEMOKRATIESE LAND
Die vrye pers is ’n instrument deur middel waarvan die landsburgers hulle idees, tevredenheid of ontevredenheid op die voorgrond bring. ’n Vrye pers hoef egter nie te beteken dat dit enigiets kan publiseer nie. Daar mag beperkings wees waar dit by die sekuriteit van die land onder bedreiging kom, asook wanneer inligting geklassifiseerd is.

WAT IS ’N DEMOKRATIESE STELSEL
Dit is moeilik om ’n gedetailleerde definisie van ’n demokrasie te gee omdat dit so ’n breë deel van die algemene gemeenskapslewe dek. Normaalweg word demokrasie beskryf as “’n regering van die mense, vir die mense, deur die mense”.

WAT BETEKEN DIE WOORD:

“NASIE”
“Nasie” is ’n politieke konsep en dui op ’n groep mense wat dieselfde politieke stelsel deel, dit wil sê wat in ’n enkele, gemene staat woon en onderhewig is aan daardie staat.

“BEVOLKING”
“Bevolking” is ’n vae term wat op ’n getal mense wat in ’n sekere gebied woon, dui. Die woord sê niks van hulle taal, kultuur of hulle politieke affiliasies nie.

“BEVOLKINGSGROEP”
’n “Bevolkingsgroep” is ’n deel van die bevolking van ’n land wat van ander dele van die bevolking onderskei kan word deur middel van een of ander kenmerk. Die onderskeid kan getref word op grond van taal, dialek, ekonomiese omstandighede, kleur, en so meer.

DIE DOELWIT VAN DIE SA WEERMAG
1. Om die RSA en SWA te verdedig.
2. Om terrorisme te voorkom of te onderdruk.
3. Om interne wanorde in die RSA of SWA te voorkom of te onderdruk.
4. Om lewe, gesondheid en eiendom te bewaar of basiese dienste te onderhou.
5. Om voorgeskrewe polisiedienste uit te voer.

DIE TAAK/DOELWIT VAN DIE SA LEËR
“Die bedrywighede van die SA Leër is daarop gemik om ’n gebalanseerde en voorbereide landmag te onderhou en aan te wend en sodoende konvensionele, semi-konvensionele of insurgensie-aanvalle teen die RSA en SWA teen te staan of af te weer.”

**KEN JOU VYAND**

WIE IS DIE VYAND

1. DIE VOLGENDE LANDE/ORGANISASIES KAN AS VYANDIGGESIND JEENS ONS BESKOU WORD, ÓF DEUR DIREKTE AGGRESSIE ÓF DEUR HEENKOME AAN VYANDIGE MAGTE TE BIED:
   A. DIE SOWJET-UNIE (MILITÊRE ADVISEURS, LOODSE, ENS. SOWEL AS DIE VOORSIENING VAN BILJOENE RANDE SE MILITÊRE TOERUSTING).
   B. KUBA (MAGTE IN ANGOLA EN MOSAMBIEK).
   C. OOS-DUITSLAND (MILITÊRE PERSONEEL IN ANGOLA).
   D. NOORD-KOREA (MILITÊRE PERSONEEL IN ZIMBABWE).
   E. ALLE WARSKOU-VERDRAG-LANDE.
   F. ANGOLA (UITSLUITEND UNITA).
   G. MOSAMBIEK (WAT HEENKOME AAN ANC-TERRORISTE BIED).
   H. ZAMBIË (WAT HEENKOME AAN ANC-TERRORISTE BIED).
   I. ZIMBABWE (WAT HEENKOME AAN ANC-TERRORISTE BIED).
   J. ANC (AFRICAN NATIONAL CONGRESS).
   K. SWAPO (SOUTH WEST AFRICA PEOPLE’S ORGANISATION).
   L. SACP (SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY).
   M. PAC (PAN AFRICAN CONGRESS).
2. DIE MAGTE VAN VYANDIGGESINDE BUURLANDE WORD VOLGENS SOWJET/WARSKOU-VERDRAGDOKTRINES EN -BEGINSELS OPGELEI EN GEORGANISEER.

**DIE ROL VAN SURROGAATMAGTE IN VYANDIGE LANDE**

DIE VRAAG KAN GEVRA WORD WAAROM DAAR SURROGAATMAGTE IN VYANDIGE BUURLANDE IS.

DIE ANTWOORD IS TWEELEDIG.

<u>EERSTENS</u> IS DIT DEEL VAN DIE SOWJET-UNIE SE MEESTERPLAN OM SUIDER-AFRIKA EN SODOENDE DIE MINERAALRYKDOM VAN DIE WÊRELD TE BEHEER. SUID-AFRIKA HET FEITLIK ’N WÊRELDMONOPOLIE OP MANGAAN – CHROOM – VANADIUM, ’N KRAGTIGE KOMBINASIE MINERALE WAARSONDER STAALVERVAARDIGENDE LANDE NIE KAN KLAARKOM NIE.

<u>TWEEDENS</u>, DIE HUIDIGE REGERING VAN DIE VYANDIGE BUURLANDE IS NIE IN STAAT OM HULLE LANDE SONDER DIE MILITÊRE BYSTAND WAT HULLE ONTVANG, TE REGEER NIE, BYVOORBEELD DIE ANGOLESE MARXISTIESE REGERING (MPLA) SOU HULLE MAG AAN DIE UNITA-BEWEGING MOET AFSTAAN INDIEN DIE 45 000 KUBANE WAT OP DIE OOMBLIK DAAR IS, SOU VERTREK. DIE SOWJETS WEET DIT EN OM TE VERSEKER HULLE PLAN OM SUIDERAFRIKA TE BEHEER WERK, HET HULLE DIE KUBAANSE TEENWOORDIGHEID NODIG. MOSAMBIEK HET DIESELFDE PROBLEEM EN ZIMBABWE OOK. HIERDIE SURROGAATMAGTE IS ’N DESTABILISERENDE FAKTOR IN SUIDER-AFRIKA EN HOU GEVAAR IN VIR DIE VEILIGHEID VAN SWA EN SUID-AFRIKA.

DIE HUIDIGE SURROGAATMAGTE SLUIT DIE VOLGENDE IN:

| | |
|---|---|
| ANGOLA: | +/–45 000 KUBANE |
| | +/–2 500 OOS-DUITSERS |
| | ETLIKE DUISENDE NOORD-KOREANE |

MOSAMBIEK: 10 000 ZIMBABWIESE TROEPE
2 000 KUBANE
1 000 SOWJETS
500 OOS-DUITSERS

ZIMBABWE: NOORD-KOREANE

MET DIE GROOT GETAL SURROGAATMAGTE IN HIERDIE LANDE STAAR DIE MEESTE LANDE EKONOMIESE ONDERGANG IN DIE GESIG. DIE SOWJETS VERSKAF BILJOENE RANDE IN MILITÊRE YSTERWARE AAN HIERDIE LANDE TERWYL DAAR EKONOMIES NIKS GEDOEN WORD NIE.

Die volgende is handgeskrewe aantekeninge in die handleidings waaruit die bostaande uittreksels geneem is:

*Alle militêre kennis is geklassifiseerd.*

*<u>Belangrik om nie bekend te maak nie:</u> opleiding, moreel, bevelvoerders, bewegings, personeel, militêre areas, grootte van inname.*

*<u>Plekke waar die vyand "uithang":</u> kroeë, bushaltes, treinstasies, bioskoop, eetwa, hotelle, rylopers, telefoon.*

*<u>Sleutelposisies:</u> plofstofbergplekke, ou depots, treine en stasies, lughawens, belangrike geboue, V.I.P., skole, opleidingsentrums.*

# BRONNE

BYLAAG I

Heitman, Helmoed-Roëmer. *South African War Machine*. Johannesburg: Central News Agency, 1985.

SA-Bushwar. "The South African Bush War, 1966–1989". www.geocities.com/sa_bushwar/.

Steenkamp, Willem. *South Africa's Border War 1966–1989*. Gibraltar: Ashanti Publishing, 1989.

Williams, David. *On the Border: The White South African Military*

*Experience 1965–1990*. Kaapstad: Tafelberg, 2008.

BYLAAG III

Heitman, Helmoed-Roëmer. *South African War Machine*.
Steenkamp, Willem. *South Africa's Border War 1966–1989*.
Williams, David. *On the Border: The White South African Military Experience 1965–1990*. Kaapstad: Tafelberg, 2008.

BYLAAG IV

King, A. Terence. *Gallantry Awards of the South African Police 1913–1994*. Rhino Research, 2000
*PARATUS*, Volume 36(8), Augustus 1985.

BYLAAG V

Alexander, EGM; GKB Barron en AJ Bateman. *South African Orders, Decorations and Medals*. Kaapstad: Human and Rousseau, 1986.
*Medal Yearbook 2002*. Devon, Verenigde Koninkryk: Token Publishing, 2002.

# Afrikaanse vertaling van Engelse dialoog

p. 33 **“Nossir! Yessir!”**
“Nee, meneer! Ja, meneer!”

pp. 42–3 **“To achieve and accomplish something positive while in the army, Sa’majoor …**
**“Ja, Kaptein. I do have the occasional beer, Kaptein …**
**“I beg your pardon, Sa’majoor?”**
**“Drugs. Do you use drugs?”**
**“I experimented with marijuana in Standard 8, Sa’majoor.”**
“Om iets positief in die weermag te bereik, Sa’majoor …
“Ja, Kaptein. Ek drink af en toe ’n bier, Kaptein …
“Ekskuus, Sa’majoor?”
“Dwelms. Gebruik jy dwelms?”
“Ek het in standerd agt met dagga geëksperimenteer, Sa’majoor.”

p. 49 **“Hey! Hairyback! Yes, you, crunchie.”**
“Hei! Haarrug! Ja, jy, jou kraaksel.”

p. 57 **“But my girlfriend does it often.”**
“Maar my meisie doen dit gereeld.”

p. 57 **“I’m fine.”**
“Ek’s piekfyn.”

p. 60 **“STOP IT! For FUCK’s sake!”**
“HOU OP DAARMEE! Hou fokkenwil op!”

p. 63 **“The ship will drown” … “The ship will sink.”**
“Die skip sal verdrink” … “Die skip sal sink.”

p. **“I can’t take this.”**

76 “Ek kan dit nie vat nie.”

p. **“Oh, shit! What did he say? What did that mean?”**
78 “O, kak! Wat het hy gesê? Wat beteken dit?”

p. **“Excuse me, sir, where are we going?”**
79 “Ekskuus, meneer, waarheen gaan ons?”

p. **“What? No way! I’ve only been gone about an hour or so.”**
79 “Wat? Dit kan nie wees nie! Ek was net ’n uur of so weg.”

pp. **“Section Leader, this is what we do. Where’s the map?”**
89– **“What we do is drop it into this puddle of water and make it**
90 **unreadable, all muddied.”**

**“Ja, I can. This is what we’ll tune the captain. We’ll go back, ask for a new map, ask to start again and see what he says, okay? If he gives us a new map we’ll carry on going. It has to be like that.”**

“Seksieleier, dis wat ons gaan doen. Waar’s die kaart?’

“Wat ons doen, is laat val dit in dié poel water sodat dit onleesbaar raak, die ene modder.”

“Ja, ek kan. Dis wat ons vir die kaptein sal sê. Ons gaan terug, vra vir ’n nuwe kaart, vra om weer te begin en kyk wat hy sê, goed? As hy ons ’n nuwe kaart gee, hou ons aan. Ons moet dit so doen.”

p. **“Ja. I do believe in heaven.”**
92 **“Glo jy in hemel op aarde?”**

**“Well, ja, there can be. I believe there is.”**

“Ja. Ek glo in die hemel.”

“Glo jy in hemel op aarde?”

“Wel, ja, dis moontlik. Ek glo daar is so iets.”

p. **“Why is yous smiling? Does yous thinks it funny, *roof* ?…**
94 **“Ah! Yous can’ts uses your knees. Well, you can uses your arms.”**

“Hoekom glimlag jy? Dink jy dis snaaks, roof?…

“A! Jy kan nie jou knieë gebruik nie. Wel, dan gebruik jy jou arms.”

p. **“Hey, Chief. How about a pass?”**
114 **“But of course, son.”**

“Hei, Chief. Hoe lyk dit met ’n pas?”
“Maar natuurlik, seun.”

p. 117 **“Let’s go for it and see what happens.”**
“Kom ons vat mekaar aan en kyk wat gebeur.”

p. 118 **“I copied files for him … Any file he asked for. He was the boss.”**
**“Ah! The commodore went there as well!”**
**“Religion?”**
**“Catholic.”**
**“Ah! The commodore is a Catholic too!”**
“Ek het vir hom lêers gekopieer … Enige lêer wat hy wou hê. Hy was die baas.”
“A! So die kommodoor was ook daar!”
“Godsdiens?”
“Katoliek.”
“A! Die kommodoor is ook ’n Katoliek!”

p. 134 **“No, shank you, Looshenant.”**
“Nee, sjankie, luisjenant.”

p. 138 **“Natural Circus”**
“Natuurlike Sirkus.”

pp. 163–4 **“Repeat it in English, please, Lieutenant!”**
**“You’re a poes in my eyes, man!”**
**“Grah! In your face! You’re a poes as well, man! What can you do now? Nothing!”**
**“Who? Must I salute *you*? Screw you, my bru!”**
**“I’m the doos that’s doing the dirty work. Not you. You’re telling me to do it, then I’ve got to take it to the platoon to tell them to do it, so who’s the doos? Me, man! I’m the poes in the middle that’s got to bloody well handle your shit, and their shit, so up yours, man!”**
**“If you want, bru, go ahead. Rook!”**
“Herhaal dit in Engels, asseblief, luitenant!”
“Jy’s ’n poes in my oë, man!”
“Ga! Jou moer! Jy’s ook ’n poes, man! Wat kan jy nou doen? Niks!”
“Wie? Moet ek jou salueer? Fok jou, my ou!”

“Ek’s die doos wat die vuil werk moet doen. Nie jy nie. Jy sê my wat om te doen en dan moet ek dit na die peloton toe vat om vir hulle te sê wat om te doen, so wie’s die doos? Ek, man! Ek’s die poes in die middel wat jou kak moet hanteer, en ek moet hulle kak ook hanteer, so fok jou, man!”

“As jy wil, boetie, gaan voort. Rook!”

p. 166 **“No, ag, shame, I don’t want to do that.”**
“Nee, ag, shame, ek wil dit nie doen nie.”

p. 204 **“Hierso! There’s a rifle underneath the canvas!”**
“Hierso! Hier’s ’n geweer onder die seil!”

p. 207 **“You are here to protect me! Look at me!”**
“Jy’s hier om my te beskerm! Kyk hoe lyk ek!”

p. 220 **“We’re outta here!”**
“Laat ons hier wegkom!”

# Woordelys

**1Ø:** Sektor Een-Zero
**101:** 101 Bataljon; by Ondangwa gevestig en in 1974 as 1 Owambo Bataljon gestig
**2IB:** tweede in bevel
**2Ø:** Sektor Twee-Zero
**20 mm-kanon:** mobiele ligte lugafweerkanon (*sien* **Ystervark**)
**23-mm:** Sowjet-tweeling- 23 mm-lugafweerkanon, deur SAW gebuit
**2,4:** “twee komma vier” (kilometer), ’n standaard hardloopafstand om fiksheid te bepaal
**25-ponder:** Tweede Wêreldoorlogartillerieveldkanon, howitzer (*sien* **howitzer**)
**.303:** Brits-ontwerpte .303-kaliber Lee Enfield-geweer
**32:** 32 Bataljon; in 1975 gestig; dis oorspronklik Bravo Kompanie genoem en is gelei deur kolonel Jan Breytenbach van 1976 tot 1977; in Maart 1976 by die SAW ingedeel voor dit in 1993 ontbind is
**35-mm:** stilstaande 35 mm- outomatiese lugaafweerkanon
**5.5:** Tweede Wêreldoorlog- 5.5-duim (140 mm-dop) Brits-ontwerpte medium artillerieveldkanon, howitzer, van Krygkor
**61 Meg:** gemeganiseerde infanteriebataljon

**1 Mil:** 1 Militêre Hospitaal, Pretoria
**2 Mil:** 2 Militêre Hospitaal, Kaapstad
**3 Mil:** 3 Militêre Hospitaal, Bloemfontein
**1 SAI:** Bloemfontein, Oranje-Vrystaat, gestig in 1951 in Oudtshoorn, in 1973 oorgeplaas na Bloemfontein
**2 SAI:** Walvisbaai (voorheen Suidwes-Afrika), gestig in 1962
**3 SAI:** Potchefstroom (voorheen Transvaal), gestig in 1962 in Johannesburg, in 1968 oorgeplaas na Potchefstroom
**4 SAI:** Middelburg (voorheen Transvaal), gestig in 1962
**5 SAI:** Ladysmith (voorheen Natal), gestig in 1962
**6 SAI:** Grahamstad (voorheen Kaapprovinsie), gestig in 1962
**7 SAI:** Phalaborwa (voorheen Transvaal), gestig in 1973
**8 SAI:** Upington (voorheen Kaapprovinsie), gestig in 1973

**ADK:** Administratiewe Diens-korps
**ADM:** Algemene Diens-medalje
**afkak:** uiterste vorm van fisieke oefening
**aggro:** aggressief
**AK-47:** Avtomat Kalashnikova Obrazets; Russies-ontwerpte 7.62 mm-aanvalsgeweer; gebaseer op die Duits-ontwerpte Tweede Wêreldoorlog Stg 44 – eerste aanvalsgeweer om verkorte (7.62 mm-) ronde te skiet en in staat om enkelskote sowel as outomatiese vuur te rig (Stg 44: Sturmgewehr – aanvalsgeweer)
**AKM:** gemodifiseerde weergawe van AK-47
**Alou/Alouette:** Frans-ontwerpte, enkel-enjin- ligtevervoerhelikopter; in 1969 deur die SAW in ontvangs geneem (*sien* **gunship**)
**AP:** "armour-piercing"
**APLA:** Azanian People's Liberation Army, militêre vleuel van Pan Africanist Congress, 'n swart politieke organisasie
**Atlas:** Atlas Aircraft Corporation; gestig in 1965; het saam met Krygkor gewerk om in SAW-behoeftes te voorsien
**avgas:** hoë-oktaan-lugvaartbrandstof
**AWB:** Afrikaner-weerstandsbeweging; ekstreme regse organisasie gestig in 1973
**AWOL:** "absent without leave", dros

**Baja Bug:** gemodifiseerde Volkswagen Beetle
**baksmaat:** "messmate"
**balkie:** klein, reghoekige korpswapen op beret gedra, uitgereik na voltooiing van Basiese Opleiding
**ballas bak:** om lui te wees en niks te doen nie
**balsak:** buisvormige seil- of nylondrasak vir uitrusting
**bankie:** plastiekbanksakkie vol dagga
**Basies/Basiese Opleiding:** die eerste drie maande van 'n dienspligtige se militêre opleiding
**bataljon:** drie tot vier kompanies, insluitend hoofkwartierkompanie (*sien* **brigade**)
**battery:** artillerie-eenheid met kanonne, troepe en voertuie
**battle jacket:** liggewig nylon-webbing waarin ammunisie en kos gedra is
**BCR:** Bronze Cross of Rhodesia
**Bedford:** Brits-ontwerpte drietonvragmotor; algemene doel, gewoonlik troepe- of vragdraer
**befok:** mal

**Berede:** infanterie op perde
**bivouac, bivvy:** grondseil of om sonder tent te kampeer
**Black Sash:** Suid-Afrikaanse anti-apartheid vroue-organisasie; gestig in 1955
**blitsbreker:** vooraan geweerloop om flits van skoot te onderdruk
**Blue Peter:** salpeter, kaliumnitraat, volgens gerugte by kos en drank gevoeg om troepe se ereksies onmoontlik te maak
**boendoe-bash:** *sien* **bundu-bash**
**boere:** plaasboere of polisie
**Bofors:** Sweeds-ontwerpte 40 mm-lugafweerkanon
**bogs:** toilets
**bokkop:** Infanterie beret-wapen of infanterieman
**boma:** klein, opelug-gebied omring deur doringbosse; of ’n ontspanningsarea wat buite geleë is
**boom:** cannabis; dagga (*sien ook* **ganja**; **zol**)
**bos/bosbefok/bossies:** aggressief, kwaad, geestelik onstabiel, bosmal
**bos-op:** *sien* **opfok, oppie**
**bosoupa:** Nasionale Dienspligtige wat twee Grensdienste voltooi het
**brass:** offisiere
**Bren:** Tsjeggies-ontwerpte, Brits-ontwikkelde 7.62 mm- NATO magasyngevoerde ligte masjiengeweer (*sien* **FN MAG**)
**brigade:** drie tot vier bataljonne
**Browning .50:** 50 duim- (kaliber) voertuiggemonteerde infanterie-ondersteunende en lugafweer-swaarmasjiengeweer (*sien* **MG-4**)
**Buffel:** Krygkor-vervaardigde mynbestande gepantserde personeeldraer (“armoured personnel carrier” of APC, 4×4); in 1978 in gebruik geneem
**bundu-bash, boendoe-bash:** om deur digte bos te ry
**Bungalow Bill:** ’n afgevaardigde verteenwoordiger wat met offisiere en onderoffisiere geskakel het namens die dienspligtiges in ’n bungalow; ook iemand wat troepe op aandag gebring het

**C-130:** Amerikaans-ontwerpte vier-enjin swaarvervoervliegtuig (*sien* **Flossie**)
**Cactus/Crotale:** mobiele lae-vlak grond-tot-lug missiel deur die SAW bedryf vir vliegveldverdediging, Frans-ontwikkel vir Suid-Afrikaanse behoeftes
**casevac:** afvoer van ongeval, “casualty evacuation”
**Casspir:** mynbeskermde teeninsurgensie- infanterieaanvalsvoertuig (4×4);

akroniem van CSIR en SAP; Krygkorontwikkel; in 1979 in gebruik geneem; hoofsaaklik deur Koevoet en 101 Bataljon gebruik
**Cheetah:** Suid-Afrikaansontwikkelde veelvuldige-rol vegvliegtuig
**china:** vriend, maat; informele, vriendelike aanspreekvorm
**chips, hou:** hou dop, hou kywie
**chow:** om te eet; kos
**civvy:** burgerlike, "civilian"
**civvy straat:** burgerlike lewe
**CSIR:** Council for Scientific and Industrial Research, WNNR
**CTH:** Cape Town Highlanders, bestaande uit Burgermagpersoneel
**cuca:** winkeltjie op die Angolese grens vernoem na 'n plaaslike Portugees-Angolese bier

**Dak, Dakota:** Amerikaans-ontwerpte vragdraende twee-enjin-vliegtuig
**DB:** Detensie Barakke
**dixie:** twee reghoekige aluminiumhouers wat inmekaar pas; gebruik vir kook en/of eet
**doggies:** waghondhanteerders
**dop-en-chop:** drank en vleis
**dos:** slaap
**double-cheeser:** twee landmyne, een reg bo-op die ander geplaas
**dowwerd:** "dud", ploftoestel wat nie ontplof het nie
**drie-nul-drie:** neerhalende term vir 'n kaptein; drie pips op die epoulette aan weerskante van die nul in sy kop
**dril:** marsjeer, inoefen

**ECC:** End Conscription Campaign
**ED's:** ekstra dienste
**een-pip:** eerste luitenant
**Eland:** Krygkor-vervaardigde pantserkar met 'n bemanning van drie, ook bekend as 'n Noddy-kar
**Esbit:** paraffien deurdrenkte vuuraansteker

**Fanny Adams:** niks, fokkol
**FAPLA:** Forças Armadas Populares de Libertação de Angola ("People's Armed Forces for the Liberation of Angola")
**Flossie:** *sien* **C-130**
**FNLA:** Frente Nacional de Libertação de Angola ("National Front for the Liberation of Angola")

**FN MAG:** Belgies-ontwerpte 7.62 mm-masjiengeweer, NATO, bandgevoer, algemene doel; ook "General Purpose Machine Gun" (GPMG) (*sien* **Bren**)
**foofie slide:** gespande draadglybaan met sitplek en/of handgreep
**fuck off:** fokof

**G1K1:** mediese term wat 'n soldaat fiks vir aktiewe militêre diens verklaar (Gesondheid 1, Kondisie 1)
**G3K3:** mediese term wat 'n soldaat fiks vir militêre diens verklaar, maar hom van uiterste oefening of drilwerk uitsluit
**G3:** Duits-ontwerpte Heckler en Koch 7.62 mm-aanvalsgeweer onder lisensie in Portugal vervaardig
**G5:** ontslag om mediese redes; Brits-ontwerpte Krygkor-ontwikkelde 155 mm-kanon, howitzer; in 1979 in gebruik geneem
**gramadoelas:** middel van nêrens
**ganja:** cannabis; dagga (*sien ook* **boom**; **zol**)
**gee gas:** sorg dat dit gebeur, gaan voluit
**genie:** ingenieur
**gooi duim:** ryloop
**Grens:** grens tussen Suidwes en Angola en Zambië
**grootsak:** rugsak
**gunship:** Alouette III-helikopter met vloergemonteerde 20 mm-masjiengewere
**gwaai:** sigaret, inasem
**gyppo:** verneuk, die stelsel ore aansit
**gyppo guts:** diarree
**gyppo-nate:** verneuknate in broek ingewerk

**haak-en-steek:** tipe doringbos
**hairyback:** neerhalende term vir Afrikaner
**HE:** "high explosive"
**HEAT:** "high-explosive anti-tank"
**Honoris Crux:** hoogste SAW-dekorasie toegeken vir dapperheid
**hotrod:** om 'n sigaret baie, baie vinnig te rook
**howitzer:** 'n kanon met 'n kort loop wat kanonkoeëls teen 'n hoë hoek uitskiet
**HK:** hoofkwartier
**HSI:** Hoofstaf-Intelligensie

**Impala:** Italiaans-ontwerpte ligte, spuitaangedrewe grondaanval-vliegtuig; in 1966 ontvang
**Inkatha:** Inkatha Vryheidsparty, politieke Zoeloe-organisasie
**inklaar:** meld aan vir diens

**jati:** ontbosde gebied in reguit lyn een kilometer suid van en parallel met kaplyn; vuurlyn
**Jerries:** Tweede Wêreldoorlog-sleng vir Duitse soldate
**JL/JL's:** junior leier/junior leiers; Junior Leierskap-kursus
**jol:** speel, partytjie hou, jolyt maak
**joller box:** groot draagbare radio

**kakhuisdiens:** toiletdiens
**kaplyn:** die ontbosde gebied wat die Angola/SWA-grens aandui
**kaserne:** bungalow
**kaserne-korporaal:** bungalowkorporaal
**Katyusha:** 122 mm- mobiele vuurpyllanseerder (*sien* **Stalin Orrel**)
**klaarstaan:** maak gereed
**kla aan:** vir oortreding van die militêre dissiplinêre kode
**Klippies:** Klipdrift, 'n goedkoop Suid-Afrikaanse brandewyn
**KM-store:** Kwartiermeesterstore
**Koevoet:** Suid-Afrikaanse Polisie TEIN-eenheid; gestig in 1979; eenhede in Oshakati (HK), Opuwa en Rundu; naam dui daarop dat SWAPO-insurgente losgedwing word uit digte bos
**kompanie:** drie tot vier pelotons, insluitend 'n hoofkwartier (*sien* **bataljon**)
**koms:** radio-kommunikasie; radio-kontak
**kommandant:** luitenant-kolonel
**kraal:** plattelandse gehuggie met ronde hutte uit takke en geweefde gras gemaak en omring deur 'n palissade van stompe of doringbos
**Kriek:** gemodifiseerde motorfiets
**Kwêvoël:** Samil 100 myn-beskermde, vragdraende voertuig, algemene doel (*sien* **Samil**)

**lam-siek-en-dooies:** neerhalende term vir G3K3-afdeling
**langarm:** tradisionele Afrikaanse dans (*sien* **sokkie-sokkie**)
**Ligte Vrugte:** neerhalende term vir G3K3-afdeling
**LMG:** ligte masjiengeweer
**LO:** *sien* **PT**
**lokasie:** klein township

**LSD:** dwelmmiddel wat hallusinasies veroorsaak
**LSD squad:** lam-siek-en-dooiesafdeling

**MAG:** 7.62 mm- bandgevoerde outomatiese ligte masjiengeweer (*sien* **FN MAG**)
**magsnommer:** nommer toegeken aan elke SAW-lid
**makhulu:** groot
**malpitte:** plant wat tydelike kranksinnigheid veroorsaak
**Marnet:** radio-kommunikasiestelsel
**MG-4:** *sien* **Browning .50**
**MiG-23:** Mikoyan-Gurevich Russies-ontwerpte vegvliegtuig en bomdraer; spuitaangedrewe vliegtuig
**min dae:** voor uitklaar
**Mirage:** Frans-ontwerpte, Atlas Aircraft Corporation- versterkte spuitvegvliegtuig; in 1963 in gebruik geneem
**MK:** Umkhonto we Sizwe ("Die Spies van die Nasie")
**mohangu:** sorghum-bier
**MP:** Militêre Polisie
**MPLA:** Movimento Popular de Libertação de Angola ("People's Movement for the Liberation of Angola")

**Nasrec:** "National Recreation Centre"
**NATO:** North Atlantic Treaty Organisation (NAVO)
**Noddy-kar:** *sien* **Eland**
**nommer een (skeerlem):** hare borselkop gesny
**nutria:** bruin kleur, verwys veral na uniforms ("browns")

**OHMS:** "On His Majesty's Service"
**Olifant:** Brits-ontwerpte, Krygkor-vervaardigde oorlogtenk met bemanning van vier; in 1981 in gebruik geneem
**onderoffisier:** van onderkorporaal tot regiment-sersantmajoor
**OP:** observasiepos
**opfok, oppie:** hewige vorm van fisieke oefening as straf
**ops:** operasie(s)
**Ops Medic:** 'n troep wat opgelei is om oorlogbeserings te behandel
**Oryx:** opgegradeerde Suid-Afrikaanse weergawe van die Pumahelikopter
**ouman:** Nasionale Dienspligtige in finale jaar van diens
**Ovambo:** grootste etniese groep in SWA, meer as 50% van die bevolking
**paraat:** voorbereid, sleng vir iemand wat baie gretig is

**Parabat:** ’n lid van Valskermbataljon
**park off:** ontspan, sit rustig
**PB:** plaaslike bevolking
**peloton:** drie tot vier seksies, insluitend klein hoof-kwartierelement (*sien* **kompanie**)
**PF:** “Permanent Force”, Staandemag
**PFP:** Progressiewee Federale Party, ’n liberale politieke organisasie
**pikstel:** mes/vurk/lepel-kombinasie
**pit:** belediging; onbeskofte handgebaar met duim tussen voor- en middelvingers
**PLAN:** “People’s Liberation Army of Namibia”
**Porra:** Portugees
**POW:** “prisoner of war”, krygsgevangene
**PPSh:** Russies-ontwerpte 7.62 mm- Shpagin sub-masjiengeweer, met drommagasyn
**ProNutro:** Pro Patria-medalje, so genoem omdat dit baie soos ontbytkos uitgedeel is
**Puma:** Frans-ontwerpte, twee-enjin- standaard-helikopter; in 1969 deur die SAW ontvang
**PT:** LO, “physical training”
**puttees:** plastiek enkelomhulsels saam met krawatte en stable belts gedra
**R1:** 7.62 mm- NATO-aanvalsgeweer gebaseer op Belgiese 1964-patroon-FN-FAL (vervaardig deur Fabrique Nationale: Fusil Automatique Legere – ligte outomatiese geweer); Krygkor-vervaardig
**R4:** 5.56 mm-aanvalsgewer gebaseer op Israeli Galil; vervang R1 vanaf 1978; Krygskor-vervaardig en gemodifiseer
**R5:** soos R4, met verkorte loop
**Ratel:** gepantserde standaardinfanterie-oorlogvoertuig (“infantry combat vehicle” (ICV), 6×6); in 1976 in gebruik geneem en Krygkor-ontwerp; vernoem na die dier wat kenmerkende venyn en taaiheid as kenmerke het
**Ratel 20:** soos gewone Ratel, maar met 1 × 20 mm- semioutomatiese kanon, ICV, drie bemanningslede plus nege troepe
**Ratel 60:** met 1 × 60 mm-mortier; in 1981 in gebruik geneem; ICV, drie bemanningslede plus sewe troepe
**Ratel 81:** met 1 × 81 mm-mortier; in 1981 in gebruik geneem; ICV, vyf bemanningslede, insluitende mortariste
**Ratel 90:** met 1 × 90 mm- laedrukkanon, vuurondersteunende voertuig (“fire-support vehicle” (FSV)); in 1981 in gebruik geneem; bemanning

van drie plus ses troepe
**rat pack:** "ration pack", rantsoenpakkie
**Recce:** 'n lid van die Verkenningseenheid of "Reconnaisance Unit"
**rev:** val aan, met masjiengewere en mortiere, ens.
**Romeo Mike:** fonetiese naam vir Reaksie-Mag-eenhede wat uit vier tot vyf Casspir ICV's en 101 Bataljon-personeel bestaan
**rondfok:** om 'n troep te straf, of om sonder duidelike doel op te tree
**roof:** nuwe inname, nuwe rekruut
**Rooi Oog:** mobiele vuurpyllanseerder (*sien* **Stalin Orrel**)
**RP:** Regimentspolisie
**RPD:** Russies-ontwerpte 7.62 mm- ligte masjiengeweer (Ruchnoi Pulemet Degtyarev)
**RPG:** Russies-ontwerpte, terugslaglose, skouergemonteerde vuurpyllanseerder; gebruik as anti-tenkwapen
**RSA:** Republiek van Suid-Afrika
**RSM:** regiment-sersantmajoor
**RTU:** "return to unit"

**Safair:** burgerlike lugredery deur SAW gebruik vir die vervoer van troepe
**SAI:** Suid-Afrikaanse Infanterie (Bataljon)
**SAKK:** Suid-Afrikaanse Kaapse Korps
**SALM:** Suid-Afrikaanse Lugmag
**sa'majoor:** sersantmajoor
**Samil:** SAMIL (SA Military) Krygkor-ontwerpte vragmotor
**Samil 50:** algemene diensvragmotor; troep- of vragdraer (4×4)
**Samil 100:** *sien* **Kwêvoël**
**san:** sanatorium
**SAP:** Suid-Afrikaanse Polisie (voor 1994)
**SAW:** Suid-Afrikaanse Weermag (voor 1994)
**SAWI:** Suid-Afrikaanse Weermaginstituut
**SDB:** Spesiale Diens-bataljon
**seksie:** basiese eenheid van tien tot twaalf troepe (*sien* **peloton**)
**shebeen:** onwettige township-kroeg sonder dranklisensie
**shona:** groot grondholte wat in die reënseisoen vol water raak
**skietbalkie:** toegeken in brons-, silwer- en goudklas, vir vaardigheid as skutter; bo regterhempsak gedra
**slangvel:** Valskermsoldaat se springbaadjie
**snotneus:** 40 mm- sesskootgranaatlanseerder
**sokkie-sokkie:** 'n Afrikaanse dansstyl (*sien* **langarm**); 'n sosiale dans of

partytjie
**Sosegon:** pynverdower, soortgelyk in uitwerking as morfien, in enkeldosisse ingespuit
**staaldak:** staalhelm
**stable belt:** lyfband in Korpskleure, gewoonlik saam met eenheidwapen gedra
**Staf:** stafsersant
**Stalin Orrel:** Russies-ontwerpte 122 mm- mobiele, veelvuldige vuurpyllanseerder
**States, die:** Suid-Afrika
**storing:** blokkasie, wanneer die wapen nie wil vuur nie
**stormbaan:** hindernisbaan
**strek:** om op aandag te kom met die arms reguit langs die sye af, of met die hande na die knieë in 'n sittende posisie
**Suiderkruisfonds:** patriotiese burgerlike vroue-organisasie wat hulle daarop toegespits het om dienspligtiges te ondersteun
**SWAGM:** Suidwes-Afrika Gebiedsmag (*sien* **SWATF**)
**SWAPO:** "South West African People's Organisation"
**SWATF:** "South West African Territorial Force", SWAGM, Suidwes-Afrika Gebiedsmag

**T-34:** Tweede Wêreldoorlog- Russiese oorlogtenk
**T-55:** standaard- Russiese oorlogtenk ná 1954
**TA:** Tegniese Assistent
**Tassies:** Tassenberg, 'n goedkoop rooiwyn
**TB:** tydelike basis
**TDK:** Tegniese Dienskorps
**TEIN:** Teen-Insurgensie
**teodoliet:** instrument voorsien van 'n waterpas, kompas en klein teleskoop om horisontale en vertikale hoeke te meet
**terr:** terroris
**Tiffies:**Tegniese Dienskorpspersoneel
**Tigercat:** mobiele grond-tot-lug missielstelsel, ("surface-to-air missile system" (SAM))
**trommel:** metaalkis vir komberse en ander toerusting
**twee-pip:** tweede luitenant
**twee-streep:** korporaal

**UDF:** "Union (of South Africa) Defence Force"; United Democratic Front

(politieke organisasie)
**uitklaar:** voltooi diensplig of verlaat ’n eenheid
**Unimog/Mog:** Mercedes- Benz- tweeton-voertuig, algemene doel, 4×4; later aangepas om Buffel te bou
**Unisa:** Universiteit van Suid-Afrika
**UNITA:** União Nacional para a Independência Total de Angola (“National Union for the Total Independence of Angola”)
**UNTAG:** United Nations Transition Assistance Group
**Valkiri:** Russies-ontwerpte, mobiele, veelvuldige vuurpyllanseerder (24×127-mm, MRL) gebaseer op Stalin Orrel; Krygkor-ontwikkel; in 1980 in gebruik geneem
**varkpan:** eetskinkbord van sink
**vasbyt:** hou vol, hou uit
**vee (om die pad te vee):** soek vir landmyne op die pad (met landmynverklikkers)
**Voëlvry:** Afrikaanse antiestablishment- beweging in die laat-tagtigs of vroeë negentigs
**Volk en Vaderland:** ’n patriotiese term wat die gelyke is van die Britse uitdrukking “King and Country”
**vrot:** dronk
**VTH:** Voortrekkerhoogte, groot militêre basis buite Pretoria

**waterkop:** naam vir lede van ’n Onderhoudseenheid; hulle het blou berets gedra
**webbing:** liggaamsharnas van seil of nylon vir die hou van magasyne, dixies, en so meer
**Wolf:** mynbeskermde infanterieoorlogvoertuig (ICV, 4×4), meestal deur Koevoet gebruik

**Ystervark:** selfaangedrewe lugafweervoertuig, gewoonlik met 20 mm-kanon bewapen

**zol:** cannabis; dagga (*sien ook* **boom**; **ganja**)

# Bibliografie


Alexander, EGM; GKB Barron en AJ Bateman. *South African Orders, Decorations and Medals*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Baker, Mark. *Nam: The Vietnam War in the Words of the Men and Women Who Fought There*. Londen: Abacus, 1982.

Heitman, Helmoed-Roëmer. *South African Arms and Armour*. Kaapstad: Struik Uitgewers, 1988.

———. *South African War Machine*. Johannesburg: Central News Agency, 1985.

King, A. Terence. *Gallantry Awards of the South African Police 1913–1994*. Rhino Research, 2000.

*Medal Yearbook 2002*. Devon, Verenigde Koninkryk: Token Publishing, 2002.

Nortje, Piet. *32 Battalion: The Inside Story of South Africa's Elite Fighting Unit*. Kaapstad: Zebra Press, 2003.

*PARATUS*, Volume 36(8), Augustus 1985.

SA-Bushwar. "The South African Bush War, 1966–1989". www.geocities.com/sa_bushwar/

Smith, WHB. *Small Arms of the World*. Pennsilvanië: Stackpole Books, 1960.

Steenkamp, Willem. *South Africa's Border War 1966–1989*. Gibraltar: Ashanti Publishing, 1989.


Thompson, JH. *An Unpopular War: From afkak to bosbefok*. Kaapstad: Zebra Press, 2006.

———. *Dit was oorlog: Van afkak tot bosbefok*. Kaapstad: Zebra Press, 2007.

Williams, David. *On the Border: The White South African Military Experience 1965–1990*. Kaapstad: Tafelberg, 2008.

OOK DEUR ZEBRA PRESS UITGEGEE

# *Dit was oorlog*, deur JH Thompson




In die 1970's, 1980's en vroeë 1990's is honderde duisende jong mans vir militêre diensplig opgeroep. Die meeste het streng fisiese opleiding ondergaan en baie het aan die oorlog in noord-Namibië en Angola deelgeneem. Hierdie boek is 'n versameling besinnings oor en herinneringe uit daardie tyd, byeengebring deur JH Thompson wat onderhoude met voormalige nasionale dienspligtiges gevoer het.





Bydraers sluit in gewone soldate en Spesmaglede, sjefs, medics en helikoptervlieëniers. Hulle bied 'n verskeidenheid van standpunte oor inklaar, opleiding, inspeksie, lyfwegsteek, grenspatrollies, geheime operasies en

oorlogvoering, en dan die heraanpassing by die lewe op civviestraat.

Die boek is ’n boeiende werk wat die gees en atmosfeer vasvang, die daaglikse roetine, die verveling, vrees, kameraderie en ander intense ervarings van ’n SAW-soldaat. Vir elkeen wat diensplig meegemaak het, sowel as hulle familie en vriende, is hierdie boek ’n moet.

**Ook beskikbaar in Engels as *An Unpopular War***

## *At Thy Call We Did Not Falter*, deur Clive Holt




*At Thy Call We Did Not Falter* is a gripping frontline account of the Angolan war, as seen through the eyes of a 19-year-old conscript soldier. It tells the story of so many young white South Africans who, like him, were sent into battle against overwhelming forces straight after finishing school.

Clive Holt was at the Battle of Cuito Cuanavale, where the South African Defence Force supported the rebel movement Unita after a massive build-up of Cuban and Angolan troops. It was the bloodiest and most significant battle fought by South African troops since World War II.

With diary extracts, previously unpublished photographs and a riveting narrative, this book transports the reader into the firing line and the dark realms of war. *At Thy Call We Did Not Falter* is a classic account of war, as well as a window into the world of post-traumatic stress disorder. It is a chilling account of how a government took schoolboys and turned them into killing machines.

Indien u enige kommentaar, voorstelle of terugvoering oor hierdie boek of enige ander Zebra Press-boek het, kontak ons by **talkback@zebrapress.co.za**

Uitgegee deur Zebra Press,
’n drukkersmerk van Random House Struik
Maatskappy Reg. Nr. 1966/003153/07
McKenziestraat 80, Kaapstad, 8001
Posbus 1144, Kaapstad, 8000, Suid-Afrika

**www.zebrapress.co.za**

Eerste druk 2009
Herdruk in 2010

Publikasie © Zebra Press 2009
Teks © Cameron Blake 2009


Omslagfoto © Steven Darvall

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers gereproduseer word, of in enige vorm of wyse of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word, hetsy deur fotokopiëring, klankopname of enige ander stelsel geberg word nie.

UITGEWER: Marlene Fryer
BESTURENDE REDAKTEUR: Robert Plummer
VERTALER: Jaco Fouché
REDAKTEUR: Nelani Pfaff
PROEFLESER: Annake Müller
OMSLAGONTWERP: Natascha Olivier

ISBN 978 1 77022 054 6 (Print)
ISBN 978 1 77022 191 8 (ePub)
ISBN 978 1 77022 192 5 (Pdf)

Meer as 50 000 oorspronklike Afrika-foto’s te koop by ons beeldbank op www.imagesofafrica.co.za


TROEPIE
VAN BLOUGAT
TOT BOSOUPA
CAMERON BLAKE